

**GEDRAGSRIGLYNE VIR OIKETAI  
(HUISBEDIENDES) IN 1 PETRUS 2:18-25  
'N EKSEGETIESE STUDIE**

Gert Jacobus van Wyk  
Hons. B.A., Th.B.

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad *Theologiae Magister* in Nuwe Testament aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Studieleier: Prof. dr. J.J. Janse van Rensburg

Potchefstroom

November 2000

# VOORWOORD

## By die voltooiing van hierdie studie sê ek dankie vir

Die Drie-enige God wat my in hierdie studie gelei het, aan my die krag, goeie gesondheid en wysheid gegee het om hierdie studie te voltooi.

My vrou, Hanlie en ons twee dogters Retha en Annemarie vir julle liefde, geduld, opoffering en ondersteuning.

Prof. Fika van Rensburg, my studieleier vir soveel aanmoediging, leiding, gebede, en weldeurdagte wetenskaplikheid. Dit was 'n geloofspad van navorsing wat ons saam in die voetspore van ons Here Jesus Christus kon loop. Baie, baie dankie. Dr. Jan Botha en Dr. Elma Cornelius word bedank vir die onmisbare vorming wat ek van u ontvang het tydens my Honneursstudie. Proff. Fika van Rensburg, Gert Jordaan, Hennie Grobler en Dr. Ernst Viljoen wat my in die voorgraadse jare 'n liefde vir die Griekse taal geleer het, asook proff. Christi Coetzee en Bert Floor wat my ingelyf het in die onpeilbare dieptes en geheimenisse van die Nuwe-Testamentiese wetenskap.

Die kerkraad en gemeente van die Gereformeerde Kerk Rustenburg. U voorbidding, belangstelling en aanmoediging asook die studieverlof verleen, het hierdie studie moontlik gemaak. My vriende en kollegas Pieter de Beer en Koos Venter vir julle opoffering, aanmoediging en geestelike bystand. Ek sal dit altyd onthou.

Die National Research Foundation vir 'n beurs aan my toegeken. Dit word met groot dank erken. Menings en gevolgtrekkings in hierdie studie is my eie en moet nie aan die NRF toegeskryf word nie.

Die personeel van die Ferdinand Postma- en Jan Lion Cachetbiblioteke. In die besonder word mev. Estie Duvenage en Mev. Gerda van Rooyen vir u vriendelikheid, flink en onbaatsugtige diens en bemoedigende gesprekke bedank.

Mnr. Igna Klynsmith van Van Velden en Duffey prokureurs in Rustenburg vir regsadvies, Mnr. Danie Kloppers vir sy entoesiasme, en waardevolle regsadvies op die gebied van die Arbeidsreg. My broer, advokaat Louis van Wyk vir waardevolle regsadvies met die finale manuskrip.

Mnr. Piet Delpont, Menslike Hulpbronne Bestuurder van Rustenburg Platina Myne vir u moeite en waardevolle advies op die gespesialiseerde terrein van arbeidsverhoudings.

Dr. Janine du Plessis wat die taalversorging met blymoedigheid, en kundige deeglikheid gedoen het, asook Sproetie van den Berg en Pauline Bekker vir die taalversorging van die *abstract*.

Wyle my moeder Gretchen vir die onmiskenbare invloed wat sy op my lewe, geloofslawe en bediening uitgeoefen het; wyle my vader Theuns met sy liefde vir die Bybel, die Psalms en die gereformeerde godsdiens; my moeder Bettie wat die langste pad saam met my geloop het vir haar gebede, liefde en standvastigheid. My skoonmoeder Rita Dalhuysen vir gasvryheid, liefde en aanmoediging.

Potchefstroom : November 2000



# BEKNOPTE INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD .....	i
BEKNOPTE INHOUDSOPGAWE .....	iii
INHOUDSOPGAWE .....	v
HOOFSTUK 1 : Inleiding .....	1
HOOFSTUK 2 : Die literêre aard en sosio-historiese konteks van 1 Petrus.....	7
HOOFSTUK 3 : 'n Konstruksie van die sosio-historiese konteks van οἰκέται (huisbediendes) in die eerste eeuse Grieks- Romeinse samelewing .....	25
HOOFSTUK 4 : 'n Betekenisdefinisie van οἰκέται (huisbediendes) in 1 Petrus 2:18 .....	41
HOOFSTUK 5 : Die tekstuele konteks en detail-eksegese van 1 Petrus 2:18-25 .....	65
HOOFSTUK 6 : Hermeneutiese implikasies van 1 Petrus 2:18-25 vir veronregte Christenwerknemers in Suid-Afrika vandag .....	121
HOOFSTUK 7 : Samevatting.....	167
ABSTRACT.....	169
SLEUTELWOORDE / KEYWORDS .....	171
BIBLIOGRAFIE.....	173



# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 1

### Inleiding

Oorsig.....	1
1.1 Oriëntering.....	1
1.2 Probleemstelling.....	2
1.3 Doelstelling en doelwitte.....	3
1.4 Sentraal teoretiese argument.....	3
1.5 Uitgangspunte en metode van ondersoek.....	3
1.6 Hoofstukindeling.....	6
1.7 Skematiese samevatting.....	6

## HOOFSTUK 2

### Die literêre aard en die sosio-historiese konteks van 1 Petrus

Oorsig.....	7
2.1 Inleiding.....	8
2.2 Die literêre aard van 1 Petrus.....	8
2.3 Die sosio-historiese konteks van 1 Petrus.....	9
2.3.1 Outeurskap.....	9
2.3.1.1 Literêre verhouding met die Briewe van Paulus.....	9
2.3.1.2 Die apostel Petrus as outeur.....	9
2.3.1.3 Pseudonimiteit.....	10
2.3.1.4 Gevolgtrekking.....	11
2.3.2 Datering.....	11
2.3.2.1 Tydens die regering van keisers Trajanus en Domitianus (onderskeidelik).....	12
2.3.2.2 Tydens die regering van keiser Nero.....	13
2.3.2.3 Gevolgtrekking.....	13
2.4 Die geadresseerdes.....	14
2.4.1 Identiteit en sosiale omstandighede.....	14
2.4.1.1 Uitverkorenes (ἐκλεκτοί).....	14
2.4.1.2 Vreemdelinge en vreemdelingskap in 1 Petrus.....	14
2.4.1.2.1 Uitlanders (παρεπίδημοις ἐν πάροικοι).....	14
2.4.1.2.2 Uitlanderverblyf (παροικία).....	15
2.4.1.2.3 Verstrooiing (διασπορά) en Babilon (Βαβυλών).....	15
2.4.1.2.4 Die betekenis van vreemdelingskap.....	17
2.4.1.2.4.1 Figuurlike betekenis van vreemdelingskap.....	17
2.4.1.2.4.2 Letterlike betekenis van vreemdelingskap.....	18
2.4.1.3 Οἶκος-verwante woorde in 1 Petrus.....	19
2.4.1.4 Bevolkingsamestelling.....	20
2.4.2 Sosiale omstandighede: persone wat swaarkry en ly.....	21
2.4.3 Lokaliteit.....	22
2.5 Samevattende gevolgtrekkings.....	22

## HOOFSTUK 3

### 'n Konstruksie van die sosio-historiese konteks van οἰκέται (huisbediendes) in die eerste eeuse Grieks-Romeinse samelewing

Oorsig.....	25
3.1 Inleiding.....	26
3.2 Die plek van οἰκέται (huisbediendes) in die sosiale piramide.....	27
3.3 Die plek van οἰκέται in die οἶκος (huishouding).....	28
3.3.1 Die οἶκος (huishouding).....	28
3.3.2 Die pater familias en eienaar (δεσπότης of κύριος).....	29

3.3.3 Gedragskodes vir die verhouding eienaar-slaaf/huisbediende .....	29
3.3.4 Beskermheer (Patroon) en beskermde (kliënt) .....	30
3.3.5 Gevolgtrekking .....	30
<b>3.4 Οἰκέται in die laer klasse</b> .....	<b>30</b>
<b>3.4.1 Slawe</b> .....	<b>31</b>
3.4.1.1 Omvang van slawerny .....	31
3.4.1.2 Wetlike status .....	31
3.4.1.3 Rangorde .....	32
3.4.1.4 Slaweberoep .....	32
3.4.1.5 Huiswerkers .....	32
3.4.1.6 Gevolgtrekking .....	33
<b>3.4.2 Uitlanders</b> .....	<b>33</b>
3.4.2.1 Die uitlanderverskynsel .....	33
3.4.2.2 Tweërie tipe uitlanders en hul sosiale status .....	33
3.4.2.2.1 Die πάροικος-uitlander .....	34
3.4.2.2.2 Die ξένος-uitlander .....	35
3.4.2.3 Uitlanderberoep .....	35
3.4.2.4 Uitlanders as huisbediendes .....	35
3.4.2.5 Gevolgtrekking .....	36
<b>3.4.3 Vrygestelde slawe</b> .....	<b>36</b>
3.4.3.1 Getal vrygestelde slawe .....	36
3.4.3.2 Vrygeborenes en vrygesteldes .....	36
3.4.3.3 Vrystelling .....	37
3.4.3.4 Vrygestelde slawe se beroep .....	37
3.4.3.5 Vrygesteldes as huisbediendes .....	38
3.4.3.6 Gevolgtrekking .....	38
<b>3.4.4 Romeinse burgers</b> .....	<b>38</b>
3.4.4.1 Burgerskap .....	38
3.4.4.2 Twee tipes burgers .....	38
3.4.4.3 Burgerregte .....	39
3.4.4.4 Beroep onder die ryk burgery .....	39
3.4.4.5 Beroep onder die arm burgery .....	39
3.4.4.6 Gevolgtrekking .....	40
<b>3.5 Samevattende gevolgtrekking</b> .....	<b>40</b>

## HOOFSTUK 4

### 'n Betekenisdefinisie van οἰκέται in 1 Petrus 2:18

<b>Oorsig</b> .....	<b>41</b>
<b>4.1 Inleiding</b> .....	<b>42</b>
<b>4.2 Diakroniese betekenisdefinisie</b> .....	<b>43</b>
4.2.1 Die gebruik van οἰκέτης in die Hellenistiese wêreld .....	43
4.2.2 Die gebruik van οἰκέτης in die Septuagint .....	46
4.2.2.1 Die Kanonieke Boeke .....	46
4.2.2.2 Die Apokriewe Boeke .....	47
4.2.3 Die gebruik van οἰκέτης in die Nuwe Testament .....	47
4.2.4 Gevolgtrekking .....	49
<b>4.3 Sinkroniese betekenisdefinisie</b> .....	<b>50</b>
4.3.1 Inleiding .....	50
4.3.2 'n Voorlopige betekenisdefinisie van οἰκέτης .....	50
4.3.3 Kontrastering van οἰκέτης met woorde in semantiese veld 46 .....	51
4.3.4 Kontrastering van οἰκέτης met woorde in semantiese veld 35 .....	54
4.3.5 Kontrastering van οἰκέτης met woorde uit semantiese veld 87 .....	56
4.3.6 Kontrastering van οἰκέτης met ander woorde uit semantiese velde 37,57 en 87 .....	59
<b>4.3.7 Gevolgtrekking</b> .....	<b>63</b>
<b>4.4 Gevolgtrekking : 'n Betekenisdefinisie van οἰκέται in 1 Petrus 2:18</b> .....	<b>64</b>

**HOOFSTUK 5****Die tekstuele konteks en detaileksegese van 1 Petrus 2:18-25**

Oorsig.....	65
<b>5.1 Inleiding.....</b>	<b>67</b>
<b>5.2 Die plek van 2:18-25 in die eerste Petrusbrief.....</b>	<b>67</b>
<b>5.3 Die doel en boodskap van 1 Petrus.....</b>	<b>69</b>
<b>5.4 Die genre van 1 Petrus en 1 Petrus 2:18-25.....</b>	<b>70</b>
<b>5.5 Die ontleding van die gedagte-opbou van 1 Petrus 2:18-25.....</b>	<b>72</b>
5.5.1 Die ontleding op mikrovlak.....	72
5.5.2 Die ontleding op makrovlak.....	75
<b>5.6 Detaileksegese van 1 Petrus 2:18-25.....</b>	<b>76</b>
<b>5.6.1 Die opdrag aan huisbediendes (2:18).....</b>	<b>76</b>
5.6.1.1 Huisbediendes (οἰκέται).....	77
5.6.1.2 Onderwerp julle aan julle base (δεσπόταις).....	77
5.6.1.3 Met die nodige eerbied / ontsag (ἐν παντί φόβῳ).....	79
5.6.1.4 Gevolgtrekking.....	81
<b>5.6.2 Eerste motivering vir die opdrag tot onderwerping (2:19-20).....</b>	<b>81</b>
5.6.2.1 Dit is genade (χάρις).....	81
5.6.2.2 Terwille van die gewete voor God (διὰ συνείδησις Θεοῦ).....	83
5.6.2.3 Lyding verduur (ὑποφέρει τις λύπας).....	84
5.6.2.4 Onregverdig ly (πάσχων ἀδίκως).....	84
5.6.2.5 Watter eer (roem) is daar? (ποῖον γὰρ κλέος).....	85
5.6.2.6 Verduring as gevolg van kwaaddoen (ἐι ἁμαρτάνοντες ὑπομενεῖτε).....	86
5.6.2.7 Goeddoen te midde van lyding (ἀγαθοποιοῦντες και πάσχοντες ὑπομενεῖτε).....	87
5.6.2.8 Samevattende gevolgtrekking.....	88
<b>5.6.3 Tweede motivering vir die opdrag tot onderwerping (2:21-25).....</b>	<b>88</b>
5.6.3.1 Deur God geroep (ἐκλήθητε).....	88
5.6.3.2 Christologiese motivering vir onderwerping (2:21-24).....	90
a) Christus het ter wille van julle onregverdig gely (Χριστὸς ἔπαθεν ὑπὲρ ὑμῶν ὑμῖν).....	90
b) Christus se voorbeeld (ὑπογραμμόν).....	92
c) Christus se voetspore (τοῖς ἰχνεσιν αὐτοῦ).....	94
i) <b>Voetspoor 1</b> : Hy het geen sonde gedoen nie.....	96
ii) <b>Voetspoor 2</b> : In sy mond is geen bedrog gevind nie.....	98
iii) <b>Voetspoor 3</b> : Toe Hy beledig is, het Hy nie terugbeledig nie.....	99
iv) <b>Voetspoor 4</b> : Toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie.....	101
v) <b>Voetspoor 5</b> : Hy het alles oorgegee aan Hom wat regverdig oordeel.....	102
<b>5.6.4 Christus het self ons sondes gedra en ons genees (2:24).....</b>	<b>104</b>
5.6.4.1 Die enigste soenoffer van sy liggaam.....	104
5.6.4.2 Hy het self ons sondes gedra (ὁς τὰς ἁμαρτίας ἡμῶν αὐτὸς ἀνήνεγκεν).....	104
5.6.4.3 In sy liggaam op die kruis (ἐν τῷ σώματι αὐτοῦ ἐπὶ τὸ ξύλον).....	106
5.6.4.4 Die tweërlei uitwerking (gevolg) van sy dood.....	107
a) Die afsterwe van die sonde (ἵνα ταῖς ἁμαρτίαις ἀπογενόμενοι).....	107
b) 'n Nuwe lewe volgens die wil van God (τῇ δικαιοσύνῃ ζήσωμεν).....	107
5.6.4.5 Deur sy wond is julle genees (οὐ τῷ μῶλωπι ἰάθητε).....	108
5.6.4.6 Gevolgtrekking.....	108
<b>5.6.5 Die geadresseerdes se bekering (2:25).....</b>	<b>109</b>
5.6.5.1 Soos ronddwalende skape (ἦτε γὰρ ὡς πρόβατα πλανώμενοι).....	109
5.6.5.2 Julle is bekeer (ἐπεστράφητε).....	109
5.6.5.3 Die Herder en Bewaker van julle lewe (ἐπὶ τὸν ποιμένα και ἐπίσκοπον τῶν ψυχῶν ὑμῶν).....	110
5.6.5.4 Gevolgtrekking.....	113
<b>5.7 Samevattende gevolgtrekkings.....</b>	<b>113</b>

## HOOFSTUK 6

### Hermeneutiese implikasies van 1 Petrus 2:18-25 vir veronregte Christenwerknemers in Suid-Afrika

<b>Oorsig</b> .....	121
<b>6.1 Inleiding</b> .....	123
6.1.1 Die Bybel het implikasies vir die hele lewe en alle verhoudings.....	123
6.1.2 Die verskil tussen die situasie van die geadresseerdes van 1 Petrus 2:18-25 en werknemers in die RSA.....	124
6.1.3 Die aktualisering van 1 Petrus 2:18-25 in die RSA .....	125
6.1.4 Gevolgtrekking .....	126
<b>6.2 Arbeidsbetrekkinge</b> .....	126
6.2.1 Die deelnemende partye in arbeidsbetrekkinge .....	126
6.2.1.1 Owerheid .....	129
6.2.1.2 Bestuur .....	129
6.2.1.3 Werknemers.....	131
6.2.2 Arbeidsbetrekkingebeleid .....	134
<b>6.3 Die wetlike posisie van werknemers in die RSA</b> .....	134
6.3.1 Die posisie van werknemers in die Apartheidsbedeling .....	135
6.3.2 Die posisie van werknemers in die Post-Apartheidsbedeling.....	135
6.3.2.1 Regstellende aksie .....	136
6.3.2.2 Billikheid van arbeidspraktyke .....	136
<b>6.4 Privaatreg en Publiekreg</b> .....	138
6.4.1 Privaatreg en Deliktereg.....	138
6.4.2 Onregmatige handeling. 'n delik teenoor kontrakbreuk.....	138
6.4.3 'n Delik of onregmatige daad en misdaad.....	138
6.4.4 Onbillike arbeidspraktyke .....	139
6.4.5 Onreg .....	140
<b>6.5 Wetgewing en vorme van veronregting teenoor werknemers in die RSA</b> .....	140
6.5.1 Verskyningsvorme van <i>iniuria</i> .....	140
6.5.2 Diskriminasie en uitbuiting van kinders .....	140
6.5.3 Onbillike vergoeding .....	140
6.5.4 Afdanking .....	141
6.5.5 Ten opsigte van bonusse .....	142
<b>6.6 Grieweprocedure</b> .....	142
6.6.1 Regulerende maatreëls om 'n grief of geskil op te los .....	142
6.6.2 Onbillike arbeidspraktyk: Interne en eksterne hanteringsmeganismes.....	143
6.6.2.1 Interne hanteringsmeganismes.....	143
6.6.2.2 Eksterne hanteringsmeganismes.....	145
<b>6.7 Arbeidswetgewing en die liefdesgebod</b> .....	147
<b>6.8 Noodsaak van 'n Christelike arbeidsetiek</b> .....	148
<b>6.9 Gedragsriglyne vir veronregte Christenwerknemers uit 1 Petrus 2:18-25 en Suid-Afrikaanse wetgewing</b> .....	149
6.9.1 Riglyn 1: Skep moed, want God gee aan jou as weergeborene vaste sekerheid .....	149
6.9.2 Riglyn 2: God roep jou. Dien Hom.....	150
6.9.3 Riglyn 3: Onderwerp jou in opdrag van God vrywillig aan enige werkgewer.....	150
6.9.4 Riglyn 4: Verdra onreg in Christus se krag.....	150
6.9.5 Riglyn 5: Konsentreer op jou verhouding met God. Eerbied vir God lei tot eerbied vir die werkgewer. Dit is 'n gewetensaak. ....	151
6.9.5 Riglyn 6: Volg Christus se voorbeeld na en verheerlik God deur nie te sondig nie, maar aan te hou goed doen .....	151
6.9.7 Riglyn 7: Praat deurentyd reg soos Christus en lê die regte hartsgesindheid aan die dag. Streef daarna om sonder enige bedrog, met ander woorde opreg voor God te wees .....	152
6.9.8 Riglyn 8: Vermoed soos Christus alle beledigings.....	153
6.9.9 Riglyn 9: Vermoed soos Christus liefdelose dreigemente en praat liefdevol.....	153
6.9.10 Riglyn 10: Vertrou soos Christus op God en vertrou jou aan God toe .....	154
6.9.11 Riglyn 11: Gebruik jou grondwetlike regte en tree volgens die landswette op. Onwettige optrede is allesbehalwe prysenswaardig, terwyl 'n <i>ekskuus dat ek lewe houding</i> nie pas by 'n Christenwerknemer nie. ....	154

6.9.12 Samevatting van gedragsriglyne 1-11 .....	154
6.10 Voorbeelde van onreg in die werkplek .....	155
6.11 Samevattende gevolgtrekking .....	164

## **HOOFSTUK 7**

<b>Samevatting</b> .....	167
<b>Abstract</b> .....	169
<b>Sleutelwoorde / Keywords</b> .....	171
<b>Bibliografie</b> .....	173

# HOOFSTUK 1

## Inleiding

### Oorsig

- 1.1 Oriëntering
- 1.2 Probleemstelling
- 1.3 Doelstelling en doelwitte
- 1.4 Sentrale teoretiese argument
- 1.5 Uitgangspunte en metode van ondersoek
- 1.6 Hoofstukindeling
- 1.7 Skematiese samevatting

### 1.1 Oriëntering

Sekere navorsers (Bauer *et al.*, 1952:559; Bietenhard, 1976:508; Stambaugh & Balch, 1986:139; Elliott, 1990:201) aanvaar dat οἰκέται (huisbediendes) en δοῦλοι (slawe) dieselfde sosiale kategorie van mense in die eerste eeuse Grieks-Romeinse samelewing verteenwoordig. Ander navorsers tref 'n duidelike onderskeid tussen die twee woorde. Οἰκέται word weergegee met "huisbediendes, bediendes" in onderskeid van δοῦλοι wat met "slawe" of "diensknegte" vertaal word (Abbott-Smith, 1921:311; Louw & Nida, 1989,1:521; Stibbs & Walls, 1973:114; Calvyn, 1979:55; Van Wyk & Van Rensburg, 1997:229-249). Dit is van belang om aan te toon watter sosiale kategorie van persone met die woord οἰκέται (huisbediendes) in onderskeiding van δοῦλοι (slawe) aangedui word.

Οἰκέται (huisbediendes) het waarskynlik uit die onderste laag van die sosiale piramide gekom. Hulle het 'n ondergeskikte posisie in die destydse Grieks-Romeinse samelewing beklee. As gevolg hiervan was οἰκέται dikwels blootgestel aan verskillende vorms van benadeling of veronregting. Dit is belangrik om 'n konstruksie van οἰκέται (huisbediendes) in 1 Petrus te maak, asook om 'n betekenisdefinisie van οἰκέται te gee. Die tekstuele konteks van 1 Petrus 2:18-25 moet ook aangedui word.

In die huidige staatkundige bestel van die Republiek van Suid-Afrika ontvang die posisie en opheffing van agtergeblewe en minderbevoorregte gemeenskappe, asook van werknemers pertinente aandag (South Africa RDP White Paper, 1994:6,9,10,24,25,34,51; RSA Grondwet, wet no.108 van 1996: art.23,27; Wet op Arbeidsverhoudinge, 66 van 1995:art.1; Wet op Billike Indiensneming, 55 van 1999:art. 2&6). Persone teen wie vroeër gediskrimineer kon word, geniet nou wetlike beskerming. Werknemers soos plaasarbeiders en huisbediendes word toenemend in vakbonde georganiseer om vir hulle 'n beter bedeling te beding. Regstellende aksie (aanstellingsbegunstiging) word op verskeie terreine in die Suid-Afrikaanse samelewing toegepas. In die proses word sekere persone, in teenstelling met die bevoordeling van die verlede, bevoordeel ten koste van ander. Dit is vir elke Christen van kardinale belang om presies te weet wat die roeping

(Christelik verantwoorde optrede) van ondergeskiktes, byvoorbeeld werknemers behoort te wees, veral wanneer daar teen hulle gediskrimineer word en hulle in die werkplek en in die samelewing veronregting moet verduur.

## **1.2 Probleemstelling**

In die lig van sosio-historiese- en eksegetiese navorsing van 1 Petrus 2:18-25 moet vasgestel word hoe οἰκέται (huisbediendes) op veronregting moes reageer. Enersyds sou οἰκέται se eerste reaksie kon wees om die reg in eie hande te neem en in opstand te kom teen onbillike en onregverdige optrede van hulle base (eienaars, werkgewers). Andersyds is dit moontlik dat hul moedeloos kon word of hulle as gevolg van veronregting aan die samelewing kon onttrek.

Dit is belangrik om in die huidige arbeidsituasie in Suid-Afrika vanuit 1 Petrus 2:18-25 riglyne vir Christenwerknemers in 'n situasie van veronregting te bied. Net soos destyds in die eerste eeuse samelewing kan 'n Christenwerknemer vandag baie maklik die reg in eie hande wil neem en in opstand kom teen die werkgewer(s) of eersgenoemde vergeld deur wraak te neem of te intimideer. In 'n situasie van veronregting is hierdie versoeking baie groot. Die plaasvervangende en versoenende lyding van Christus en sy navolgenswaardige en navolgendeisende voorbeeld moet dus vanuit 1 Petrus 2:18-25 geïnterpreteer word en toegepas word op die gebied van arbeidsverhoudings in die RSA.

In die lig hiervan is die hoofnavorsingsvraag nou :

*Hoe behoort die Christenwerknemer volgens 1 Petrus 2:18-25 in die werkplek op te tree en dan spesifiek in 'n situasie van veronregting te reageer ?*<sup>1</sup>

Ten einde hierdie vraag te beantwoord, word die volgende subprobleemstellings aan die orde gestel :

- *Wat is die literêre aard en die waarskynlike sosio-historiese konteks van 1 Petrus?*
- *Wat is die waarskynlike situasie van οἰκέται (huisbediendes) in die Grieks-Romeinse samelewing van die eerste eeu?*
- *Wat is die betekenisdefinisie van οἰκέται (huisbediendes) in 1 Petrus 2:18?*
- *Wat is die tekstuele konteks van 1 Petrus 2:18-25 en wat is 'n geldige interpretasie van 1 Petrus 2:18-25?*
- *Watter implikasies het hierdie opdrag in 1 Petrus 2:18-25 vir veronregte Christenwerknemers in Suid-Afrika vandag?*

---

<sup>1</sup> Met ander woorde : Watter gedragsriglyne kan uit 1 Petrus 2:18-25 vir die veronregte Christenwerknemer in Suid-Afrika vandag afgelei word ?

### 1.3 Doelstelling en doelwitte

Die doelstelling van hierdie studie is om op grond van 1 Petrus 2:18-25 gedragsriglyne vas te stel oor die roeping van die Christenwerknemer met spesifieke verwysing na 'n situasie van veronregting.

Om hierdie doel te bereik, word die volgende doelwitte vir die navorsing gestel:

- om die literêre aard en waarskynlike sosio-historiese konteks van 1 Petrus vas te stel;
- om die waarskynlike situasie van οἰκέται (huisbediendes) in die Grieks-Romeinse samelewing van die eerste eeu te konstrueer;
- om 'n betekenisdefinisie van die term οἰκέται (huisbediendes) in 1 Petrus 2:18 te gee;
- om die tekstuele konteks van 1 Petrus 2:18-25 in die eerste Petrusbrief vas te stel en om riglyne vir die optrede van (veronregte) οἰκέται (huisbediendes) in die eerste eeuse Grieks-Romeinse samelewing vas te stel op grond van 'n geldige interpretasie van 1 Petrus 2:18-25.
- om die implikasies van die opdrag in 1 Petrus 2:18-25 vir veronregte Christenwerknemers (d.w.s. vir arbeidsverhoudings) in Suid-Afrika vas te stel.

### 1.4 Sentraal teoretiese argument

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is:

*'n Veronregte Christenwerknemer mag nie die reg in eie hande neem nie, maar is geroepe om uit eerbied vir die Here in die voetspore van Christus te loop deur onder en ten spyte van veronregting aan 'n bepaalde werkgewer (s) onderworpe te wees en aan te hou goeddoen.*

### 1.5 Uitgangspunte en metode van ondersoek

#### 1.5.1 Uitgangspunte

Voordat die metode uitgespel word, word twee belangrike uitgangspunte, wat fundamenteel belangrik is aan die orde gestel, naamlik die gereformeerde Skrifbeskouing en die onmisbare werking van die Heilige Gees in die uitleg van die Heilige Skrif.

### 1.5.1.1 Gereformeerde Skrifbeskouing

In die navorsing word uitgegaan van 'n gereformeerde Skrifbeskouing (Jordaan, 1991:14; Van Rensburg, 1994:4-6; Coetzee *et al.* 1980:17-24; Floor, 1980:13-20) en 'n bepaalde teksbeskouing<sup>2</sup> (Van Rensburg, 1994:4).

In onderskeiding van Elliott (1990:21) word die mening gehuldig dat die boeke van die Nuwe Testament veel meer is as net die produk van of 'n bydrae tot 'n wordende sosiale wêreld. Hierdie boeke is net soos die boeke van die Ou Testament, organies deur die Heilige Gees geïnspireer. 1 Petrus 2:18-25 word dus ontleed as deel van die Nuwe-Testamentiese kanon, wat gesagvol deur God daargestel is (Nederlandse Geloofsbelofte, 1999:art.3-7). Dit word nie as tydgebonde beskou nie, maar as tydgerig met gesagvolle en rigtinggewende implikasies vir Christene vandag (Coetzee *et al.*, 1980:17).

### 1.5.1.2 Die onmisbare werk van die Heilige Gees

Wanneer 'n nietige sondaarmens met die Woord van God besig is, moet daar met alle eerbied (ἐν παντὶ φόβῳ) voor die grote, heilige, alwyse en liefdevolle God van die Woord (διέ κύριος) gebuig word. Christelike wetenskapsbeoefening en gereformeerde teologie word *Coram Deo* verrig. Die woorde van Coetzee *et al.* (1980:21) dat die Heilige Gees Inspirator en Eksegeet is, is in die uitleg van die Skrif van wesenlike betekenis.<sup>3</sup> De Klerk en Van Rensburg (1999:7) beklemtoon die onmisbare werk van die Heilige Gees en gebed om die leiding en herinnering deur die Gees: Die Gees rus die eksegeet toe vir sy / haar taak en Hy behoort deurgaans in die eksegetiese proses in die prediker werksaam te wees<sup>4</sup>.

---

2 As uitgangspunt word geneem dat die teks self betekenis het en dat dit die verantwoordelikheid van die interpreteerder is om deur middel van geldige wetenskaplike metodes en met die uitspel van sy of haar voorveronderstellings, daarna te streef om die boodskap van die teks te formuleer (Van Rensburg, 1994:5).

3 "1. Wie opreg bely dat die hele Skrif "deur God ingege" is, of dan "deur God geadem" is (*theopneustos*, 2 Tim. 3:16) en dat die Bybelskrywers "deur die Gees gedrywe" (*hupo pneustos hagiou feromenoi*, 2 Petrus 1:21) is, moet daarmee nie alleen erken dat die Heilige Gees die Inspirator van die Skrif is nie, maar dat die Gees ook die eintlike en onmisbare Eksegeet van die Skrif is. Dié Bybelskrywer is ook dié Bybelverklaarder. Die Heilige Gees is dié Eksegeet van die Skrif (bv. Joh. 14:25-26; 16:12-13; Rom. 8:5-7; 1 Kor. 2:10-16). God laat nie net sy verlossingsdade in die geskiedenis plaasvind nie, maar sorg ook deur sy Gees dat ons 'n betroubare berig daarvoor ontvang en - deur dieselfde Heilige Gees - dat ons ook die berig reg verstaan.

2. Die geheimnisse van God kan alleen reg verstaan word deur mense in soverre hulle genadiglik verlig is deur die Heilige Gees. Dit is die Heilige Gees wat die hart van die mens moet sag maak, die ore moet deurboor en die oë moet oopmaak om die Bybel te verstaan. Die Gees tree in die proses van die verstaan van die Bybel op as die eintlike Skrifverklaarder. Daarom vereis egte eksegeese en hermeneuse, waarin gepeil wil word wat die Gees vir die gemeente (en vir die wêreld; byvoeging tussen hakies deur G.J. van Wyk) dit wil sê, volle *kongenialiteit* tussen die eksegeet en die teks voor hom - die kongenialiteit van dieselfde Gees wat beide teks en eksegeet dra!

3. In die lig van bogenoemde vereis ware hermeneuse inderdaad *biddende* hermeneute! "

4 Die betroubare oordra van die Bybelboodskap het dus altyd 'n voorwaardelike karakter. In die eksegetiese proses asook in die prediking van die Bybelboodskap speel die vervulling van die eksegeet met die Heilige Gees 'n deurslaggewende rol. Die vrug van die Gees, onder andere nederigheid, moet ook aanwesig wees.

In hierdie studie is die slotwoorde van Van Unnik (1980:239) in sy artikel oor "Problems in New Testament Scholarship" ter sake :

" A variety of problems have been seen to be under discussion on this old, but ever new domain of the N.T. By pursuing new paths and taking into account the knowledge that has now been obtained of the N.T. world, scholars are trying to extract from the ancient texts the answer to the decisive question: what is the meaning of that "gospel of Christ which is the power of God for salvation to everyone who has faith" (Rom. i :16)?

Al hierdie feite, verklarings en hipotesisse kan ietwat verwarrend wees en dit is noodsaaklik om na iets te vra waaraan vasgehou kan word. Van Unnik (1980:240) verwys na die bemoedigende woorde van Jowett : "The book itself remains as at the first unchanged amid the changing interpretations of it." Die Nuwe Testament stel dit in Hebreërs 13:8 anders, maar meer toepaslik : "Jesus Christus is dieselfde gister en vandag en vir altyd."

### 1.5.2 Metode van ondersoek

In hierdie studie word die volgende metodologie gevolg :

- Die sosio-historiese metode soos toegepas deur Malherbe (1983), Stambaugh & Balch (1986) en getipeer deur Garret (1992:89-99) word gebruik (Van Wyk & Van Rensburg, 1997:230). Die literêre aard en die waarskynlike sosio-historiese konteks van 1 Petrus word gekonstrueer.
- Die omstandighede van οἰκέται en die eerste eeuse lesers word ontgin ten einde dit so akkuraat moontlik te konstrueer.
- 'n Voorlopige betekenisdefinisie van οἰκέται (huisbediendes) in 1 Petrus 2:18-25 word gegee. In die bepaling van 'n voorlopige betekenisdefinisie van οἰκέται word enersyds 'n diakroniese studie gedoen, asook 'n sinkroniese studie (Van Rensburg, 1979:48). Vir die sinkroniese studie word gebruik gemaak van die metode van komponensiële analise (Louw & Nida, 1989; Nida, 1975:151 e.v; Louw, 1985 : 157 e.v.).
- Die gedagte-opbou van die eerste Petrusbrief word volgens die metode van De Klerk & Van Rensburg (1999:8-29) ontleed, ten einde die tekstuele konteks van 1 Petrus 2:18-25 te bepaal. 1 Petrus 2:18-25 word volgens die grammaties-historiese metode (Roberts, 1977:64; Deist & Burden, 1983:111-113) geëksegetiseer ten einde riglyne vir die optrede van (veronregte) οἰκέται (huisbediendes) in die eerste eeuse Grieks -Romeinse samelewing vas te stel;
- Op grond van die voorafgaande navorsing word die hermeneutiese implikasies van die opdrag in 1 Petrus 2:18-25 vir (veronregte) Christenwerknemers (d.w.s. vir arbeidsverhoudings) in Suid-Afrika vandag aangedui.

## 1.6. Hoofstukindeling

Hoofstuk 1 : Inleiding

Hoofstuk 2 : Die literêre aard en sosio-historiese konteks van 1 Petrus

Hoofstuk 3 : 'n Konstruksie van die sosio-historiese konteks van οἰκέται

(huisbediendes) in die eerste eeuse Grieks-Romeinse samelewing

Hoofstuk 4 : 'n Voorlopige betekenisdefinisie van οἰκέται (huisbediendes) in 1 Petrus 2:18

Hoofstuk 5 : Die tekstuele konteks en detail-eksegese van 1 Petrus 2:18-25

Hoofstuk 6 : Hermeneutiese implikasies van 1 Petrus 2:18-25 vir veronregte Christenwerknemers in Suid-Afrika vandag

Hoofstuk 7 : Samevatting

## 1.7 Skematiese samevatting

Probleemstelling	Doelstelling en doelwitte	Metodologie
Hoe behoort die Christenwerknemer in die lig van 1 Petrus 2:18-25 in die werkplek op te tree en dan spesifiek in 'n situasie van veronregting te reageer?	Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om gedragsriglyne uit 1 Petrus 2:18-25 vas te stel oor die roeping van 'n Christenwerknemer in die werkplek met spesifieke verwysing na 'n situasie van veronregting.	Grammaties-historiese navorsing met insluiting van sosio-historiese navorsing vanuit die gereformeerde Skrifbeskouing.
Wat is die literêre aard en die waarskynlike sosio-historiese konteks van 1 Petrus ?	Die bepaling van die literêre aard en die konstruering van die waarskynlike sosio-historiese konteks van 1 Petrus.	Literêre – en Sosio-Historiese navorsing.
Wat is die waarskynlike situasie van οἰκέται in die Grieks-Romeinse samelewing van die eerste eeu ?	Die konstruering van die waarskynlike situasie van οἰκέται (huisbediendes) in die Grieks-Romeinse samelewing van die eerste eeu.	Sosio-historiese navorsing.
Wat is die betekenisdefinisie van οἰκέται in 1 Petrus 2:18?	Vasstel van 'n betekenisdefinisie van οἰκέται in 1 Petrus 2:18-25	Diakroniese woordstudie. Sinkroniese woordstudie : Komponensiële analise.
Wat is die tekstuele konteks van 1 Petrus 2:18-25 en wat is 'n Bybels-verantwoorde interpretasie van Hierdie perikoop?	Vasstel van die tekstuele konteks van 1 Petrus 2:18-25 en riglyne vir die optrede van οἰκέται in die eerste eeuse Grieks-Romeinse samelewing.	Eksegese volgens die grammaties-historiese metode (insluitend gedagtestruktuur ontleding) van 1 Petrus 2:18-25.
Watter implikasies het die opdrag in 1 Petrus 2:18-25 vir veronregte Christenwerknemers (en arbeidsverhoudings) in Suid-Afrika vandag ?	Vasstel van implikasies van die opdrag in 1 Petrus 2:18-25 vir veronregte Christenwerknemers in Suid-Afrika.	Sintese van navorsing met die oog op implikasies van die opdrag in 1 Petrus 2:18-25.

# HOOFSTUK 2

## Die literêre aard en die sosio-historiese konteks van 1 Petrus

### Oorsig

#### 2.1 Inleiding

#### 2.2 Die literêre aard van 1 Petrus

#### 2.3 Die sosio-historiese konteks van 1 Petrus

##### 2.3.1 Outeurskap

2.3.1.1 Literêre verhouding met die Briewe van Paulus

2.3.1.2 Die apostel Petrus as outeur

2.3.1.3 Pseudonimiteit

2.3.1.4 Gevolgtrekking

##### 2.3.2 Datering

2.3.2.1 Tydens die regering van keisers Trajanus en Domitianus onderskeidelik

2.3.2.2 Tydens die regering van keiser Nero

2.3.2.3 Gevolgtrekking

#### 2.4 Die geadresseerdes

2.4.1 Identiteit en sosiale omstandighede

2.4.1.1 Uitverkorenes (ἐκλεκτοί)

2.4.1.2 Vreemdelinge en vreemdelingskap in 1 Petrus

2.4.1.2.1 Uitlanders (παρεπίδημοι en πάροικοι)

2.4.1.2.2 Uitlanderverblyf (παροικία)

2.4.1.2.3 Verstrooiing en Babilon

2.4.1.2.3.1 Verstrooiing (διασπορά)

2.4.1.2.3.2 Babilon (Βαβυλών)

2.4.1.2.4 Die betekenis van vreemdelingskap in 1 Petrus

2.4.1.2.4.1 Figuurlike betekenis van vreemdelingskap

2.4.1.2.4.2 Letterlike betekenis van vreemdelingskap

2.4.1.2.4.3 Gevolgtrekking

2.4.1.3 Οἶκος-verwante woorde in 1 Petrus

2.4.1.4 Bevolkingsamestelling

2.4.2 Sosiale omstandighede : persone wat swaarkry en ly

2.4.3 Lokaliteit

#### 2.5 Samevattende gevolgtrekkings

## 2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word inleidend eers enkele algemene opmerkings oor 1 Petrus gemaak. Dit word gevolg deur 'n besinning oor die literêre aard van 1 Petrus. Daarna word die waarskynlike sosio-historiese konteks met spesifieke verwysing na die outeur (s), datering en die geadresseerdes van 1 Petrus, ondersoek.

Schrage (vgl. De Villiers, 1988:138) tipeer 1 Petrus as een van die belangrikste en oortuigendste geskrifte van die Nuwe Testament. In sy *Vorrede zum Neuen Testament 1522* tipeer Luther 1 Petrus naas die Evangelie volgens Johannes en die briewe van Paulus as "die regte kern en murg onder al die boeke, wat ook maklik die eerste kon gewees het." In sy uitleg van 1 Petrus in die jaar 1523, sê Luther dat dit een van die edelste boeke in die Nuwe Testament" en die "suiwer evangelie" is (De Villiers<sup>1</sup>, 1988:138). Vir die Bybelstudent en prediker is die bestudering van 1 Petrus 'n ontdekkingstog wat nie alleen groot parallels met die briewe van Paulus vertoon nie, maar ook met die hele Nuwe Testament. 1 Petrus is as't ware die Bybel en die Nuwe Testament in die klein, in 'n neutedop.

## 2.2 Die literêre aard van 1 Petrus

Moule (1956-1957:7) oordeel dat twee briewe (1:1-4:1 plus die slot en 1:1-2:10;4:12-5:14) deur Petrus op dieselfde tyd geskryf is en dat die twee briewe saamgevoeg is met die stuur daarvan. Alhoewel hierdie hipotese nie onmoontlik is nie, kom dit baie kunsmatig voor. Hierdie hipotese geniet geen ondersteuning uit die tekstuele gegewens self nie (Guthrie, 1974:799).

1 Petrus word getipeer as 'n brief<sup>2</sup> en dit maak deel uit van die 22 Briewe in die Nuwe Testament. Saam met 2 Petrus, Galasiërs, Efesiërs, Jakobus en Judas word 1 Petrus getipeer as 'n omsendskrywe (Aune, 1987:159; Goppelt, 1993:23; Thurén, 1995:12; Thurén, 1989:93-94)<sup>3</sup>. Daar is 'n opvallende ooreenkoms tussen die Nuwe-Testamentiese omsendskrywes en die kontemporêre Joodse omsendskrywes, die diasporabrief<sup>4</sup> (Aune, 1987:185; Goppelt, 1993 :24).

---

<sup>1</sup> Die navorser kon nie daarin slaag om die werke van Schrage en Luther op te spoor nie en gevolglik word volstaan met die sekondêre bron, naamlik De Villiers.

<sup>2</sup> Van Rensburg (1990:71-5) bied 'n oorsig oor resente navorsing oor briefliteratuur in die Nuwe Testament en in die Grieks-Romeinse wêreld. Thurén (1989:91-94) gee 'n goeie oorsig oor literatuur en die evaluering van laasgenoemde met betrekking tot die vraag of 1 Petrus 'n brief of 'n preek is. Hy toon aan dat navorsers grootliks ooreenstem dat 1 Petrus wel 'n brief is.

<sup>3</sup> Aune (1987:159) verdeel die oorblywende Nuwe-Testamentiese Briewe in die volgende kategorieë :

1. Geskrewe kommunikasie tussen individue (1-2 Timoteus, Titus, 2-3 Johannes);
2. Geskrewe kommunikasie tussen individue en groepe (die meeste van Paulus se briewe);
3. Die briefvorm as 'n omringing vir 'n ander genre (Openbaring);
4. 'n Anonieme homelie (preek) met 'n briefslot, maar sonder 'n briefaanhef (Hebreërs).
5. Ingebedde briewe (Hand. 15:23-26; 23:26-30).

<sup>4</sup> Volgens Thurén (1989:95) is daar egter 'n opvallende verskil tussen 1 Petrus en die diasporabrief. Die geadresseerdes van 1 Petrus is nie maar net gelowiges in die algemeen nie, maar spesifieke persone in 'n spesifieke (wye) gebied.

## 2.3 Die sosio-historiese konteks van 1 Petrus

Navorsers is nie eenstemmig oor die datering en outeurskap van 1 Petrus nie. Elliott (1990:84) is van mening dat daar weinig ooreenstemming is ten opsigte van die eksterne data wat relevant is, of die verband tussen die datering van die brief en sake soos outeurskap, integriteit, literêre aspekte en plek van samestelling. In hierdie onderafdeling word die outeurskap en datering van 1 Petrus beredeneer.

### 2.3.1 Outeurskap

#### 2.3.1.1 Literêre verhouding met die Briewe van Paulus

1 Petrus, saam met ander dele van die Nuwe Testament, het in die vroeë negentiende eeu onder kritiek gekom hoofsaaklik as gevolg van die brief se verhouding tot die Pauliniese briewe (Guthrie, 1974:773). Vanuit kritiese hoek is redelik algemeen aanvaar dat 1 Petrus 'n afhanklikheid van Paulus se briewe vertoon. Bigg (1969:15-24) bespreek die verhouding tussen 1 Petrus en die res van die Nuwe Testament. Hy toon aan dat daar heelwat gedeeltes in 1 Petrus is wat ooreenstem met gedeeltes in byvoorbeeld Efesiërs en Romeine. Bigg (1969:16) wys verder daarop dat navorsers daaroor verskil of Petrus van Paulus se briewe gebruik gemaak het of Paulus van 1 Petrus gebruik gemaak het (Bigg, 1969:17) en of beide dieselfde bron (ne) gebruik het (Bigg, 1969:20). Bigg (1969:20) wys tereg daarop dat daar nie net ooreenkomste tussen 1 Petrus en die briewe van Paulus bestaan nie, maar daar is ook groot verskille en op grond daarvan is daar genoeg rede om te volstaan met die selfstandigheid van 1 Petrus.

Beare (1970:28) is van mening dat die literêre ooreenstemming tussen 1 Petrus en die Briewe van Paulus 'n bewys is dat eersgenoemde in literêre sin van laasgenoemde afhanklik is. Beare se standpunt is nie oortuigend nie. Saam met Elliott (1976:246) word daarenteen erken dat daar wel literêre raakpunte of ooreenstemming tussen 1 Petrus en die Briewe van Paulus bestaan, maar beslis nie literêre afhanklikheid nie.

#### 2.3.1.2 Die apostel Petrus as outeur

Die outeur stel homself in 1 Petrus (1:1) bekend as "Petrus, 'n apostel<sup>5</sup> van Jesus Christus". Op grond daarvan (vgl. ook 5:12) word saam met die volgende navorsers aanvaar dat Petrus die outeur van 1 Petrus is (Selwyn<sup>6</sup>, 1947:27-38; Stibbs & Walls, 1983: 67; Marshall, 1993; Floor, 1988:1017; Guthrie, 1974:790;

<sup>5</sup> Die woord vir apostel (ἀπόστολος) word deur Louw & Nida (1989,1:542) soos volg gedefinieer : " iemand ('n persoon) wat die rol van 'n spesiale boodskapper (/ gesant) vervul (in die algemeen beperk tot die onmiddellike volgelinge van Jesus Christus, maar ook uitgebrei, soos in die geval van Paulus tot ander vroeë Christene wat betrokke was in die verkondiging van die boodskap van die evangelie). Louw & Nida (1989, 1:542) gee as vertaalekwivalente ' apostel, spesiale boodskapper (/gesant) ' ". (vgl. ook verdere toeligting van Louw & Nida). Die woord "apostel" in 1:1 is 'n gesagsaanspraak. 1 Petrus is 'n amptelike skrywe wat voortspruit uit die roeping van die outeur as apostel van Jesus Christus en wat beklee is met Goddelike gesag. Die genoemde skryf nie op eie gesag nie. Sy Opdraggewer en Sender is niemand minder nie as die Here Jesus Christus self. Die outeur se verhouding tot die Here Jesus bepaal ook sy verhouding tot die geadresseerdes en gee die deurslag in die uitvoering van sy opdrag (Greijdanus, 1929:23 e.v.).

<sup>6</sup> Selwyn (1947:27 e.v.) beklemtoon tereg die apostoliese aansprake in 1:1 en 5:12.

Robinson, 1976:169). Wand (1959:388) aanvaar steeds dat Petrus die outeur is, maar gee toe dat dit vir hom nie 'n voldonge feit is nie.

Volgens Elliott (1990:272) is 1 Petrus tipies van Petrus (ten nouste aan die persoon van Petrus verbonde). Dit is deur persone wat noue kontak met Petrus gehad het, saamgestel. Elliott tipeer hierdie persone as 'n "Petrusgroep" wat onder andere vir Silvanus en Markus ingesluit het.

### 2.3.1.3 Pseudonimiteit

Beare (1970:43 e.v) is oortuig dat nie die minste twyfel bestaan dat die brief pseudonimies is nie en uit die na-apostoliese era dateer. Wand (1959:391) wys hierdie standpunt van Beare tereg as 'n oordrywing af. Goppelt (1993:9, 48-53) bevraagteken ook die outeurskap van Petrus en kies saam met Beare (1970:43 e.v) en Brox (1979:55e.v.,240,242) e.a vir pseudonimiteit. Marshall (1993;vgl. ook Guthrie, 1974:771-813) gee die volgende besware wat teen die outeurskap van Petrus ingebring word. Hy weerspreek die besware oortuigend en dit word in die onderstaande voetnote aangedui :

Beswaar 1: die uitstekende en gekultiveerde Griekse taalgebruik en die gebruik van die Septuagint pas nie by 'n eenvoudige Galilese visserman soos Petrus nie<sup>7</sup> (vgl. Guthrie, 1974:774,778);

Beswaar 2: Petrus sou geen kontak met die Christene in Klein Asië gehad het nie (Goppelt, 1993:9). Waarom sou hy vir hulle geskryf het? Waarom sou hy aan mense skryf wat deur Paulus geëwangeliseer is sonder om na laasgenoemde te verwys? <sup>8</sup> (Marshall, 1993).

Beswaar 3 : Die wêreldwye vervolging<sup>9</sup> waarvan in die brief sou sprake wees, het na die dood van Petrus ontstaan, hetsy in die laat eerste eeu of in die tyd van Trajanus (98 -117 n.C) (vgl. Guthrie, 1974:775). Die woord Babilon in 5:12 as aanduiding (skuilnaam) vir Rome, vanwaar die brief geskryf sou wees, is volgens Goppelt (1993:375) eers na 70 n.C deur die Jode gebruik.

---

<sup>7</sup> Teenoor 1 : Die vraag ontstaan waarom die aspek van tweetaligheid in die geval van Petrus buite rekening gelaat word ? Waarom word die kultuur van 'n lid van 'n middelklas Galilese vissersfamilie onderskat? Die uitspraak in 1 Petrus 5:12 dat die apostel Petrus deur Silvanus aan die geadresseerdes geskryf het, is 'n baie belangrike mededeling oor outeurskap en mede-outeurskap. Die gekultiveerde taal en styl kan moontlik toegeskryf word aan Silvanus wat meegewerk het aan die opstel van die brief. Dit beteken egter nie dat Petrus nie die outeur van 1 Petrus was nie. Daar is geen konkrete getuie dat nie Petrus of Silvanus die Grieks van die brief geskryf het nie (Marshall, 1993; Guthrie, 1974:778 e.v). Volgens Floor (1988:1017) het ons voor ons 'n brief van 'n eenvoudige visser, wat met behulp van 'n toegewyde assistent en sekretaris 'n brief geskryf het in goeie Grieks.

<sup>8</sup> Teenoor 2 : Alhoewel daar geen aanduiding in die brief is dat Petrus in die genoemde area gewerk het nie, is die moontlikheid nie uitgesluit nie. 'n Nadere moontlikheid is dat besoekers uit die gebied Petrus kon ingelig het oor die situasie van die gelowiges daar en dat hy toe hierdie brief geskryf het. Die feit dat daar nie na Paulus verwys word nie, is nie 'n onoorkomelike probleem nie. 'n Deel van die gebied waaruit die geadresseerdes gekom het, was nie deur Paulus geëwangeliseer nie (Marshall, 1993; vgl. ook Guthrie, 1974:784).

<sup>9</sup> Teenoor 3 : Die aanname is foutief dat die brief blyke gee van wêreldwye vervolging. Uit die brief blyk dit eerder dat daar wydverspreide vyandige optrede teenoor Christene bestaan het as 'n georganiseerde, staatsgeïnspireerde vervolging (vgl. Elliott, 1990:14; Van Rensburg, 1994: 29 e.v.; Marshall, 1993).

**Beswaar 4:** Die brief toon geen konkrete karakteristieke van Petrus nie, soos byvoorbeeld uitsprake van 'n ooggetuie van Jesus nie<sup>10</sup>;

**Beswaar 5:** Die brief vertoon 'n religieuse idioom wat ontwikkel het teen die agtergrond van die Hellenistiese Judaïsme eerder as die Palestynse Judaïsme<sup>11</sup>.

Marshall (1993) wys tereg daarop dat al hierdie argumente nie oortuig nie en as daar ooit 'n swak saak uit te maak was vir pseudonimiteit dan is dit ten opsigte van 1 Petrus. Nie een van die argumente is voldoende of weerspreek die aansprake wat die brief self bied nie. Enige tekens dat die brief eers later saamgestel is, ontbreek<sup>12</sup>. (vgl. Guthrie, 1974:790).

### 2.3.1.4 Gevolgtrekking

Op grond van die mededeling van die outeur in 1 Petrus 1:1 en 5:12 word aanvaar dat Petrus die apostel van Jesus Christus, die outeur van 1 Petrus is en dat Silvanus betrokke was by die skryf van die brief.

### 2.3.2 Datering

In die beredenering wat nou volg, word besin oor die datering van 1 Petrus. Enersyds is Thurén (1995:14 e.v.) van mening dat die outeur van 1 Petrus dubbelsinnige uitdrukkings in sy brief gebruik. Volgens hom kan hierdie uitdrukkings slegs deur middel van 'n retoriese benadering verstaan word. Die brief is volgens Thurén deur 'n onbekende outeur op 'n onbekende datum aan verskillende gemeentes wat vandag onbekend is, geskryf. Gevolglik kan die historiese situasie volgens hom nie presies bepaal word nie.

Andersyds is Guthrie (1974:795 e.v.) van mening dat daar drie moontlikhede vir die datum van ontstaan van 1 Petrus is, naamlik

- tydens die regering van Trajanus [111 n.C];
- tydens die regering van Domitianus [90 -100 n.C] of
- tydens die regering van Nero [62-64 n.C] (vgl. ook Best, 1971:36-42; Beare, 1970:28-38)

<sup>10</sup> *Teenoor 4* : Te min is oor Petrus bekend om te kan sê wat hy kon of nie kon geskryf het nie. Sekere verwysings in die brief sou eerder teruggevoer kan word na sy persoonlike ervarings en kennis van Jesus. Hy verskil egter nie van die ander skrywers van die Nuwe Testament deurdat hy nie direk verwys na die inhoud van die Evangelies of dat hy meer pertinent na die onderrig van Jesus verwys nie (Marshall, 1993). Die verwysing van die outeur in 5:1 na homself as getuie van die lyding van Christus kom verskeie kere in die brief voor, soos bv. in 2:20-25 (sy lyding en die kruisgebeure); 1:3 hou verband met Petrus se ooggetuie van die opstanding, 5:2 hou verband met Jesus se opdrag aan Petrus tydens die derde verskyning na sy opstanding : "pas My skape op" (Joh. 21:15-17); die verwysing na Jesus as die Opperherder (van sy kudde) hou verband met die uitspraak van Jesus in Johannes 10:1-18 oor die Goeie Herder. Selwyn (1947:33 e.v.) verwys ook na die opvallende ooreenkomste tussen sekere dele van 1 Petrus en die toesprake van die apostel Petrus in die boek Handeling.

<sup>11</sup> *Teenoor 5* : Dit is nie uitgesluit dat Hellenistiese Judaïsme 'n invloed op Petrus uitgeoefen het nie. Na die gebeure wat in Handeling 12 en 15 beskryf word, het Petrus meer rondgegaan en nie net in Jerusalem gebly nie. Verder was hy deel van 'n kerk wat uit sowel Arameessprekende as Griekssprekende Joodse Christene bestaan het (Marshall, 1993).

<sup>12</sup> Geen verwysing na die gevaar van dwaalleer soos bv. Gnostisisme, geen verwysing na die staat as bloeddorstige ondiër, geen teken van verering van Petrus na sy afsterwe kom voor nie. Die boodskap van die brief en die kerkorganisasie dui eerder op 'n vroeër stadium in die geskiedenis van die kerk (Marshall, 1993; Selwyn, 1947:41).

Beare (1970:28) wys tereg daarop dat die datering van 1 Petrus op grond van literêre gegewens, asook op grond van die historiese situasie wat op daardie stadium in die Romeinse ryk geheers het, bepaal moet word.

In 2.3.2.1 en 2.3.2.2 word besin oor die moontlike datering van 1 Petrus tydens die bewind van een van die volgende keisers naamlik Trajanus, Domitianus of Nero.

### **2.3.2.1 Tydens die regering van keisers Trajanus en Domitianus onderskeidelik**

Beare (1970:28) verkies 'n later datering, aangesien dit, volgens hom duidelik is dat 1 Petrus van die briewe van Paulus afhanklik is (veral die brief aan die Efesiërs) en eers ná Paulus se briewe ontstaan het. Ten opsigte van die historiese situasie, voer Beare (1970:30) aan dat daar geen bewys is dat die vervolging, wat ongeveer 64 na Christus onder Nero ontstaan het, uitgebrei het na die provinsies van die Romeinse Ryk nie en daar bestaan geen konkrete getuienis dat daar enigsins vervolging onder die regering van keiser Domitianus bestaan het nie (Beare, 1970:32; Best, 1971:41). Beare (1970:32) dateer 1 Petrus gedurende die regeringstyd van keiser Trajanus (98-117 n.C.). In dié tyd het vervolging in die provinsie van Bitinië en Pontus uitgebreek naamlik onder die administrasie van Plinius. Beare bring hierdie vervolging in verband met 1 Petrus 4:12-16.

Best (1971:42) wys die argument van vervolging as aanduider van die datering van 1 Petrus af<sup>13</sup>. Robinson (1976:154) wys daarop dat Selwyn in sy belangrike kommentaar nie eers na Trajanus verwys nie, behalwe in 'n aanhaling van Dante waar laasgenoemde na Trajanus verwys.

Guthrie (1974: 796) sluit die eerste twee daterings uit en dui die derde as die waarskynlikste aan. As motivering word die argument gebruik dat die apostel Petrus waarskynlik in die tyd van Nero aan sy einde gekom het.

Brox (1979:41) dateer die brief tussen 70 en 100 n.C.; Van Unnik (1980:70-71) neem die val van Jerusalem as keerpunt en dateer die brief voor 70 n.C. Goppelt (1993:46) dateer die brief tussen 65 en 80 n. C. (vgl. punt 3.1.3.) Elliott (1990:87) dateer 1 Petrus tussen 73 en 93 n.C. Balch (1981:138) dateer die brief tussen 65 en 90 n.C. Balch (1981:138) stem saam met Elliott (1976:251) as laasgenoemde die hipotese van amptelike staatsvervolging afwys. Volgens laasgenoemde is 'n aanneemliker verklaring van die situasie van die geadresseerdes, dat hulle blootgestel was aan vyandigheid, teistering en ostrasisme van 'n plaaslike, sosiale en nie-amptelike aard. Die sosio-politieke spanninge wat in 1 Petrus gereflekteer word, kan die beste verklaar word met die bekering van sekere persone uit die Grieks-Romeinse kultuur na 'n veragte en onbekende godsdienst en die reaksie van hulle huishoudelike meerderes op sulke bekerings. Die aanleiding tot die skryf van 1 Petrus is volgens Balch (1981:137) hierdie algemene kulturele situasie en nie die vervolgings deur

---

<sup>13</sup> "We may note finally that since the references to persecution are not sufficiently definite to permit us to connect them with any known period of persecution and since they do not relate particularly to state action against Christians they are of little assistance in the determination of the date of 1 Peter" (Best, 1971:42).

Domitianus of Trajanus nie. Die brief is nie te dateer gedurende die regeringstyd van een van laasgenoemde twee keisers nie. In noue aansluiting by die voorafgaande argumente van Elliott en Goppelt, dateer Balch (1981:138) 1 Petrus tussen 65 en 90 na Christus.

### 2.3.2.2. Tydens die regering van keiser Nero

Selwyn (1947:40 e.v.) wys op die breëre ooreenstemming tussen die brief aan die Efesiërs en 1 Petrus. Beide briewe maak melding van die eenheid en uitbreiding van die kerk. Die groot probleem van Jood en nie-Jood is opgelos, in die lig van Petrus se gesig in Joppe en die besluit van die vergadering in Jerusalem (Handelinge 15). Die apostel Petrus se boodskap oor die kerk verskil wel van dié van die apostel Paulus in Efesiërs, maar dit is nie in stryd daarmee nie. Selwyn (1947:41) beskou die leer en etiek van 1 Petrus as van so 'n aard dat dit dui op 'n vroeë tyd, maar wel 'n tyd nadat die brandende strydvrage van die apostoliese tyd opgelos was. In die lig hiervan oordeel Selwyn (1947:41) dat 1 Petrus nie vroeër as 60 na Christus gedateer kan word nie.

'n Ander aanduiding van 'n moontlike datum is die uitspraak in 1 Petrus 2:11-17. Uit hierdie gedeelte kan moontlik afgelei word dat daar op daardie stadium nog 'n vreedsame verhouding tussen die staat en die Christene was (Selwyn, 1947:60).

Selwyn (1947:60) wys daarop dat Jakobus se dood in die jaar 62 n.C. as die *terminus a quo* en die vervolging wat onder Nero plaasgevind het in die somer van die jaar 64 n.C. as die *terminus ad quem* geneem kan word. Selwyn (1947:62)<sup>14</sup> is van mening dat 1 Petrus waarskynlik in die jaar 63 n.C. of die eerste helfte van die jaar 64 n.C. ontstaan het. Greijdanus (1929:15) dateer 1 Petrus ongeveer 63 n.C. Floor (1988:1017)<sup>15</sup> is van mening dat die mees waarskynlike datum die jaar 63 of 64 n.C. is.

Guthrie (1974:796) het gelyk as hy sê dat die datering nie met absolute sekerheid bepaal kan word nie, maar dat die periode wat die vervolgings van Nero onmiddellik voorafgegaan het, of tydens daardie vervolgings, die mees waarskynlike datering van 1 Petrus blyk te wees.

### 2.3.2.3 Gevolgtrekking

Die waarskynlike datering van 1 Petrus is tussen 62 en 64 n.C.

<sup>14</sup> Alhoewel Goppelt (1993:14) bedenkinge het oor die outeurskap van die apostel Petrus van 1 Petrus, maak hy die volgende belangrike opmerking: "If it was, as it claims, written by Peter through the mediation of Silvanus in Rome, then it would have to have been written prior to the Neronian persecution in the year 64".

<sup>15</sup> Wanneer aanvaar word dat Petrus die skrywer van hierdie brief is, dan moet die ontstaan van die brief tussen 60 en 66 n.C. gestel word. Die mees waarskynlike datum is volgens Floor 63 of 64 n.C., want volgens die oorlewering is Petrus in die tyd van keiser Nero om die lewe gebring.

## 2.4 Die geadresseerdes

Die sosiale omstandighede van en die gebiede waarin die geadresseerdes gewoon het, word onder andere in 1:1 aangedui : “Aan die uitverkorenes (van God), vreemdelinge wat verstrooid woon in Pontus, Galasië, Kappadosië, Asië en Bitinië.”

### 2.4.1 Identiteit en sosiale omstandighede

Die identiteit en sosiale omstandighede van die ontvangers van 1 Petrus blyk onder andere uit die benamings wat in die brief gebruik word.

#### 2.4.1.1 Uitverkorenes (ἐκλεκτοί)

Die geadresseerdes word ἐκλεκτοί genoem. Goddelike uitverkiesing was kenmerkend van Israel as volk van God (vgl. Deut. 4:37, 7:6, 14:2; Ps. 105:6&43; Jes. 45:4). Hierdie uitverkiesing is nou van toepassing gemaak op die Christelike kerk as die erfgenaam van Israel se roeping (1 Pet. 2:9) (Selwyn, 1947:117) : die geadresseerdes word aangedui as uitverkorenes. In die eerste vers alreeds word die inisiatief en genade van God beklemtoon. Hul uitverkiesing dui op 'n genadevoorreg wat die geadresseerdes bo ander ontvang het (Floor, 1988:1018). Hulle ware status en posisie voor God spruit voort en berus op die uitverkiesende besluit van God. Op grond van God se uitverkiesing is hulle geroep om in Hom te glo en aan Hom te behoort, maar ook vir Hom te lewe.

#### 2.4.1.2 Vreemdelinge en vreemdelingskap in 1 Petrus

In 1 Petrus word drie woorde gebruik wat verband hou met vreemdelingskap.

- Die eerste woord is παρεπίδημοις (1:1<sup>16</sup> en 2:11<sup>17</sup>) .
- Die tweede woord is παροικία (1:17<sup>18</sup>).
- Die derde woord is πάροιχοι (2:11<sup>19</sup>) en is etimologies verwant aan παροικία (Van Rensburg, 1994:14).

##### 2.4.1.2.1 Uitlanders (παρεπίδημοι en πάροιχοι)

Die eerste en derde woorde naamlik παρεπίδημος en πάροιχος het in die Louw & Nida woordeboek (1989,2:188,189) slegs een betekenisinskrywing met een betekenismoontlikheid naamlik “uitlander”. Die betekenisdefinisie is : “’n persoon wat vir ’n tydperk op ’n plek wat nie sy normale tuiste is nie, woon”. Die volgende vertaalekwivalente word deur Louw & Nida (1989:1:133) voorgestel : “uitlander, vreemdeling, tydelike inwoner”. Nadat Van Rensburg (1994:23) die genoemde

---

<sup>16</sup> 1:1 ἐκλεκτοῖς παρεπίδημοις διασπορᾶς Πόντου, Γαλατίας: “Aan die uitverkore vreemdelinge in verstrooiing in Pontus, Galasië ...”

<sup>17</sup> 2:11 παρακαλῶ ὡς παροίκους καὶ παρεπίδημους ἀπέχεσθαι τῶν σαρκικῶν ἐπιθυμιῶν : “Ek vermaan julle as vreemdelinge en bywoners om nie aan sinlike begeertes toe te gee nie.”

<sup>18</sup> 1:17 ἐν φόβῳ τὸν τῆς παροικίας ὑμῶν χρόνον ἀναστράφητε: “lewe dan in eerbied vir Hom gedurende die tyd van julle vreemdelingskap...”

<sup>19</sup> 2:11 παρακαλῶ ὡς παροίκους καὶ παρεπίδημους ἀπέχεσθαι τῶν σαρκικῶν ἐπιθυμιῶν: “Ek vermaan julle as vreemdelinge en bywoners om nie aan sinlike begeertes toe te gee nie.”

twee woorde met semantiesverwante woorde gekontrasteer het, brei Van Rensburg die betekenisdefinisie van Louw & Nida ten opsigte vir die twee woorde soos volg uit : “*n Persoon wat vir ‘n ongedefinieerde tydperk op ‘n plek wat nie sy normale tuiste is nie, woon. Daar is geen polities-aktivistiese aktiwiteite ter sprake nie.*” Ten opsigte van die Afrikaanse vertaalekwivalente tref Van Rensburg (1994:23) voorlopig ‘n onderskeid tussen die twee woorde: *πάροικος* word weergegee met “*gevestigde uitlander*” en *παρεπίδημος* met “*besoekende uitlander*”<sup>20</sup>.

#### 2.4.1.2.2 Uitlanderverblyf (παροικία)

Die woord *παροικία* word in die Louw & Nidawoordeboek (1989,1:732) weergegee met :“*die tydperk of geleentheid waartydens iemand iewers as uitlander vertoef.*” Op grond van die nodige kontrastering van semantiesverwante woorde, stel Van Rensburg (1994:23) die volgende geldige uitbreiding op die definisie van die Louw & Nidawoordeboek voor : “*n Ongedefinieerde tydperk of geleentheid waartydens iemand iewers as uitlander woon (in die letterlike sin van die woord), sonder die implikasie dat die betrokke nie fisiese verblyfplek het nie.*” Van Rensburg (1994:23) stel voor dat *παροικία* in Afrikaans weergegee word met “*uitlanderverblyf*”.

#### 2.4.1.2.3 Verstrooiing (διασπορά) en Babilon (Βαβυλών)

Die woorde *διασπορά* in 1:1 en *Βαβυλών* in 5:13<sup>21</sup> kan lig werp op die sosiale omstandighede van die geadresseerdes en die outeur onderskeidelik. Op die oog af hou die woorde verband met die idee (gedagte) van “weg van jou normale blyplek wees”, “uit jou land wees” (Van Rensburg, 1994:15; vgl. ook Elliott, 1990:39).

##### 2.4.1.2.3.1 Verstrooiing (διασπορά)

Die ontvangers van 1 Petrus word verder aangedui as uitverkorenes, uitlanders “*in die verstrooiing*” (*παρεπιδήμοις διασποράς* : *diasporas*). Louw & Nida (1989,1:200) definieer die betekenis van die woord *διασπορά* soos volg: “Die streek of gebied waarin persone versprei is (spesifiek ‘n verwysing na die volk Israel wat dwarsoor die antieke wêreld verstrooi was)”. Die woordeboek stel die volgende vertaalekwivalente voor: “gebied waarin persone versprei is, diaspora”. Volgens Bauer *et al.* (1974:187) is *διασπορά* in 1 Petrus 1:1 en Jakobus 1:1 gebruik as ‘n aanduiding van die plek waarin die verstrooides te vinde is. In die genoemde kontekste word die woord volgens Bauer *et al.* (1974:187) figuurlik gebruik vir Christene wat in verstrooiing leef in die wêreld, vêr van hulle hemelse tuiste. Floor (1988:1018) tipeer die geadresseerdes volgens 1:1 soos volg : Die geadresseerdes word *vreemdelinge* genoem. Hulle het hul vaderland elders (Fil 3:20). Waar hulle tydelik woonagtig is (vertoef), het hulle geen regte nie. Hulle woon in die *verstrooiing*. Floor (1988:1018) wys tereg daarop dat net soos die woord *vreemdeling*, Petrus ook die woord *verstrooiing* in oordragtelike,

<sup>20</sup> Die woord *παρεπίδημος* beklemtoon die tydelikheid van ‘n uitlander se verblyf op ‘n plek (Selwyn, 1947:118).  
<sup>21</sup> 5:13 : Ἀσπάζεται ὑμᾶς ἢ ἐν Βαβυλῶνι συνεκλεκτῆ: “Die mede-uitverkorene in Babilon stuur vir julle groete...”.

geestelike sin gebruik. Die gelowige geadresseerdes woon oor 'n uitgestrekte gebied tussen 'n ongelowige meerderheid.

In die Septuagint dui die woord *διασπορά* op die verstrooiing van die Jode onder die nie-Jode (Deut. 28:25; 30:4; Jer. 41:17) (Bauer *et al.*, 1974:187). Dit wil voorkom asof laasgenoemde stelling van Bauer *et al.* (1974:187) oor die gebruik van *διασπορά* in die Septuagint as aanduiding van die letterlik / fisiese verstrooiing van die Jode onder die nie-Jode tydens die Ou-Testamentiese bedeling 'n belangrike aanduiding kan wees vir die interpretasie van die woord in die Nuwe Testament. Op grond hiervan kan afgelei word dat die woord *διασπορά* in die genoemde twee Nuwe-Testamentiese kontekste op sowel die letterlike / fisiese verstrooiing van die Christene (4:16) onder die nie-Jode kan dui as op die figuurlike verstrooiing van die uitverkorenes in die wêreld.

Selwyn (1947:118) wys daarop dat elke woord in 1:1 telkens iets byvoeg by die beskrywing van die geadresseerdes.

- “Uitverkorenes” (ἐκλεκτοί) dui die teologiese grondslag van hulle posisie aan;
- “Uitlanders” (παρεπίδημοι) dui 'n geleentheid of periode aan wanneer omstandighede hulle tydelike en onbevoorregte uiterlike status beklemtoon;
- Diaspora of verstrooiing (*διασπορά*) dui op hul posisie as erfgename van die Ou-Testamentiese belofte (vgl. 2:1-10). Dit dui ook op 'n eenheid wat hulle saambind en wat hulle geografiese verstrooidheid transendeer.

Dit is belangrik om daarop te let dat die outeur van 1 Petrus Ou-Testamentiese terme gebruik om die Nuwe-Testamentiese kerk te beskryf. Vir die outeur, net soos vir die res van die Nuwe Testament, is die kerk die voortsetting van die Ou-Testamentiese volk van God (Best, 1971:70).

#### **2.4.1.2.3.2 Babilon (Βαβυλών)**

Die vraag is waarna die woord Babilon verwys. Volgens Bauer *et al.* (1974:129) gee sommige navorsers voorkeur aan Babilon in Mesopotamië en ander aan Babilon in Egipte. In die latere Judaïsme het Rome egter die naam Babilon begin kry. Baie van die kenmerke van Babilon wat as wêreldmoondheid vyandig teenoor God gestaan het en deur die profete veroordeel is, is oorgedra op Rome (Bauer *et al.*, 1974:129). Die Louw & Nidawoordeboek (1989,1 :834) definieer die betekenis soos volg : “*Die hoofstad van Babilonië*”. Die Woordeboek stel die woord “*Babilon*” as vertaalekwivalent voor. Met verwysing na Openbaring 14:8 en 16:9 word opgemerk dat Babilon ook simbool is van 'n demoniese wêreldmag. Nadat Van Rensburg (1994:22) die betekenis in die subdomeine van domein 93, waarin Babilon voorkom, gekontrasteer het, wys hy daarop dat dit geen inligting oplewer om 'n akkurate definiering van die betekenis van Βαβυλών moontlik te maak nie. In aansluiting by Bauer *et al.* (1974:129), Goppelt (1993:375) en Selwyn (1947:60) word aanvaar dat die woord Babilon hier na die stad Rome verwys. Net soos die geadresseerdes bevind die outeur van 1 Petrus homself in 'n plek en situasie van vreemdelingskap, die wêreldstad Rome wat weergegee word met Babilon.

## 2.4.1.2.4 Die betekenis van vreemdelingskap in 1 Petrus

### 2.4.1.2.4.1 Figuurlike betekenis van vreemdelingskap

Talbert (1986:144) is 'n voorstander van 'n figuurlike en geestelike verstaan van vreemdelingskap. Hy neem standpunt in teenoor Elliott (1981:43) wat 'n letterlike verstaan van vreemdelingskap voorstaan. Talbert (1986:144) verwys na die begrippe *παρεπίδημοις* (1:1 en 2:11) *παροικία* (1:17), *πάροιχοι* (2:11) en *διασπορά* (1:1) en gee dan sy standpunt soos volg weer:

"This, I think, is figurative language referring to people who, because they are Christians do not belong to the present age but live as resident aliens in this world. They were outsiders, strangers both socially and religiously".

Beare (1970:75) tipeer die *παρεπίδημοις* in 1:1 as tydelike inwoners, nie-permanente setlaars in die land. Hulle het 'n dieper verbintenis en 'n hoër lojaliteit in 'n ander sfeer naamlik die bo-aardse, onsienlike en ewige. Dit is in hierdie sin wat die outeur die kerk voorstel as 'n nuwe diaspora. Die Joodse gemeenskappe wat hulleself gevestig het in elke hawe en handelstad van die Mediterreense wêreld, het steeds verbonde gebly het aan Palestina en het hulle primêre lojaliteit aan die geestelike gesag in Jerusalem betoon. Die Christelike gemeenskappe aan wie 1 Petrus gerig word, het op 'n soortgelyke wyse na 'n ander land verlang as hulle ware tuiste (woonplek). Nie die aardse Jerusalem nie, maar die Jerusalem daarbo was die sentrum van hulle lewe; hulle burgerskap was in die hemel (Fil.3:20). Verstrooi oor die hele aarde, as tydelike inwoners van larde waarin hulle nooit tuis kan wees nie, is hulle verenig in die gemeenskaplike band van lojaliteit aan die onsienlike staat. Hulle het gepoog om waardige burgers van hierdie staat te wees.

Ten opsigte van die woorde *παρεπίδημοι* en *πάροιχοι* in 2:11 verwys Beare (1970:135) na die woorde *ξένοι* en *παρεπίδημοι* in Hebreërs 11:3 en die woorde van Abraham in Genesis 23:4 (LXX):

*πάροιχος καὶ παρεπίδημοις ἐγὼ εἰμι μεθ' ὑμῶν.* (Ek is 'n uitlander en bywoner by julle).

Abraham gebruik die woorde met 'n letterlike betekenis. In Psalm 39:13 gebruik die Psalmdigter die woorde figuurlik ten opsigte van sy verhouding met God : ".... Want ek is 'n vreemdeling by U, 'n bywoner soos al my vaders". Die skrywer van 1 Petrus gebruik volgens Beare (1970:135) die genoemde woorde in 'n figuurlike sin en maak dit van toepassing op die aardse lewe van alle Christene. Op aarde is die Christene soos uitlanders omdat hulle ware tuiste in die hemel is. Die geadresseerdes is nou vreemdelinge ten opsigte van hierdie aardse bestaan met al sy sondige begeertes (2:11), en laasgenoemde mag geen plek gegee word in hul nuwe, hemelgerigte lewe nie.

Bigg (1969:90 e.v.) en Best (1971:70,110) huldig 'n soortgelyke siening as Beare. Die vreemdelingskap-woorde in 1:1, 17; 2:11 moet volgens Bigg (1969:91) nie in hul sekulêre politieke betekenis verklaar word nie, maar wel in figuurlike sin. Die Christen word deur God gekies en geroep om sy aardse

ouerhuis te verlaat. Die verkiesing gaan die roeping vooraf. Die roeping maak hom tot 'n pelgrim. Sy reis gaan deur stadige fases, deur baie gevare, na die beloofde rus in die verte. Die pelgrim hou vol deur die geloof in die onsienlike dinge, deur hoop, eerbied vir God en die liefde van Christus. Volgens Bigg (1969:91) is hierdie konsep van die Christelike lewe dieselfde as wat in die Hebreërbrief aan die orde gestel word.

Ook Goppelt (1993:64) staan 'n figuurlike verklaring van vreemdelingskap voor. Die situasie word in perspektief geplaas by wyse van die visuele model. Hulle leef in die samelewing as *διασπορά* (Goppelt, 1993:66 e.v.). Die tematiese fokus van 1 Petrus is hoe 'n Christen moet leef in die samelewing (Goppelt, 1993:19,20,64). Anders as die Esseners, moes Christene nie die samelewing verwerp nie, maar hulle verantwoordelikheid binne die instellings van die samelewing nakom. Die persoon wat glo, word 'n vreemdeling in die samelewing, maar terselfdertyd kry so 'n persoon juis 'n besondere verantwoordelikheid in die instellings van die samelewing. Binne die strukture van die samelewing moet die Christen juis aanhou goed doen. Dit moet die optrede van die Christen in die samelewing karakteriseer (Goppelt, 1993:20,177).

#### 2.4.1.2.4.2 Letterlike betekenis van vreemdelingskap

Selwyn (1947:118) interpreteer die vreemdelingskapwoorde en die situasie van die geadresseerdes in 1 Petrus in tweërlei sin, naamlik letterlik en figuurlik (vgl. punt 2.4.1.2.3.1).

Elliott (1990:48) is van mening dat die begrippe *πάροικος*, *παροιμία* en *παρεπίδημος* die geadresseerdes identifiseer as 'n kombinasie van ontwortelde persone wat tans permanente inwonende uitlanders is (*πάροικια*, *πάροικοι*) of uitlanders is wat vir 'n kort rukkie op besoek is of op reis is (*παρεπίδημοι*) deur die vier provinsies van Klein-Asië soos vermeld in die aanhef in 1:1.

Die genoemde terme dui nie alleen die geografiese ontwrigting van die geadresseerdes aan nie, maar ook hulle politieke, juridiese, sosiale en godsdienstige beperkings en vervreemding wat sulke geografiese ontwrigting impliseer.

Elliott (1990:48) is verder van oordeel dat *πάροικος* waarskynlik verwys na plattelanders wat na die stedelike gebiede verskuif is en wat gevolglik daar as 'vreemdelinge' laer sosiale status gehad het. Die geadresseerdes kon as *πάροικοι* en *παρεπίδημοι* deel uitgemaak het van die talle immigrant-ambagsmanne en handelaars wat hulle permanent in die stede gevestig het of wat tydens hulle reise tydelik in die stede en dorpe van hierdie gebied oorgebly het.

Volgens Elliott (1990:48) het *παρεπίδημος*, *παροιμία* en *πάροικος* nie uitsluitlik 'n figuurlike of geestelike betekenis nie. Die aanduiding van die geadresseerdes as mense van die *diaspora* en daarmee saam die aanduiding van die outeur van sy eie lokaliteit as in *Babilon*, dui daarop dat die Christene aan wie hy skryf, soos Israel van ouds, hulself in 'n situasie van werklike (letterlike) sosiale en

godsdienstige vreemdelingskap en vervreemding bevind (Elliott, 1990: 48). Die sentrale fokus van 1 Petrus is gerig op die interaksie (wisselwerking) tussen Christene en die samelewing, die sosiale kontraste en konflikte wat 'n krisis geskep het vir die Christelike beweging in Klein-Asië. Elliott (1990:49) tipeer die geadresseerdes uiteindelik soos volg : 1 Petrus is 'n brief wat gerig is aan gevestigde en besoekende uitlanders wat, sedert hulle bekering tot die Christendom, hulle steeds vervreem voel van enige plek waar hulle hulle bevind. Hulle is steeds onwortelde *παροικοι* op soek na 'n *οἶκος*. Tog het hulle 'n ander *οἶκος* gevind naamlik die *οἶκος* van God. Hulle is deur God se genade skape van sy kudde (2:25), lewende stene in God se geestelike huis (2:5), volk van God ( 2:9-10).

Alreeds voor hulle bekering was hulle letterlik en fisies uitlanders en bywoners. Hulle toetred tot die Christelike godsdiens het nie meegebring dat hulle sosiaal-politieke posisie verbeter het nie. Die geadresseerdes is steeds "bywoners", sonder 'n eie tuiste; die samelewing wil hulle steeds nie aanvaar nie (Van Rensburg, 1996:42). Na hulle bekering het 'n ander vorm van figuurlik-geestelike vreemdelingskap vir hulle binne die samelewing ingetree.

#### 2.4.1.2.4.3 Gevolgtrekking

Die geadresseerdes was waarskynlik in die eerste plek in konkrete sosiaal-politieke sin uitlanders. Vanweë die feit dat hulle gelowiges is, het hulle vreemdelingskap 'n element bygekry, wat ander uitlanders nie gehad het nie. Hulle was naamlik kinders van die enigste ware God, die Vader van Jesus Christus. Hulle het dus tot die huishouding van God behoort. Dit het ingehou dat hulle eintlike burgerskap in die hemel is (Fil 3:20).

Saam met Elliott (1990: 48), Van Rensburg (1991:67 e.v.) en Selwyn (1947: 118) word aanvaar dat in 1 Petrus van vreemdelingskap in letterlike en in figuurlike sin sprake is.

#### 2.4.1.3 *Οἶκος*-verwante woorde in 1 Petrus

In die lig van die voorafgaande gevolgtrekking is dit van kardinale belang om kennis te neem van die belangrike uiteensetting van Elliott (1990:200 e.v.) oor die gebruik van *οἶκος*-terminologie in 1 Petrus. Terwyl die geadresseerdes as uitlanders, buitelanders en tweedeklas persone hul weg moes vind in 'n vyandige omgewing, beledigings en onreg moes verduur (Elliott, 1990:67-73), stel 1 Petrus dit uitdruklik dat hulle ook 'n ander identiteit het. Hulle is uitverkorenes, uitlanders in diaspora (1:1), geroepenes (1:15;2:21), heiliges (afgesonderdes) (1:15;2:9) en as losgekooptes (1:19), God se duurgekoopte eiendom (2:9).

Hierdie unieke identiteit en nuwe "status" van die geadresseerdes voor God word verdiep met die metaforiese gebruik van *οἶκος*-terminologie. Die geadresseerdes word die huis (-houding) van God genoem en met *οἶκος*-verwante woorde aangedui. Die huishouding-tema en terminologie is allesbehalwe terloops of toevallig. Elliott (1990:200) wys tereg daarop dat die *οἶκος* (huishouding van God) funksioneer in die verkondiging en paranese van 1

Petrus as 'n belangrike koördinerende ekklesiologiese simbool. Die volgende woorde word byvoorbeeld doelbewus deur die outeur ingespan om die geadresseerdes as huisgenote van die geloof te tipeer en hul optrede in die instellings van die samelewing te karakteriseer (vgl. Elliott, 1990:201):

οἶκος πνευματικός : "huis(houding) van die Gees" (2:5);

τοῦ οἴκου τοῦ Θεοῦ : "huis (houding) van God" (4:17);

οἰκοδομείσθε : (die passiewe werkwoordsvorm) word in 2:5 gebruik om die Goddelike konstruksie en integrasie van die huis (houding) van geloof te beskryf;

οἰκέται : "huisbediendes" word in die huistafelgedeelte gebruik (2:18). Dit is vir persone wat in die huis (houding) gewerk het en dikwels 'n baie lae status besit het;

συνοικῶντες in 3:7 tipeer "saamlewe" van die man met sy vrou in die huwelik (huis);

οἰκονόμοι in 4:10 dui die "bedienaars" van God se veelvuldige genade aan.

Teenoor hierdie οἶκος-verwante woorde moet die woorde παροικία (1:17) en πάροικος (2:11) gesien word as aanduiding van die Christen se posisie in die samelewing en teenoor die samelewing (Elliott, 1990:201).

In noue samehang met genoemde huisterminologie word die woorde

ἀδελφότης (broederskap) in 2:17;5:9,

φιλάδελφοι (broer [*en suster*] liefhebbers) in 3:8 gebruik.

Geestelike familiebande bind die outeur en die geadresseerdes saam. Na Silvanus word byvoorbeeld verwys as "die getroue broer" (5:12) en na Markus as "my seun" (5:13). Die geadresseerdes word byvoorbeeld ook aangespreek as geliefdes (2:11,4:12), kinders (1:14), weergeborenes (1:3,23) erfgename (1:4) van God die Vader (Elliott, 1990:202).

Eweneens word die geadresseerdes byvoorbeeld in 2:9-10 met woorde getipeer wat hul eenheid met die Ou-Testamentiese verbondsvolk aandui<sup>22</sup>.

#### 2.4.1.4 Bevolkingsamestelling

Dit is moeilik om die bevolkingsamestelling van die geadresseerdes met sekerheid te bepaal.

Alhoewel daar in 1 Petrus sterk aangesluit word by die Ou Testament en meer as dertig aanhalings uit die Ou Testament in 1 Petrus voorkom, ontbreek sekere sleutelkwessies wat onder die Jode in swang was<sup>23</sup>. Alhoewel die eerste hoorders aangespreek word as uitlanders in die verstrooiing, wat herinner aan die Jode as volk van God, gee Richard (1986:123) op grond van 1:14, 18 voorkeur daaraan dat die geadresseerdes Christene uit die nie-Jode was (vgl. ook Talbert, 1986:144). Van Unnik (1980:53-68) tipeer die ontvangers van 1

<sup>22</sup> "Julle daarenteen is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig. Julle was vroeër geen volk nie, maar nou is julle die volk van God. Julle het toe geen barmhartigheid ontvang nie, maar nou het God aan julle barmhartigheid bewys." (1 Petrus 2:9-10)

<sup>23</sup> Joodse voedselwette, die besnydenis en die onderhouding van die wet en ander kwessies wat onder die Joodse christene aan die orde was (Richard, 1986:123).

Petrus as die sogenaamde proseliete of godvresendes. Met hierdie twee verklarings stem navorsers oor die algemeen nie saam nie.

Selwyn (1947:42-52) het gelyk as hy die geadresseerdes as bekeerlinge uit die Jodendom en die nie-Jode beskou (De Villiers, 1988:144; Bigg, 1969:91). Op grond van 1:14,18; 2:9 e.v. en 4:3 e.v. kan aanvaar word dat daar definitief bekeerlinge uit die nie-Jode onder die geadresseerdes was. Waarskynlik het die meerderheid Christene uit die nie-Jode gekom (Best, 1971:19). Greijdanus (1929:10) wys egter daarop dat daar in 1 Petrus geensins sprake is van 'n onderskeid of skeiding tussen bekeerlinge uit die Jodendom en dié uit die nie-Jode nie. Alhoewel Richard (1986:123) 'n sterk saak uitmaak dat die geadresseerdes Christene uit die nie-Jode was, wys hy daarop dat die uitgebreide gebruik van die Ou Testament en beelde daaruit, sowel op 'n kerk wat ten nouste met haar Joodse herkoms in verband gestaan het, kan dui, as op 'n skrywer wat baie maklik 'n Hellenisties Joodse Christen kon gewees het. Met hierdie stelling weerspreek Richard sy standpunt dat die geadresseerdes uit die nie-Joodse gemeenskappe gekom het.

#### 2.4.2 Sosiale omstandighede : persone wat swaarkry en ly

Die lymotief kom in 1 Petrus sterk na vore. Dit blyk uit die feit dat die *paschein*-woordgroep (ly, lyding) nie minder as 15 keer in 1 Petrus voorkom nie, meer as in enige ander Nuwe-Testamentiese boek. Die saak van lyding kom egter nog meer in die brief voor. Twee motiewe wat saam met die lymotief in die brief figureer, is *hoop* en *blydskap* (Du Toit, 1988:152).

Goppelt (1993:37) oordeel dat 1 Petrus uit drie dele bestaan. In al drie dele ontvou die konflik tussen die Christene en die samelewing.

- In die eerste deel (1:3-2:10) word die konflik in parentese vermeld. Die geadresseerdes word verseker van hulle eskatologiese verlossing ten spyte van al die swaarkry en lyding wat hulle moet deurmaak, onder andere as gevolg van die druk van die samelewing.
- In die tweede deel (2:11-4:11) word van Christene verwag om steeds reg op te tree selfs al ly hulle.
- In die derde deel (4:12-5:11) word konflik 'n tema : Lyding onder die druk van die samelewing behoort tot die essensie van die Christelike bestaan.

Soos reeds aangetoon, is hulle lyding nie veroorsaak deur amptelike staatsvervolging nie. Robinson (1976:153) gee toe dat daar geen getuienis is van openlike, amptelike vervolging deur die staat nie. Sporadiese vervolging het egter wel voorgekom. Tog is daar volgens Robinson (1976:153) aanduidings in 1 Petrus dat spanning besig was om op te bou na 'n klimaks (4:12-19; vgl. ook 1:6-7). As gevolg van hulle voortdurende bedreigde bestaanswyse, die afwysende houding van die gemeenskap, wat telkens weer in aktiewe benadeling kon ontaard, was die geadresseerdes 'n lydensgemeenskap<sup>24</sup> (Du Toit, 1988:153).

<sup>24</sup> Nie net akute vervolgings nie, maar reeds die argwaan van die omringende gemeenskap met al sy godsdienstige kultusse, skinderpraatjies, karakterskending, boikotte, agitاسie, die voortdurende gebrek aan aanvaarding en sekuriteit het hierdie lyding deel van hulle daaglikse lewe gemaak (vgl. 3:9,16; 4:12).

Die wesenlike oorsaak van die Christene se lyding lê opgesluit in die aard van kerkwees. Hulle ly omdat hulle anders is. In hierdie andersheid is reeds die wortel van hulle lyding geleë. Hulle is immers bywoners en uitlanders (Du Toit, 1988:153). Ten diepste gaan dit in 1 Petrus om lyding ter wille van Christus (4:14-16)<sup>25</sup>.

### **2.4.3 Lokaliteit**

Die lokaliteit van die geadresseerdes van 1 Petrus word in 1:1 soos volg aangedui : “ ... in die provinsies Pontus, Galasië, Kappadosië, Asië en Bitinië.”

Die 5 plekname wat ter sprake is, kan op *Romeinse provinsies* of *etniese (geografiese) landstreke* dui. Die etniese streke het 'n baie kleiner gebied as die Romeinse provinsies verteenwoordig. Galasië, die etniese landstreek was byvoorbeeld net 'n deel van die provinsie met dieselfde naam. Pontus en Bitinië wat eerste en laaste genoem word, het destyds een provinsie gevorm. De Villiers (1988:143) is van mening dat die brief eerder aan geadresseerdes in 5 etniese landstreke as aan Romeinse provinsies gerig is. Elliott (1990:60) en Goppelt (1993:3; ) wys hierdie moontlikheid af en gee voorkeur aan die 4 Romeinse provinsies. 1 Petrus is as omsendskrywe gerig aan al die Christelike gemeenskappe wat in die Romeinse provinsies noord en wes van die Taurusgebergte geleë was. Die feit dat Pontus en Bitinië afsonderlik genoem word, kan 'n aanduiding wees van die roete wat die draer van die brief gevolg het (Selwyn, 1947:119; Goppelt, 1993:4).

## **2.5 Samevattende gevolgtrekkings**

### **2.5.1 Literêre aard van 1 Petrus**

1 Petrus kan tipeer word as 'n brief en dan spesifiek as 'n omsendskrywe.

### **2.5.2 Die sosio-historiese konteks**

#### **2.5.2.1 Outeurskap**

Op grond van die mededeling van die outeur in 1 Petrus 1:1 en 5:12 word aanvaar dat Petrus, die apostel van Jesus Christus, die outeur van 1 Petrus was en dat Silvanus betrokke was by die skryf van die brief.

#### **2.5.2.2 Datering**

Petrus het hierdie brief waarskynlik tussen die jare 62 en 64 n.C. geskryf.

---

<sup>25</sup>

Du Toit (1988:154) wys op die volgende 5 argumente wat in 1 Petrus gebruik word om die geadresseerdes te oorreed om hulle lydensweg moedig te bewandel :

- Hul lyding kom nie vanweë 'n blinde noodlot oor hulle nie. Dit is die wil van God wat dit meebring (3:17).
- Lyding lei tot toetsing en suiwering van hulle geloof (1: 6,7) ;
- Lyding laat hulle let op die besielende voorbeeld van Christus, die lydende Dienaar van God en deur hul lyding word hulle deelgenote van Christus se lyding (2:21-23;3:17 e.v. 4:13);
- Hulle moet beseft dat hierdie soort lyding die lot van medegelowiges oor die hele wêreld is (5:9).
- Die Christelike toekomsverwachting en die blye vooruitsig daarvan bied 'n heel besondere motivering vir die moedige beleving van lyding (1:3-11).

### 2.5.2.3 Die geadresseerdes

2.5.2.3.1 Enersyds is die geadresseerdes dikwels “huisloses”, ondergeskiktes, benadeeldes en veronregtes, sonder burgerskap, gevestigde en besoekende uitlanders (dikwels letterlik) sonder burgerregte, vreemdelinge wat verstrooid gewoon het oor die gebied noord en wes van die Taurusgebergte (en in alle gevalle ook figuurlik as Christene tussen nie-Christene in die wêreld). In die oë van die nie-Christene tussen wie hulle geleef het, is hulle dikwels as minderwaardig en invloedloos beskou. Hulle was ‘n lydensgemeenskap (Du Toit, 1988:153). Hulle is sporadies vervolgt, maar nie amptelik deur die staat nie.

2.5.2.3.2 Andersyds word die geadresseerdes in 1 Petrus bemoedig met, en verseker van hulle unieke en ewige identiteit voor God in ‘n vyandige wêreld. In God se oë is hulle kosbaar. Hulle is uitverkore, geliefde, verlose, weergebore kinders en erfgename van hul God en Vader, van hul Verlosser (die veragte, gekruisigde Denaar) en sy kraggewende (inwerkende) Gees van heerlikheid (van God) (4:16). Hulle ware identiteit kom van God af. Hulle behoort aan God omdat Hy hulle uitverkies het, met Christus se kosbare bloed losgekoop het uit hulle oorgeërfde sinlose bestaan. Hy het hulle juis in hulle moeilike omstandighede as lydensgemeenskap geroep om onder leiding van sy Gees te volhard in ‘n Christelik-voorbeeldige lewe van goetdoen teenoor alle mense. In hulle hele lewenswandel moet hulle God se groot Denaar, hul Verlosser en Herder-Bewaker Jesus Christus navolg, sodat Hy in alles verheerlik kan word. Die geadresseerdes is immers God Drie-enig se huisgenote (kinders), gebou, Christene (gesalfdes) : konings, priesters, profete, volk, nasie en kudde.



# HOOFSTUK 3

## 'n Konstruksie van die sosio-historiese konteks van οἰκέται (huisbediendes) in die eerste eeuse Grieks-Romeinse samelewing <sup>1</sup>

### Oorsig

#### 3.1 Inleiding.

#### 3.2 Die plek van οἰκέται in die sosiale piramide

#### 3.3 Die plek van οἰκέται in die οἶκος (huishouding)

##### 3.3.1 Die οἶκος (huishouding)

##### 3.3.2 Die *pater familias* en eienaar (δεσπότης of κύριος)

##### 3.3.3 Gedragskodes vir die verhouding eienaar-slaaf / huisbediende

##### 3.3.4 Beskermheer (patroon) en beskermde (kliënt)

##### 3.3.5 Gevolgtrekking

#### 3.4 Οἰκέται in die laer klasse

##### 3.4.1 Slawe

###### 3.4.1.1 Omvang van slawerny

###### 3.4.1.2 Wetlike status

###### 3.4.1.3 Rangorde

###### 3.4.1.4 Slaweberoepe

###### 3.4.1.5 Huiswerkers

###### 3.4.1.6 Gevolgtrekking

##### 3.4.2 Uitlanders

###### 3.4.2.1 Die uitlanderverskynsel

###### 3.4.2.2 Tweërlei tipe uitlanders en hul sosiale status

###### 3.4.2.2.1 Die πάροικος-uitlander

###### 3.4.2.2.2 Die ξένος-uitlander

###### 3.4.2.3 Uitlanderberoepe

###### 3.4.2.4 Uitlanders as huisbediendes

###### 3.4.2.5 Gevolgtrekking

##### 3.4.3 Vrygestelde slawe

###### 3.4.3.1 Getal vrygestelde slawe

###### 3.4.3.2 Vrygeborenes en vrygesteldes

###### 3.4.3.3 Vrystelling

###### 3.4.3.4 Vrygestelde slawe se beroepe

###### 3.4.3.5 Vrygesteldes as huisbediendes

###### 3.4.3.6 Gevolgtrekking

##### 3.4.4 Romeinse burgers

###### 3.4.4.1 Burgerskap

###### 3.4.4.2 Twee tipes burgers

###### 3.4.4.3 Burgerregte

###### 3.4.4.4 Beroepe onder die ryk burgery

###### 3.4.4.5 Beroepe onder die arm burgery

###### 3.4.4.6 Gevolgtrekking

#### 3.5. Samevattende gevolgtrekking

---

<sup>1</sup> Hierdie hoofstuk is in verwerkte vorm as artikel gepubliseer in *In die Skriflig*; vgl. Van Wyk en Van Rensburg (1997:229-249).

### 3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die plek van οἰκέται en δοῦλοι in die sosiale piramide van die eerste eeuse Grieks-Romeinse samelewing bepaal. Genoemdes se plek in die οἶκος (huishouding) word aangedui. Vanuit 'n sosio-historiese oogpunt word besin oor die vraag of die woorde οἰκέται (huisbediendes) en δοῦλοι (slawe) sinonieme terme vir dieselfde sosiale kategorie van mense is. Op grond van sosio-historiese navorsing word tot 'n gevolgtrekking gekom en aangedui watter klasse of sosiale groepe (mense) destyds in die eerste eeu as οἰκέται (huisbediendes) bekendgestaan het. In hoofstuk 4 word deur middel van die metode van komponensiële analise 'n betekenisdefinisie van οἰκέτης gegee.

Die meeste geraadpleegde bronne interpreteer οἰκέται en δοῦλοι as sinonieme vir dieselfde sosiale kategorie.<sup>2</sup> Vertalings van die Nuwe Testament gee οἰκέται in 1 Petrus 2:18 weer, met "slawe", "huisknechten", "diensknechte", "bediendes" en veral "huisbediendes".<sup>3</sup> In enkele geraadpleegde bronne (Abbott-Smith, 1921:311; Louw & Nida, 1989,1:521; Stibbs & Walls, 1973:114; Calvyn, 1979:55) word wel tussen die twee woorde onderskei. Οἰκέται word in dié bronne vertaal en verklaar as "huisbediendes" in onderskeiding tot δοῦλοι wat met "slawe" vertaal en verklaar word. Die sentrale teoretiese argument van hierdie hoofstuk sluit hierby aan: die woord οἰκέται dui nie slegs op een sosiale kategorie (*slawe*) nie, maar op *huisbediendes* wat verskeie sosiale kategorieë kon verteenwoordig.

---


2 Bauer *et al*, 1952:559; Bietenhard, 1976:508; Liddell & Scott, 1968:1202; Michel, 1978:609; Rengstorf, 1978:48; Trench 1976:33. Vgl ook Balch, 1981:96; Elliott, 1990:201; Marshall, 1991:86 e.v.; Martin, 1992:205,207; Stambaugh & Balch, 1986:139; Van Houwelingen, 1991:97; Verner, 1983:140 e.v.

3 Enkele voorbeelde: - kyk Het Nieuwe Testament in zes Nederlandse Vertalingsen.

1. *Statenvertaling*, 1637 (Het Nieuwe Testament, 1950:938): "huisknechten"; 2. *Leidse Vertaling*, 1912 (Het Nieuwe Testament, 1950:938): "diensknechten"; 3. *Brouwer Vertaling*, 1925 (Het Nieuwe Testament, 1950:939) en *Canisius Vertaling* (1948) (Het Nieuwe Testament, 1950:939): "slaven"; 4. *Nieuwe Vertaling* (1948) (Het Nieuwe Testament, 1950:939): "dienstbaren"; 5. *Nieuwe Vertaling* (1951:241): "huisslaven"; 6. *Die Bibel* (1899:245): "Knechte"; 7. *Die Bybel*, 1933/1953 (1957:261): "diensknechte"; 8. *Die Bybel*, 1984a (:309): "bediendes"; 9. *The Holy Bible* (Revised Standard Version, 1962:1474) sowel as die *Good News Bible* (1980:291): "servants"; 10. *The Christian Counselor's New Testament in Everyday English* (1977:625): "household servants"; 11. *The Holy Bible* (New International Version, 1984b:1109): "slaves".

### 3.2 Die plek van οἰκέται in die sosiale piramiede

Die sosiale piramiede in die Grieks-Romeinse samelewing kan soos volg voorgestel word:<sup>4</sup>



Bo-aan die sosiale piramiede was die keiser. Onder hom was die senaat met 'n beperkte getal van ongeveer 600 senatore. Volgende in rangorde was die ridderklas, gevolg deur die plaaslike aristokrasie en 'n groot middelklas. Die laer klasse het bestaan uit die gewone burgers waaronder vrygestelde slawe, daarna die uitlanders en bywoners en heel onder aan die sosiale piramide was die slawe. Huisbediendes het waarskynlik grotendeels uit die onderste lae van die sosiale piramide gekom.<sup>5</sup>

Die Grieks-Romeinse samelewing was baie klassebewus. Drie faktore het die klassestruktuur bepaal, naamlik: welvaart, vryheid en Romeinse burgerskap (Shelton, 1988:6). In hierdie samelewing kan onderskei word tussen die invloedrykes en dié daarsonder, die vooraanstaandes en die onaansienlikes, die regeerders en die ondergeskiktes, die besitters en die besitloses, die hoër en die laer klasse. Die hoër klasse het 'n klein minderheid van die bevolking uitgemaak, terwyl die meerderheid uit die laer klasse bestaan het (Stambaugh & Balch, 1986:110; Meeks, 1986:33).

Uit die voorafgaande blyk dit dat die Grieks-Romeinse samelewing 'n verdeelde gemeenskap was. Klasse en stande was tot 'n groot mate afgegrens. Mense het hulleself en ander mense op grond van posisie en status in die sosiale piramide geïdentifiseer. Dit het grootliks hul verwagtings van hulself en van ander mense beïnvloed.<sup>6</sup> 'n Persoon se woonplek (of dit in

<sup>4</sup> Stambaugh & Balch (1986:110 e.v) en Meeks (1986:33 e.v.) gee 'n insiggewende bespreking van die aard en opset van die sosiale piramide.

<sup>5</sup> Dit verklaar waarskynlik waarom in Lukas 16:13 die werk van 'n οἰκέτης (huisbediende) getipeer word as δουλεύειν, "om te dien, gewoonlik op 'n nederige wyse en as uitvoering van die opdragte van ander" (Louw & Nida, 1989, 1 :461) of "om iemand se slaaf te wees" (Louw & Nida, 1989, 1 :741).

<sup>6</sup> Op die grafskrifte van die hoër klasse is mense se familie, ampte en weldade vermeld. Die onderskeid tussen die klasse is aangedui met die voorletter "s" vir *servus* of *serva* (slaaf of slavin) of "l" vir *libertus* of *liberta* (vryman of vryvrou).

Rome of in 'n provinsie was, in 'n stad of op die platteland) en werkgewer het 'n invloed op sy sosiale status gehad (Meeks, 1986:33; Bartchy, 1992:70).

Vir die gemiddelde persoon was daar baie min sosiale beweeglikheid (standverandering) in die sosiale piramide (Meeks, 1983:20).<sup>7</sup> Verandering van klas of status is grootliks bepaal deur die goedgesindheid van iemand hoër op in die sosiale struktuur. Slawe kon byvoorbeeld vrystelling en burgerskap verkry (Meeks, 1986:34). Persone kon egter ook deur die toedoen van iemand hoër op (byvoorbeeld in geval van finansiële probleme) afskuif tot 'n laer status in die piramide.

Ten einde die plek, status en sosiale beweeglikheid (standverandering) van οἰκέται in die sosiale piramide van die Grieks-Romeinse samelewing van die eerste eeu na Christus noukeurig te bepaal, is dit nodig om eers die huishouding te tipeer, en daarna die verskillende laer klasse.

## **Gevolgtrekking**

2.1. Die eerste eeuse Grieks-Romeinse samelewing was 'n verdeelde gemeenskap. Dit het bestaan uit hoër en laer klasse. Die hoër klasse het 'n klein minderheid van die destydse bevolking uitgemaak, terwyl die meerderheid van die bevolking tot die laer klasse behoort het.

2.2. Persone uit die laer klasse was meestal sonder invloed, onaansienlik en het 'n ondergeskikte posisie in die sosiale piramide beklee.

2.3. Onder die laer klasse het byvoorbeeld arm burgers, vrygestelde slawe, gevestigde uitlanders, bywoners (besoekende uitlanders vgl. hoofstuk 2 pt. 2.4.1.2.1.) en slawe getel. Οἰκέται het hulleself onder die laer klasse aan die onderkant van die sosiale piramide bevind.

### **3.3 Die plek van οἰκέται in die οἶκος (huishouding)**

#### **3.3.1 Die οἶκος (huishouding)**

Die οἶκος (huishouding) is voor en in die tyd van die Nuwe Testament as basiese politieke bousteen beskou. Aristoteles (1950:2-66) het byvoorbeeld die hele Boek 1 van sy Πολιτικῶν gebruik om te beredeneer dat die staat grootliks geskoei is op huishoudingbeginsels en om die verskille en ooreenkomste tussen die twee aan te toon. Insgelyks het Dionysius van Halikarnassus (1948:376-392) heelwat oor hierdie aspek geskryf in sy Ρωμαϊκῆς ἀρχαιολογίας (Boek 2:24-27). Die huishouding het dikwels heelwat meer persone as die ouers en kinders (huisgesin en ander

---

<sup>7</sup> Meeste mense wat in die stede van die Romeinse ryk gewoon het, was voortdurend bewus van rang op rang, van mense bokant hulle in die sosiale piramide. Die afstand van bo tot onder en van onder tot bo was onberekenbaar groot. Daar was volgens Meeks (1986:34) weinig indien enige kans dat die hiërargiese struktuur ooit sou verander. Meeste mense kon verwag om op die sosiale vlak van hul ouers te bly. Tog wil dit voorkom of daar wel 'n mate van sosiale beweeglikheid was.

familielede) ingesluit. Dit het ook slawe, vrymense, gehuurde werkers, huurders en vennote in die handel en ambagte ingesluit (Meeks, 1986:75-76). Huishoudings was die kleiner eenhede wat saam 'n stad/staat gevorm het. Die wette van die land moes die onderlinge verhoudings tussen hierdie kleiner eenhede reël (Stambaugh & Balch, 1986:123; Elliott, 1990:173-174). Die huishouding het as 'n model gedien waarvolgens politieke, sosiale en godsdienstige organisasies hulleself ingerig het <sup>8</sup> (Elliott, 1990:199-200; Van Rensburg, 1994:54).

Volgens Elliott (1990:170-182) het die huishouding aan verskeie groepe (juis minderheidsgroepe) 'n betekenisvolle en praktiese vorm van sosiale identiteit en basis van onderlinge ondersteuning gegee. Samehorigheid in die huishouding was hoofsaaklik gebaseer op ekonomiese, sosiale en religieuse faktore. Die lede van die huishouding se lojaliteit teenoor die huishouding was so groot dat dikwels aan die belange van die huishouding voorkeur bo dié van die stad/staat gegee is (Malherbe, 1983:69).

Politieke filosowe soos die Aristoteliane en die Neo-Pithagoriane het dikwels die gesags- en onderdanighedsverhoudings tussen mans en vrouens, pa's en kinders, en eienaars en slawe bespreek (Stambaugh & Balch, 1986:123).

### 3.3.2 Die *pater familias* en eienaar (δεσπότης of κύριος)

Die sentrale en dominante figuur in die patriargale huishouding was die *pater familias* (*despoot, kurios of baas*). Hy het volkome wetlike beheer oor die hele huishouding, almal in sy diens, insluitende die kinders en die slawe gehad. Volgens die Romeinse reg het hierdie seggenskap die mag oor lewe en dood ingesluit (Bartchy, 1992:68; Berger, 1953e:704). 'n Slaaf het weinig beskerming teen sy eienaar se wreedheid gehad.

### 3.3.3 Gedragskodes vir die verhouding eienaar-slaaf / huisbediende

Balch (1981:23-31,33-59) verwys na oorfloedige getuienis dat daar gedragskodes vir die verhouding tussen eienaars en slawe in die Grieks-Romeinse samelewing bestaan het. In hierdie gedragskodes, soos dié in die Nuwe Testament, word van die slawe onderdanigheid geëis. In die huishouding is die rolle, verhoudings en verantwoordelikhede van die verskillende lede (mans, vrouens, ouers, kinders, eienaars, slawe, getroudes, ongetroudes, weduwees, oues, jonges, die hoofde van die huishouding en hulle ondergeskiktes) deur gedragskodes gereël. Hierdie gedragskodes staan bekend as die *huistafels* (Elliott, 1990:189,252).

Van 'n slaaf is verwag om onderdanig te wees en in te val by die godsdienstige praktyke van die huishouding waarvan hy deel was (Balch, 1981:74; Verner, 1983:3). Eienaars het aanstoot geneem as hulle slawe van godsdienis verander het soos byvoorbeeld om oor te gaan na die Joodse of Christelike geloof. In sulke gevalle wou die slawe nie meer aan hulle eienaars se godsdienstige seremonies deelneem nie (Stambaugh & Balch, 1986:124).

<sup>8</sup> Die huishouding het die konsepsuele model, die woordeskate, die definiering van rolle, die verhoudings en verantwoordelikhede voorsien waarmee geïntegreerde sosiale, ekonomiese, politieke en godsdienstige lewe beskryf is. Dit het die standaard gestel in terme waarvan almal buite die huishouding gedefinieer is: die vreemdelinge (Elliott, 1990:200).

### 3.3.4 Beskermheer (patroon) en beskermde (kliënt)

Die verhouding tussen beskermheer en beskermde (die sg. kliëntele sisteem) het 'n baie belangrike rol in die Grieks-Romeinse samelewing gespeel (Shelton, 1988:13-15; Stambaugh & Balch, 1986:114; Macmullen, 1974:8; Berger, 1953b:391; Berger, 1953c: 622-623). Volgens Ferguson (1990:45) het hierdie verhouding op alle vlakke gegeld. Die verhouding tussen gewese eienaars en gewese slawe, tussen ryk en arm, generaals en oorwonne volke, aristokrate en kollegia (klubs) het op hierdie verhouding van beskermheer-beskermde (die patroon-kliëntverhouding) berus. Hierdie verhouding word in punte 3.4.3.3-3.4.3.5 verder toegelig.

### 3.3.5 Gevolgtrekking

3.5.1. Die huishouding het as basiese politieke bousteen vir die staat gedien. Die staatlike opset was grootliks op huishoudelike beginsels geskoei. Die huishouding het as model gedien waarvolgens politieke, sosiale en godsdienstige organisasies hulleself ingerig het.

3.5.2. Die sentrale en dominante figuur in die patriargale huishouding was die *pater familias*. Laasgenoemde het as baas beheer uitgeoefen oor die hele huishouding en almal in sy diens. Sy seggenskap het mag oor lewe en dood ingesluit.

3.5.3. Gedragskodes of huistafels het algemeen in genoemde samelewing voorgekom en onderlinge verhoudings gereël. Van ondergeskiktes soos byvoorbeeld huisbediendes en slawe, vroue en kinders is onderdanigheid aan die *pater familias* geëis.

3.5.4. Die verhouding tussen die *pater familias*, die beskermheer en die beskermde (ondergeskikte) het 'n belangrike rol in die destydse samelewing gespeel.

## 3.4 Οἰκέται in die laer klasse

Slawe, uitlanders, vrygestelde slawe en arm burgers het die laagste vier klasse uitgemaak (vgl. punt 3.2 hierbo). Tussen dié klasse was daar nie 'n rigiede rangorde en onderskeid nie. So was dit in die werkplek nie altyd maklik om te onderskei tussen vrymense (burgers), vrygestelde slawe, uitlanders en slawe nie (Shelton,1988:131). Hulle het saam gewerk en dikwels dieselfde werk verrig (Shelton,1988:306).<sup>9</sup>

'n Werknemer se sosiale posisie is grotendeels bepaal deur die persoonlikheid, bui (Bartchy, 1992:66,68-69,72; Ferguson, 1990:46) en sosiale status van sy eenaar (Bartchy, 1992:70). 'n Persoon van die laagste status (byvoorbeeld 'n slaaf en huisbediende) kon dus op grond van die status van sy eenaar groter aansien, meer verantwoordelikheid en baie meer

---

<sup>9</sup> Die posisie van vroue in die Grieks-Romeinse samelewing het dikwels verskil van dié van mans. In die gedragskodes wat vir die huisgesin gegeld het, het die vrou 'n ondergeskikte rol en plek ontvang (Balch, 1981:23-31,33-59,61; Stambaugh & Balch, 1986:123; Vemer, 1983:31-33,35-39). Sy was saam met die kinders, die slawe en huisbediendes onderhewig aan die gesag van haar pa of man. Die posisie en status van vroulike slawe en/of vroulike huisbediendes was in die lig van die algemene posisie van die vrou en haar ondergeskikte rol, dikwels slegter as dié van die manlikes.

vryheid en selfstandigheid as iemand van 'n hoër status of klas as hyself geniet het.

### 3.4.1 Slawe

#### 3.4.1.1 Omvang van slawerny

Slawerny was 'n basiese element in die antieke samelewing en het op 'n uitgebreide skaal in sowel die Hellenistiese- as die Romeinse tydperk voorgekom (Ferguson, 1990:46; Lyall, 1984:27). Meeste werk (ook in die huishouding) is deur slawe verrig, maar dieselfde werk is dikwels ook deur vry persone verrig (Bartchy, 1992:66). Die Grieks-Romeinse samelewing het op slawerny as basiese arbeidsmag en noodsaaklike onderdeel van die ryk se ekonomie berus. Slawerny was 'n normale deel van die daaglikse lewe van meeste huishoudings. Die uitgebreide gebruikmaking van slawearbeid het bygedra tot die welvaart en vrye tyd wat die ontwikkeling van die Grieks-Romeinse kultuur tot gevolg gehad het (Bartchy, 1992:66,69).

Daar kan onderskei word tussen *gebore slawe*, *vrygeborenes wat later slawe geword het* en *vrygestelde slawe* (Bartchy, 1992:67; Stambaugh & Balch, 1986:113; Meeks, 1986:32-34).

#### 3.4.1.2 Wetlike status

Slawe het die laagste wetlike status gehad. 'n Slaaf is as 'n ding (Aristoteles, 1950: 14-16,24) en nie as 'n mens beskou nie. Volgens die Romeinse reg is 'n slaaf as 'n besitting beskou (Stambaugh & Balch, 1986:113; Verner, 1983:30), soos ook uit die Nuwe Testament blyk (vgl Matt 18:25). Slawe is die basiese vier elemente van vryheid ontsê naamlik :

- die reg om hulleself in regsdinge te verteenwoordig;
- beskerming teen onwettige optrede en uitbuiting;
- om te werk volgens eie keuse
- en bewegingsvryheid (Bartchy, 1992:71; Ferguson, 1990:46).

Sommige slawe het egter meer vryheid as ander gehad en het sekere regte geniet, soos byvoorbeeld

- om kontrakte te sluit,
- om hul eie geld te besit, te administreer en te bestee (Stambaugh & Balch, 1986:113; Hopkins, 1978:131),
- om eie godsdienstige en kulturele tradisies te behou,
- om bymekaar te kom,
- om selfs eiendom en medeslawe te besit (Bartchy, 1992:66,70; Meeks, 1983:20; Koester, 1982:60).

### **3.4.1.3 Rangorde**

Nie alle slawe was gelyk nie. Slawe wat aangenamer werk verrig het, het dikwels 'n hoër posisie beklee as diegene wat minderwaardige werk verrig het. Hierdie rangorde was ook in die huishouding van toepassing (Meeks, 1986:34). Slawe wat byvoorbeeld in diens van die keiser was, landsadministrasie behartig het of vir die ryk burgery gewerk het, was baie beter af as byvoorbeeld die mynslawe wat hulle aan die onderpunt van die slaweleer bevind het.<sup>10</sup>

### **3.4.1.4 Slaweberoepe**

Op enkele uitsonderings na is slawe vir bykans alle beroepe aangewend (Ferguson, 1990:46; Bartchy, 1992:66; Shelton, 1988:170). Die ekonomiese posisie van slawe het dikwels verband gehou met hulle opvoeding, professionele opleiding en bekwaamheid (Koester, 1982:60). Begaafde slawe het 'n groot voordeel bokant vrymense gehad. Opleiding het hulle dikwels op koste van hulle base / eienaars ontvang. Uit hierdie stelsel het verskeie beroemde filosowe, skrywers, kunstenaars, onderwysers, dokters, geleerdes en administrateurs (Bartchy, 1985:75-76; Stambaugh & Balch, 1986:71-72), agente, opsigters, bestuurders, rekenmeesters, sekretarisse, geregsbodes, ambagsmanne en seekapteins gekom (Hopkins, 1978:123; Ferguson, 1990:46).

Ander slawe het roetine-huiswerk, harde fisiese werk in meulens, baddens, in die myne en in die landbou verrig. In sommige opsigte was slawe-arbeid meer effektief as huurarbeid. Slawe was altyd tot beskikking van hulle eienaars. Hulle is òf persoonlik gebruik, òf uitgehuur aan kontrakteurs (Stambaugh & Balch, 1986:71-72 ; Hopkins, 1978:109).

### **3.4.1.5 Huiswerkers**

In die ryk huishoudings het bakkers, kokke, spinners en wewers, seepkokers, boekhouers, administrateurs, ens. gewerk (Finley, 1973:73). Besoekers se stowwerige voete is by aankoms gewas en daarna met olie gesalf (Stambaugh & Balch, 1986:107). Kinders is dikwels deur 'n huisslaaf (oppasser) vergesel. Laasgenoemde moes toesien dat die kinders veilig by die skool en tuis kom, en dat hulle hulle huiswerk doen (Ferguson, 1990:84; Bartchy, 1992:72). Slawe moes sorg dat die watervoorraad voldoende bly (Stambaugh & Balch, 1986:109).

Huiswerk was soms, maar ook nie altyd nie, minder veeleisend as ander vorme van werk (Shelton, 1988:170). Die posisie van slawe het grotendeels afgehang van die houding en behandeling wat hulle van die eenaar/eienares ontvang. Oor die algemeen egter is huisslawe beter behandel as diegene wat op plase, in fabriek en in die myne gewerk het (Shelton, 1988:171).

---

<sup>10</sup> Mynslawe se werksomstandighede was uiters swak. Hulle het lang ure gewerk en het normaalweg nie lank bly liewe nie (Ferguson, 1990:46; Shelton, 1988:175).

### 3.4.1.6 Gevolgtrekking

Uit die voorafgaande kan afgelei word dat baie huisbediendes uit die slaweklas gekom het. Hierdie huisbediendes het dikwels uit die ongeskoolde onderlaag van die samelewing gekom en het as huisbediendes dikwels minderwaardige, roetine- en los werk in die huishouding verrig.

## 3.4.2 Uitlanders

### 3.4.2.1 Die uitlanderverskynsel

In die stede van die destydse Oos-Romeinse Ryk het die verskynsel van gevestigde uitlanders (μετοίκοι) voorgekom (Meeks, 1983:13; Stambaugh & Balch, 1986:41). Gevestigde uitlanders het dikwels 'n mate van eie volksidentiteit behou. Plaaslike "tempels" van hulle eie nasionale god(e) is opgerig of 'n vrywillige vereniging is gevorm wat ten minste ook godsdienstige ondertone gehad het. Wanneer so 'n groep verder gegroei het, het hulle vir staatserkenning begin beding. Die gevolg was dat die betrokke kultus uiteindelik op hierdie wyse erken is as een van die betrokke stad se toegelate godsdienste (Van Rensburg, 1994:58).

In die destydse Romeinse Ryk het baie persone dikwels gereis om hulle elders te vestig. Een vorm van permanente migrasie was die kolonie. 'n Kolonie het bestaan uit 'n groep inwoners wat van een stad getrek het na 'n nuwe een toe. In die nuwe stad het hulle die kern van 'n nuwe burger-elite gevorm. Hierdie uitlanders het deelgeneem aan die landbou, handel en die politieke aktiwiteite van 'n onafhanklike stad. Ambagsmanne en handelaars het hulle onder hierdie groep bevind en hulle het dan volgens die wette en gebruike van die gasheerstad gelewe (Stambaugh & Balch, 1986:41).

Stadsowerhede het dikwels so 'n uitlandergroep as 'n outonome entiteit, 'n *πολίτευμα* (*politeuma*) erken. Griekse stede in die Ooste is dikwels opgedeel in verskeie *πολίτευματα*. So 'n *πολίτευμα* was 'n selfregerende gedeelte van die stad, gebaseer op gemeenskaplike nasionaliteit. Die Griekse *πολίτευμα* het 'n godsdienstige sentrum en 'n raad van landrosde gehad. Burgers is in stamme opgedeel en het ander kenmerke van 'n Griekse stad vertoon. Die Jode in Alexandrië het byvoorbeeld so 'n *πολίτευμα* gevorm. Op die manier is 'n groot getal uitlanders in 'n stad geinkorporeer, sonder om aan hulle volle burgerstatus te gee (Ferguson, 1990:34). So 'n groep het 'n redelike mate van sosiale selfstandigheid geniet, het hulleself georganiseer, gereeld bymekaargekom vir saketransaksies en hulle gemeenskaplike erfenis gekoester. Hulle was egter altyd onderworpe aan die algemene politieke orde van die staat (Stambaugh & Balch, 1986:41; Van Rensburg, 1994:58).

### 3.4.2.2 Tweërlei tipe uitlanders en hul sosiale status

Tweërlei tipes uitlanders kan onderskei word naamlik die *πάροικοι* en *ξένοι*. Eersgenoemde het 'n veel hoër status as laasgenoemde gehad (Elliott, 1990:37,38). Schaefer (1949:1695-1707, veral 1695) lys die voorkoms van die woord *πάροικοι* en toon aan dat *πάροικοι* in lyste van 'n stad se inwoners altyd na die *πολίται* (burgers) geplaas is, maar voor die *ξένοι*, die vrygemaaktes en die slawe.

### 3.4.2.2.1 Die πάροικος-uitlander

Die Griekse woord πάροικος en sy Latynse ekwivalent *peregrinus* was die gebruiklike terme om die status en klas van uitlanders wat nie burgerskap gehad het nie, aan te dui (Elliott, 1990:36; Schmidt & Schmidt, 1977:842; Berger, 1953d:626). Schaefer (1949:1695-1699) toon verder aan dat πάροικοι en μετοίκοι feitlik een kategorie was. Die πάροικοι het later die μετοίκοι veral in Klein-Asië in die Hellenistiese tydperk vervang (Magie, 1950:1503).<sup>11</sup>

In die Romeinse reg is die posisie en regte van die πάροικοι noukeurig uitgespel. Juridiese beperkings was op die πάροικοι van toepassing.<sup>12</sup> Uitlanders kon die status van πάροικοι verkry op grond van 'n lang genoeg verblyf in 'n bepaalde stad of die toekenning van sodanige status aan slawe, vrygemaakte slawe of persone uit ander laer klasse om hulle goeie gesindheid en lojaliteit te verkry en te verseker (Schaefer, 1949:1698; Magi, 1950:149,225, 1036-1037).

Dit het voor- en nadele ingehou om as πάροικοι geklassifiseer te wees. Vir die fluktuerende gedeelte van die laagste klasse, die huislose en die uitlanderelement van selfs barbaarse afkoms, het die toekenning van πάροικος-status ingehou dat hulle darem ietwat in 'n beter polities-juridiese posisie was (Schaefer, 1949:1701) en ook groter sosiale beweeglikheid na die hoër klasse gehad het (Elliott, 1990:25). Tog was so 'n persoon steeds 'n kwasi-uitlander sonder volle burgerregte en voorregte, en blootgestel aan politieke en ekonomiese uitbuiting, voortgesette minagting en verdenking van die burgery, asook die kompetisie en jaloesie van diegene uit die laer klasse (Elliott, 1990:25,26).

'n Gebrek aan voldoende data maak dit moeilik om te bepaal hoeveel πάροικοι daar in die Hellenistiese en vroeë keiserlike periode was (Elliott, 1990:26). Volgens Schaefer (1949:1701) moet die getal uitlanders nie onderskat word nie. Die verhouding in Rhodos in die 3 de eeu v.C. was 1000 πάροικοι vir elke 6000 burgers. Die aanduidings is egter dat die πάροικοι in die daaropvolgende periode baie toegeneem het.<sup>13</sup>

---

11 Elliott (1990:27) toon aan dat die Septuagint se gebruik van die woord πάροικοι (gevestigde uitlanders) en verwante begrippe, klop met die gebruik daarvan in ander literatuur. Die woord word gebruik vir sowel Israëliete wat elders woon, as vir uitlanders wat in Israel se grondgebied woon. Schaefer (1949:1695-99) kom tot die gevolgtrekking dat πάροικοι (gevestigde uitlanders) 'n polities-erkende instelling van die staat was. Hulle het 'n geregistreerde laag van die bevolking uitgemaak wat juridies en sosiaal onderskei is van die hoër klas volle burgers aan die een kant en die laer klas tydelike inwoners aan die ander kant.

12 Πάροικοι het geen politieke regte gehad nie. Hulle kon nie aan die volksvergaderings deelneem nie; is uitgesluit van militêre diens; kon slegs 'n wettige huwelik aangaan as hulle die *ius conubii* (huweliksreg) ontvang het deurdat dit aan hulle persoonlik toegestaan is of indien hulle dit deur die ontvangs van burgerskap verkry het; kon nie 'n testament opstel op dieselfde wyse as wat dit vir 'n Romeinse burger moontlik was nie of as getuie in dié verband optree nie; kon nie 'n erfgenaam van 'n Romeinse burger wees nie; kon 'n saketransaksie aangaan met 'n Romeinse burger slegs waar die *ius commercii* (handelsreg) ontvang is. Hulle het wel die beskerming van die Romeinse howe geniet, en sekere aktiwiteite is hulle wel toegelaat asof hulle Romeinse burgers was (Berger, 1953d:626).

13 Berger (1953d:626) wys daarop dat die meerderheid van die Romeinse bevolking uit uitlanders bestaan het. Namate die Romeinse Ryk uitgebrei het en al hoe meer lande aan Rome onderworpe geraak het, het die getal uitlanders konstant toegeneem.

### 3.4.2.2 Die ξένος-uitlander

Dit is nie moontlik om waterdig tussen ξένοι, πάροιχοι en παρεπίδημοι te onderskei nie (Bietenhard, 1979a:687,690; 1979b:690; 1979c:690).

Normaalweg word die woord ξένοι met "uitlander" vertaal. 'n Woord wat dikwels dieselfde sosiale kategorie aandui, is die woord παρεπίδημος. In onderskeiding van die πάροιχοι wat op gevestigde uitlanders gedui het, dui παρεπίδημοι op tydelike besoekers (besoekende uitlanders) wat hul slegs vir 'n kort periode in die vreemde bevind het (Selwyn, 1947:118; Schmidt & Schmidt, 1977:842; Bietenhard, 1979b:690).

Die ξένοι het nie net 'n laer status gehad as die πάροιχοι nie, maar het in teenstelling tot die πάροιχοι geen wetlike beskerming geniet nie (Elliott, 1990:37 e.v.; Van Rensburg, 1994:60). Die ξένος was dus sonder regte en is uitgesluit van die kultus. Waar 'n ξένος aan 'n beskermheer verbonde was, het hy wel huisvesting en die beskerming van die wet geniet (Bietenhard, 1979a:687; Stählin, 1977:6). Op grond van die voorafgaande opmerkings kan afgelei word dat die ξένοι selfs meer as πάροιχοι blootgestel was aan politieke en ekonomiese uitbuiting, minagting, suspisie en jaloesie (vgl. Elliott, 1990:25 e.v.).

### 3.4.2.3 Uitlanderberoep

'n Uitlander kon 'n slaaf of 'n vrymens wees. Met die uitbreiding van die Romeinse Ryk is baie gebiede met hulle inwoners verslaaf en mense is as slawe weggevoer (Hopkins, 1978:10 e.v.). Ander het hulle laat verslaaf om uiteindelik later Romeinse burgerskap te verkry (Bartchy, 1992:67). Dan was daar ook vry uitlanders wat uit eie beweging buite hulle eie land gaan woon het om hul ambag of beroep te beoefen (Treggiari, 1969:125 e.v.).

Uitlanders het saam met slawe en ambagsmanne die werkersklas in die stede van die Romeinse Ryk uitgemaak (Elliott, 1990:68). Retorici en filosowe is deur die Romeine vanuit Griekeland laat kom om die professionele onderrig van retoriek en filosofie in Rome waar te neem (Treggiari, 1969:118,125). Dieselfde situasie het ten opsigte van dokters gegeld. Baie dokters wat slawe was, het in die privaatdiens van hul eienaars gestaan en was deel van die personeel van die huishouding. (Treggiari, 1969:129-130). Uitlanders was verder argitekthe, skilders, beeldhouers en akteurs, alhoewel dit ook deur slawe en vrygeborenes verrig is (Treggiari, 1969:135). Onder hulle was ook huurarbeiders, landbouers, slawe en ambagsmanne wat op die platteland en in stede gevestig was (Elliott, 1990:68).

### 3.4.2.4 Uitlanders as huisbediendes

Van die twee groepe uitlanders πάροιχοι en ξένοι is dit waarskynlik dat laasgenoemdes vanweë hul laer status eerder as huisbediendes en / of huisslawe gebruik sou word. Dit kan wees dat veral hierdie laer klas uitlanders hulle aan 'n beskermheer verbind het, in die huishouding gewerk het en huisvesting ontvang het.

Dit is moeilik om te bepaal of uitlanders as huisbediendes gewerk het en indien wel, watter persentasie uitlanders in dié kategorie geval het. Treggiari

(1969:143) wys daarop dat daar, ten spyte van hulle groot getalle, selde na huisbediendes verwys word. Hulle het byvoorbeeld gedien as kokke, vullisverwyderaars, vroulike bediendes en het ook ander huistake verrig.

### 3.4.2.5 Gevolgtrekking

Dit is moontlik dat daar in welgestelde huishoudings *πάροικοι* kon wees, maar dit is onwaarskynlik dat hulle die nederige en selfs minderwaardige werk van huisbediendes gedoen het. Dit is meer waarskynlik dat huisbediendes veral uit die laer kategorie *ξένοι* gekom het.

### 3.4.3 Vrygestelde slawe

#### 3.4.3.1 Getal vrygestelde slawe

Vrygestelde slawe het 'n groot deel van die Romeinse bevolking uitgemaak. Die vrystelling van slawe was 'n alledaagse praktyk. Sowel eienaars as slawe was dit te wagte (Bartchy, 1992:71; Treggiari, 1969:12; Shelton, 1988:190; Hopkins, 1978:115).<sup>14</sup>

#### 3.4.3.2 Vrygeborenes en vrygesteldes

Dis nodig om sorgvuldig tussen vrygeborenes (*ingenui*) en vrygesteldes (*liberti*) te onderskei. 'n Vrygeborene was 'n *ingenui* (*vry mens*) van geboorte af, terwyl 'n vrygestelde aanvanklik 'n slaaf was, wat later in sy lewe 'n vrymens geword het. 'n Vrygestelde slaaf het heelwat probleme ervaar om die vrye Romeinse samelewing te betree. Hy het steeds verpligtings teenoor sy vorige eienaar gehad. In vergelyking met die vrygeborene het die vrygestelde hom op 'n laer status bevind (Duff, 1958:50). Vrygesteldes het 'n kategorie tussen slawe en vrygeborenes verteenwoordig (Meeks, 1983:21). Die stigma van sy vorige slawebestaan het aan hom gekleef. Vrygestelde slawe van Romeinse burgers het burgerskap verkry.

In strafregtelike prosedures is daar teen vrygestelde slawe gediskrimineer. Vrygesteldes was dikwels slegter af as vrygeborenes. Een van die fundamentele regte van 'n Romeinse burger was beskerming teen marteling. Vrygesteldes is hierdie reg ontsê (Duff, 1958:63). Ander vorme van diskriminasie (bv. in die leër) het ook plaasgevind (Duff, 1958:66). 'n Vrygestelde se slawegeboorte en slawehuwelik is met minagting bejeën asof hy nooit gebore of getroud was nie. By feesmale is tussen drie soorte gaste onderskei, naamlik gesiene burgers, gewone burgers (vrygeborenes) en vrygesteldes (Duff, 1958:68,69).

---

<sup>14</sup> Die meeste stads- en huisslawe kon daarop reken om voor hul dertigste verjaarsdag vrygestel te word (Bartchy, 1992:66,70). Vroue het dikwels heelwat vroeër as mans vrystelling verkry, veral slavinne wat met hul eienaars in die huwelik getree het. Dié slavinne is tussen die ouderdom van vyftien en twintig jaar vrygestel (Bartchy, 1992:71; Meeks, 1983:23). In die stede was weinig bejaarde persone nog slawe. Meeste het voor hul oud geword het, vrystelling verkry (Bartchy, 1992:71). Aan die begin van die eerste eeu het eienaars hulle slawe teen so 'n tempo vrygestel, dat keiser Augustus die getal vrystellings met wetgewing beperk het. Die keiser het dit gedoen omdat slawe van Romeinse burgers by vrystelling volle burgerskap verkry het (Bartchy, 1992:70).

### 3.4.3.3 Vrystelling

Die statusverandering van 'n slaaf na 'n vrymens was volgens Dill (1904:116) nie so ingrypend nie. Hy is van mening dat die goeie en intelligente slawe by vrystelling weinig verandering in hul lewens ervaar het (Dill, 1904:117-119). Tog was hierdie verandering van status in wetlike sin ingrypend. By vrystelling het 'n gewese slaaf 'n wetlike status verkry en 'n menswaardige persoon geword. Hy het opgehou om die eiendom van 'n ander persoon te wees, kon homself in regsake verdedig, kon woon waar hy wou en 'n bestaan van sy keuse voer. 'n Vrygestelde persoon was egter steeds aan sy vorige eienaar verbonde, naamlik in die beskermheer-beskermdede verhouding (Bartchy, 1992:71-72; Duff, 1958:36). Die een party het 'n verpligting teenoor die ander party gehad (Ferguson, 1990:44,47; Stambaugh & Balch, 1986:115; Duff, 1958:36).<sup>15</sup>

Meeks (1983:20) beskrywe hierdie verandering as die mees fundamentele verandering wat 'n persoon van die laer klasse kon ondergaan. Dit beteken egter nie dat alle vrygestelde persone noodwendig beter af was as slawe nie. Sommige vrygesteltes was in die praktyk veel slegter af, omdat hulle hul werksekuriteit, huisvesting en kos by vrystelling kon verbeur (Bartchy, 1992:70).

### 3.4.3.4 Vrygestelde slawe se beroepe

Vrygestelde slawe wat voortgegaan het om vir hulle gewese eienaars te werk, was nou betaalde werknemers wat vir hulle eie kos, kleres en huisvesting moes sorg. Sommige vrygestelde slawe het vir nuwe werkgewers begin werk, maar het heel dikwels dieselfde tipe werk gedoen. Dikwels het hulle as slawe vaardighede aangeleer wat hulle geskool het (in staat gestel het) om makliker werk te kry. Party het teruggekeer na beroepe wat hulle beoefen het voordat hulle slawe geword het. 'n Geringe aantal het die handelswêreld betree,

<sup>15</sup> Die verhouding beskermheer - beskermdede kan met 'n pa - seunverhouding vergelyk word. Die vrygestelde moes soos 'n seun sy pa respekteer, die persoon van die beskermheer respekteer. Hierdie "kinderlike" respek van 'n beskermdede teenoor sy beskermheer is met die woorde *obsequium* en *officium* uitgedruk (Duff, 1958:37,40).

*Obsequium* het grotendeels 'n negatiewe konnotasie gehad. Indien 'n vrygestelde persoon 'n regsding teen sy vorige eienaar aanhangig wou maak, is dit beskou as 'n aantasting van die beskermheer se regte (Duff, 1958:37). In uitsonderlike gevalle, waar die beskermheer hom skuldig gemaak het aan hoogverraad, kon 'n beskermdede met die toestemming van die *praetor* 'n klag teen eersgenoemde lê (Duff, 1958:38,39). Indien 'n beskermdede hom skuldig sou maak aan owerspel met die beskermheer se vrou, kon die beskermheer hom summier om die lewe bring. Indien 'n beskermdede egter sy beskermheer op heterdaad in owerspel met sy vrou sou betrap, kon die beskermdede nie sy beskermheer om die lewe bring nie (Duff, 1958:39).

Dit is moeilik om *officium* te definieer en aan te dui waar die beskermheer se regte eindig. Klein gunsies is van die beskermdede vereis. Die beskermdede het dikwels as oppasser, onderwyser en beskermer van die beskermheer se kinders opgetree. Moontlik het die beskermdede as opsigter (*procurator*) van die huishouding van die beskermheer opgetree. Indien die beskermheer in finansiële nood kom, moes die beskermdede hom ondersteun (Duff, 1958:40).

'n Beskermdede kon, om sy eie belange te beskerm, bykomende dienste, wat sy beskermdede na vrystelling moes lewer, kontraktueel vaslê. Hierdie dienste het as *operae* bekendgestaan. By vrystelling moes 'n slaaf onder eed verklaar dat hy 'n sekere aantal dae in die huishouding of fabriek van sy beskermheer sou werk. Twee soorte dienste kon gelewer word: *officiales* en *fabriles*. Eersgenoemde was hoofsaaklik huiswerk, terwyl laasgenoemde verband gehou het met geskoolde arbeid soos dié van dokters, vakmanne, argitekte of vervaardiging van allerlei produkte (Duff, 1958:44 e.v.).

Die verpligting of beskerming wat die beskermheer aan sy beskermdede verskuldig was, is met die woord *tutela* aangedui. Alle vrygestelde mans, jonger as twintig jaar en alle vrygestelde vroue ongeag hul ouderdom, was onder die *tutela* van hul beskermheer. Die beskermheer was veronderstel om eersgenoemdes se belange te behartig, aan hulle regsadvies te verleen en leiding te verskaf ten opsigte van eiendom wat 'n beskermdede mag besit (Duff, 1958:43).

dikwels met die hulp van hulle beskermheer wat vir hulle geld geleen het of 'n erflating nagelaat het (Shelton, 1988:191).

### **3.4.3.5 Vrygesteldes as huisbediendes**

Dit is moontlik dat slawe wat huisbediendes was, na hulle vrystelling huisbediendes gebly het, maar nou binne die beskermheer-beskermdede verhouding.

Dit is opmerklik dat die Griekse woord οἰκέται in 1 Petrus 2:18 in die Latynse vertaling (1794:169) met *servi* weergegee is. Volgens Treggiari (1969:265) is die woord *servus* vroeër ook gebruik om vrygesteldes aan te dui. Soms is verkleinerend na 'n vrygestelde as *slaaf* verwys. Dit is ook gebruik wanneer 'n beskermheer na sy beskermdede verwys het en uitdrukking wou gee aan die feit dat die vrygestelde steeds van hom afhanklik was. Hierdie verskynsel kan daarop dui dat οἰκέται vrygestelde slawe kon wees.

### **3.4.3.6 Gevolgtrekking**

- Alhoewel sommige slawe na hulle vrystelling nie meer as huisbediendes vir hulle vorige eienaars gewerk het nie, wil dit voorkom asof daar ander slawe was wat na hulle vrystelling dieselfde werk bly doen het en dus steeds as huisbediendes voortgewerk het, al is dit dan wel in 'n ander hoedanigheid.
- Slawe en vrygestelde slawe is dikwels met dieselfde woord naamlik οἰκέται of *servi* aangedui.

## **3.4.4 Romeinse burgers**

### **3.4.4.1 Burgerskap**

Kinders van Romeinse burgers het deur geboorte Romeinse burgerskap verkry.<sup>16</sup> By vrystelling het slawe van Romeinse burgers burgerskap verkry. Ten tye van die Republiek is burgerskap deur die Romeinse bevolking en later deur die keiser toegeken. Vir uitstaande diens aan die staat, soos militêre diens asook by ontslag uit die leër, kon burgerskap verkry word (Berger, 1953a:389; Ferguson, 1990:49; Stambaugh & Balch 1986:31). Romeinse burgerskap kon ook gekoop word (Hand. 22:28).

### **3.4.4.2 Twee tipes burgers**

Alle Romeinse burgers was nie gelyk nie. Die onderskeid tussen hoër en laer klas burgers het verband gehou met 'n persoon se welvaart. Ten tye van die monargie het die welgestelde families in die samelewing as die koning se adviseurs gedien en het hulle as die oudstes of vaders van die staat opgetree. Gevolglik het hulle bekendgestaan as "patrasiërs". Die patrasiërfamilies is onderskei van die *pleb*-families (Shelton, 1988:6 e.v.).

---

<sup>16</sup> Indien 'n kind uit 'n wettige huwelik gebore is, het hy/sy Romeinse burgerskap verkry, selfs al was net die pa 'n burger. Kinders het die status van hulle pa aangeneem (Berger, 1953a:389).

Nie alleen het 'n klein minderheid tot die hoër klasse behoort en vir die senaat, die ridderklas en as *decuriones* (stadsraadslede) gekwalifiseer nie (Garnsey, 1970:263,266), maar ten opsigte van vonnisse en strawwe is die hoër burgers bo die laer klas burgers bevoordeel. Vrygeborenes was weer hoër as vrygestelde slawe (vgl. 4.3.2).

### 3.4.4.3 Burgerregte

Bo en behalwe vryheid (*status libertatis*) was Romeinse burgerskap 'n wesenlike voorwaarde om sekere regte te kon geniet en uitoefen. 'n Romeinse burger kon 'n magistraat word; in die volksvergadering stem; as veroordeelde appéleer; 'n Romeinse huwelik sluit; toegang tot wetlike prosedures verkry (Berger, 1953a: 389); vrystelling van sekere belastings verkry; vrystelling van sekere vorme van straf verkry (Stambaugh & Balch, 1986:30; Ferguson, 1990:49; Garnsey, 1970: 104); eiendom besit en handel dryf; enige plek rondbeweeg sonder probleme; en is oral deur die Romeinse wet beskerm (Lyll, 1984:60,61).

### 3.4.4.4 Beroepe onder die ryk burgery

Soos reeds aangetoon, het welvaart en invloed in die hande van 'n klein minderheid landsburgers gesetel (vgl punt 2). Die ryk burgers was dikwels grondbesitters. Een ryk persoon het byvoorbeeld 26 eiendomme besit (MacMullen, 1974:4). Tot die hoër burgerklas het onder andere senatore, ridders, stadsraadslede, ambagsmanne, winkeleienaars, offisiere in die weermag, gesante, ambassadeurs en goewerneys behoort (Garnsey, 1970:263,266; Stambaugh & Balch, 1986:110-112).

### 3.4.4.5 Beroepe onder die arm burgery

Baie armes het nie eiendom besit nie, was dikwels dagloners en het hulle deur stukwerk by die hawe, in konstruksie, of op plase probeer onderhou (vgl. Stambaugh & Balch, 1986:72).<sup>17</sup> Op die arm burgers is neergesien en baie het tot die werkersklas behoort. Shelton (1988:306) wys daarop dat die meeste literêre bronne wat dateer uit die tyd van die Romeinse beskawing, deur die boonste klas mans geskryf is. Meer inligting oor mans as oor vroue, en oor die hoër klas vroue as oor die laer klas vroue is beskikbaar. Tog was daar baie werkende vroue en moeders wat slawe, vrygestelde slawe en vry vroue van die laer klasse was. Oor hierdie vroue se daaglikse bestaan en hoe hulle dikwels botsende eise van werk, kinders en huwelik hanteer het, is weinig bekend. Hulle het self nie geskryf nie, en niemand anders het oor hulle geskryf nie.

Arm burgers het uit desperaatheid om te oorleef, sy aan sy saam met slawe en vrygestelde slawe in die huishouding gewerk (Finley, 1973:72,79). Hierdie arm burgers is beskou as mense wat slawewerk doen (Bartchy, 1992:69) en is vir hul dienstryd as slawe beskou (Hopkins, 1978:109). Tog was die werkers

---

<sup>17</sup> In Matteus 20:1 is byvoorbeeld sprake van 'n wingerdeienaar wat arbeiders op verskillende tye gehuur het. In Lukas 15:17,19 word na dagloners verwys.

self terdeë bewus van die onderskeid wat daar tussen hulle bestaan het. 'n Laer klas vrymens het homself hoër geag as die slaaf of vrygestelde slaaf wat dieselfde werk as hy gedoen het.

#### **3.4.4.6 Gevolgtrekking**

- 'n Groot kloof het tussen die ryk en die arm burgers bestaan. Arm burgers kon as huisbediendes gewerk het. Hulle is beskou as mense wat slawewerk verrig, en is moontlik onder die οἰκέται gereken.
- 'n Vrygestelde slaaf wat Romeinse burgerskap verkry het en steeds aan sy gewese eienaar (beskermheer) verbonde was, kon as huisbediende bly werk het.

### **3.5 Samevattende gevolgtrekking**

In hierdie hoofstuk is die plek van οἰκέται en δοῦλοι in die sosiale piramide van die eerste eeuse Grieks-Romeinse samelewing aangedui met spesifieke verwysing na hul plek in die οἶκος (huishouding). Op die vraag wat die plek van genoemdes in die sosiale piramide is en of alle οἰκέται (huisbediendes) noodwendig δοῦλοι (slawe) was en of die genoemde twee woorde uitruilbare sinonieme vir dieselfde kategorie van mense was, word dus samevattend soos volg geantwoord:

- Baie οἰκέται, waarskynlik die meeste, het uit die onderste laag van die samelewing gekom en was δοῦλοι (vgl. 3.4.1, veral 3.4.1.5 en 3.4.1.6).
- Wat die uitlanders betref, is tussen 'n hoër klas uitlanders (πάροικοι) en 'n laer klas uitlanders (ξένοι) onderskei. Die moontlikheid bestaan dat daar onder die laer klas uitlanders (ξένοι) wel huisbediendes was (vgl. 3.4.2, veral 3.4.2.4 en 3.4.2.5).
- Aangesien baie vrygestelde slawe (as beskermdes) steeds aan hulle gewese eienaars (beskermhere) verbonde was, is dit nie onmoontlik dat voormalige slawe steeds onder die huisbediendes getel het nie. Nie alleen slawe nie, maar ook vrygestelde slawe is met die woord οἰκέται (*servi*) aangedui (vgl. 3.4.3, veral 3.4.3.3 – 3.4.3.6).
- Arm burgers het wel in die huishouding gewerk, en dit is moontlik dat hulle οἰκέται kon wees (vgl. 3.4.4, veral 3.4.4.5 – 3.4.4.6).

Dit is dus duidelik dat οἰκέται (huisbediendes) uit die onderste laag van die Grieks-Romeinse samelewing gekom het. Οἰκέται (huisbediendes) en δοῦλοι (slawe) was in die eerste eeuse Grieks-Romeinse samelewing nie noodwendig en in alle gevalle uitruilbare sinonieme vir dieselfde sosiale kategorie nie. Die woord οἰκέται kan meer as een sosiale kategorie aandui, naamlik slawe, huisslawe, vrygestelde slawe en moontlik ook arm uitlanders en arm burgers. Dit is dus verantwoord om die woord οἰκέται in 1 Petrus 2:18 eerder met *huisbediendes of bediendes* as met *slawe* te vertaal.

# HOOFSTUK 4

## 'n Betekenisdefinisie van *οικέται* in 1 Petrus 2:18

### Oorsig

#### 4.1 Inleiding

#### 4.2 Diakroniese betekenisdefinisie

4.2.1 Die gebruik van *οικέτης* in die Hellenistiese wêreld

4.2.2 Die gebruik van *οικέτης* in die Septuagint

4.2.2.1 Die Kanonieke Boeke

4.2.2.2 Die Apokriewe Boeke

4.2.3 Die gebruik van *οικέτης* in die Nuwe Testament

4.2.4 Gevolgtrekking

#### 4.3 Sinkroniese betekenisdefinisie

4.3.1 Inleiding

4.3.2 'n Voorlopige betekenisdefinisie van *οικέτης*

4.3.3 Kontrastering van *οικέτης* met woorde in semantiese veld 46

4.3.4 Kontrastering van *οικέτης* met woorde in semantiese veld 35

4.3.5 Kontrastering van *οικέτης* met woorde in semantiese veld 87

4.3.6 Kontrastering van *οικέτης* met ander woorde in semantiese velde 37,57 en 87

4.3.7 Gevolgtrekking

4.4 Samevattende gevolgtrekking : 'n Betekenisdefinisie van *οικέται* in 1 Petrus 2:18

## 4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word inleidend besin oor twee uiterstes wat in die vasstelling van betekenis vermy behoort te word. Daarna word 'n diakroniese betekenisdefinisie gegee wat opgevolg word met 'n sinkroniese betekenisdefinisie ten einde tot 'n geldige betekenisdefinisie van οἰκέται in 1 Petrus 2:18 te kom. In die volgende hoofstuk word οἰκέται binne die konteks van 1 Petrus 2:18-25 verder verklaar.

In die vasstelling van betekenis moet twee uiterstes vermy word, naamlik etimologisme<sup>1</sup> en taaleksistensialisme<sup>2</sup> (Van Rensburg, 1979:29).

In die bepaling van 'n betekenisdefinisie van 'n woord word van die diakroniese en die sinkroniese werkswyse gebruik gemaak. Beide werksywes is noodsaaklik om tot 'n meer akkurate woorddefinisie te kom (Van Rensburg, 1979:29-48)<sup>3</sup>.

Die gevaar bestaan dat die betekenis van 'n woord in 'n bepaalde konteks oorspan kan word. Navorsers moet deurentyd daarop bedag wees om nie die betekenis van 'n spesifieke woord(e) in 'n bepaalde konteks oor te dra op dieselfde woord(e) in 'n ander konteks asof laasgenoemde noodwendig dieselfde betekenis sou hê nie.<sup>4</sup> Dit is noodsaaklik dat individuele woorde in die bepaalde konteks waarin dit voorkom, gedefinieer word.

---

<sup>1</sup> **Etimologisme** is 'n benadering wat die etimologie van 'n woord oorspan. Hiervolgens sou die herkoms van 'n woord op die 'eintlike betekenis' of kernbetekenis van 'n woord dui. Indien 'n diakroniese betekenisstudie na etimologisme neig, is dit onverantwoord, asof 'n woord deur die geskiedenis aan sy oorspronklike betekenis verankerend sou bly. Die resultaat van etimologiese ondersoek van 'n woord se betekenis moet slegs gesien en hanteer word as die geskiedenis van 'n woord se gebruik (Van Rensburg, 1979:29 e.v.).

<sup>2</sup> **Taaleksistensialisme** is 'n benadering wat die etimologie onderwaardeer en selfs misken.

<sup>3</sup> Die geskiedenis van 'n woord se gebruik is nie alleen ter sake nie, maar dit is 'n onmisbare komponent by die vasstelling van 'n woord se betekenis in 'n bepaalde konteks. Daar moet dus 'n balans en kruisverwysing wees tussen diakroniese semantiek (die vasstelling van die geskiedenis van 'n woord se gebruik; dus die notering van die betekenisverandering van 'n woord se gebruik) en die sinkroniese semantiek (die vasstelling van die betekenis van die woord in die bepaalde konteks) (Van Rensburg, 1979 : 48).

In 'n studie van die geskiedenis van die betekenis van woorde behoort De Saussure (1966:54,58,60,66,67) se fundamentele onderskeid tussen sinkroniese en diakroniese linguïstiek in ag geneem te word. Silva (1983:35-38) wys daarop dat in 'n betekenisstudie die twee benaderings nie onderling eksklusief behoort te wees nie. Tog behoort die sinkroniese benadering prioriteit oor die diakroniese benadering te geniet. Ingeval van 'n moedertaalgebruiker word van die huidige staat van die taal uitgegaan. Vir die gemeenskap van taalgebruikers is die sinkroniese gesigspunt die realiteit (De Saussure, 1966:60 e.v.). Raitt (1967:21) gee De Saussure (1966:60 e.v.) soos volg weer : "Omdat taal 'n realiteit is, moet sinkroniese taalstudie steeds die voorrang geniet, dit moet primêr wees."

<sup>4</sup> Wanneer die verskynsel van polisemie buitê rekening gelaat word, vind "Illegitimate totality transfer " plaas (Barr, 1961:211). 'n Woord en konsep word dan nie onderskei nie (Botha, 1991:51). Dit moet vermy word. Botha (1991:51) omskryf 'Illegitimate totality transfer' soos volg : "when two words referring to the same object or event are for that reason taken to be semantic equals anywhere they might occur. ..." Cotterell & Turner (1989:120) gebruik die volgende metafoer om Barr se kritiek op Cremer se idee van 'n interne of teologiese leksikografie te tipeer : "Reference to 'internal' lexicography is thus apt to suggest that words are like transporters, crammed with theological-conceptual freight, which they dump into the otherwise featureless field of the sentence and the wider semantically barren landscape of the discourse context." Barr (1961:263) waarsku teen die algemene misbruik van die etimologie en beklemtoon die verband tussen woord, sin en die groter literêre eenheid. "It is the sentence (and of course the still larger literary complex such as the complete speech or poem) which is the linguistic bearer of the usual theological statement, and not the word (lexical unit) or the morphological and syntactical connection. " Dit kan nie ontken word dat die sin en ook die groter literêre eenheid 'n belangrike rol speel in 'n teologiese stelling nie. Tog kan die belangrike funksie van elke woord in 'n bepaalde teks onderbeklemtoon word. Nie alleen die tekstuele konteks (bv. die sin en sinsverband, ens.) en die sosio-historiese konteks waarin dit gebruik is, speel 'n belangrike rol in die bepaling van teologiese betekenis nie, maar ook die spesifieke woord (e) in 'n spesifieke sin en sinsverband speel 'n bepalende rol. Die

## 4.2 Diakroniese betekenisdefinisie

Die waarde van diakroniese betekenisbepaling is daarin geleë dat dit dieper insig in die (geskiedenis van die) betekenis van woorde bied. Dit dien ook as kontrole en bevestiging van die sinkroniese betekenisbepaling wat tot dusver gedoen is (Raidt, 1967:25-32). In die bepaling van 'n voorlopige betekenisdefinisie word diakronies nagevors met watter betekenis-moontlikhede die woord destyds gebruik is

in die Hellenistiese wêreld;  
in die Kanonieke Boeke van die Septuagint;  
in die Apokriewe Boeke van die Septuagint  
en in die tyd van die Nuwe Testament.

### 4.2.1 Die gebruik van *οἰκέτης* in die Hellenistiese wêreld

4.2.1.1 Die woord *οἰκέτης* en etimologies-verwante woorde word dikwels gebruik. Die datering van die verskillende skrywers is in navolging van Grant (1980) en Feder (1964). Die voorkomste van die woord *οἰκέτης* en verbuigings van die woord is nagegaan in Berkowitz & Squitier (1986).

4.2.1.1.1 Die volgende skrywers vanaf die 6 de eeu voor Christus, gebruik die woord *οἰκέτης* en etimologies-verwante woorde :

Esopus (6 de eeu v.C); Herodotus (± 480 - ± 425 v.C); Hippokrates (469 - 399 v.C); Thukidides (tussen 460 & 455 - ± 400 v.C); Aristofanes (tussen 457 & 445 - voor 385 v.C); Sokrates (469 - 399 v. C); Plato ( ± 429 - 347 v. C); Xenofon (± 428 - ± 354 v.C); Aisgines (397/ 389 - 322 v.C); Demostenes(384-322 v.C); Aristoteles (384-322 v.C); Menander (± 342 - ± 292 v.C); Chrusippos (± 280 - 207 / 6 v.C); Polubios (± 200 - na 118 v.C); Posidonius (±135 - ±50 v.C).

4.2.1.1.2 Die volgende skrywers gedurende die eerste eeu voor Christus tot die begin van die tweede eeu na Christus gebruik die woord *οἰκέτης* en etimologies-verwante woorde :

Diodorus (1 ste eeu v.C. - 21 v. C); Dionisius van Halikarnassus (1 eeu v. C - sterfdatum onbekend. Hy het in die jaar 30 v.C na Rome gekom); Strabo (±63 v.C - 21 n.C); Filo (30 v.C. - 40 n.C); Josefus (37/38 n.C -na 94/95 n.C.); Dion Chrusostomos (±40 n.C - na 112 n. C); Pitagoras (1 ste eeu n.C); Plutargus (voor 50 n.C. - na 120 n.C); Epiktetus (60 n.C. - 140 n.C); Appianus (95 - ± 160 n.C).

4.2.1.1.3 Die volgende skrywers vanaf die tweede eeu na Christus gebruik die woord *οἰκέτης* en etimologies-verwante woorde

Atenaios (2 de eeu n.C - 180 n.C); Aristeides (117 - 189 n. C.); Lucianus (voor 120/125 - 180 n.C); Markus Arelus (121 - 180 n.C); Pausanias ( 2 de

---

reformatoriese gelowige bely dat die Bybelteks m.a.w. die hoofstukke, paragrawe en sinne wat uit spesifieke woorde saamgestel is, na vorm en inhoud, in sy geheel en in sy dele, deur die Heilige Gees geïnspireer is.

eeu n.C); Galenus (±129 - ±199 n. C); Clemens van Alexandrië (±150 - 211 / 216 n. C); Cassius (Dion Hist) (163- na 229 n.C); Origenes (185/186 - 254/255 n.C); Herodianus (? - na 238 n.C ); Eusebius (±260 - ±340 n.C); Athanasius (±295 - 373 n.C); Libanius (314- ±393 n.C); Gregorius Nyssenus (±335 - ±394 n.C); Chrusostomos ( $\frac{1}{2}$  e 4 de eeu -407 n.C).

Die diakroniese studie ten opsigte van genoemde skrywers word beperk tot die gebruik van die woord οἰκέτης en etimologies-verwante woorde gedurende die eerste eeu voor Christus tot die begin van die tweede eeu na Christus.<sup>5</sup>

4.2.1.2 Die eerste eeu voor Christus tot die begin van die tweede eeu na Christus

#### 4.2.1.2.1 Diodorus van Sicilië ( eerste eeu v.C. - 21 v. C)

Die woord (e) kom in sy *Bibliotheca Historiae* voor en kan met die volgende vertaalmoontlikhede weergegee word :

- bediendes / dienaars<sup>6</sup>
- slawe<sup>7</sup>
- slaaf / bediende/ dienaar<sup>8</sup>
- huisbediendes<sup>9</sup>
- huisslawe<sup>10</sup>

#### 4.2.1.2.2 Dionisius van Halikarnassus (1 eeu v. C. - sterfdatum onbekend)

Die woord in sy *Antiquitates Romanae* (14.13.1.5.) kan vertaal word met

- huisslawe moontlik huisbediendes;

Die woord in sy *De Demosthenis dictione* (11.37) kan vertaal word met :

- bediendes, dienaars.

#### 4.2.1.2.3 Strabo (±63 v.C - 21 n.C)

Die woord kom in Strabo se *Geographica* voor en kan vertaal word met :

- bediende of dienaar<sup>11</sup>

<sup>5</sup> Die datering van die 1 Petrusbrief tussen die jare 50 tot 100 na Christus begrens die diakroniese studie. Vgl. hoofstuk 2, pt. 2.3.2 vir die datering van die Brief.

<sup>6</sup> Bibl. Hist. 4.24.6.7; 10.26.1.5; 13.83.1.4; 13.95.4.3; 18.51.3.6; 31.18.3.10.

<sup>7</sup> Bibl. Hist. 11, 72, 1, 8; 11.89.8.1; 14, 78, 3, 5; 14.96.3.2; 17.11.2.3; 20.4.8.4.

<sup>8</sup> Bibl. Hist. 10.20.2.3.; 11.89.6.6; 13.19.6.5; 14.66.5.7.

<sup>9</sup> Bibl. Hist. 14.74.2.6.; 16.19.4.4.

<sup>10</sup> Bibl. Hist. 11. 57.6.6; 24.12.3.3.

<sup>11</sup> *Geographica* 13.1.57.10.

- slaaf<sup>12</sup>
- bediendes of slawe<sup>13</sup>

#### 4.2.1.2.4 Filo (30 v.C. - 40 n.C)

Die woord kom in verskillende werke van Filo voor en kan soos volg vertaal word :

- bediende / dienaar<sup>14</sup>
- slaaf<sup>15</sup>

#### 4.2.1.2.5 Josefus (37/38 n.C - na 94/95 n.C.)

Die woord kom in 2 werke van Josefus voor en kan soos volg vertaal word :

- bediende / dienaar<sup>16</sup>
- slawe<sup>17</sup>
- huisbediende<sup>18</sup>

#### 4.2.1.2.6 Dion Chrusostomos (±40 - na 112 n. C)

Die woord soos dit gebruik word deur Chrusostomos, kan soos volg vertaal word :

- bediende(s)<sup>19</sup>
- slaaf / slawe<sup>20</sup>
- bediende / slaaf<sup>21</sup>
- huisbediende(s)<sup>22</sup>

#### 4.2.1.2.7 Plutargus (voor 50 n.C - na 120 n.C)

Die woord soos dit by Plutargus voorkom kan soos volg vertaal word :

- slaaf / slawe<sup>23</sup>

<sup>12</sup> Geographica 7.3.12.12.

<sup>13</sup> Geographica 15.1.73.12.

<sup>14</sup> De Cherubim 2.32.115.5; De Ebrietate 3.33.131.3; Quis Rerum Divinarum Heres 4.2.6.1. & 4.2.9.1; De Somniis 5.1.7.5. & 5.2.108.5. De Abrahamo 6.22.109.1 & 6.40.232.3; In Flaccum 9 13.112.9; De Legatio ad Gaium 10.25.165.10.

<sup>15</sup> De Cherubim 2.24.80.2.; 2.24.81.8; De Sobrietate 3.7.32.7; De Iosepho 6.13.66.6; Quod Omnis Probus Liber sit 9.20,143.6.

<sup>16</sup> De bello Judaico 1.585.2.5; Antiquitates Judaico 2.126.7.2; 2.126.7.7; 2.129.7.3; 2.129.7.6; 2.130.7.3. 6.242.1.4; 6.245.2.4; 6.246.2.1; 6.339.3.6; 11.266.11.6.

<sup>17</sup> Antiquitates Judaico 6.42.5.2;

<sup>18</sup> De bello Judaico 1.620.1.6.

<sup>19</sup> Oratione 10.10.3; 10.13.1; 15.19.2.

<sup>20</sup> Oratione 10.9.3; 15.21.8; 15.21.11; 15.25.6; 31.34.1; 31.51.6; 66.14.1.

<sup>21</sup> Oratione 14.10.10.3; 14.10.10.6; 14.10.10.7; 66.13.4; 66.13.10.

<sup>22</sup> Oratione 10.8.1; 10.8.8; 10.8.9; 10.12.9;

- bediende(s)<sup>24</sup>
- bediende(s) / slawe<sup>25</sup>
- huisbediende (s) / huisslaaf (-slawe)<sup>26</sup>

#### 4.2.1.2.8 Appianus (95 - ± 160 n.C)

Die woord soos dit by Appianus voorkom, kan soos volg vertaal word :

- slaaf / slawe<sup>27</sup>
- bediendes<sup>28</sup>
- bediende / slaaf<sup>29</sup>

#### 4.2.2 Die gebruik van οἰκέτης in die Septuagint

##### 4.2.2.1 Die Kanonieke Boeke

Volgens Michel (1978,3:609) kom die woord *êbêd* 870 keer in die Masoretiese teks voor. In die Septuagint (LXX) word die volgende woorde as ekwivalente vir die Hebreeuse woord *êbêd* gebruik : *παῖς* : dienaar, (ondergeskikte, bediende, slaaf) (340 keer); *δοῦλος* : slaaf (327 keer); *θεράπων* : dienaar, helper (46 keer); *οἰκέτης* : huisslaaf (36 keer<sup>30</sup>); *υἱός* : seun (1 keer); *ὑπηρέτης* : dienaar, helper (1 keer)

Van die 36 keer wat *οἰκέτης* in die Kanonieke Boeke van die Septuagint voorkom (Hatch & Redpath, 1954:969) kan dit in die verskillende kontekste soos volg weergegee word :

- bediende / dienaar<sup>31</sup>;
- slaaf<sup>32</sup> ;
- bediende/ dienaar / slaaf<sup>33</sup>;
- dienaars/ slavin<sup>34</sup>;
- onderdaan (dienaar)<sup>35</sup>;

---

<sup>23</sup> Tiberius et Gaius Gracchus 10.8.7.5; Caesar 7.44.4.4;

<sup>24</sup> De liberis educandis 1.5.D.6; 1.7.E.3; Quomodo adulator ab amico intemoscatur 1.59.D.9; Publicola 1.5.1.9; Pericles 3.16.5.3; Pompeius 5.46.4.8; 5.49.2.3; Caesar 7.46.2.5; Cicero 7.47.3.2; 7.47.4.10; 7.47.6.6; 7.48.2.10; Tiberius et Gaius Gracchus 10.2.5.2.

<sup>25</sup> Cato Maior 2.21.4.5; Antonius 9.1.3.4; 9.75.1.7; 9.76.4.1.

<sup>26</sup> Cato Maior 2.21.1.1; 2.21.3.4.

<sup>27</sup> Bellum civile 3.1.14.116.11; 4.4.6.44.19; 4.4.6.49.15; 4.4.6.49.22

<sup>28</sup> Bellum civile 4.4.6.43.5; 4.4.6.47.15;

<sup>29</sup> Bellum civile 4.4.4.26.5; 4.4.6.43.12; 4.4.6.44.2; 4.4.6.44.5.

<sup>30</sup> Vgl. punt 2.2.2.

<sup>31</sup> Eks. 32:13; Lev. 25:42,55; Num. 32:5; Deut. 34:5; Jos. 5:14; Jes. 36:9

<sup>32</sup> Gen. 9:25; 44:16,33; 50:18; Eks. 12:44; 21:26; 27; Lev. 25:39, 42; Deut. 5:15; 6:21; 15:15 &17; 16:12; 24:18,20,22.

<sup>33</sup> Spr. 19:10; 22:7; 29:19; 30:10,22.

<sup>34</sup> Spr. 30:23.

<sup>35</sup> Gen. 27:37; Eks. 5:15, 16; Jos. 9:8,11;

- dienaar van die gebod.<sup>36</sup>

#### 4.2.2.2 Die Apokriewe Boeke

In die Apokriewe boeke van die Septuagint kom *οικέτης* 11 keer voor en dit kan in die verskillende kontekste soos volg weergegee word :

- bediende / dienaar<sup>37</sup>
- slaaf<sup>38</sup> (Septuagint with Apochrypha, 1990).

#### 4.2.3 Die gebruik van *οικέτης* in die Nuwe Testament

Die woord kom slegs 4 keer in die Nuwe Testament voor, naamlik in Lukas 16:13, Handeling 10:7, Romeine 14:4 en 1 Petrus 2:18. (Schmoller, 1973: 356). Die Griekse teks asook vertalings van *οικέτης* in die genoemde kontekste, word vermeld.

##### 4.2.3.1 Lukas 16:13

“Οὐδεὶς οἰκέτης δύναται δυσὶ κυρίοις δουλεύειν....”

Dit kan soos volg vertaal word :

“**Geen huisbediende** kan vir twee base gelyk werk nie...” (Nuwe Vertaling, 1994: 93).

“**No servant** can serve two masters...” (King James, 1991a:2586; New International Version, 1991b:2586);

“**No slave** can serve two masters...” (New Revised Standard Version, 1991d:2585) **Geen huisbediende /slaaf** kan vir twee base gelyk werk nie.”(Eie vertaling).

##### 4.2.3.2 Handeling 10:7

“... φωνήσας δύο τῶν οἰκετῶν..... “

Dit kan soos volg vertaal word :

“...het Cornelius twee van sy **huisbediendes** ... geroep” (Nuwe Vertaling, 1994:148);

“... he called two of his **household servants** ...” (King James Version, 1991a:2712);

“...Cornelius called two of his **servants** ...” (New International Version, 1991b:2712).

##### 4.2.3.3 Romeine 14:4

“σὺ τίς εἶ ὁ κρίνων ἀλλότριον οἰκέτην...”

<sup>36</sup> Spr.13:13. Die woord word figuurlik gebruik. Dit dui op 'n persoon wat die gebod vrees. (1953 Vertaling)

<sup>37</sup> To. 8:18; Si. 4:30; 6:11; 7:20 & 21; 10:25; 23:10; 30:31; 37:11; 42:5; 1 Es. 4:59.

<sup>38</sup> 1 Es. 3:19.

Dit kan soos volg vertaal word :

“Wie is jy om oor iemand anders se **bediende** te oordeel...” (Nuwe Vertaling, 1994:185);

“Who are you to judge someone else’s **servant** ...” (New International Version, 1991b:2804; King James Version, 1991a:2804).

#### 4.2.3.4 1 Petrus 2:18.

“ *Οἱ οἰκέται* ὑποτασσόμενοι ἐν παντὶ φόβῳ τοῖς δεσπόταις ...”

Dit kan soos volg vertaal word :

“ **Bediendes** onderwerp julle met die nodige ontsag aan julle werkgewers...”(Nuwe Vertaling, 1994 : 271).

“**Servants**, be subject to your masters with all fear ...” (King James Version, 1991a:3018; vgl. Living Bible, 1991c:3019);

“**Slaves** submit yourselves to your masters ...” (New International Version, 1991b:3018; vgl. ook New Revised Standard Version, 1991d:3019).

“**Huisbediendes (huislawe / bediendes / slawe)** onderwerp julle met die nodige ontsag aan julle base /eienaars” (Eie vertaling).

1

In al vier kontekste word *οἰκέτης* voorlopig vertaal met “bediende”. In ten minste twee van die genoemde kontekste in die Nuwe Testament naamlik Lukas 16:13 en 1 Petrus 2:18 kan *οἰκέτης* met “huisbediende” vertaal word.

#### 4.2.4. Gevolgtrekking <sup>39</sup>

Uit die voorafgaande navorsing kan die verskillende vertaalmoontlikhede soos volg skematies saamgevat word :

Skrywer / Dokument	Bedien-De/ Dienaar	Slaaf	Bediende/ Slaaf Dienaar (Slavin/ Dienares)	Huisbediende	Huis-slaaf	Ampte-naar	Onderdaan	Figuurlik
Diodorus	6	6	4	2	2	-	-	-
Dionisius van Hallikarnassus.	1	-	-	-	1	-	-	-
Strabo	1	1	1	-	-	-	-	-
Filo	10	5	-	-	-	-	-	-
Josefus	11	1	-	1	-	-	-	-
Dion Chrusostomos.	3	7	5	4	-	-	-	-
Plutargus	13	2	4	2	?	-	-	-
Appianus	2	4	4	-	-	-	-	-
Kanoniek (LXX)	6	17	5 + (1)	-	-	1	5	1
Apokrief (LXX)	11	1	-	-	-	-	-	-
Nuwe-Testament	2	?	-	2	-	-	-	-

Uit die voorafgaande navorsing blyk dit dat die woord *οικέτης* en etimologies- verwante woorde in bogenoemde geskryfte soos volg vertaal kan word :

- bediende / dienaar ;
- slaaf /slavin;
- bediende of slaaf ;
- huisbediende of huisslaaf;
- amptenaar;
- onderdaan;
- figuurlike gebruik van die woord.

In die geraadpleegde kontekste dui die woord *οικέτης* op 'n ondergeskikte werknemer wat in diens van 'n werkgewer / gesagsdraer gestaan het, wat spesifiek werk verrig wat verband hou met 'n eienaar/baas, wat meestal in die huishouding of binne die invloedssfeer van die huis of huiseienaar verrig is.

In sommige gevalle kon dit byvoorbeeld op politieke terrein na 'n persoon (e) verwys wat 'n dienaar of onderdaan van 'n koning was.

Dit word ook in een geval in figuurlike sin gebruik.

<sup>39</sup> Liddell & Scott (1983:477) gee die volgende vertaalmoontlikhede vir *οικέτης* : "an inmate of one's house : a house-slave, menial, domestic, Lat. *verna* : in pl. *οικέται*, in pl. one's family, women and children (In Afrikaans : 'n Inwoner van jou huis : 'n huisslaaf, bediende (kneg), huisbediende, Lat. *verna* in mv : *οικέται*: 'n persoon se familie, vroue en kinders.) Bauer (1952:559) gee *οικέτης* ook weer met lid van die huishouding met die spesifieke betekenis van huisslaaf, bediende, slaaf.

Uit al die vertaalmoontlikhede wat Liddell & Scott (1983:477) aandui, blyk dit dat die vertaalmoontlikhede "huisgesin / familie, insluitende vrou en kinders" nie in die geraadpleegde bronne met *οικέτης* aangedui word nie. Dit is wel moontlik dat die woord *οικέτης* " 'n inwoner van 'n persoon se huis" kon aangedui het.

## 4.3 Sinkroniese betekenisdefinisie

### 4.3.1 Inleiding

Ten einde tot 'n voorlopige betekenisdefinisie van οἰκέται in 1 Petrus 2:18-25 te kom, word primêr gebruik gemaak van die metode van komponensiële analise soos ontwikkel en toegepas deur Nida (1975:151 e.v.) en Louw (1985:157 e.v.; vgl. Louw & Nida, 1989; Botha, 1989a; Botha, 1989b: 1-39). Eers word die semantiese veld waarin die woord voorkom, bepaal. Daarna word die woord binne die bepaalde semantiese veld gedefinieer, waarna dit met woorde in dieselfde semantiese veld gekontrasteer word en daarna word dit met woorde wat in ander semantiese velde voorkom, gekontrasteer. Die gegewens van die Louw & Nida-Woordeboek word vir dié doel ontgin. Hierdie voorlopige definisie sal in hoofstuk 5 gekontroleer en tot finaliteit gebring word.

Die vernaamste ooreenstemmende en / of onderskeidende komponente word in die onderstaande matrikse met mekaar gekontrasteer.

- Die verskillende woorde word aan die bokant van die matriks met behulp van woordnommers gelys.
- Die onderskeidende komponente word aan die linkerkant onder mekaar gelys.
- Die aanwesigheid van 'n bepaalde betekeniscomponent word met "+" gemerk en die afwesigheid met "-".
- Indien die bepaalde betekenis neutraal is ten opsigte van 'n komponent, word dit met 'n "↑" aangedui.
- Indien daar onsekerheid oor 'n sekere betekeniscomponent bestaan, word dit met "?" aangedui.

### 4.3.2 'n Voorlopige betekenisdefinisie van οἰκέται

In die Louw & Nidawoordeboek (1989,1:vi) word onderskei tussen 3 klasse woorde, naamlik *objekte of entiteite*<sup>40</sup> (domeine 1-12), *gebeure*<sup>41</sup> (domeine 13-57) en *abstrakte*<sup>42</sup> (domeine 58-91). Volgens genoemde woordeboek word die woord οἰκέτης slegs in een semantiese veld gebruik naamlik semantiese veld 46. Οἰκέτης word dus geklassifiseer as 'n *gebeurewoord* (kom in een van die semantiese velde voor wat te doen het met *gebeure*).

Louw & Nida (1989:1,520-521) tipeer Semantiese veld 46 as *Household Activities*<sup>43</sup>. Die semantiese veld bestaan uit subvelde 1-19 (46.1-46.19).

---

<sup>40</sup> **Objekte** verwys na daardie semantiese klasse wat dinge of entiteite aandui wat normaalweg deelneem aan gebeure bv. *huis, hond, man, son, stok, water, gees*, ens. (Nida & Taber, 1982: 37 e.v.).

<sup>41</sup> **Gebeure** is die semantiese klas wat aktiwiteite, prosesse, gebeurtenisse soos byvoorbeeld *hardloop, spring, doodmaak, praat, skyn, verskyn, groei, sterf*, ens. aandui (Nida & Taber, 1982:37 e.v.). Dit dui ook toestande aan wat verwant is aan gebeure soos byvoorbeeld *moeg, uitgerus*, ens. (Botha, 1989b:7).

<sup>42</sup> **Akstrakte** verwys na die semantiese klas van uitdrukkings wat kwaliteite (bv. *rooi, vinnig, aanhoudend*, ens.), kwantiteite (hoedanighede) bv. *twee, twee keer, baie, dikwels*, verskeie en grade van objekte, gebeure en ander abstrakte beskryf, bv. *te( too) en baie(very)* ens. (Nida & Taber, 1982:38).

<sup>43</sup> Semantiese veld 46 word voorafgegaan deur die domein (45) wat gekwalifiseer word as "Bou, Konstrueer" (Louw & Nida, 1989,1:519) en word opgevolg deur die domein (47) wat te doen het met aktiwiteite waarby vloeistowwe en massas betrokke is (Louw & Nida, 1989,1:522).

*Οἰκέτης* val binne subveld 46.5 wat Louw & Nida (1989,1:521) definieer as “a servant in a household”. Louw & Nida stel drie Engelse vertaalekwivalente voor : *house servant*, *household servant*, *personal servant*. In Afrikaans kan die woord *οἰκέτης* voorlopig weergegee word met *huisbediende*, *huishoudelike bediende*, *persoonlike bediende*.

#### 4.3.3 Kontrastering van *οἰκέτης* met woorde in semantiese veld 46

Louw & Nida (1989,1 : 521) definieer die volgende woorde soos volg, telkens met die vertaalekwivalent soos aangedui :

[46.3]. *οἰκουργός, ὄν*<sup>44</sup> : “iemand wat omsien na die huishouding” - ‘huisvrou / tuisteskepper’

[46.4] *οἰκονόμος, οὐ* m<sup>45</sup> : “iemand wat in beheer is van die bestuur van ‘n huishouding.” - bestuurder’;

[46.5] *οἰκέτης οὐ* m<sup>46</sup> : “ ‘n bediende in ‘n huishouding” - ‘huisbediende, huishoudelike bediende, persoonlike bediende’;

[46.6] *οἰκετεία, ας* f; *Θεράπεια, ας* f<sup>47</sup>; die groep bediendes wat in ‘n spesifieke huishouding werk” - ‘die huisbediendes’;

[46.7] *ἀρχιτρίκλινος, οὐ* m<sup>48</sup>: “Die hoofbediende in beheer van almal wat bedien het by maaltye of feeste” - ‘hoofkelner’;

[46.8] *Θυρωρός, οὐ* m<sup>49</sup>: “iemand wat wagstaan by die deur en toegang verleen tot ‘n huis of gebou” - ‘deurwag (ter)’.

<sup>44</sup> “one who takes care of the home” - ‘homemakers’ ( Louw & Nida, 1989,1: 521)

<sup>45</sup> “one who is in charge of running a household” - ‘manager of a household, steward’ (Louw & Nida, 1989,1:521).

<sup>46</sup> “a servant in a household” - ‘house servant, household servant, personal servant’ (Louw & Nida, 1989,1:521).

<sup>47</sup> “the group of servants working in a particular household” - ‘the household servants’ (Louw & Nida, 1989,1:521).

<sup>48</sup> “the head servant in charge of all those who served at meals or at feasts” - ‘head steward’( Louw & Nida, 1989,1:521).

<sup>49</sup> “one who guards the door giving access to a house or building” - ‘doorkeeper’( Louw & Nida, 1989,1:521).

**SEMANTIESE VELD 46 : HUISHOUDELIKE AKTIWITEITE**

	46.3	46.4	46.5	46.6	46.7	46.8
<b>Verwantskap</b>						
Eggenoot	+	-	-	-	-	-
Familielid	+	-	-	-	-	-
Geen	-	+	+	↓	+	+
<b>Aktiwiteit</b>						
Algemeen	-	-	-	-	-	-
Spesifiek : huiswerk (vgl. rangorde & posisie sien om na )	+	+	+	+	+	+
Persoonlik	+	-	-	-	-	-
<b>Plek/ Geleentheid</b>						
In huis, huisgesin	+	-	-	-	-	-
In huishouding	+	+	+	+	-	+
Ongespesifiseer	-	-	+	+	-	-
In onderneming	-	-	-	-	-	-
Boerdery	-	-	-	-	-	-
Feeste / maaltye	-	-	-	-	+	-
Toegang:huis,gebou	-	-	-	-	-	+
<b>Werkstatus</b>						
Werkgewer	-	-	-	-	-	-
Werknemer- bestuurder	-	+	-	-	-	-
Werknemer- hoof	-	-	-	-	+	-
Werknemer	-	+	+	+	+	+
<b>Sosiale status</b>						
Slaaf	-	-	-	-	-	-
Vry	-	-	-	-	-	-
Onbekend	-	+	+	+	+	+
Geslag	+	↓	↓	↓	↓	↓
<b>Rangorde/ posisie</b>						
Hoër / meerdere	+	+	-	-	+	-
Leier	-	+	-	-	+	-
Laer/ mindere	-	-	+	+	-	+
Sien om na huishouding	+	+	-	-	-	-
Sien om na werknemers	-	+	-	-	+	-
Ondergeskikte	↓	+	+	+	+	+
<b>Hoeveelheid</b>						
Enkeling	+	+	-	-	+	+
Groep	-	-	-	+	-	-
Nie relevant	-	-	+	-	-	-
<b>Vertaling</b>						
Huisvrou	+	-	-	-	-	-
Bestuurder	-	+	-	-	-	-
Bediende/dienaar	-	-	+	-	-	+
Huisbediende/-dienaar	-	-	+	-	-	-
Die huisbediendes	-	-	-	+	-	-
Hoofknelner / hoofdienaar	-	-	-	-	+	-
Deurwag	-	-	-	-	-	+

Uit die voorafgaande matriks blyk dat die volgende ooreenstemmende asook onderskeidende komponente tussen οἰκέτης en die ander woorde aangedui kan word :

- **Verwantskap** : slegs 46.3 dui op 'n familielid en eggenoot, terwyl daar in al die ander subvelde, ook in die geval van 46.5 (οἰκέτης) nie familieverwantskap afgelei kan word nie.
- **Aktiwiteit , plek, geleentheid (lokaliteit)** : 46.3 dui 'n persoon aan wat 'n persoonlike belang in die huishouding het en daarna omsien;  
46.4 dui 'n persoon aan wat in beheer is van die bestuur van die huishouding en in 'n bestuurshoedanigheid in die huishouding optree;  
46.5 dui 'n persoon aan wat as bediende in die huishouding werk;  
46.6 dui persone as groep aan wat as bediendes in die huishouding werk.

46.5 & 46.6 is dus huishoudelike werkers wat as deel van die huishouding huiswerk verrig of werk wat onder jurisdiksie van die huiseienaar geval het; 46.7 dui op 'n persoon wat as hoofdienaar / -werknemer toesig hou oor mede-werknemers (kelners, dienaars) met spesifieke verwysing na maaltye en feeste;

46.8 dui 'n werknemer / dienaar (persoon) aan wat wagstaan by die deur en toegang verleen tot 'n huis of gebou"; Dit wil voorkom asof laasgenoemde persoon nie net in die huishouding nie, maar ook op ander plekke diens gedoen het.

- **Werkstatus** : Met die uitsondering van 46.3, het al die persone wat in 46.4 - 46.8 aangedui word, in die huishouding gewerk en kan as werknemers beskryf word. 46.5 dui 'n gewone huisdienaar of huiswerker / werknemer aan, terwyl 46.7 'n dienaar aandui wat verantwoordelikheid vir ander aanvaar het en as hoofdienaar in beheer was van al die kelners (dienaars) wat bedien by maaltye en feeste.
- **Sosiale status** : hierdie kategorie word in pte. 3.5 & 3.6 aan die orde gestel.
- **Rangorde / posisie** : In hierdie kategorie blyk dit dat 46.3 as familielid en eggenoot wat nie 'n werknemer was nie, 'n hoër posisie as die bediendes / dienaars of werknemers beklee het. Van die werknemers het 46.4 en 46.7 die hoogste posisies beklee. 46.4 was in beheer van die bestuur van die huishouding en het waarskynlik beheer uitgeoefen oor die ander huisdienaars, terwyl 46.7 as hoofkelner beheer uitgeoefen het oor die ander kelners. 46.5 en 46.6 dui op gewone huisbediendes wat 'n lae posisie in die huishouding beklee het. Met die uitsondering van 46.3 het al die huisdienaars 'n ondergeskikte posisie in die huishouding beklee.
- **Hoeveelheid** : irrelevant.
- **Vertaling** :

Die woord *οἰκουργός* in subdomein 46.3. kan vertaal word met **huisvrou**;

Die woord *οἰκονόμος* in subdomein 46.4 kan vertaal word met **bestuurder**;

Die woord *οἰκέτης* in subdomein 46.5. kan vertaal word met **huisbediende, huisdienaar, huiswerker, huishoudelike werknemer, bediende**.

Die woord *οἰκετεία* in subdomein 46.6. kan vertaal word met **die huisbediendes, die huisdienaars, die huiswerkers, die huishoudelike werknemers, die bediendes**;

Die woord *ἀρχιτρίκλινος* in subdomein 46.7 kan vertaal word met **hoofkelner/-bediende / -dienaar**;

[46.8] Die woord *θυρωρός* in subdomein 46.8 word vertaal met **deurwag**.

#### **Gevolgtrekking :**

Uit bogenoemde matriks blyk dit voorlopig dat 'n *οἰκέτης* (46.5) as gewone bediende (met 'n lae posisie/ status) in die huis (-houding) werk en die woord

kan voorlopig weergegee word met **huisbediende, huisdienaar, huiswerker, huishoudelike werknemer, bediende.**

#### 4.3.4 Kontrastering van οἰκέτης met woorde in semantiese veld 35

Semantiese veld 35 word aangedui as "Help, Sorg (dra) vir" en word onderverdeel in subdomeine A - H<sup>50</sup>. Louw & Nida (1989, 1 :458) omskryf die woorde in domein 35 soos volg : " 'Help, Care For' involves primarily those positive aspects of largely interpersonal activity in which people are provided for or supported... ". Die volgende woorde in semantiese veld 35, wat voorkom in afdeling B en geklassifiseer word as "dien", word met οἰκέτης gekontrasteer :

[35.19] *Θεραπεύω, ὑπηρετέω, διακονέω, διακονία, ας* f: "om ondersteuning te bied of te help deur sekere pligte, take te verrig, dikwels van 'n nederige of minderwaardige aard" – 'dien, diens lewer, help, diens, hulp'.<sup>51</sup>

[35.20] *Θεράπων, οντος* m; *ὑπρέτης, ου* m; *διάκονος ου* m & f : (afgelei van *Θεραπεύω, ὑπηρετέω, διακονέω* : 'dien,' 35.19) 'n persoon wat diens lewer – 'dienaar, bediende'.<sup>52</sup>

[35.21] *διακονία, ας* f. (afgelei van *διακονέω* 'om te dien,' 35.19) "die rol of posisie van diens/ dienslewering" - 'bediening, taak'.<sup>53</sup>

[35.22] *λειτουργέω, λειτουργία, ας* f. " om te dien, met die implikasie van meer formele of gereelde dienslewering" -'dien, diens/dienslewering'.<sup>54</sup>

[35.23] *λειτουργός, ου* m: ( van afgelei *λειτουργέω* 'dien,' 35.22) 'n persoon wat besondere diens lewer"- 'dienaar'.<sup>55</sup>

[35.27] *δουλεύω* : "om te dien, normaalweg op 'n nederige wyse en in reaksie op die eise of opdragte van ander" -'dien'.<sup>56</sup>

[46.5] *οἰκέτης, ου* m : " 'n bediende in 'n huishouding" - ' huisbediende, huishoudelike bediende, persoonlike bediende' (voetnoot 46)

<sup>50</sup> Domein 35 word soos volg ingedeel :

A.	Help	(35.1 - 35.18)
B.	Dien	(35.19 -35.30)
C.	Voorsien vir, Ondersteun	(35.31 - 35.35)
D.	Sorg, sorg dra vir	(35.36 - 35.46)
E.	Toevertrou aan die sorg van	(35.47 - 35.50)
F.	Opvoed, Grootmaak	(35.51 - 35.52)
G.	Aanneem	(35.53)
H.	Verlaat, In die steek laat	(35.54 - 35.56)

<sup>51</sup> " to render assistance or help by performing certain duties, often of a humble and menial nature" -'to serve, to render service, to help, service, help' (Louw & Nida, 1989, 1:460).

<sup>52</sup> " a person who renders service" - 'servant' (Louw & Nida, 1989, 1:460).

<sup>53</sup> (derivative of *διακονέω* 'to serve,' 35.19) "the role or position of serving" -'ministry, task' (Louw & Nida, 1989, 1:461).

<sup>54</sup> "to serve, with the implication of more formal or regular service" -'to serve, service' (Louw & Nida, 1989, 1 : 461).

<sup>55</sup> "(derivative of *λειτουργέω* 'to serve,' 35.22) a person who renders special service" -'servant'(Louw & Nida, 1989,1:461).

<sup>56</sup> " to serve, normally in a humble manner and in response to the demands or commands of others" -'to serve' (Louw & Nida, 1989,1:461).

## SEMANTIESE DOMEIN 35 B : DIEN

	35.19	35.20	35.21	35.22	35.23	35.27	46.5
<b>Aktiwiteit</b>							
Ondersteun / help	+	-	-	-	-	-	-
Dien	+	+	+	+	+	+	+
Spesifieke diens	-	-	-	-	+	-	-
Sekere take	+	-	-	-	-	-	-
Formele, gereelde diens	-	-	-	+	-	-	-
Diens in huishouding	-	-	-	-	-	-	+
<b>Rol</b>							
Werknemer	-	-	-	-	-	-	+
Geroepene	-	-	-	-	-	-	-
Gesagsdienaar	-	-	-	-	-	-	-
Bedienaar	-	-	-	-	-	-	-
Dienaar	+	+	+	+	+	+	+
<b>Rangorde/Posisie</b>							
Hoër / meerdere	-	-	-	-	-	-	-
Leier	-	-	-	-	-	-	-
Laer/ mindere	-	-	-	-	-	-	-
Diens : nederige wyse	-	+	-	-	-	+	+
Diens : nederig of minderw.	+	-	-	-	-	-	-
Ondergeskikte	-	-	-	-	-	+	+
<b>Opdraggewer</b>							
Bonatuurlik : God	↑	↑	-	-	-	-	-
Aards : Eienaar	-	↑	-	-	-	-	-
Huiseienaar	-	↓	-	-	-	-	+
<b>Soort Dienaar</b> (Op grond van konteks)							
Dienaar van God	↑	+	-	-	-	-	-
Geregsdienaar	↑	+	-	-	-	-	-
Christusdienaar	↑	+	-	-	-	-	-
Minste / onbelangrikste dienaar	↑	+	-	-	-	-	-
Kelner	↑	+	-	-	-	-	-
Woorddienaar	↑	+	-	-	-	-	-
Satansdienaars	↑	+	-	-	-	-	-
Diaken	↑	+	-	-	-	-	-
Dienaar in nood	↑	+	-	-	-	-	-
Hemelse dienaar	↑	+	-	-	-	-	-
Huisdienaar	↑	-	-	-	-	-	+
<b>Vertaling</b>							
Diens / hulp	+	-	-	-	-	-	-
Dienaar / bediende	-	+	-	-	+	-	+
Bediening / taak / roeping	-	-	+	-	-	-	-
Diens	-	-	+	+	-	-	-
Dienaar / bedienaar	-	-	-	-	-	-	-
Diens : nederig op bevel	-	-	-	-	-	+	-
Huisbediende	-	-	-	-	-	-	+

Uit die voorafgaande matriks blyk dat die volgende ooreenstemmende asook onderskeidende komponente tussen *οικέτης* en die genoemde woorde aangedui kan word :

- **Aktiwiteit** : Al die woorde hou verband met een of ander vorm van diens wat gelewer word.

Subdomein 35.19 word gespesifiseer as om ondersteuning te bied of te help deur sekere pligte of take te verrig;

35.22 word gespesifiseer as om te dien met die implikasie van meer formele, of gereelde diens;

35.23 word onderskei as spesifieke diens.

*οικέτης* is 'n woord wat dui op iemand wat slegs *diens* lewer.

- **Rol** : 35.19, 35.20, 35.23, 35.27 kan net soos 46.5 aangedui word as 'n persoon wat as *dienaar* optree, terwyl 46.5 spesifiek onderskei kan word as 'n huiswerker /persoonlike huisdienaar (-bediende).
- **Rangorde / posisie** : 35.19 word gespesifiseer as ondersteuning (-diens) of hulp van nederige of minderwaardige aard, 35.27 dui op diens van 'n nederige aard in reaksie op die bevele van ander. Sowel 35.27 as 46.5 dui die diens van 'n ondergeskikte persoon aan.
- **Opdraggewer** : 46.5 verskil van die ander woorde aangesien die werkgewer van die huisbediende spesifiek die huiseienaar is.
- **Vertaling** : Die genoemde dienaars in 35.20 en 35.23 kan met "dienaar of bediende" weergegee word, terwyl 46.5 met huisbediende of bediende weergegee kan word.

**Gevolgtrekking** : Uit die kontrastering met woorde in semantiese veld 35 kan die volgende voorlopige betekenisdefinisie ten opsigte van οἰκέτης afgelei word:

'n Οἰκέτης is 'n *huiswerker (werknemer)* wat as *ondergeskikte dienaar* vir 'n *huiseienaar* in 'n *huishouding* werk. Die woord οἰκέτης kan voorlopig weergegee word met **huiswerker, huisbediende, huisdienaar, persoonlike bediende**.

#### 4.3.5 Kontrastering van οἰκέτης met woorde in semantiese veld 87

Semantiese veld 87 word gegroepeer onder die benaming *Status*. In enige analise van hierdie semantiese veld moet faktore soos welvaart, mag, gesag, roem, respek, beroep en geboorte in ag geneem word. ( Louw & Nida, 1989,1:734). Semantiese veld 87 word in 5 subvelde gekategoriseer, naamlik:

A.	Posisie, Rang	(87.1 - 87.3)
B.	Eerbied of respek in verhouding tot status	(87.4 - 7.18)
C.	Hoë status of Rang (Insluitende persone van hoë status)	(87.19 - 87.57)
D.	Lae status of Rang (Insluitende persone van lae status)	(87.58 - 87.75)
E.	Slaaf, Vry	(87.76 - 87.86)

Die volgende woorde in semantiese veld 87 E word met οἰκέτης gekontrasteer :

[87.76] δοῦλος,<sup>57</sup> οὐ m : "iemand wat 'n slaaf is in die sin van die eiendom (die besitting) te word van 'n eienaar (alhoewel dit in antieke tye dikwels vir 'n slaaf moontlik was om sy vryheid te verdien" - 'slaaf'<sup>58</sup>

[87.77] παῖς παιδος m & f : "'n slaaf, moontlik dienende as 'n persoonlike dienaar en dus met die implikasie van goedgesindheid" - 'slaaf'.<sup>59</sup>

<sup>57</sup> Die woord οἰκέτης word dikwels as 'n blote sinoniem van die woord δοῦλος en omgekeerd beskou. Dit is dus noodsaaklik om woorde wat verband hou met of sinonieme betekenis mag hê met οἰκέτης te vergelyk en te kontrasteer.

<sup>58</sup> "one who is a slave in the sense of becoming the property of an owner (though in ancient times it was frequently possible for a slave to earn his freedom)" - 'slave, bondservant' (Louw & Nida, 1989, 1:741).

[87.78] *σῶμα, τος* n. : " 'n slaaf as eiendom verkoop, met die waarskynlike implikasie van kommersiële slaaf" - 'slaaf'.<sup>60</sup>

[87.79] *δουλεύω* : " vir iemand 'n slaaf wees" – 'slaaf wees'.<sup>61</sup>

[87.84] *ἐλεύθερος, α, ον* : "van toepassing op 'n persoon wat nie 'n slaaf is nie, of iemand wat nooit 'n slaaf was nie of iemand wat vroeër 'n slaaf was, maar dit nie meer is nie" - 'vry persoon, vry mens'.<sup>62</sup>

	87.76	87.77	87.78	87.79	87.84	46.5
<b>Aktiwiteit</b>						
Dien as slaaf	+	+	+	+	-	-
Dien met goedgesindheid	-	+	-	-	-	-
Dien as bediende / dienaar	-	+	-	-	-	+
Tree op as vryman	-	-	-	-	+	-
Verrig nederige werk	?	?	-	?	-	?
<b>Werkstatus</b>						
Slaaf	+	+	+	+	-	-
Moontlik persoonlike dienaar	-	+	-	-	-	+
Handelslaaf	-	-	+	-	-	-
Vryman (Vrygestelde)	-	-	-	-	+	-
Vryman (Vrygeborene)	-	-	-	-	+	-
Ondergeskikte	+	+	+	+	-	+
Eiendom van eienaar	+	+	+	+	-	-
Huisbediende	-	↓	-	-	-	+
<b>Sosiale status</b>						
Hoë status	-	-	-	-	-	-
Lae status	+	+	+	+	-	+
Hoër status as 'n slaaf	-	-	-	-	+	-
<b>Werkplek /-geleentheid</b>						
Huishouding	-	-	-	-	-	+
Onbekend / ongespesifiseerd	+	↓	+	+	+	-
<b>Vertaling</b>						
Slaaf	+	+	-	-	-	-
Slaaf (handelslaaf)	-	-	+	-	-	-
om slaaf te wees	-	+	+	+	-	-
Vryman	-	-	-	-	+	-
Bediende / huisbediende	-	-	-	-	-	+

Uit die voorafgaande matriks blyk dat die volgende ooreenstemmende asook onderskeidende komponente tussen *οἰκέτης* en die ander woorde aangedui kan word :

- **Aktiwiteit** : Subdomeine 87.76, 87.77, 87.78, 87.79 deel die gemeenskaplike betekeniskomponent naamlik "dien as slaaf", terwyl 87.77 'n bykomende komponent het "dien met goedgesindheid"; terwyl 87.77 die verdere betekeniskomponent het naamlik "dien as bediende". Hierdie betekeniskomponent stem ooreen met 46.5, terwyl 87.77 die verdere komponent by het van "moontlik dienende as persoonlike dienaar" wat ook ooreenstemming vertoon met die derde vertaalmoontlikheid wat by subdomein 46.5 weergegee word met "persoonlike bediende". 87.78 word gekwalifiseer as kommersiële slaaf.

Uit die kontrastering blyk dus dat 'n *οἰκέτης* nie noodwendig 'n slaaf was nie, maar wel 'n dienaar wat diens van 'n persoonlike aard aan 'n ander persoon

<sup>59</sup> "a slave, possibly serving as a personal servant and thus with the implication of kindly regard - 'slave' " (Louw & Nida, 1989, 1:741).

<sup>60</sup> "a slave as property to be sold, with the probable implication of commerce 'slave' "(Louw & Nida, 1989, 1:741).

<sup>61</sup> "to be a slave to someone - to be a slave' "(Louw & Nida, 1989, 1:741).

<sup>62</sup> "pertaining to a person who is not a slave, either one who has never been a slave or one who was a slave formerly but is no longer" - 'free person, free man' ( Louw & Nida, 1989, 1:742).

verrig het. Indien sodanige bediende wel 'n *παῖς* (persoonlike slaaf) was, het daardie persoon met goedgesindheid of welwillendheid diens verrig.

Ten opsigte van al 6 subdomeine behoort verder besin te word oor die aard van die aktiwiteit naamlik "verrig nederige werk". Uit die betekenisdefinisies kan niks in die verband afgelei word nie. Moontlik kan dit uit die woorde self of uit die werk en sosiale status afgelei word.

- **Werks- en sosiale status** : (vgl. ook aktiwiteit)

Subdomeine 87.76 - 87.79 deel die betekenis-komponent van "ondergeskikte" in teenstelling met 87.84 wat gekwalifiseer word as "vry persoon", hetsy "vrygeborene of vrygestelde".

Subdomeine 87.76 - 87.79 deel die betekenis-komponent van "eiendom van eienaar", terwyl subdomein 57.13 hierdie komponent moontlik op 46.5 betrek. Moontlik was *οἰκέτης* dus eiendom van 'n eienaar.

- **Werkplek**

Subdomeine 87.77 en 46.5 het betrekking op werk in of verbonde aan die huishouding, terwyl die betekenisdefinisies in subdomeine 87.76, 87.78, 87.79, 87.84 nie die spesifieke werkplek spesifiseer nie.

'n *Οἰκέτης* is 'n dienaar wat spesifiek diens verrig in die huis of verbandhoudende met die huishouding. (Dit sou werk buite die huis byvoorbeeld op die lande of in 'n onderneming kon insluit.)

- **Vertaling** :

Die woorde in subdomeine 87.76, 87.77, 87.78 kan weergegee word met die woord **slaaf**, 87.79 **om slaaf te wees**, 87.84 met **vryman** en 46.5 met **huisbediende**, moontlik **huisslaaf**.

### **Gevolgtrekking**

Net soos 'n slaaf, maar onderskeie van 'n slaaf, verrig 'n huisbediende diens. Die slaaf se dienslewering kan in 'n huis of huishouding plaasvind, maar is nie beperk tot huiswerk nie. Net soos 'n slaaf is 'n huisbediende in diens van 'n eienaar. Beide 'n huisbediende en 'n slaaf werk as ondergeskiktes vir 'n eienaar in die huishouding. Die posisie van 'n slaaf en huisbediende verskil nie wesenlik van mekaar nie, maar egter aansienlik van dié van 'n vryman. 'n Vryman beklee 'n veel hoër status as 'n slaaf en/of huisbediende.

Voorlopig kan *οἰκέτης* weergegee word met **huisbediende**, **huisdienaar**, **persoonlike bediende**, moontlik **huisslaaf**.

### 4.3.6 Kontrastering van *οἰκέτης* met ander woorde in semantiese velde 37,57 en 87

4.3.6.1 Die woord *κύριος* kom in domein 12, 37 en 57 voor (Louw & Nida, 1989,1:139,478, 559). In domein 12 kom die woord *κύριος* saam met byvoorbeeld *κυριακός* en *μαρανα* voor. Domein 12 word voorafgegaan deur domein 11 wat "Groepe en klasse van persone en lede van sodanige groepe en klasse aandui"(Louw & Nida, 1989,1:121), terwyl dit opgevolg word deur domein 13 wat geklassifiseer word as "Wees, Word, Bestaan, Gebeur" (Louw & Nida, 1989,1:149). Domein 12 word getipeer as "Bonatuurlike Wesens en Magte/Kragte" (Louw & Nida, 1989,1:136) en word onderskei in die volgende twee subdomeine:

- |                                |                 |
|--------------------------------|-----------------|
| A. Bonatuurlike Wesens         | (12.1 - 12.42)  |
| B. Bonatuurlike Magte / Kragte | (12.43 - 12.50) |

Aangesien die woord *κύριος*<sup>63</sup> in subdomein 12.9 op 'n Bonatuurlike wese naamlik God dui, is dit nie nodig om *οἰκέτης* daarmee te kontrasteer nie. Uit die verband van 1 Petrus 2:18 is dit duidelik dat nie 'n bonatuurlike wese nie, maar 'n aardse (menslike) binne die die verhouding werkgewer - werknemer ter sprake is. In die genoemde konteks word *οἰκέτης* wel in verband gebring met God, maar dan met die oog op die konkrete verhouding met die aardse eienaar of baas in die werksituasie.

4.3.6.2 Die woorde *κύριος* en *δεσπότης* kom in domein 37 onder die woorde voor wat getipeer word as "Beheer, Heers"<sup>64</sup>. Domein 37 is in subdomeine A tot J (37.1 - 37.138) ingedeel. *κύριος* en *δεσπότης* kom in subdomein 37D voor wat getipeer word as "Heers, Regeer"<sup>65</sup>.

Louw & Nida (1989, 1:478, 479) definieer *κύριος* en *δεσπότης* onderskeidelik soos volg (met as vertaalekwivalente soos aangedui) :

[37.51] *κύριος*, ου m : " een wat heers of gesag uitoefen oor ander" - 'heerser, eienaar, baas'<sup>66</sup>.

[37.63] *δεσπότης*, ου m : "een wat beskik oor algehele mag en gesag oor ander" - 'eienaar / baas, heerser, heer, Here (as 'n titel vir God en vir Christus)'<sup>67</sup>.

Die woorde *κύριος* en *δεσπότης* kom saam met die woord *οἰκοδεσπότης* in domein 57 voor. Hierdie domein word voorafgegaan deur domein 56 wat

<sup>63</sup> [12.9] *κύριος*, ου m : " (a title for God and for Christ) one who exercises supernatural authority over mankind - 'Lord, Ruler, One who commands'. (Louw & Nida, 1989,1:139).

<sup>64</sup> Domein 37 word voorafgegaan deur semantiese veld 36 wat geklassifiseer word as "Lei, dissiplineer, volg" en word opgevolg deur semantiese domein 38 wat geklassifiseer word as "Straf, beloon".

<sup>65</sup> "Subdomein 37 C : Gesag uitoefen (37.35 - 37.47); .

Subdomein 37D : Heers, regeer (37.48 - 37.95);

Subdomein 37E : Aanwys tot 'n Rol of Funksie (37.96 - 37.107) " (Louw & Nida, 1989,1:472).

<sup>66</sup> [37.51] *κύριος*, ου m : "one who rules or exercises authority over others - 'ruler, master, lord' (Louw & Nida, 1989,1:478).

<sup>67</sup> [37.63] *δεσπότης*, ου m : " one who holds complete power or authority over another - 'master, ruler, lord, Lord (as a title for God and for Christ)' (Louw & Nida, 1989,1:479).

getipeer word as "Howe en wetlike prosedures en opgevolg deur domein 58 wat getipeer word as "Aard, klas, voorbeeld". Domein 57 word onderverdeel in subdomeine A - U. Die woorde κύριος, δεσπότης en οἰκοδεσπότης kom in subdomein A voor, wat getipeer word as "hê, besit, eiendom, eienaar (57.1 - 57.21)". Subdomein B word getipeer as "Genoeg hê (57.22 - 57.24)" en subdomein C as "Ryk wees, welgesteld wees (57.25 - 57.35)" (Louw & Nida, 1989,1:558).

Louw & Nida (1989,1:558) tipeer domein 57 as "besit, oordra, uitruil". Gegewens in die volgende subdomeine van domein 57 word ontgin, waarna die woorde κρήτωρ, κύριος, δεσπότης, οἰκοδεσπότης met οἰκέτης gekontrasteer word :

[57.1] ἔχω, κατέχω, κατάσχισις, εως f<sup>68</sup> : "Om objekte of eiendom te hê of te besit (in die tegniese sin om beheer te hê oor die gebruik van sodanige objekte)"<sup>69</sup> - 'om te hê, (to own) om (eiendom) te besit, (possess) om te besit, hê, beheers, om te behoort aan.<sup>70</sup>

[57.11] κρήτωρ, ορος m: (afleiding van κτάομαι :verkry, bekom) "Iemand wat eiendom besit" - 'eienaar' (Louw & Nida, 1989,1:559);

[57.12] κύριος, ου m : "iemand wat eiendom besit en beheer, insluitende veral bediendes en slawe, met belangrike bykomende semantiese komponente van hoë status en respek" - 'eienaar, baas meneer' (Louw & Nida, 1989,1:559).

[57.13] δεσπότης, ου m : "iemand wat 'n eienaar is en / of die aktiwiteit van slawe, bediendes, en ondergeskiktes beheer, met die implikasie van absolute, en in sommige gevalle, arbitrêre jurisdiksie" - 'eienaar, baas' (Louw & Nida, 1989,1:559).

[57.14] οἰκοδεσπότης, ου m : "iemand wat 'n huishouding besit en bestuur, insluitende gesinslede, bediendes, en slawe" - 'baas van die huishouding' (Louw & Nida, 1989,1:559).

---

<sup>68</sup> [57.1] ἔχω, κατέχω, κατάσχισις, εως "to have or possess objects or property (in the technical sense of having control over the use of such objects) - 'to have, to own, to possess, to belong' (Louw & Nida, 1989,1:558).

<sup>69</sup> Eienaarskap lei gewoonlik in 'n meerdere of mindere mate tot die sosiale sanksie van die reg van die eienaar om die betrokke objek ter sprake te gebruik en die verpligting van nie-eienaars om daardie reg te erken en om te weerhou van sodanige gebruik (Louw & Nida, 1989,1 : 558).

<sup>70</sup> Die betekenis van "hê / besit" kontrasteer met vashou, vasgryp (Domein 18), die geheel, deel verhouding (Domein 63), om in 'n verhouding te staan tot (Domein 89), om in 'n staat of toestand te wees (Domein 13) om gesag, mag of beheer oor persone of objekte (voorwerpe) te hê, hetsy sosiologies of fisies (Domein 37) (Louw & Nida, 1989,1 : 558).

	37. 51	37. 63	57. 11	57. 12	57. 13	57. 14	46. 5	87. 76
<b>Aktiwiteit</b>								
Besit eiendom	+	-	+	+	+	+	-	-
Besit 'n huishouding	-	-	↓	+	+	+	-	-
Besit persone & besittings	-	+	-	+	+	+	-	-
Heers oor, mag oor ander	+	-	-	+	+	+	-	-
Algehele mag / gesag oor mense	-	+	-	-	+	-	-	-
Absolute jurisdiksie oor persone	-	-	-	-	+	-	-	-
Soms arbitrêre jurisdiksie	-	-	-	-	+	-	-	-
Dien 'n eienaar	-	-	-	-	-	-	+	+
Onder absolute jurisdiksie	-	-	-	-	-	-	+	+
Gehoorsaamheid verskuldig	-	-	-	-	-	-	+	+
Onder arbitrêre jurisdiksie	-	-	-	-	-	-	+	+
<b>Sosiale status</b>								
Hoë status	+	+	-	+	+	+	-	-
Hoë status en respek	-	+	-	+	+	-	-	-
Lae status	-	-	-	-	-	-	+	+
Respek verskuldig aan baas	-	-	-	-	-	-	+	+
In die mag van 'n baas	-	-	-	-	-	-	+	+
Word besit deur 'n baas	-	-	-	-	-	-	+	+
Baas / eienaarskap	-	-	+	+	+	+	-	-
Oor slawe, bediendes, onderdane	-	-	-	-	+	-	-	-
Geen eienaar	-	-	-	-	-	-	+	+
Oor familie, bediendes, slawe	-	-	-	-	-	+	-	-
<b>Werkstatus</b>								
Eienaar	+	+	+	+	+	+	-	-
Werkgewer – baas	-	-	-	+	+	+	↓	-
Werknemer – slaaf	-	-	-	-	-	-	↓	↑
Werknemer – bediende	-	-	-	-	-	-	+	↓
<b>Werkplek</b>								
Die huishouding	-	+	-	+	+	+	+	↓
Onbekend	+	-	↓	-	↓	-	-	-
<b>Vertaling</b>								
Heerser, eienaar, baas	+	-	-	-	-	-	-	-
Eienaar, heerser, baas, Here	-	+	-	-	-	-	-	-
Eienaar	-	-	+	-	-	-	-	-
Eienaar, baas, heer	-	-	-	+	+	-	-	-
Baas van huishouding	-	-	-	-	-	+	-	-
Huisbediende	-	-	-	-	-	-	+	-
Slaaf	-	-	-	-	-	-	-	+

Uit die matriks kan die volgende afleiding gemaak word :

- Subdomeine 37.51 en 37.63 het die gemeenskaplike betekenis-komponent van *heers of gesag uitoefen oor ander persone*. Albei subdomeine word vertaal met *heerser, eienaar, baas*. In eersgenoemde domein word *heerser* as eerste vertaalmoontlikheid gegee en *eienaar, baas* tweede, terwyl in subdomein 37.63 word *eienaar, baas* as eerste vertaalmoontlikheid aangegee en *heerser* as tweede moontlikheid. Subdomein 37.63 word egter verder gekwalifiseer as 'n *persoon wat oor algehele of absolute gesag beskik oor ander*. Die seggenskap en heerskappy wat ter sprake is, is volstreekte heerskappy. Uit die definisies in subdomeine 37.51 en 37.63 kan afgelei word dat na persone in gesagsposisie verwys word wat (afhange van die spesifieke konteks) onder andere persone *as eiendom besit het* en oor hulle byvoorbeeld *in die huishouding gesag uitgeoefen het*.<sup>71</sup> Subdomein 37.63 bevat egter ook die vertaalmoontlikheid "Here" wat vir God en vir Jesus Christus gebruik word.

<sup>71</sup> Die teksverwysing naamlik Matteus 6:24 wat by subdomein 37.51 asook 1 Timoteus 6:1 wat by subdomein 37.63 vermeld word verwys na base of eienaars. Ten einde tot 'n geldige betekenisdefinisie van die woord *δεσπότης* te kom, word al die betekenis-komponente in 37.63 en 57.13 wat ooreenstem, gekombineer en kortliks saamgevat.

Subdomeine 57.11 - 57.14 kan al vier met die vertaling "eienaar of baas" weergegee word. Subdomein 57.11 bevat 'n meer algemene betekenisdefinisie : "n persoon wat eiendom besit", terwyl subdomeine 57.12 tot 57.14 die volgende gemeenskaplike betekenis-komponente deel :

In al drie subdomeine is sprake van 'n persoon wat eiendom besit/ eienaar is; subdomein 57.14 verwys na 'n persoon wat 'n huishouding besit en beheer ; wat slawe en bediendes beheer; subdomein 57.13 verwys na 'n persoon wat ondergeskiktes besit en beheer, terwyl subdomein 57.14 na 'n persoon verwys wat ook beheer oor gesinslede uitoefen.

Die volgende verskille kan tussen subdomeine 57.12-57.14 aangetoon word :

- **Sosiale status en respek** : In subdomein 57.12 word die semantiese komponent van hoë status en respek vermeld; In 1 Petrus 2:18 word die woord φόβος<sup>72</sup> in verband gebring met die houding van die huisbediendes teenoor hulle δεσπόται.
- **Beheer** : In subdomein 57.13 is sprake van absolute jurisduksie oor slawe, bediendes en onderdane en in sommige gevalle arbitrêre jurisdiksie.

T.o.v. die woord δεσπότης kan die volgende basiese betekenis-komponente onderskei word :

- In subdomein 37.63 word 'n δεσπότης gedefinieer as 'n persoon

wat heers of gesag uitoefen oor persone,  
wat oor algehele of absolute gesag beskik oor ander,  
wat eiendom, waaronder ook persone besit het  
en wat vertaal kan word met **eienaar / heerser**,

- In subdomein 57.13 word 'n δεσπότης gedefinieer as 'n persoon

wat eiendom besit ;  
wat aktiwiteite van slawe, bediendes en onderdane beheer ;  
wat slawe, bediendes en onderdane met absolute jurisdiksie beheer en  
wat in sommige gevalle persone met arbitrêre (willekeurige) jurisdiksie  
beheer en wat vertaal kan word met **eienaar, baas, heer**

Uit die kontrastering van οἰκέτης en δοῦλος met die woord δεσπότης in die laaste matriks kan die volgende basiese betekenis-komponente ten opsigte van οἰκέτης (subdomein 46.5) en δοῦλος (subdomein 87.76) onderskei word:

- 'n οἰκέτης kan gedefinieer word as 'n persoon

---

<sup>72</sup> Louw & Nida (1989,2 :258) dui aan dat die woord φόβος onder andere in subdomeine 25.251 & 53.59 voorkom. In subdomeine 25.251 word dit weergegee met "vrees" (Louw & Nida, 1989,1:316), terwyl dit in subdomein 53.59 weergegee word met "eerbied, ontsag" spesifiek vir God (Louw & Nida, 1989,1:541). Louw & Nida bring die woord in subdomein φόβος in subdomein 53.59 nie in verband met 'n mens bv. 'n baas nie, terwyl dit in 1 Petrus 2:18 waarskynlik met die betekenis gebruik word. Laasgenoemde betekenis-moontlikheid kan in die Louw & Nidawoordeboek by subdomein 53.59 gevoeg word.

wat nie eiendom of 'n huishouding besit nie;  
 wat nie normaalweg / noodwendig beheer oor persone uitoefen nie;  
 wat 'n lae en ondergeskikte posisie in die huishouding beklee;  
 eiendom van 'n baas / eienaar is;  
 wat onder die absolute en soms arbitrêre jurisdiksie van 'n baas staan;  
 gehoorsaamheid en respek aan 'n baas verskuldig is  
 en as werknemer (huisbediende, huisslaaf) vir 'n huiseienaar werk.

- 'n *δοῦλος* kan gedefinieer word as 'n persoon

wat nie eiendom of 'n huishouding besit nie;  
 wat nie beheer oor persone uitoefen nie;  
 wat 'n lae en ondergeskikte posisie onder andere in die huishouding beklee;  
 wat eiendom van 'n eienaar is;  
 wat onder die absolute en soms arbitrêre jurisdiksie van 'n baas staan;  
 wat gehoorsaamheid en respek aan sy baas verskuldig is;  
 en as werknemer (slaaf, bediende) in die huishouding en elders werk .

Uit die pasgenoemde betekenisdefinisië van *οἰκέτης* en *δοῦλος* blyk dat albei woorde grootliks sinoniem voorkom, met dié verskil dat 'n huisbediende hoofsaaklik in die huishouding werk, terwyl slawe ook ander werk kon verrig.

Uit die betekenisdefinisië is dit nie moontlik om aan te toon of huisbediendes ook vry persone (vrygeborenes en vrygesteldes) ingesluit het nie (vgl. hoofstuk 2), omdat hulle nie onder die jurisdiksie van 'n baas gestaan het nie. Van slawe kan gesê word dat die benaming *δοῦλος* en *ἐλεύθερος* mekaar uitgesluit het.

#### 4.3.7 Gevolgtrekking

In die lig van die navorsing in hierdie hoofstuk blyk dit dat die Louw & Nida woordeboek die betekenisdefinisië van die woord *οἰκέτης* verskraal. Die woord *οἰκέται* het in sekere kontekste verseker slawe, waarskynlik *huisslawe*, maar nie noodwendig net slawe aangedui nie. Meeste navorsers aanvaar dat die woord *οἰκέται* net op slawe dui asof die woorde *δοῦλοι* en *οἰκέται* volstrekke (uitruilbare) sinonieme is. Met die meer algemene (omvattende) woord *οἰκέτης / οἰκέται* wat alle dienaars in die huishouding insluit, word slawe en enige ander bediende wat vir 'n eienaar werk, binne en buite die huis gedefinieer.

#### 4.4 Samevattende gevolgtrekking : 'n Betekenisdefinisie van οἰκέτης in 1 Petrus 2:18

Die persoon wat deur die woord οἰκέτης aangedui word, kan dus omskryf word as 'n persoon

**wat nie eiendom of 'n huishouding besit nie;**  
**wat nie normaalweg beheer oor ander persone uitoefen nie;**  
**wat 'n lae en ondergeskikte posisie in die huishouding beklee;**  
**eiendom van 'n aardse baas / eienaar is;**  
**wat onder die absolute en soms arbitrêre jurisdiksie van 'n baas staan;**  
**wat gehoorsaamheid en respek aan 'n baas verskuldig is;**  
**as werknemers (huisbediende, huisslaaf, bediende, slaaf) vir 'n huiseienaar gewone nederige diens verrig het, soms van 'n persoonlike aard.**

- Die woord οἰκέτης se betekenisdefinisie is soos volg :

**“ 'n Persoon wat nie eiendom besit nie, van 'n lae sosiale posisie (status) is, wat as ondergeskikte, laasgenoemde met respek en volstreekte gehoorsaamheid as baas dien, soms van 'n persoonlike aard, dikwels in die huishouding” .**

Die woord οἰκέτης kan, afhangende van die konteks met een van die volgende vertaal word:

***“huisbediende, bediende (dienaar), huisslaaf, slaaf, persoonlike bediende / -slaaf” .***

---

# HOOFSTUK 5

## Die tekstuele konteks en detail-eksegese van 1 Petrus 2:18-25

### Oorsig

#### 5.1 Inleiding

#### 5.2 Die plek van 2:18-25 in die eerste Petrusbrief

#### 5.3 Die doel en boodskap van 1 Petrus

#### 5.4 Die genre van 1 Petrus en 1 Petrus 2:18-25

#### 5.5 Ontleding van die gedagte-opbou van 1 Petrus 2:18-25

##### 5.5.1 Ontleding op mikrovlak

##### 5.5.2 Ontleding op makrovlak

#### 5.6 Detail-eksegese van 1 Petrus 2:18-25

##### 5.6.1 Die opdrag aan huisbediendes : onderwerp julle(2:18)

###### 5.6.1.1 Huisbediendes (οἰκέται)

###### 5.6.1.2 Onderwerp julle aan julle base (δεσπόταις)

###### 5.6.1.3 Met alle eerbied (ἐν παντὶ φόβῳ)

###### 5.6.1.4 Gevolgtrekking

##### 5.6.2 Eerste motivering vir die opdrag tot onderwerping (2:19-20)

###### 5.6.2.1 Dit is genade (χάρις)

###### 5.6.2.2 Ter wille van die gewete voor God (διὰ συνείδησις θεοῦ)

###### 5.6.2.3 Lyding verduur (ὑποφέρει τις λύπας)

###### 5.6.2.4 Onregverdig ly (πάσχων ἀδίκως)

###### 5.6.2.5 Water eer (roem) is daar ? (ποῖον γὰρ κλέος)

###### 5.6.2.6 Verduring as gevolg van kwaaddoen

(εἰ ἁμαρτάνοντες ὑπομενεῖτε)

###### 5.6.2.7 Goeddoen te midde van lyding

(ἀγαθοποιούντες καὶ πάσχοντες ὑπομενεῖτε)

###### 5.6.2.8. Samevattende gevolgtrekking

##### 5.6.3 Tweede motivering vir die opdrag tot onderwerping (2:21-25)

###### 5.6.3.1 Deur God geroep (ἐκλήθητε)

###### 5.6.3.2 Christologiese motivering vir onderwerping (2:21-24)

###### a) Christus het ter wille van julle onregverdig gely

(Χριστὸς ἔπαθεν ὑπὲρ ὑμῶν ὑμῖν)

###### b) Christus se voorbeeld (ὑπογραμμὸν)

###### c) Christus se voetspore (τοῖς ἰχνεσιν αὐτοῦ)

###### Gevolgtrekking

###### i) Voetspoor 1 : Hy het geen sonde gedoen nie

###### ii) Voetspoor 2 : In sy mond is geen bedrog gevind nie

###### iii) Voetspoor 3 : Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie

###### iv) Voetspoor 4 : Toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie

###### v) Voetspoor 5 : Hy het alles oorgegee aan Hom wat regverdig oordeel

##### 5.6.4 Christus het self ons sondes gedra en ons genees (2:24)

###### 5.6.4.1 Die enigste soenoffer van sy liggaam

###### 5.6.4.2 Hy het self ons sondes gedra

(ὅς τὰς ἁμαρτίας ἡμῶν αὐτὸς ἀνήνεγκεν)

###### 5.6.4.3 In sy liggaam op die kruis (ἐν τῷ σώματι αὐτοῦ ἐπὶ τὸ ξύλον)

5.6.4.4 Die tweërlei uitwerking van sy kruisdood

a) Die afsterwe van die sonde (ἵνα ταῖς ἀμαρτίαις ἀπογενόμενοι)

b) 'n Nuwe lewe volgens die wil van God (τῇ δικαιοσύνῃ ζήσωμεν)

5.6.4.5 Deur sy wond is julle genees (οὗ τῷ μώλωπι ἰάθητε)

5.6.4.6 Gevolgtrekking

**5.6.5 Die geadresseerdes se bekering (2:25)**

5.6.5.1 Soos ronddwalende skape

(ἦτε γὰρ ὡς πρόβατα πλανώμενοι)

5.6.5.2 Julle is bekeer (ἐπεστράφητε)

5.6.5.3 Die Herder en Bewaker van julle lewe

(ἐπὶ τὸν ποιμένα καὶ ἐπίσκοπον τῶν ψυχῶν ὑμῶν)

5.6.5.4 Gevolgtrekking

**5.7 Samevattende gevolgtrekkings**

## 5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die tekstuele konteks van 1 Petrus 2:18-25 aan die orde gestel. Met die *tekstuele konteks van die perikoop* word verwys na die plek van die perikoop binne die brief en die Bybel en hoe dit met die ander onderdele van die brief en die Bybel saamhang (De Klerk & Van Rensburg, 1999:8). Die doel, boodskap en genre van 1 Petrus word vervolgens toegelig waarna hoofstuk 2:18-25 as *huistafelgedeelte* binne die verband van die hele Brief ontleed word.

## 5.2 Die plek van 2:18-25 in die eerste Petrusbrief

In die aanvanklike afbakening van 1 Petrus 2:18-25 as perikoop word aangesluit by die indeling van die UBS teks (die vierde gekorrigeerde Uitgawe, 1993:789 e.v.).

In aansluiting by Van Rensburg (1992:26-41), De Klerk & Van Rensburg (1999:9 e.v.) word die plek van die genoemde perikoop binne 1 Petrus bepaal. De Klerk & Van Rensburg (1999:9 e.v) stel die plek van 1 Petrus 2:11-12 en 2:18-25 binne die geheel van 1 Petrus soos volg voor:

1 Pet 1:1-2: Outeur, geadresseerdes en groet
1:3-12: Lof kom toe aan God wat julle in Christus weergebore laat word het
Vier opdragte op grond van die weergebore deur God
Opdrag 1: 1:13-25: Vestig julle hoop op die genade, en daarom moet julle leefstyl heilig wees
Opdrag 2: 2:1-10: 'n Weergeborene se plig t.o.v. sy persoonlike groei, en sy saamgroei met medegelowiges
<b>Opdrag 3: 2:11-4:19: Gedragsvoorskrifte vir vreemdelinge en bywoners:</b>
2:11-12: Die basiese opdrag vir alle verhoudings
2:13-17: Verhouding met landsowerheid
2:18-25: Verhouding met werkgewers
3: 1-7 : Verhouding met huweliksmat
3: 8-12: Verhouding met naaste in algemeen
3:13-4:19: Houding teenoor en reaksie op veronregting
Opdrag 4: 5:1-11: Opdragte vir gedrag binne die kerk
1 Pet 5:12-14: Slot: Briefdoel, groetes en briefslot

Dit blyk dus hiervolgens dat 2:11-12, 18-25 binne Opdrag 3 (2:11-4:19) voorkom. Die plek van 2:11-12 en 2:18-25 binne die geheel van 2:11- 4:19 blyk uit die volgende voorstelling van De Klerk & Van Rensburg (1999:10) :

**Hoofstuk 2:11-4:19: Opdrag 3 op grond van die weergeboorte deur God**

**Die basiese opdrag: Gedra julle goed in alle verhoudings**

2:11-12: Aangesien julle vreemdelinge en bywoners is, moet julle nie aan sinlike begeertes toegee nie. Julle moet julle goed onder die heidene gedra.

**Toegepas op die verhouding met die landsowerheid**

2:13-17: Onderwerp julle aan elke menslike owerheid, omdat die Here dit wil.

**Toegepas op die verhouding met werkgewers**

2:18-25: Ook aan onredelike werkgewers moet julle, julle onderwerp, in navolging van Christus.

**Toegepas op die verhouding met huweliksmaat**

3:1-7: Ook in 'n samelewing waar teen die vrou gediskrimineer word, bly God se huweliksoopdrag geld.

**Toegepas op die verhouding met die naaste in die algemeen**

3:8-12: Die sleutel tot ware lewensvreugde lê in die uitvoering van God se opdragte t.o.v. die naaste.

**Toegepas op die houding teenoor en reaksie op veronregting**

3:13-4:19: Selfs as julle sou ly omdat julle doen wat reg is, moet julle dit as 'n voorreg beskou, en aanhou goed doen.

1 Petrus 2:11- 4:19 vorm die derde van vier opdragte wat op 1 Petrus 1:3-12 gegrond is. Hoofstuk 2:11-12 vorm die inleidende verse. Die basiese opdrag vir goeie gedrag in alle verhoudings word in 2:11-12 gegee. Hierdie basiese opdrag word dan op vyf wyses toegepas naamlik teenoor die owerheid (2:13-17), werkgewers (2:18-25), huweliksmaats (3:1-7), die naaste in die algemeen (3:8-12) en in 'n situasie van veronregting (3:13-4:19) (De Klerk & Van Rensburg, 1999:9 e.v.).

Daar is geen voegwoordelike partikel (soos bv. οὖν of γάρ) aan die begin van 1 Petrus 2:11 v.v. wat 'n eksplisiete aanduiding gee van die verhouding van 2:11v.v. met die voorafgaande perikope van 1 Petrus nie. Op grond van inhoudelike oorwegings word 2:11v.v. geïnterpreteer as 'n opdrag op grond van die weergeboorte deur God (1:3).

Alhoewel Selwyn (1947:169) se indeling van De Klerk & Van Rensburg verskil, en laasgenoemdes se indeling gevolg word, beklemtoon Selwyn tereg dat die outeur van 1 Petrus met 'n kort algemene paragraaf in 2:11-12 begin. In 2:11-12 word 'n samevatting gegee van 1:13-25 oor 'n heilige leefstyl. Hierdie heilige leefstyl spruit trouens voort uit die weergeboorte wat in 1:3 ter sprake is. Net soos De Klerk & Van Rensburg (1999:9) beklemtoon Selwyn die plek van 2:11-12 as die begin van onder andere die huistafelgedeelte (vgl. Elliott, 1985:186).

Die frase παρακαλῶ .... ἀπέχεσθαι in 2:11 (*ek dring by julle aan om nie toe te gee nie*) het die krag van 'n imperatief, en beheers die geheel van 2:11-12. Die werkwoord ὑποτάγητε in 2:13 vorm die volgende imperatief. Dit beheers die geheel van 2:13-17. 'n Selfstandige perikope begin dus by 2:13 (De Klerk & Van Rensburg, 1999:9).

Alhoewel daar geen voegwoordelike partikel (soos bv. δέ) is wat 'n eksplisiete aanduiding gee van die verhouding van 2:18-25 met die voorafgaande nie, word die deelwoord ὑποτασσόμενοι geïnterpreteer as 'n kontinuering van ὑποτάγητε, die imperatief in 2:13. Die hoofwerkwoord van 2:18-25 is dus die deelwoord ὑποτασσόμενοι. Die perikoop 2:18-25 word egter op inhoudelike gronde geïnterpreteer as die tweede praktiese toepassing van die basiese opdrag in 2:11-12 in verband met vreemdelingskap.

## Gevolgtrekking

1 Petrus 2:18-25, wat handel oor die verhouding van die huisbediendes tot hulle eenaars, kom in die groter gedeelte naamlik 1 Petrus 2:11- 4:19 voor. 1 Petrus 2:11- 4:19 is die derde van vier opdragte wat op 1 Petrus 1:3-12 gegrond is. Hoofstuk 2:11-12 vorm die inleidende verse van 2:11- 4:19, en dien as basiese opdrag vir goeie gedrag in alle verhoudings. Hierdie basiese opdrag (2:11-12) word dan op vyf wyses toegepas, naamlik teenoor die owerheid, werkgewers, huweliksmaats, die naaste in die algemeen en weer eens in 'n situasie van veronregting.

## 5.3 Die doel en boodskap van 1 Petrus

In hoofstuk 5:12 word die doel van 1 Petrus aangedui : " Silvanus, wat na my mening 'n getroue broer is, het vir my hierdie kort briefie aan julle opgestel om julle te bemoedig en julle te verseker dat hierdie dinge die ware genade van God is. Staan hierin vas!"

- In die geadresseerde Christene se moeilike omstandighede as vreemdelinge en bywoners (1:1,17; 2:11), word hulle bemoedig met en verseker van God se beloftes. Al word hulle swaar beproef (1:6,7; 4:12) en dikwels blootgestel aan beledigings en kwaadpraat, asook aan ander vorms van onregverdige lyding<sup>1</sup> (2:19; 3:1,9,14,16,17; 4:12,14,16), word hulle bemoedig en verseker dat alles nie tevergeefs is nie. Die Christelike hoop staan deurentyd sentraal (1:3-5,21; 3:15; 4:7).
- Ten spyte van hulle lyding is hulle uitverkore (1:2;2:9;5:13), weergebore kinders (1:3,23;2:1) van hul Vader wat hulle gekoop het met Christus se kosbare bloed (1:18-19). Deur die geloof is hulle verenig met die uitverkorene en heilige Een, Jesus Christus. Hy het hulle ingelyf in die huishouding van God (οἶκος πνευματικὸς), Hy het hulle sy uitverkore, heilige eiendomsvolk (2:4-10) gemaak. Hulle is erfgename van 'n ononteynbare (ewige) erfenis (1:3-5). Hulle glo onwrikbaar die Woord wat aan hulle verkondig is (1:12). Deur die Woord (die saad van die weergeboorte) het hulle weergeboorte plaasgevind (vgl. Elliott, 1985:186). Hulle Vader wat ook die regverdige Regter is, sal oor al die onreg wat hulle

<sup>1</sup> Die probleem van lyding loop soos 'n goue draad deur die brief (Goppelt, 1993:18). Die brief het 'n eenvormige tematiese fokus : die bestaan van Christene in 'n nie-Christelike samelewing en die oorwinning van daardie samelewing deur verdrukking te verdra, met ander woorde om te ly (Goppelt, 1993:19). Anders as die Esseners, mag Christene hulle nie onttrek aan die samelewing nie. Hulle moet nie die samelewing verwerp nie, maar op 'n verantwoordelike wyse daarin betrokke wees (vgl. Goppelt, 1993:19). In die eerste Petrusbrief is die fundamentele probleem eskatologiese bestaan in die konteks waarbinne hulle lewe as vreemdelinge en die aanvaarding van hulle verpligtinge binne die instellings van die samelewing (Goppelt, 1993:20).

in die wêreld moet verduur, (regverdig) oordeel, maar intussen sal Hy hulle ongeskonde bewaar (1:5). Hulle word opgeroep om met volharding uit te sien na die dag wanneer hulle finaal verlos sal word (1:5,7,9-11; 5:10).

- Op grond van hulle verbintenis met God en Jesus Christus, is hulle geroepe om in hulle moeilike omstandighede, volgens hul gewete (2:19), dit is volgens die wil van God (4:2), uit eerbied vir die Here (2:17) te lewe. Uitverkore, weergebore kinders is ook en moet ook gehoorsame kinders van God wees. God het hulle losgekoop uit hulle sinlose lewensbestaan, hulle is nou God se vrymense (2:16), sodat hulle Hom as sy slawe (2:16) kan dien. God is heilig, daarom moet hulle ook heilig wees (1:15,16). Hulle leefstyl van gehoorsame goeddoen, moet 'n onweerspreekbare getuienis teenoor nie-Christene wees.
- 1 Petrus is 'n bemoedigings- en aansporingsbrief te midde van lyding. Die Christelike hoop speel 'n kardinale rol. Christene word aangegespoor om in alle verhoudings in ooreenstemming met die Christelike hoop te lewe. Ongeag wat ander doen en die geadresseerdes aandoen, moet laasgenoemdes aanhou goeddoen en hul lyding met blymoedigheid dra en verdra. Leer en lewe, geloof en praktyk, is onlosmaaklik aan mekaar verbonde (Guthrie, 1974:791). Dié brief het veral te doen met die houding van Christene teenoor die wêreld van hulle dag. Christene word geroep om goeie werke te doen. Goeie werke is die uiting van hulle geloof en gehoorsaamheid aan God ((Van Unnik, 1980:84; De Villiers, 1988:147).

### **Gevolgtrekking**

Die doel van die eerste Petrusbrief is om die geadresseerdes in hulle beproewende omstandighede te bemoedig. Te midde van die allerswaarste, dit is onregverdig lyding as uitlanders en bywoners, word hulle verseker van hulle ware identiteit as uitverkore, verlose en weergebore kinders van God. As weergeborenes word hulle opgeroep om hulle lyding in alle verhoudings te verdra en aan te hou goeddoen teenoor alle mense, ook diegene wat hulle kwaad aandoen.

### **5.4 Die genre van 1 Petrus en 1 Petrus 2:18-25**

Die genre van 1 Petrus is *Brief (vgl. hoofstuk 2)*, en die hermeneutiese reëls vir die interpretasie van briefliteratuur en huistafels word dus verdiskonteer (De Klerk en Van Rensburg, 1999:12).

1 Petrus 2:18-25 maak deel uit van die mikrogenre *huistafels*. Die huistafels<sup>2</sup> is gerig tot bepaalde groepe (in die gemeente) en die lede van elke groep word in hulle situasie en met betrekking tot hulle situasie aangespoor, byvoorbeeld in die huwelik, huisgesin en op die werksterrein (Floor, 1986:24; Bailey & Vander Broek, 1992:68 e.v.; Balch, 1992:318 e.v.; Aune, 1987:196).

---

<sup>2</sup> Vir 'n breedvoerige bespreking van die huistafels in die Nuwe Testament vergelyk (Floor, 1986; Bailey & Vander Broek, 1992:68-72; Aune, 1987:196; Balch, 1981 & 1992:318-320; Verner, 1983).

1 Petrus 2:11-12 dien as inleiding en basis tot die huistafelgedeelte wat bestaan uit die huistafels (2:13-3:7) wat volg:

- 2:13-17: Opdragte vir die verhouding met owerheidspersone
- 2:18-25: Opdragte vir die verhouding met base
- 3:1-7: Opdragte vir die verhouding met die huweliksmaat.

Die eerste twee huistafelgedeeltes (vir die verhouding met die landsowerheid en met base) bevat 'n eksplisiete oproep tot onderdanigheid terwyl die gedeelte oor die huwelik, 'n oproep tot onderdanigheid ten opsigte nie van alle vroue nie, maar van die getroude vrou impliseer.

- Die huistafel in 1 Petrus verskil van die ander huistafels in die Briewe van Paulus. Die huisbediendes (οἰκέται) word in 1 Petrus eerste aangespreek, gevolg deur "getroude vroue" en "getroude mans" terwyl die verhouding kinders en ouers in die huistafel van 1 Petrus ontbreek.<sup>3</sup> In die ander huistafels, byvoorbeeld dié wat in die Kolossense- en Efesiërbriewe voorkom, word die vroue eerste, daarna die mans, dan die kinders en pa's en daarna die slawe en die base aangespreek (Richardson, 1987:70 e.v.; Selwyn, 1947:423,429-431).
- Slawe en base word nie op die konvensionele manier met die woorde δοῦλοι en κύριοι aangedui nie, maar met die woorde οἰκέται en δεσπότες respektiewelik (Goppelt, 1993:194; Elliott, 1985:187). Die woord οἰκέται word met *bediende* of *huisbediende* weergegee, omdat die woord sowel die slawe as die vry mense wat in die huishouding gewerk het, kan aandui (vgl. hoofstuk 2).
- Alhoewel daar na die base (δεσπότες) verwys word en onderdanigheid aan hulle geëis word, word hulle nie self aangespreek nie. Daar word ook nie na hulle verantwoordelikheid teenoor hulle huisbediendes verwys nie (Richardson, 1987:71).
- Slegs die huisbediendeperikoop in die huistafelgedeelte van 1 Petrus bevat 'n Christologiese fundering (Elliott, 1985:186-187). Hierdie Skrifdeel is baie sentraal en funksioneel geplaas, tussen die huistafelgedeelte wat handel oor die verhouding tot owerheidspersone (2:13-17) en die gedeelte wat handel oor die huweliksverhouding (3:1-7). Die gedeelte in 2:18-25 word primêr tot huisbediendes gerig, maar dit het implikasies vir alle Christene (Richardson, 1987:73).

Die onbelangrikste persone, naamlik die huisbediendes en slawe, wat die laagste status in die destydse samelewing gehad het, word geïdentifiseer met Christus wat volgens Jesaja 53 Homself verneder en 'n gestalte van 'n slaaf aangeneem het (vgl. ook Fil. 2:6-8). Hy het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie (Mark. 10:45). Hierdie onbelangrikste persone in die destydse samelewing, word die rolmodelle vir al die ander persone in die samelewing (Senior, 1982:434). Die Christologiese

<sup>3</sup> Dit is moontlik dat die kinders by die huisbediendes gereken kon gewees het, maar geen grond hiervoor word in die konteks van 1 Petrus of in die Nuwe Testament gevind nie.

fundering spoor Christene in verskillende verhoudings aan om Christus na te volg en hulle eie kruis te dra.

## **Gevolgtrekking**

As onderdeel van die eerste Petrusbrief kom 2:18-25 in die grotere huistafelgedeelte van 2:11 – 3:7 voor. Al drie huistafelgedeeltes roep persone in ondergeskikte posisies in die samelewing op tot onderdanigheid. 1 Petrus 2:18-25 bevat die oproep tot huisbediendes. Die ander huistafels in die Nuwe Testament gebruik die woord δούλος (slaaf), terwyl οἰκέτης (huisbediende) in 1 Petrus saam met δεσπότης in plaas van κύριος gebruik word.

Die huisbediendedeel is baie sentraal in die hele huistafelgedeelte van die Brief geplaas. Dit bevat 'n Christologiese fundering wat nie net as aansporing vir huisbediendes dien nie, maar ook vir alle Christene in alle verhoudings. Die lydende Christus en die lydende huisbediendes word in verband gebring met mekaar. Die vernederde Christus word as voorbeeld vir die nederigste groep in die destydse samelewing voorgelê.

### **5.5 Ontleding van die gedagte-opbou van 1 Petrus 2:18-25**

In die ontleding van die gedagteopbou van 1 Petrus (spesifiek 2:18-25) word gebruik gemaak van die teksontledingsmetode van De Klerk & Van Rensburg (1999:12 e.v.). Die relasies tussen die komponente van die teks word op mikro- en makrovlak ontleed<sup>4</sup>.


#### **5.5.1 Ontleding op mikrovlak**


Die gedagte-opbou op mikrovlak is die interrelasies van alle eenhede van die teks, insluitend dié van die kleinste eenhede (rededele) van die teks (De Klerk & Van Rensburg, 1999:15). De Klerk & Van Rensburg (1999:15) dui die verskil tussen ontleding op mikro- en makrovlak soos volg aan :

“Die ontleding van gedagte-opbou op mikrovlak gee 'n interpretasie tussen **alle komponente**. Die ontleding van gedagte-opbou op makrovlak gee 'n interpretasie van die relasies van die **gedagte-eenhede** van die teks. Die enigste verskil tussen die twee is dus een van detail: op mikrovlak word alle relasies aangedui, terwyl die ontleding op makrovlak die relasies slegs tussen gedagte-eenhede aandui.”

---

<sup>4</sup> Vir 'n breër teoretiese fundering ten opsigte van hierdie wyse van teksontleding, vgl. De Klerk & Van Rensburg (1999:12-20).





(De Klerk & Van Rensburg, 1999:22-24)

## 5.5.2 Ontleding op makrovlak

Die gedagte-opbou op makrovlak is die inter-relasies van alle gedagte-eenhede van die teks, m.a.w. nie dié van rededele onderling met mekaar nie, maar van gedagte-eenhede (De Klerk & Van Rensburg, 1999:15). Hier volg die voorstelling van die gedagte-opbou van 1 Petrus 2:18-25 op makrovlak (De Klerk & Van Rensburg, 1999:26-27).

### 1 Pet 2:18-25: Tweede praktiese toepassing van die algemene beginsel van 2:11-

*Die basiese opdrag aan werknemers*

**2:18: Onderwerp julle met die nodige ontsag aan julle werkgewers, of hulle nou goedhartig en vriendelik is of onredelik**

*Motivering vir die opdrag om jou ook aan onredelike base te onderwerp*

**2:19: Verduring van onverdiende lyding vanweë getrouheid aan God, is genade**

*Die motivering nog nader uitgespel*

- 2:20a: Immers, as julle dit verdra wanneer julle oortree het, en dan gestraf word, watter verdienste is daarin?
- 2:20b: As iemand dit egter verdra wanneer hy goed doen, en dan ly, dít is genade by God

*Motivering vir die oproep om ten spyte van onverdiende lyding julle aan (ook onredelike) base te onderwerp*

**2:21a: Juis hiervoor is julle ook geroep**

*Die rede vir julle roeping hiertoe*

**2:21b: omdat Christus ter wille van julle gely en sodoende vir julle 'n voorbeeld gestel het**

*Die oogmerk met Christus se voorbeeld*

**2:21c: sodat julle in sy voetspore kan volg**

*Christus se "voetspore" uitgespel*

- 2:22a: Hy het geen sonde gedoen nie, ja, uit sy mond het daar nooit 'n leuen gekom nie
- 2:23a: Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie
- 2:23b: toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie
- 2:23c: maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel

*Eerste faset van Christus se lyding*

**2:24a: Hy het self julle sondes in sy liggaam aan die kruis gedra**

*Die gevolge van Christus se kruisdood*

- 2:24b: en gevolglik is julle vir sondes dood
- 2:24c: en kan julle in gehoorsaamheid aan die wil van God lewe

*Tweede faset van Christus se lyding*

**2:24d: Deur sy wond is julle nou gesond**

*Motivering vir die "volg"-opdrag*

**2:25: Julle het immers soos skape rondgedwaal, maar nou het julle teruggekem na die Herder en Bewaker van julle lewe (en julle moet dus nou in sy voetspore volg)**

Uit die gedagteopbou-voorstelling op makrovlak blyk die volgende :

- 2:18 bevat die basiese oproep tot onderdanigheid
- 2:19-20 dien as eerste motivering vir die oproep
- 2:21-25 dien as tweede motivering vir die oproep.

Uit 1 Petrus 2:18-25 kan die volgende afgelei word :

2:18 : Die verhouding van *huisbediendes* tot *hul base*  
(Aardse werkgewers)

Die basiese opdrag tot gewillige gewetensvolle onderwerping;

#### **Onderwerping**

2:19-20: Eerste motivering vir opdrag tot onderwerping;

Veronregte huisbediendes : Sonde doen of goed doen  
straf of lof

#### **Onderwerping as geroepenes**

2:21-24: Tweede motivering vir opdrag tot onderwerping;

Veronregte Dienaar : nie sonde gedoen, net goed gedoen  
(voetspore)

net lof

#### **Onderwerping as navolgers**

#### **Lofwaardige voetspore van dié Bediende**

2:25: Die verhouding van *dié Herder en Bewaker* tot sy *kudde*  
(*huisbediendes*).

(Hemelse Opdraggewer)

Uit die ontleding blyk dat 'n chiastiese patroon in hierdie Skrifdeel aanwesig is, naamlik:

Huisbediendes

Base

Dienaar-Herder

Huisbediendes (Kudde).

Hieruit word afgelei dat die huisbediendes deurentyd moet onthou dat hulle in die werksituasie nie net in diens van 'n menslike opdraggewer staan nie, maar nog belangriker : hulle staan in diens van hul Goddelike Opdraggewer. Die groot (ste) Dienaar - Herder (Dienaar-Here) en Beskermheer (Skaapwagter) het hulle in hulle unieke omstandighede geroep om Hom onvoorwaardelik te dien.

## **5.6 Detail-eksegese van 1 Petrus 2:18-25**

### **5.6.1 Die opdrag aan huisbediendes : onderwerp julle (2:18)**

<b>UBS Teks</b>	<b>1983 Vertaling</b>
Οἱ οἰκέται ὑποτασσόμενοι ἐν παντὶ φόβῳ τοῖς δεσπόταις. οὐ μόνον τοῖς ἀγαθοῖς καὶ ἐπιεικέσιν ἀλλὰ καὶ τοῖς σκολιοῖς.	Bediendes, onderwerp julle met die nodige ontsag aan julle werkgewers, of hulle nou goehartig en vriendelik is, of onredelik.

### 5.6.1.1 Huisbediendes (οἰκέται)

Die nominatief van adres word vir die aangesprokenes gebruik (Selwyn, 1947:175). Die woord οἰκέται kan weergegee word met : “**huisbediendes, bediendes, huisslawe, slawe, persoonlike bediendes / -slawe**”. In hoofstuk 4, pt. 4.4 is die betekenis van οἰκέτης gedefinieer as ‘n persoon wat nie eiendom besit het nie, van ‘n lae sosiale posisie (status) was, wat as ondergeskikte ‘n baas (eienaar) met respek en volstrekte gehoorsaamheid gedien het, soms van ‘n persoonlike aard en dikwels in die huishouding.

In 2:18 word voorkeur gegee aan die vertaling **huisbediendes of bediendes**, maar dit sou ook weergegee kon word met **huisslawe of slawe**<sup>5</sup>. In hoofstuk 4 is reeds aangetoon dat sowel slawe as vrygelatenes met die woord οἰκέται aangedui kan word (Calvyn, 1979:55; Stibbs & Walls, 1973:114). Huisbediendes (οἰκέται) word aangespreek as lede van ‘n basiese sosiale eenheid (verband) naamlik die οἶκος huishouding (Selwyn, 1947:175; Elliott, 1990:200,201; vgl. hoofstuk 2 pt. 4.1.3. oor die gebruik van οἶκος-terminologie in 1 Petrus).

### 5.6.1.2 Onderwerp julle aan julle base (δεσπότης)

Die praesens partisipium ὑποτασσόμενοι dui op ‘n voortgesette handeling in die hede en sluit aan by die algemene oproep in 1 Petrus 2:13 en kontinueer die imperatief ὑποτάγητε: “Onderwerp julle aan elke menslike instelling ter wille van die Here (vgl. pt. 2 van hierdie hoofstuk; De Klerk & Van Rensburg, 1999:9). Petrus roep die Christene op om hulle in die bestaande samelewing aan die orde wat daar heers, te onderwerp. Die wyse waarop hulle hulle as vreemdelinge en bywoners moet gedra, word aangedui as *onderdanig wees*. In hoofstuk 2:13-3:7 word die onderdanigheidsmotief uitgewerk (Floor, 1986:63). Petrus eis dat die gedragskode streng toegepas word (Van Rensburg, 1991:70). Hierdie gelowiges moet deur hulle gehoorsame onderwerping toon dat die Christelike leefwyse nie ondermynend vir die samelewing is nie. Met hierdie gedragskode word Christelike ondergeskikte lede van nie-Christelike huishoudings aangemoedig om enige gedrag wat as ondermynend vir die huisbaas en dus vir die samelewing verstaan kan word, te vermy.

Die partisipium word as ‘n bevel gebruik (Selwyn, 1947:175; Greijdanus, 1929:111; Kruger, 1981:64). Die huisbediendes moet hulle onderwerp aan hulle base (τοῖς δεσπότης). Δεσπότης dui op persone wat absolute gesag oor hulle huisbediendes (en werknemers in die algemeen) uitgeoefen het (Stibbs & Walls, 1973:114; Greijdanus, 1929:112; Van Houwelingen, 1991:97). Die datief van onderwerping (saam met ὑποτασσόμενοι) aan ‘n persoon wat respek verskuldig is, word gebruik (Bauer, 1974:855).

Twee soorte base word vermeld, naamlik die goeies en billikes, en die slegtes. Selwyn (1947:175; vgl. ook Richardson, 1987:72) is van mening dat

<sup>5</sup> Volgens Best (1971:117) dui die woord οἰκέται huisslawe aan (vgl. ook Marshall, 1993). Baie van die οἰκέται was goed opgevoede (geleerde) mense en het belangrike en verantwoordelike posisies in huishoudings beklee (Floor, 1995:198; vgl. hoofstuk 3, pt. 3.4.1).

die onderskeiding tussen verskillende soorte base impliseer dat Petrus veral nie-Christen base in gedagte het. Dit is moontlik dat humeurige, opvlieënde, selfs onmoontlike base eerder die reël as die uitsondering was, ongeag die vraag of hulle Christene was of nie (Van Houwelingen, 1991:98). Dit is moontlik dat veral die huisbediendes wat vir slegte base gewerk het en deur laasgenoemde(s) veronreg is, deur die apostel Petrus aangespreek word. Die slegte base het vir die huisbediendes die meeste probleme en konflik veroorsaak (Senior, 1982:432). Uit die tekstuele gegewens blyk dit egter dat die huisbediendes aan alle base (δεσπότης), hetsy goeies of slegtes onderdanigheid verskuldig was.

Die gebruik van οὐ μόνον ... ἀλλὰ καὶ (nie alleen ... maar ook) dui die teenstelling tussen die twee soorte base aan. Drie byvoeglike naamwoorde word substantief gebruik om die twee soorte base te karakteriseer.

#### **5.6.1.2.1 Die goeie en billike base (τοῖς ἀγαθοῖς καὶ ἐπιεικέσιν)**

Die goeie base word met die substantiewe byvoeglike naamwoorde ἀγαθοῖς en ἐπιεικέσιν gekwalifiseer. Louw & Nida (1989,1:743) definieer ἀγαθός en ἀγαθωσύνη soos volg : “ Positiewe morele kwaliteite van die mees algemene aard” en gee die volgende vertaalmoontlikhede : “goed, goedheid, goeie daad.” Louw & Nida (1989,1:749) definieer ἐπιεικής soos volg : “wat betrekking het op toeskietlik, aangenaam, vriendelik en verdraagsaam, geduldig, toegeeflik wees” en dui die volgende vertaalmoontlikhede aan : “vriendelik / beskaaf, aangenaam, verdraagsaam (geduldig).”<sup>6</sup> Die woord ἐπιεικής kan ook met “billik” vertaal word (Bigg, 1969:142; Greijdanus, 1929:112) .

Die goeie base dui dus op die werkgewers wat hulle huisbediendes goed en toeskietlik (vriendelik, verdraagsaam, billik) behandel.

#### **5.6.1.2.2 Die slegte of onredelike base (σκολιοῖς)**

Die slegte base word met die substantiewe byvoeglike naamwoord σκολιοῖς aangedui. Louw & Nida (1989,1:771) definieer σκολιός as ‘n figuurlike uitbreiding van die betekenis van σκολιός (krom) : dit wat betrekking het op gewetenloos en oneerlik wees. Hulle dui die volgende vertaalmoontlikhede aan: “skelm, sleg, gewetenloos, oneerlik.” Hierdie base kan tipeer word as onregverdig, onbillik, onredelik (Greijdanus, 1929:113), persone met wie moeilik klaargekom word, wat selfs wreed kan wees (Kelly, 1969:116; Calvyn, 1979:55). Σκολιοῖς kwalifiseer dus base wat ‘n negatiewe gesindheid aan die dag lê en negatief teenoor hulle huisbediendes optree en die werksituasie en werksverhouding bemoeilik.

---

<sup>6</sup> “ Pertaining to being gracious and forbearing – gentle, gracious, forbearing.” (Louw & Nida, 1989,1:749).

### 5.6.1.3 Met alle eerbied (ἐν παντὶ φόβῳ)

Die wyse waarop die Christenhuisbediendes hulle moet onderwerp, word aangedui as ἐν παντὶ φόβῳ (met alle eerbied). Die vraag is of dié voorsetsel frase op die verhouding met “die base” of op ‘n verhouding met iemand anders, byvoorbeeld God dui?

Sommige navorsers is van oordeel dat ἐν παντὶ φόβῳ nie betrekking het op eerbied vir mense nie, maar dat dit in die lig van die opvolgende frase διὰ συνείδησιν θεοῦ dui op eerbied vir God (Bigg, 1969:142; Richardson, 1987:72 Marshall, 1993; Stibbs & Walls, 1973:114; Van Houwelingen, 1991:97; Kelly, 1969:116; Best, 1971:117) as op base. Met veral die slegte base in gedagte, moet God en nie mense nie, in elke opsig eerbiedig word (Goppelt, 1993:194 e.v).

In 1 Petrus word onderdanigheid in die verskillende verhoudings gebaseer op die eerbied vir die Here. In 1:17 word die eerbied vir die Here as ‘n fundamentele motief vir ‘n Christelike leefstyl gestel (vgl. ook 2:17, 18; 3:2; 3:16). Goppelt word toegegee dat die “eerbied vir die Here-motief” in 1 Petrus baie belangrik is, asook Best (1971:117) dat die bediende se verhouding tot God bepalend is vir die verhouding met die base. Dit is egter nie uit die verband duidelik dat ἐν παντὶ φόβῳ nie ook en in die eerste plek op die base dui nie.

Daar word voorkeur gegee aan die verklaring dat ἐν παντὶ φόβῳ betrekking het op base en op God (Calvyn, 1979:55; Greijdanus, 1929:112). Hoe moes die huisbediendes hulle onderwerp ? Letterlik “met alle vrees”. Die vertaalmoontlikheid “vrees” word nie gebruik nie, aangesien dit op die woord in ‘n negatiewe sin dui, naamlik bang wees vir, uit vrees vir straf. Hierdie negatiewe betekenis is nie noodwendig uitgesluit nie, maar in hierdie konteks het dit in die eerste plek ‘n baie positiewe betekenis. In 2:18 kan φόβος eerder met “eerbied, ontsag, respek” weergegee word. Huisbediendes word opgeroep om uit eerbied vir die Here, alle respek aan hulle base te betoon. Hul respek vir hul base is deel van hulle eerbied vir die Here. Hul eerbied vir God en hul gehoorsaamheid aan Hom, spoor hulle aan om hul pligte op ‘n gepaste wyse na te kom, soos dit hoort in die verhouding waarin hulle geplaas is (Marshall, 1993; Floor, 1995:198).

Huisbediendes moet dus aan hulle base met die nodige respek onderdanig of gehoorsaam wees, omdat hulle vir die Here ontsag het. Hierdie onderdanigheid van die huisbediendes aan hulle base is dus nie ‘n onvoorwaardelike of blinde gehoorsaamheid nie. Dit word steeds gekwalifiseer deur hulle gewete (Richardson, 1987:72).

Die opdrag in 2:13 naamlik “onderwerping aan elke menslike instelling *ter wille van die Here*” en “*eerbetoon aan gesagsdraers*” en “*eerbied vir God*” hou verband met die opdrag aan huisbediendes en hulle optrede teenoor hulle base. Die gelowiges se verhouding met God blyk, ook wanneer hulle

onderdanigheid aan gesagsdraers bewys. Dit is immers 'n gewetensaak voor God.

Eers word verwys na goeie en billike base. Alhoewel die base absolute seggenskap oor hulle huisbediendes en slawe uitgeoefen het, was daar base wat 'n goeie verhouding met hulle huiswerkers gehandhaaf het en billik opgetree het. Vir sulke huisbediendes was dit uiteraard baie makliker om onderdanig te wees, as in 'n situasie van onreg (benadeling). In eersgenoemde geval was die positiewe gesindheid en optrede van hulle base tot voordeel van die huisbediendes. Die opdrag tot onderdanigheid aan die goeie en billike base was geen rede vir die huisbediendes om misbruik van die goedgesindheid van hul base te maak nie. Hulle moes deurentyd onthou dat daar dikwels toeskouers is. Goeie nie-Christenbase kan deur die optrede van hul Christenhuisbediendes die Here leer ken, terwyl Christenbase deur laasgenoemde se optrede versterk en bemoedig kon word.

In 'n situasie waar daar geen lyding of onreg ter sprake was nie, word die Christenhuisbediende ook opgeroep tot gehoorsaamheid aan God. In so 'n gunstige situasie mag die Christen nie misbruik maak van die goedgesindheid van sy baas nie. Hy mag nie onreg teenoor sy goeie en billike baas pleeg nie. God is die een wat in daardie geval regverdig sal oordeel. Die Christenhuisbediende se optrede word nie deur die werkgewer of laasgenoemde se optrede, hetsy goed of sleg, bepaal nie, maar deur die gewete, deur die wil van God, die eerbied vir God, met ander woorde deur die huisbediende se verhouding tot God. Boonop kyk die ander mense, ander huisbediendes, bure, ensovoorts ook na hulle optrede. Hoeveel kragtiger spreek God nie deur Christenwerknemer en Christenwerkgewer se gemeenskaplike lojaliteit teenoor die Here as hul albei se eintlike Baas nie. Ook in die huis van goeie base kan die huisbediendes in versoeking kom en kan hulle ongehoorsaam aan die Here wees. Hulle kan verkeerd optree en toegee aan hulle sondige geaardheid en aanleiding gee dat mense sleg praat van hulle as Christenhuisbediendes of van hulle goeie en /of Christenbase. Verkeerde optrede kan ook in die hart plaasvind waar niemand kan sien nie. Indien hulle opdragte reg uitvoer, maar met 'n verkeerde gesindheid, is dit ewe onaanvaarbaar.

Huisbediendes word egter ook opgeroep om slegte base wat hul kwaad aandoen, steeds Christelik te behandel. Die huisbediendes moes in 'n situasie van onreg hul kant skoon hou. Al is dit 'n bykans onmoontlike en onhoudbare situasie, moes hulle presies dieselfde (ewe gehoorsaam, voorbeeldig, liefdevol, geduldig, roepingsbewus en positief) optree, as in 'n gunstige situasie. Vrywillige, ongedwonge, selfverloënde optrede (onderdanigheid) is die enigste geregverdigde reaksie vir 'n weergebore (1:3), met Christus se bloed gekoopte (1:19) kind van God. Daar is geen verskoning of selfs regverdiging vir eiegeregtige optrede soos die reg in eie hande neem, opstand en / of geweld (in gedagte, gesindheid, woord, of in optrede) wat die benadeling van die baas impliseer nie.

**'n Eie vertaling van 2:18**

***Huisbediendes onderwerp julle met alle eerbied aan julle base; nie alleen aan die***

**goeies en billikes nie, maar ook aan die slegtes.**

#### 5.6.1.4 Gevolgtrekking

Die huisbediendes moes (as ondergeskiktes, dit is as persone van 'n laer status, as eiendom van hul base) uit eerbied vir God aan hul goeie en / of slegte base onderworpe wees. Hul eerbied vir hul base was deel van hul eerbied vir God. Hierdie onderdanigheid word egter vir Christene gekwalifiseer deur die verhouding tot God. Alle base, goeie en/of slegtes, moes dus deur die huisbediendes gerespekteer en gehoorsaam word.

#### 5.6.2 Eerste motivering vir die opdrag tot onderwerping (2:19-20)

UBS Teks	1983 Vertaling
τοῦτο γὰρ χάρις εἶ διὰ συνείδησιν θεοῦ ὑποφέρει τις λύπας πάσχω·ν ἀδίκως.	Dit is genade as iemand die pyn van onverdiende lyding verduur omdat hy aan God getrou wil wees.
ποῖον γὰρ κλέος εἶ ἀμαρτάνοντες καὶ κολαφιζόμενοι ὑπομενεῖτε ἀλλ' εἰ ἀγαθοποιού·ντες καὶ πάσχω·ντες ὑπομενεῖτε, τοῦτο χάρις παρὰ θεῶ·ν.	As julle gestraf word wanneer julle oortree het, watter verdienste is daarin as julle dit verdra? Maar om lyding te verdra wanneer julle goed doen, dit is genade van God.

##### 5.6.2.1 Dit is genade (χάρις)

Vers 19 word ingelei deur die redegewende relasiepartikel γάρ. Dit merk 2:19-20 as eerste motivering vir 2:18. Die woord χάρις kom nie net in 2:19 nie, maar ook in 2:20 voor. In 2:19 word gesê : "Dit is **genade** as iemand die pyn van onverdiende lyding verduur omdat hy aan God getrou wil wees." In 2:20 word gesê : "...Maar om lyding te verdra wanneer julle goed doen, dit is genade by God."

Bauer (1974:885) gee χάρις weer as dit wat 'n persoon in 'n positiewe sin ervaar, wat afkomstig is van iemand anders. Bauer verwys na byvoorbeeld Lukas 2:52 en 6:32-34, en 1 Korintiërs 9:16 en wys daarop dat χάρις in hierdie kontekste vertaal kan word met loon, beloning. Bauer (1974:885) gee χάρις in 1 Petrus 2:19-20 weer met dit wat God se "guns" ontlok, dit wat goedgekeur, gunstig beoordeel word.

Louw en Nida (1989,2: 262) klassifiseer die woord χάρις in die volgende vier semantiese velde:

88.66	57.103	33.350	25.89
<i>Welwillend, goedgesind, genadig</i>	<i>gawe, genadegawe</i>	<i>Dank</i>	<i>Goedgesindheid</i>
(Louw & Nida, 1989, 1:749) <sup>7</sup>	(Louw & Nida, 1989, 1: 569) <sup>8</sup> ,	(Louw & Nida, 1989, 1:429) <sup>9</sup>	Louw & Nida, 1989, 1:299) <sup>10</sup>

<sup>7</sup> Χαριτώ, χάρις word gedefinieer as: "om welwillendheid (goedgesindheid) teenoor iemand te betoon, met die implikasie van goedgesindheid van die kant van die een wat die welwillendheid bewys" met die volgende vertaalmoontlikhede : "om welwillendheid te betoon, om goedgesindheid te bewys, welwillendheid, goedgesindheid, genade."

<sup>8</sup> Χάρις, Χάρισμα is afgelei van χαρίζομαι (:om genadiglik en oorvloedig te gee) en word gedefinieer : "dit wat vrylik en oorvloediglik gegee word – gawe, genadegawe' ".

Die tweede betekenismoontlikheid wat Louw en Nida (1989,1:569) aandui in semantiese veld 57.103 word as een van twee meer waarskynlike moontlikhede gekies. In hierdie semantiese veld word die volgende omtrent χάρις opgemerk : χάρις, χάρισμα is afgelei van χαρίζομαι (om genadiglik en oorvloedig te gee) en word gedefinieer as "dit wat vrylik en oorvloediglik gegee word". Die volgende vertaalmootlikhede word gegee : "gawe, genadegawe". Die tweede waarskynlike moontlikheid is om welwillendheid (goedgesindheid) teenoor iemand te betoon, met die implikasie van goedgesindheid van die kant van die een wat die welwillendheid bewys" met die volgende vertaalmootlikhede : "om welwillendheid te betoon, om goedgesindheid te bewys, welwillendheid, goedgesindheid, genade.

Om onregverdige pyn te verdra, is χάρις, genade, die demonstrasie van God se liefde, nie omdat God hierdie lyding goedkeur of beloon as 'n verdienste nie, maar omdat die lyding 'n vergestaltung is van die roeping tot saligheid, soos wat dit in 2:20 b gestel word en gefundeer word in 2:21-25 (Goppelt, 1993:195,196). Dié veronderstelde optrede gaan teen die geadresseerdes se sondige geaardheid in. Hulle kan onmoontlik in eie krag so reageer op onreg en lyding. Indien hulle egter ten spyte van onreg so optree (reageer), kan dit geïnterpreteer word as optrede wat voortspruit uit God se genade of goedgesindheid teenoor hulle in Christus deur die Gees. As verlostes of begenadigdes loop hulle in Christus se krag (genade) onder leiding van die Heilige Gees, dit is volgens hulle gewete in laasgenoemde se voetspore. Wanneer 'n situasie van onregverdige lyding hom voordoer, kan die huisbediendes verseker wees van God se vrye en oorvloedige genade. Dit bly 'n Godgegewe (3:14) voorreg om vir Hom en sy Naam te ly. Dit is deelname aan Christus se lyding (4:13) en 'n bewys dat die Gees van heerlijkheid, die Gees van God (Christus) op hulle bly (4:14). Dit is inherent deel van Christenwees en loop uit op die verheerliking van God (4:16).

Marshall (1993) onderskei tussen 4 moontlike betekenisse :

1. 'n genadige daad;
2. 'n daad wat genade verdien;
3. 'n daad wat God se goedkeuring wegdra;
4. 'n daad wat lei tot 'n belewing van genade.

Marshall (1993) maak 'n sterk saak uit vir die derde betekenismoontlikheid. Volgens Marshall word die woord χάρις in Lukas 6:32-34<sup>11</sup> ten opsigte van liefde vir die vyand 3 keer met dieselfde betekenis gebruik (Selwyn, 1947:176; Best, 1971:118; Kelly, 1969:116; Richardson, 1987:72) Calvyn (1979:55) verklaar die woord met prys (prysenswaardig). Greijdanus (1929:113) omskryf die woord χάρις met dit wat aangenaam of welgevallig is en waarvoor God sy guns laat skyn.

<sup>9</sup> " 'n uitdrukking van dankbaarheid-'dank' "

<sup>10</sup> " 'n gunstige (toegeneë) gesindheid teenoor iemand of iets – 'guns, goedgesind' "

<sup>11</sup> "As julle net die liefhet wat julle liefhet, watter aanspraak op **dank** het julle dan nog? ... En as julle goed doen net aan die wat aan julle goed doen, watter aanspraak op **dank** het julle dan nog?... En as julle geld leen net aan die van wie julle hoop om dit terug te kry, watter aanspraak op **dank** het julle dan nog? ..."

Van Houwelingen (1991:98; vgl ook Stibbs & Walls, 1973:115) se verklaring van hierdie woord kom neer op 'n kombinasie van Goppelt en Marshall se standpunt as hy beweer : So 'n geskikte houding is 'n gawe van God wat ook deur hom waardeur word (2:19-20). Hierdie gawe (χάρις) het as gevolg van die parallel met κλέος die betekenis van laasgenoemde woord. So kom mense by God in die guns, wat veel waardevoller is as die twyfelagtige guns van die onvoorspelbare base.

### **Gevolgtrekking**

Albei betekenis, naamlik genade of guns en prysenswaardig dui op handeling wat van God uitgaan. Sonder God se onverdiende en oorfloedige guns, kan geen mens sulke onregverdige behandeling gelowig deurstaan nie. Dit kan 'n begenadigde weergeborene van God alleen met sy onmisbare hulp en goddelike krag regkry. Wanneer hierdie pynvolle en lydingsvolle situasie egter deurstaan word, is dit, om die minste te sê, prysenswaardig en lofwaardig. Die woord χάρις word daarom in 2:19 en 20 onderskeidelik met "genade" en "prysenswaardig" vertaal .

#### **5.6.2.2 Terwille van die gewete voor God (διὰ συνείδησις θεοῦ)**

Die objektiewe genitief wat in die frase διὰ συνείδησις θεοῦ gebruik word (vgl. Hanna, 1985:424; Goppelt, 1993:197; Greijdanus, 1929:113) dui daarop dat dit 'n goeie gewete teenoor (voor) God is. Die optrede van die huisbediende behoort in die werksituasie in die eerste plek bepaal te word deur die huisbediende se verhouding tot God en insig in God se doel met sy volk soos dit in 2:21 verder uitgewerk word (Kelly, 1969:117). Hierdie verhouding van die geadresseerdes tot God, is vooraf reeds bepaal deur God se verhouding tot hulle. God het hulle uitverkies, wederbaar, geroep, verlos, bekeer, geheilig. Die gewetensverhouding met God behoort deur te werk en toepassing te vind in die konkrete situasie in arbeidsverhoudings. 'n Christenslaaf of huisbediende is nie in diens van die baas nie, maar is ook in diens van Christus wat Here is (Kol. 3:24). 'n Christenslaaf het twee base: een op aarde en Een in die hemel. In die huistafel in Efesiërs (6:9) praat Paulus selfs van *julle eie Here* in die hemel (Floor, 1986:62).

Die hele frase "ter wille van die gewete voor God" dui op 'n gewetensbewustheid dat God teenwoordig is en wat sy wil is. So 'n persoon weet dat God sien, weet wat God verwag en wil doen wat Hom behaag (Stibbs & Walls, 1973:115; Goppelt, 1993:198; Greijdanus, 1929:113; Calvyn, 1979:56). Dit gaan oor 'n gewete gerig wat op God gerig is of gebonde is aan Hom. Omdat die Christen se gewete op God gerig is, kan onregverdige lyding verduur word (Goppelt, 1993:198). 'n Slaaf of huisbediende wat aan God gehoorsaam wil wees, moet in bepaalde gevalle juis aan sy baas ongehoorsaam wees (Van Houwelingen, 1991:98). Gehoorsaamheid aan 'n baas het sy grens in die gehoorsaamheid aan God (vgl. Gen. 39; Hand. 5:29). Hierdie beginsel is deurslaggewend in alle sosiale verhoudings. 'n Christen se

optrede behoort voort te spruit uit die verhouding tot God en die begeerte om sy wil te doen en nie uit persoonlike oorwegings ten opsigte van die karakter van die werkgewer nie (Marshall, 1993).

### **Gevolgtrekking**

Die optrede van die huisbediende behoort in die werksituasie in die eerste plek bepaal te word deur die huisbediende se verhouding tot God. Hierdie verhouding berus op God se verhouding tot die huisbediende. 'n Gewetensbewustheid, naamlik dat God alles sien en van die huisbediende verwag om deurentyd aan God getrou te bly, moet die huisbediende so beïnvloed, dat daar konsekwent volgens God se wil opgetree word. Geen ander oorwegings soos persoonlike onreg en lyding of die optrede van die baas mag die deurslag in die werksituasie gee nie. Die Christenhuisbediende se optrede behoort dus gewete- of geloofsbepaald te wees.

#### **5.6.2.3 Lyding verduur (ὑποφέρει τις λύπας)**

Louw & Nida (1989,1 :318) dui λύπη aan as “ 'n toestand van geestelike pyn en angs” en gee die volgende vertaalmoontlikhede naamlik “hartseer, droefheid, angs”. Λύπη dui op 'n toestand of situasie waarin pyn en angs verduur word. Die gebruik van die praesens indikatief aktief dui op 'n pynvolle proses wat deur die huisbediende ondergaan word. Hier word veral gedink aan liggaamlike lyding byvoorbeeld om geslaan of mishandel te word (Greijdanus, 1929:113).

Die frase ὑποφέρει τις λύπας druk dieselfde gedagte uit as ὑπομένειν in 2:20 (Greijdanus, 1929:113). In laasgenoemde woord se geval gaan dit egter om volharding, terwyl by ὑποφέρειν die dra of bly dra van 'n swaar las, die deurstaan van groot moeite na vore kom (vgl. bv. 2 Tim. 3:11). Ook hier word gedui op die geduldige en stil verdra van wat bitter en smartlik is. Goedkeuring volg egter nie bloot op die ervaring (belewing) van pyn nie, maar op die geduldige en algehele volharding te midde van pyn (Best, 1971:118).

### **Gevolgtrekking**

Huisbediendes is dikwels aan 'n pynvolle proses van onregverdige lyding onderwerp. Die oorsprong en oorsaak van hierdie pyn en lyding is dikwels die werkgewer of baas. Hierdie pynvolle proses van onregverdige lyding kon selfs liggaamlike mishandeling insluit. God spoor sy kinders aan om geduldig te volhard te midde van onverdiende lyding en pyn.

#### **5.6.2.4 Onregverdige ly (πάσχων ἀδίκως)**

Die werkwoord πάσχω kom hier die eerste keer in 1 Petrus voor. In hierdie perikoop kom dit 4 keer naamlik in 2:19,20,21,23 voor, asook in 3:14,17,18; 4:1,15,19; 5:10. Twaalf van die 41 voorkomste van die werkwoord in die Nuwe Testament kom in 1 Petrus voor. Die selfstandige naamwoord πάθημα kom 16 keer in die Nuwe Testament voor waarvan 4 keer in 1 Petrus (1:11;

4:13; 5:1 & 9). Hieruit is dit duidelik dat lyding 'n belangrike tema in 1 Petrus is (Marshall, 1993; Du Toit, 1988:152).

Die woord *πάσχω* (Praes. aktief partisipium) dui in hierdie verband op die fisiese en geestelike pyn of leed wat byvoorbeeld deur 'n onredelike of slegte baas aan sy huisbediende aangedoen word. Die gebruik van die praesens partisipium dui die voortgesette aard van die lydingsproses aan. Dit veronderstel voortgesette moeilikheid en swaarkry. Alles wat 'n huisbediende of huisslaaf onregverdig, onverdiend (verkeerdelik) moes ly of ondergaan, is hier ter sprake. Dit wat onbillik (onregverdig) en nadelig is en as negatief ervaar word, wat werksverhoudings vertroebel en spanning tussen werknemer en werkgewer veroorsaak, word aangedui. Die bywoord *ἀδίκως* word as bywoord van wyse saam met *πάσχω* gebruik. Louw & Nida (1989,1:745) definieer *ἀδίκως* soos volg : "wat betrekking het op dit wat nie reg of regverdig is nie" en as vertaalmoontlikhede word vermeld : "onregverdig, onregverdiglik".<sup>12</sup>

Nie net die manier waarop die huisbediendes onreg verdra, is van belang nie, maar allereers dat hul geen aanleiding daartoe gee om te moet ly nie (Greijdanus, 1929:114), met ander woorde dat hulle in hierdie onregsituasie onskuldig is.

### **Gevolgtrekking**

Huisbediendes moet seker maak dat hulle heeltemal onskuldig is en geensins deur hulle optrede aanleiding gee tot lyding nie. Indien hulle verkeerd optree, kan hulle baie maklik aanleiding gee tot verkeerde optrede van die kant van hulle base.

#### **5.6.2.5 Watter eer (roem) is daar ? (ποῖον γὰρ κλέος)**

*κλέος* word deur Louw & Nida (1989,1:734) soos volg gedefinieer : "n goeie reputasie as 'n indeks van status" en die volgende vertaalmoontlikhede word gegee : "eer, roem, goeie reputasie" (vgl. ook Bauer, 1974:435). In 1 Petrus 2:20 kan dit weergegee word met "erkenning" (Bauer, 1974:435), of "erkenning by God of mens" (Selwyn, 1947:178). Best (1971:118) gee die woord weer met krediet of (Goddelike) goedkeuring. Indien die woord in verband gebring word met *χάρις* kan dit moontlik weergegee word met "dank" (vgl. Luk. 6). Die woord word in die 1983 Vertaling weergegee met "verdiensle".

### **Gevolgtrekking**

Die woord kan weergegee word met eer, roem of goeie reputasie en dui op 'n positiewe beoordeling deur die werkgewer, maar veral deur God.

<sup>12</sup> Pertaining to not being right or just – ' unjust, unjustly, unrighteous' (Louw & Nida, 1989,1:745).

### 5.6.2.6 Verduring as gevolg van kwaaddoen

(ἐἰ ἁμαρτάνοντες ὑπομένετε)

Die woord ὑπομένω kom twee keer in 2:20 voor. Eers word dit in negatiewe, afwysende sin in 'n voorwaardelike sin saam met ἁμαρτάνοντες gebruik. Die praesens partisipium manlik meervoud verwys na 'n gewoonte by persone om (herhaaldelik) verkeerd te doen of om op heterdaad betrap te word, terwyl hulle besig is om verkeerd te doen (sondig).

Daarteenoor word ὑπομένω saam met twee praesens partisipia ἀγαθοποιούντες en πάσχοντες in 'n voorwaardelike bysin in 'n positiewe aanbevelenswaardige konteks gebruik.

Louw & Nida (1989,2:253) onderskei ten opsigte van ὑπομένω tussen 4 betekenismoontlikhede, naamlik "weerstand bied (vasstaan), agterbly, aanhou, verduur. In Semantiese veld 39.20 gee Louw & Nida (1989,1:495) by ὑπομένω die volgende inskrywing : "Om weerstand te bied deur vas te staan – ' weerstand bied, vasstaan, onbeweeglik wees' ". In Semantiese veld 25.175 definieer Louw & Nida (1989,1:308) ὑπομένω as " om te verdra, aan te hou (uithou, volhard) ten spyte van moeilikheid en lyding" met die volgende vertaalmoontlikhede : " 'om te volhard, om te verduur of te verdra'" <sup>13</sup>.

Dit wil voorkom asof die definisie wat in semantiese veld 25.175 gegee word in hierdie spesifieke vers ter sake is. Dit kan weergegee word met *verduur* of *verdra*.

Watter eer (waardering, lof, roem) is daar as iemand in God se oë of in die oë van 'n baas oortree, (verkeerd optree of sondig) en dan gestraf (geslaan) word. Die woord κολαφιζόμενοι kom in die praesens partisipium passief voor en kan weergegee word met die volgende vertaalmoontlikhede : "met die vuig slaan, gewelddadig aanrand (Bauer, 1974:441; Louw & Nida, 1989,1:223). Dieselfde woord word deur Matteus (26:67) en Markus (14:65) gebruik om die behandeling wat Jesus kort voor sy kruisiging ontvang het, te beskryf. As die lydende Dienaar van God het hy verskriklik gely en is hy fisies met die vuig geslaan. <sup>14</sup>

Vers 20 word ingelei deur 'n retoriese vraag : ποῖον γὰρ κλέος ("Immers, watter eer, roem, lof, krediet is daar..". Die retoriese vraag beklemtoon die feit dat daar immers geen rede tot roem of lof kan bestaan as lyding verduur word nadat 'n oortreding begaan is nie (Kelly, 1969:117; Marshall, 1993; Van Houwelingen, 1991:98). Hierdie lyding wat volg op oortreding, is allesbehalwe prysenswaardig. Dit is waardeloos, nutteloos en teenproduktief. Dit is tog 'n kwaaddoener se verdiende loon. Dit kan nie goedkeuring of waardering van 'n baas en nog minder van God wegdra nie. Die huisbediende het 'n verkeerde reaksie ontlok.

---

<sup>13</sup> To continue to bear up despite difficulty and suffering –to endure, to bear up, to demonstrate endurance, to put up with (Louw & Nida, 1989,1:308).

<sup>14</sup> Die apostel Petrus gebruik dieselfde woord waarmee Jesus se aanranding beskryf word, om juis die aanranding (mishandeling) van 'n huisbediende of huisslaaf aan te dui. Dit is moontlik dat Petrus die mishandeling van 'n huisbediende /slaaf vergelyk (doelbewus in verband bring) met die mishandeling wat Jesus moes verduur (Schmidt, 1976:819; Selwyn, 1947:178).

## Gevolgtrekking

'n Huisbediende wat 'n gewoonte of selfs, 'n lewenswyse daarvan maak om verkeerd te doen en dan straf ontvang, kan net homself of haarself blameer. Straf in so 'n geval is verdiende loon. Sulke optrede is allesbehalwe prysenswaardig. Niemand sal daarvoor eer, roem of 'n goeie reputasie ontvang nie. Die verkeerde optrede kan 'n oortreding teen die werkgewer of teenoor God wees. Van die huisbediendes word verwag om konsekwent en deurentyd reg, dit is volgens die wil van God, op te tree.

### 5.6.2.7 Goed doen te midde van lyding

(ἀγαθοποιούντες καὶ πάσχοντες ὑπομένετε)

Die teenstellende partikel ἀλλ' kontrasteer die opvolgende bysin met die voorafgaande bysin. Wanneer 'n huisbediende egter goed doen<sup>15</sup> en dan onregverdig (onverdiend) lyding verduur / verdra, is dit lofwaardig (prysenswaardig) by God. Die moeite (lyding) wat 'n mens homself op die hals haal, word met die "dank" van God ruimskoots beloon. Die waardering, erkenning, eer, dank wat van God ontvang word, is baie belangriker as die goedkeuring van 'n onredelike baas (vgl. Van Houwelingen, 1991:99). God se oordeel is waarop alles aankom. Alleen God se oordeel het wesenlike en blywende waarde (Greijdanus, 1929:114).

Steeds word die onberispelike, voorbeeldige optrede van die Christenhuysbediende voor die Here aangeprys. 'n Onredelike baas se verkeerde gesindheid of optrede (veronregting) is geen verskoning vir die Christenhuysbediendes om toe te gee aan hulle sondige begeertes nie (vgl. die algemene oproep in 2:11-12, asook 3:8-12; 4:1-4).

## Gevolgtrekking

Wanneer 'n huisbediende onreg aangedoen word en ten spyte daarvan aanhou goed doen, met ander woorde aanhou volgens die wil van God optree, moet dit inderdaad as prysenswaardige optrede gesien word. Ongeag ander se optrede moet die huisbediendes onberispelik optree en daarna streef om God tevrede te stel. Die eer, waardering, dank wat van God ontvang word, is baie belangriker as die goedkeuring van 'n onredelike baas. God se beoordeling van die situasie is waarop alles aankom. Alleen God se oordeel (beoordeling) het wesenlike en blywende waarde.

#### 'n Eie vertaling van 2:19-20

**19. Want dit is genade / prysenswaardig as iemand ter wille van die gewete voor God, terwyl daar onregverdig gely word, leed verdra.**

**20. Want watter roem is daar as julle oortree / sonde doen en gestraf word en julle verdra dit. Maar as julle verdra wanneer julle goed doen en (dan) ly, dit is genade / prysenswaardig by God.**

<sup>15</sup>

Goed doen word gekontrasteer met kwaad doen (sondig). Eersgenoemde sluit meer in as bloot jou plig doen. Dit het te doen met optrede volgens die gewete voor God. Goed doen is optrede wat voortspruit uit gehoorsaamheid aan God, wat ongehoorsaamheid aan die baas kan beteken (Van Unnik, 1980:93), wat in ooreenstemming is met die liefde tot God en die liefde tot die naaste (Van Unnik, 1980:105).

### 5.6.2.8 Samevattende gevolgtrekking

Die belangrikste dryfveer vir die optrede van die huisbediende teenoor die werkgewer (ook teenoor ander mense in die werkplek en uiteindelik in die hele samelewing) behoort die persoon se verhouding tot God te wees. So 'n persoon weet dat God teenwoordig is, alles weet en sien (Getuie is), versterkend naby is, getrou is, en 'n plan het met die bepaalde situasie (vgl. 1 Petrus 3:15). In beginsel is die gewete rigtinggewend vir die Christenhuisbediende se optrede. Die gewete, oftewel die verhouding tot God en sy wil, lei die genoemdes in die toepassing van God se wil. Indien God se wil nie duidelik is nie, is die aandrang om God se wil biddend te soek. Huisbediendes se optrede behoort gewete-, geloofs-, Christus-, en Geesbepaald te wees.

Verkeerde optrede moet ten alle koste vermy word. Dit sal nie God se goedkeuring of waardering ontlok nie. Persone wat egter ten spyte van lyding volhard in goed doen, se optrede is prysenswaardig by God. Sodanige volharding is steeds onverdiende genade van God en teken van die salwing met die Heilige Gees, aangesien geen mens hierdie versoeking van onregverdige lyding in eie krag kan deurmaan nie.

### 5.6.3 Tweede motivering vir die oproep tot onderwerping (2:21-25)

UBS Tekst	1983 Vertaling
εἰς τοῦτο γὰρ ἐκλήθητε, ὅτι καὶ Χριστὸς ἔπαθεν ὑπὲρ ὑμῶν ὑμῖν ὑπολιμπάνων ὑπογραμμὸν ἵνα ἐπακολουθήσητε τοῖς ἵχνεσιν αὐτοῦ,	Juis hiervoor is julle ook geroep, Omdat Christus self vir julle gely en so vir julle 'n voorbeeld gestel het, sodat julle in sy voetspore kan volg.
ὃς ἁμαρτίαν οὐκ ἐποίησεν οὐδὲ εὐρέθη δόλος ἐν τῷ στόματι αὐτοῦ,	"Hy het geen sonde gedoen nie En uit sy mond het geen leuen gekom nie."
ὃς λοιδορούμενος οὐκ ἀντελοιδόρει, πάσῃων οὐκ ἠπέλλει, παρεδίδου δὲ τῷ κρίνοντι δικαίως.	Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie, Toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel

1 Petrus 2:21-25 maak die sentrum en teologiese sentrum van die eerste Petrusbrief uit (Marshall, 1993). Wat in hierdie Skrifdeel gesê word, gaan vër bokant die onmiddellike probleem (die situasie van huisbediendes) uit en dien as grondslag of uitgangspunt (basis) vir die optrede van alle Christene (Marshall, 1993; Elliott, 1985:186,187; Richardson, 1987:73; Senior, 1982:434; Calvyn, 1979:56). Elke Christen behoort in elke verhouding en elke situasie op aarde vanuit hierdie Christelike beginsel te lewe en op te tree.

#### 5.6.3.1 Deur God geroep (ἐκλήθητε)

Die redegewende relasiepartikel γὰρ merk die sin as tweede motivering vir die opdrag tot onderwerping in 2:18. Die woord ἐκλήθητε staan in die

Aoristus passief van die werkwoord καλέω. Die Aoristus passief is hier die sogenaamde Goddelike passief (Rienecker, 1980:408). Louw & Nida (1989,1:424) definieer καλέω in subdomein 33.312 : "om iemand ernstig/dringend op te roep om vir 'n spesifieke taak verantwoordelikheid te aanvaar, met die implikasie van 'n nuwe verhouding met die persoon wat roep." As vertaalmoontlikhede word aangegee : "om te roep, roep tot 'n taak". Die woord καλέω kom ook in 1 Petrus 1:15, 2:9, 3:9, en 5:10 voor en dui op die geadresseerdes se verkiesing tot eskatologiese verlossing, die roeping tot geloof in Christus en hoop in Hom (Goppelt, 1993:201; Van Houwelingen, 1991:101) asook navolging van Christus. In 1 Petrus 2:9 dui καλέω op God wat die geadresseerdes gered het ("...uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig").

In 1 Petrus 5:10 word dit met 'n soortgelyke betekenis gebruik, naamlik : "God wat alle genade gee en julle geroep het om in Jesus Christus deel te hê aan sy ewige heerlijkheid..." ; "Roep" verwys na die lesers van 1 Petrus se Goddelike roeping in Christus. God het hulle geroep om sy kinders te word (Stibbs & Walls, 1973:116), maar ook om soos sy kinders te lewe in hierdie wêreld. (vgl. 1 Petrus 3:8-9). God roep die huisbediendes (en die ander lesers van die brief) om hulle nie te onttrek of te oorreageer nie, maar om aktief betrokke te wees in die samelewing (Goppelt, 1993:18-20, 202). Roepingsbewustheid moet bestaan en roepingsvervulling moet onder enige omstandighede in elke denkbare verhouding plaasvind. Hulle roeping deur God moet juis op aarde deurwerk (toegepas, uitgeleef word) in hulle bepaalde omstandighede, verhoudings en belewenisse (Stibbs & Walls, 1973:116; Marshall, 1993). Met die voorsetselfrase εἰς τοῦτο (hiertoe, hiervoor) word op hulle roeping tot geduldige volharding, wanneer hulle onregverdig ly, gewys (Selwyn, 1947:178; Marshall, 1993; Kelly, 1969:118) en om aan te hou goed doen (Rienecker, 1980:408). Hulle het 'n nuwe status /eer/ adel en nuwe roeping naamlik om te ly soos Christus hulle Verlosser en hemelse Here gely het (Best, 1971:119; Hiebert, 1982:33). Stibbs & Walls (1973:116) vertaal οἰκέται met slawe. Hy wys tereg daarop dat die slaaf, nadat hy 'n Christen geword het, nie ophou om 'n slaaf te wees nie. Die Christenslaaf moet God verheerlik deur as (en soos 'n) Christen teenoor sy baas op te tree (vgl. 1 Kor. 7:17-24).

Uit die voorafgaande blyk dit dus dat nie net die Christen se verhouding tot God in die werksituasie en werksverhoudings belangrik is nie, maar veral God se verhouding tot die Christen behoort laasgenoemde se verhouding (gesindheid en optrede) teenoor byvoorbeeld die baas (werkgever) te bepaal.

### **Gevolgtrekking**

Die optrede van die Christenhuisbediende behoort nie deur die werkgever se optrede, hetsy reg of verkeerd, billik of onbillik, regverdig of onregverdig bepaal te word nie. God se verhouding tot eersgenoemde (as verlore en weergebore kind van God) en eersgenoemde se verhouding tot God behoort te lei tot roepingsbewustheid en roepingsvervulling.

### 5.6.3.2 Christologiese motivering vir onderwerping (2:21-24)

In hierdie afdeling word aangetoon dat Christus se optrede duidelik onderskei moet word van dié van sy volgelinge. Sy optrede is uniek en onvergelykbaar. Geen mens kan Hom ooit nadoen ten opsigte van sy optrede as die enigste werklik onskuldige en sondelose mens wat terselfdertyd die ewige Seun van God en Verlosser van die wêreld is nie. In hierdie afdeling word die noue aansluiting van die skrywer van 1 Petrus by die Ou Testament en meer spesifiek die Lied van die Lydende Dienaar in Jesaja 53 bespreek. In 1 Petrus kom nie minder as 31 aanhalings uit die Ou Testament voor nie. Die skrywer van 1 Petrus het sy LXX geken en gebruik (Kruger, 1981:65). Aan die anderkant is sy optrede onlosmaaklik verbode aan die optrede van sy volgelinge. Sy volgelinge word juis opgeroep om in sy volmaakte voetspore te volg.

#### a) Christus het ter wille van julle onregverdig gely

(Χριστὸς ἔπαθεν ὑπὲρ ὑμῶν ὑμῖν)

Die woord "Christus" is die Griekse vertaling van die Hebreeuse woord vir "Messias" wat in die Ou Testament gebruik word en met "gesalfde" vertaal kan word. Die woord "Christus" in 1 Petrus 2:21 dui nie maar net op die Messias in die algemeen nie, maar op 'n spesifieke Messias, Jesus, wat nou Christus genoem word, nie as 'n titel nie, maar as 'n naam (Bauer, 1974:895). Louw & Nida (1989,1:543) gee 'n soortgelyke verklaring vir die woorde Χριστός & Μεσσίας (letterlik beteken beide woorde 'die een wat gesalf is'), in die NT titels vir Jesus as die Messias en dit word met die volgende vertaalmoontlikhede weergegee: 'Christus, Messias'. In baie kontekste, en veral waar die woord Χριστός sonder 'n lidwoord gebruik word, word dit deel van die naam van Jesus (Louw & Nida, 1989,1:832).

Christus is deur sy Vader met die Heilige Gees gesalf om in tweërlei sin diensbaar te wees, naamlik as veragte en vernederde Vervloekte Figuur, maar ook as Verheerlikte Koninklike Figuur.

#### • Hy is eerstens 'n veragte en vernederde vervloekte Figuur

Hy is die Gekruisigde, wat verneder is en onregverdig gely het sonder gelyke. Niemand voor Hom het so gely en niemand sal ooit weer so ly nie, omdat Hy vir ander en in hulle plek gely het. As dié lydende Gekruisigde Dienaar het Hy plaasvervangend gely. As dié Plaasvervanger het Hy versoening en genesing van al die sondes vir sy gelowiges bewerk. As Verlosser is Hy die goeie Herder wat sy lewe afgelê het vir sy skape (Joh. 10:11). Ook in sy vernedering tree sy koninklike majesteit na vore. Deur sy lyding en soendood het Hy immers die oorwinning oor die sonde (ook van onreg en liefdeloosheid) behaal.

#### • Hy is egter ook dié Christus; dié verheerlikte koninklike Figuur

Hy is die Herder (Opperherder) wat met koninklike heerskappy en 'n naam wat bo elke naam gekroon is. Hy het die sonde en die dood oorwin. Herder en Oppasser van sy kudde is 'n erebenaming van God se Seun. Hy het alle mag

in die hemel en op aarde (Matt. 28:18). Hy sal al sy vyande, ook diegene wat sy gelowiges soveel onreg aandoen, regverdig oordeel. Hy waak nie net en beskerm nie net sy gelowiges nie, maar sien en straf alle onreg wat hulle aangedoen word of self doen.

Die geadresseerdes is deur God uitverkies (1:2) en geroep (as lede van die volk / huisgesin van God). Hulle het 'n nuwe status en 'n nuwe doel ontvang, naamlik om te ly, maar veral om as verlostes, soos Christus te ly (Best, 1971:119). Volg in sy voetspore hou veel meer in as om Hom as 'n voorbeeld te beskou (Best, 1971:119). Sonder Christus sou daar geen voetspore (pad) wees om te volg (loop) nie. Dit is makliker om agterna te kom as om pionier te wees. In die daarstel van voetspore is Christus (die) Verlosser en (die) Voorbeeld. Dit is onmoontlik om Christus in alle opsigte as voorbeeld na te volg (Calvyn, 1979:57). Hy moet in 'n baie spesifieke sin ten opsigte van sy optrede in 'n onregverdige lydingsituasie nagevolg word. Christus se lyding het soos Floor (1986:67) dit stel, hoëre betekenis gehad. Hy was nie maar bloot 'n voorbeeld nie, nee sy lyding was plaasvervangend van aard. Christus kan nie vir ons 'n voorbeeld van lyding wees om na te volg, tensy Hy in die eerste plek die Verlosser is wat om ons ontwil lyding verduur het nie (Marshall, 1993).

Die woorde “omdat ook Christus” (in die oorsaaklike ὅτι-sin) lê die verband tussen Christus se lyding en die geadresseerdes se lyding (Goppelt, 1993:202). Tog is daar 'n groot verskil tussen Christus se lyding en hulle lyding. Christus se lyding is uniek en onherhaalbaar, selfs onnabootsbaar, omdat dit in die eerste plek 'n daad van versoening en verlossing vir sondaars was (Goppelt, 1993:202). Hy het gedoen wat geen mens kon doen nie. Die punt van ooreenkoms tussen die lyding van Christus en die lyding van die gelowiges, is geleë in die wyse waarop Christus gely het. Christus se lyding is egter ook die krag en inspirasiebron vir die huisbediendes in hulle optrede teenoor hulle werkgewers (Floor, 1986:67). Net soos Christus, is hulle as Christene gesalfdes van die Gees (4:14).

Christus was heeltemal sonder sonde in woord en daad. Christus het, asof Hy die slegste misdadiger was, tot die dood gely. Deur hierdie lyding het Hy vir dwalende en verlore sondaars verlossing en genesing, herstel en die moontlikheid van 'n nuwe lewe, wat bepaal word deur nuwe standarde en meer nog, deur 'n nuwe verbintenis en toewyding aan Hom, bewerkstellig (Stibbs & Walls, 1973:116).

Die frase “Omdat Christus self vir julle gely het” beklemtoon die unieke onnavolgenswaardige faset van sy lyding aan die kruis. Die hoofsin en hoofwerkwoord dien as die uitgangspunt, grondslag en motivering vir hulle roeping. (Vgl. verwysing in 1:2 na die lesers se besprinkeling met die bloed van Christus (hul verlossing) en “... julle is losgekoop met die kosbare bloed van Christus, die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is, in 1:19.) Die woorde in 1:19 sluit aan by Jesaja 53:7b (die verwysing na die lam). Hul besprinkeling en loskoop met Christus se bloed beklemtoon hul betrokkenheid of ingeslotenheid by sy volmaakte versoeningswerk in hulle plek aan die kruis.

Uit die onderstaande vergelykende tabel is dit duidelik hoedat die skrywer in 1 Petrus 2:21,24 aansluit by die woorde van Jesaja 53:5-6. Die uitsprake oor Christus se lyding omring as't ware die 4 relatiewe bysinne. Christus het (vir hulle) gely, (hulle sondes) gedra en (hulle wonde) genees. Sonder Christus se onregverdige (onskuldige) lyding en die verlossing wat Hy vir hulle bewerk het, kan hulle onmoontlik in sy voetspore volg en hulle onregverdige lyding verduur en aanhou met goeddoen. Christus se versoenende lyding, waardeur Hy die geadresseerdes se negatiewe status na 'n positiewe status verander het, het ingrypende betekenis, sodat hulle sy bedoeling wil volbring en gewillig is om sy voorbeeld te volg (Thurén, 1995:144).

Goppelt (1993:202) wys daarop dat die werkwoord *πάσχειν* die tematiese fokus van 1 Petrus aankondig, meer prominent as in enige ander dokument in die Nuwe Testament. Lyding is egter nie die enigste tematiese fokus van 1 Petrus nie (vgl. hoofstuk 2, pt. 4.2; Du Toit, 1988:152). Die werkwoordsvorm *ἔπαθεν* (*πάσχω*) kan verklaar word as 'n historiese Aoristus. Hierdie werkwoordsvorm dui op 'n afgehandelde gebeurtenis in die verlede. Christus het eenmalig, vir eens en vir altyd die volle verlossing vir die geadresseerdes bewerk. Die persoonlike voornaamwoord *ὑμῖν* (vir julle) staan in die datief en is 'n datief van die bevoordeelde persoon. Deur sy geduldige, onregverdige, bomenslike, versoenende lyding het hulle 'n nuwe status en roeping van God ontvang.

#### **b) Christus se voorbeeld (*ὑπογραμμὸν*)**

Christus het vir sy dissipels drie dinge aangaande lyding geleer wat in 2:21b en 24 saamgevat word:

- Hy moes ly omdat Hy die Christus is (Luk. 24:25-27;44-47) ;
- Sy lyding was ter wille van ander en deur sy lyding het Hy vir baie versoening en vergewing van sondes bewerk (Matt. 20:28; 26:28);
- Almal wat Hom volg, moet eweneens voorbereid wees om te ly (Mark. 8:34; 10:38-39). Lyding is iets waarin almal wat in Christus glo, moet verwag om te deel (4:1,2,13) (Stibbs & Walls, 1973:116 &117).

Die woorde "omdat Christus self vir julle gely het", het die volgende implikasies vir die huisbediendes en die ander eerste lesers/hoorders van 1 Petrus :

a) Telkens wanneer hulle veronreg word en onskuldig ly, word hulle bemoedig deur Christus se onregverdige lyding. Sy lyding aan die einde van sy lewe, veral aan die kruis was eenvoudig verskriklik. Daaraan moet die huisbediendes aanhou dink ! Hulle moet daarmee identifiseer. Lyding is deel van die huisbediendes se roeping, omdat dit aanvanklik deel van sy roeping was (Stibbs & Walls, 1973:117).

b) Toe Hy soveel moes ly, het Hy dit allermins vir Homself gedoen. Hy het dit vir hulle gedoen. Sy lyding spruit voort uit 'n ander motief, uit liefde. Hy was bereid om vir mense wat dit glad nie werd was nie, te ly tot die dood toe. Hy het sy lewe opgeoffer vir sy vyande, sodat hulle

kinders van God kon word. Hy het aan die moeilikste eis in die Bybel voldoen, naamlik om sy vyande lief te hê. Ten spyte van die onreg wat Hom aangedoen is, het Hy volhard en bly goed doen. Hy het nie sy eie voordeel gesoek nie, maar ander s'n (Stibbs & Walls, 1973:117).

c) Die huisbediendes moet nie net aan sy voorbeeld dink, dat Hy dit alles vir hulle volbring het nie. Hulle moet Christus se lyding in verband bring met hulle eie onregverdige lyding in die werkplek. Die wyse waarop Christus gely het en op onregverdige lyding en pyn gereageer het, is die voetspore wat Hy vir sy volgelinge nagelaat het (Stibbs & Walls, 1973:117).

Omdat Hy hulle verlos het en hulle deur die geloof een is met Hom as die Lydende Dienaar, kan hulle as verlostes met Hom as Verlosser identifiseer. Sodat dit vir die gelowiges nie te swaar moet wees nie, word hulle getroos met die voorbeeld van Christus. Daar is niks wat so onwaardig is, so ondraaglik skyn te wees as onverdiende lyding nie. Maar as ons opkyk na die Seun van God, word die bittere lyding versoet (Calvyn, 1979:56).

Die skrywer van 1 Petrus beklemtoon nie alleen die unieke aspek van Christus se lyding vir die geadresseerdes nie, maar ook die implikasies wat dit vir sy volgelinge inhou. Toe Hy onregverdig gely het, het Hy vir sy volgelinge 'n voorbeeld (ὑπογραμμὸν) nagelaat. Louw & Nida (1989,1:592) definieer die woord ὑπογραμμός soos volg: " 'n model vir optrede as 'n voorbeeld wat nagevolg moet word", en gee dan die volgende vertaalmoontlikhede: 'model, voorbeeld' ".

Christus het dié voorbeeld van geduldige volharding onder onregverdige en onverdiende lyding nagelaat, sodat dit as model of voorbeeld kan dien vir sy volgelinge wanneer hulle onregverdig en onverdiend ly. Die frase "sodat julle in sy voetspore kan volg" dui op die oogmerk of doel van Christus se verlossingswerk en voorbeeld. Die huisbediendes (maar so ook alle Christene) vind die dryfveer vir hulle optrede in die voorbeeld of voetspore van die Gekruisigde Dienaar wat terselfdertyd Herder en Bewaker van hulle lewe is (2:25).

Die frase ἐπακολουθήσητε τοῖς ἰχνεσιν αὐτοῦ is volgens Louw & Nida (1989, 1:509) 'n idiomatiese uitdrukking wat beteken "om op dieselfde manier op te tree as iemand anders". Louw & Nida (1989, 1:509) gee die volgende vertaalmoontlikhede: "om na te volg, om te doen soos ander doen". Kelly (1969:120) interpreteer hierdie frase in 'n meer letterlike sin. Hy is van mening dat dit beteken om in dieselfde rigting as 'n ander persoon te beweeg (Kelly, 1969 :120). Die letterlike interpretasie van Kelly word nie gevolg nie, maar wel die idiomatiese of figuurlike interpretasie van Louw & Nida. Die bedoeling van die skrywer is sekerlik nie om 'n aantal voetspore te noem asof dit die enigste wyse is waarop Christene hulle Here moet navolg nie. In die uitleg van hierdie gedeelte moet gewaak word teen 'n letterlike verklaring van die genoemde voetspore. Veel eerder is 'n gesindheid van onvoorwaardelike gehoorsaamheid in woord en daad hier van pas. Dit impliseer onderwerping en oorgawe aan God. Wanneer die navolging van Christus weergegee word

met 'n aantal voetspore, word dit in 'n figuurlik-idiomatiese sin bedoel. Die gedagte van dissipelskap of navolging is hier aan die orde (Goppelt, 1993:205; Elliott, 1985:195).

### **Gevolgtrekking : Christus is Verlosser en Voorbeeld vir sy gelowiges.**

Christus is in die eerste plek Verlosser en dan Voorbeeld. Dit is onmoontlik vir 'n ongeredde sondaarmens om Christus as Voorbeeld na te volg. Om Hom te kan volg, moet 'n mens eers verlos wees / word. Navolging in Christus se voetspore is alleen moontlik as daar eers versoening van sondes, afsterwe van sonde en opstaan in 'n nuwe lewe, dit is genesing deur sy wond / wonde plaasgevind het. Die woorde "omdat Christus self vir julle gely het" onderskei Hom as Verlosser van Hom as Voorbeeld. Hy het gedoen wat geen mens kon doen nie. Hy is in daardie opsig uniek. Hy is enig in sy soort. As Christus is Hy 'n vernederde, vervloekte, plaasvervangende verlosser wat vir ander gesterf het, sodat hulle Hom in die krag van sy Gees kan navolg.

Alhoewel Hy tydens sy lyding en sterwe koninklik gely en oorwin het, en Homself die goeie Herder noem wat sy lewe aflê vir sy skape, word Hy ook op 'n koninklike wyse getipeer as verheerlikte Christusfiguur. Hy word vereer met die erebenaming Herder en Bewaker van sy kudde, inderdaad 'n Heerlikheidsfiguur.

As voorbeeld moet Hy in 'n baie spesifieke sin deur huisbediendes en alle Christene nagevolg word. Die navolging van Christus hou verband met sy optrede (sy onskuld en sondelose reaksie) toe Hy onregverdig gely het. Die punt van ooreenkoms tussen sy lyding en die lyding van die huisbediendes is geleë in die wyse waarop Hy gely het. In hierdie spesifieke opsig moet hulle soos Hy optree. Hy was in alles gehoorsaam aan God. Hy het Hom aan God onderwerp ten spyte van onregverdige lyding.

### **c) Christus se voetspore (τοῖς ἰχνεσιν αὐτοῦ)**

Met vier betreklike bysinne (2:22-24) word die algemene stelling in 2:21 aangaande Jesus se versoenende lyding toegelig. Enersyds word die onherhaalbare in Christus se optrede beklemtoon, maar terselfdertyd ook die roeping tot navolging van Christus se voetspore wat daaruit voortspruit. Ten opsigte van sy unieke optrede is dit opvallend dat Christus se optrede met vier negatiewe partikels in vier ontkennende frases baie sterk positief voorgestel word. In alles wat Hy nie gedoen het nie (nie gesondig het nie), het Hy deurentyd aangehou om goed te doen en so het Hy die volmaakte wil van sy hemelse Vader en Sender volbring. Hy het met alle eerbied of volmaakte ontsag volgens sy gewete en in ooreenstemming met sy verhouding tot sy hemelse Vader as die Christus opgetree.

Eers word gesê hoe Hy as Verlosser in sy onvergelykbare situasie van vernedering en onreg sy lyding verduur het. Tot en veral aan die kruis het Hy geen oortreding (sonde) begaan nie. Daarna word gesê hoe sy optrede beoordeel is en 'n bevinding word gegee.

Op 'n aangrypende wyse maak Petrus in hierdie gedeelte gebruik van die Ou Testament (Stibbs & Walls, 1973:117). Wat die apostel gesien en gehoor het ten opsigte van die onreglydende Jesus wat gekruisig is, word met sinspelings op die lydende Dienaar van Jesaja 53 en (gedeeltelike) aanhalings uit Jesaja 53 verwoord (vgl. Kelly, 1969:120). Petrus sluit nie net sterk by die profesieë van Jesaja aan nie, maar ook by dié van Jeremia (Jer. 30:17,22, 31:10,18,19,31-34).

In die uiteensetting wat volg, word telkens 'n gedragsriglyn vir huisbediendes uit elke voetspoor afgelei.

Die ooreenkomste tussen Jesaja 53 en 1 Petrus 2:18-25 (veral 2:21-25) word uit die volgende tabel duidelik.

Jesaja 53 (LXX)	1 Petrus 2:21-25
<p><u>53:5</u> Αὐτὸς δὲ ἐτραυματίσθη διὰ τὰς ἁμαρτίας ἡμῶν. <i>Oor ons oortredinge is hy deurboor</i> καὶ μεμαλάκισται διὰ τὰς ἀνομίας ἡμῶν· <i>oor ons sondes is hy verbrysel .....</i> τῷ μῶλωπι αὐτοῦ ἡμεῖς ἰάθημεν <i>deur sy wond is ons genees.</i></p> <p><u>53:6</u> καὶ Κύριος παρέδωκεν αὐτὸν ταῖς ἁμαρτίαις ἡμῶν <i>En die Here het hom oorgelewer vir ons sondes.</i></p> <p><u>53:12</u> ...ἀνθ' ὧν παρεδόθη εἰς θάνατον ἡ ψυχὴ αὐτοῦ, καὶ ἐν τοῖς ἀνόμοις ελογίσθη, καὶ αὐτὸς ἁμαρτίας πολλῶν ἀνήνεγκε, καὶ διὰ τὰς ἀνομίας αὐτῶν παρεδόθη. <i>...omdat Hy sy gees oorgegee het in die dood en saam met misdadigers gereken is, en Hy die sondes van baie gedra het, en Hy is oorgelewer as gevolg van hulle oortredings.</i></p>	<p><u>2:21</u> ὅτι Χριστὸς ἔπαθεν ὑπὲρ ὑμῶν. <i>"... omdat Christus self vir julle gely het."</i></p> <p><u>2:24</u> ὅς τὰς ἁμαρτίας ἡμῶν αὐτὸς ἀνήνεγκεν ἐν τῷ σώματι αὐτοῦ ἐπὶ τὸ ξύλον <i>Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra.</i> οὐ τῷ μῶλωπι ἰάθητε. <i>Deur sy wond is julle genees.</i></p>
<p><u>53:9</u> : ..... ὅτι ἀνομίαν οὐκ ἐποίησεν <i>Omdat hy geen oortreding gepleeg het nie</i> οὐδὲ δόλον ἐν τῷ στόματι αὐτοῦ <i>geen bedrog in sy mond nie.</i></p>	<p><u>2:22</u> : "ὅς ἁμαρτίαν οὐκ ἐποίησεν <i>Wat geen sonde gedoen het nie...."</i> οὐδὲ εὐρέθη δόλος ἐν τῷ στόματι αὐτοῦ <i>"...en in sy mond is geen bedrog gevind nie."</i></p>
<p><u>53:7</u> οὐκ ἀνοίγει τὸ στόμα <i>Hy het sy mond nie oorgemaak nie</i> <i>(2 keer in hierdie vers herhaal)</i> καὶ ὡς ἄμνός ἐναντίον τοῦ κείροντος ἄφωνος <i>en soos 'n skaap stom is voor die skeerders.</i></p>	<p><u>2:23</u> : ὅς λοιδοπούμενος οὐκ ἀντελοιδορεῖ <i>"Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie...</i> πάσχων οὐκ ἠπείλει <i>Toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie,</i> παρείδου δὲ τῷ κρίνοντι δικαίως <i>maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel."</i></p>
<p><u>53:6</u> Πάντες ὡς πρόβατα ἐπλανήθημεν <i>Ons het almal rondgedwaal soos skape</i> ἄνθρωπος τῇ ὁδῷ αὐτοῦ ἐπλανήθη <i>Elkeen het sy eie pad geloop.</i></p>	<p><u>2:25</u> : ἦτε γὰρ ὡς πρόβατα πλανώμενοι, <i>Julle het immers soos skape rondgedwaal,</i> maar nou het julle teruggekom na die Herder en Bewaker van julle lewe.</p>

### i) Voetspoor 1 : Hy het geen sonde gedoen nie

Die 2 Aoristusvorms wat in hierdie vers voorkom, kan as gnomiese Aoristi verklaar word (Greijdanus, 1929:116). Die werkwoordvorms wat in die Aoristus voorkom dui nie net op die laaste fase van sy lyding nie, maar is van toepassing op sy hele lewe op aarde. Hy het geen sonde op geen stadium op geen wyse gedurende sy hele lewe gedoen nie. Op geen stadium is enige bedrog in sy mond gevind nie.

Die woorde in 2:22 kom grootliks ooreen met Jesaja 53:9 (LXX). In die LXX word egter die woord ἀνομίαν in plaas van ἀμαρτίαν gebruik (Selwyn, 1946: 179). Beide woorde word deur Louw & Nida (1989,1:742 e.v) geklassifiseer as optrede wat moreel en etiese gedrag tipeer. Die woord ἀνομίαν word geklassifiseer onder subdomeine (88.139-88.143) as "Wettelose optrede". Louw & Nida (1989,1:758) definieer ἀνομίαν "om sonder enige respek vir die wette of regulasies van die samelewing op te tree". As vertaalmoontlikhede word gegee : "om wetteloos te lewe, wetteloosheid, wettelose lewenswyse".

Die woord ἀμαρτίαν word geklassifiseer onder subdomeine (88.289-88.318) as "Sonde, verkeerd doen, skuld". Die woord ἀμαρτίαν kom in die volgende subdomeine voor en word soos volg gedefinieer :

- Subdomein 88.289 : " om teen die wil en wet van God op te tree". As vertaalmoontlikhede word gegee : "om te sondig, om betrokke te wees by verkeerd doen, sonde" (Louw & Nida, 1989,1:773).
- Subdomein 88.118 : "'n staat van sondigheid as 'n integrale element van iemand se persoonlikheid". As vertaalmoontlikheid word gegee : "sondigheid, om boos (sleg) te wees".
- Subdomein 88.310 : "Die morele gevolg van gedane sonde". As vertaalmoontlikhede word gegee : "skuld, sonde".

Goppelt (1993:211) is van mening dat ἀμαρτίαν, wat die eerste keer hier in 1 Petrus gebruik word, verwys na "oortreding" teen God. In hierdie konteks in 1 Petrus is al drie betekenismoontlikhede egter van toepassing, naamlik :

- Christus het geen sonde (sondige geaardheid) gehad nie (Hy was sonder sonde);
- Hy het ook nie teen die wil en wet van God oortree nie (Hy het nie sonde gedoen nie);
- en gevolglik het Hy ook geen sondeskuld gehad nie (Hy was onskuldig).

Hierdie betreklike bysin verwoord die onverdiende karakter van sy lyding. (Best; 1971:121; vgl ook Osborne, 1983:394). Hy was onskuldig en sonder enige sonde. Hy is tereggestel, terwyl Hy niks verkeerd gedoen het nie (Marshall, 1993). Onder die uiterste provokasie en onverdiende lyding het Hy nie gesondig nie (Hiebert, 1982:35). Hy het geen misdaad of oortreding gepleeg nie, wat nog te sê 'n misdaad wat so 'n wrede teregstelling verdien het. Dit is 'n gedagte wat algemeen in die Nuwe Testament voorkom (1:19; 2

Kor. 5:21; Hebr. 7:26; Joh. 8:46; 1 Joh. 3:5) (Kelly, 1969:120; Best, 1971:121; Goppelt, 1993:210) (Vgl ook Matt. 27:4;19,24; Luk. 23:41; 1 Pet. 1:15; 2:23; 3:18). Hy was nie alleen onskuldig teenoor sy medemens nie, maar sy lewe en optrede was sonder enige oortreding voor God (Kelly, 1969:120). Sy optrede as Verlosser was volledig in ooreenstemming met die wil van God. Daar was in sy geval geen sprake van ongehoorsaamheid, kwaad doen of verkeerd optree nie. Sy lewe was uitsluitlik ingestel op gehoorsaamheid aan God. Kenmerkend van sy optrede was sy positiewe ingesteldheid. Hy handel ten spyte van onregverdige lyding onvoorwaardelik gehoorsaam en bly konsekwent met bomenslike (volmaakte) selfbeheersing optree. Hy onderwerp Hom onvoorwaardelik aan God.

De Klerk & Van Rensburg (1999) wys daarop dat 2:22 in die 1983-Vertaling vertaal word asof hier na twee selfstandige handeling van Jesus verwys word naamlik (a) Hy geen (nooit) sonde gedoen het nie en (b) daar het nooit 'n leuen (geen bedrog<sup>16</sup>) uit sy mond gekom nie. Die verbinding tussen die frases οὐκ ἐποίησεν en οὐδὲ εὐρέθη kan epeksegeties verstaan word, sodat δε´ met ja vertaal kan word. Indien hierdie verklaring gevolg word, verklaar frase (b) frase (a) : "Hy het geen sonde gedoen nie, ja, uit sy mond het daar nooit 'n leuen (geen bedrog<sup>17</sup> [bygevoeg deur navorser]) gekom nie".

Alhoewel De Klerk en Van Rensburg gelyk gegee word ten opsigte van laasgenoemde saak, word wel in hierdie studie onderskei tussen twee frases of te wel twee afsonderlike voetspore. Die eerste frase is 'n meer algemene stelling, terwyl die tweede frase op 'n spesifieke aspek van sy optrede en lewe tydens sy lyding dui.

### **Gevolgtrekking**

Ten spyte van onregverdige lyding het Christus glad nie gesondig nie. Hy het hoegenaamd nie toegegee aan versoeking nie. Sy optrede was onberispelik, dit is volledig in ooreenstemming met die wil en wet van God. Ongeag sy omstandighede (sy lyding) het Hy met bo-menslike geduld en selfbeheersing Hom aan God onderwerp en aangehou met goed doen.

### **Voetspoor 1 vir huisbediendes**

Ten spyte van onregverdige lyding behoort huisbediendes net soos Christus nie te sondig nie. Hulle mag nie toegee aan versoekings nie. Ongeag wat hulle base (reg of verkeerd) doen, (of iemand anders), hulle optrede moet deurentyd (konsekwent) onberispelik wees, dit is in ooreenstemming met hulle gewete wat geskoei is op die wil en wet van God. Deur dit te doen sal hulle God in alles verheerlik.

<sup>16</sup> Die vertaalmoontlikheid "bedrog" word verkies aangesien dit duideliker uitdrukking gee aan Christus se sondelose taalgebruik (mond) en opregte hart voor God.

<sup>17</sup> Die vertaling tussen hakies in frase (b) word verkies aangesien dit die skrywer se bedoeling duideliker weergee. Dit gaan in frase (b) nie net oor dit wat nie uit sy mond na vore gekom het nie, maar veral oor die bevinding van die regverdige Regter self : Geen bedrog is gevind nie, met ander woorde, Hy was onskuldig, sonder sonde en het geen sonde voor en teenoor God of sy medemens gedoen nie.

## ii) Voetspoor 2 : In sy mond is geen bedrog gevind nie

Geen bedrog is in sy mond gevind nie. Bauer (1974:202) gee δόλος weer met *valsheid, bedrog*. Louw & Nida (1989,1:759) definieer die woord δόλος soos volg: “om te bedrieg deur misleiding en valsheid te gebruik”. As vertaalmoontlikhede word gegee: “Om te bedrieg, om te kul, misleiding”. Geen valsheid of leuen (as teenoorgestelde van opregtheid en waarheid) was in sy mond aanwesig nie. “Geen bedrog” dui op sy onberispelike hartsgesindheid en onvervalste opregtheid. Jakobus 3:2 stel dit dat iemand wat nooit struikel in wat hy sê nie, volmaak is. Slegs Christus was as sondelose mens, wat ook Seun van God is, in staat om nie met sy mond of hart te sondig nie. Die volmaakte onskuld van Christus is hier ter sprake (Calvyn, 1979:57). Hieruit blyk nog duideliker dat Hy vir al die ander onregverdig gely het. Omdat Hy self geen sonde gehad het nie, was Hy in staat om die sondes van ander te dra (Stibbs & Walls, 1973:118). Onskuld is nooit 'n verskoning om lyding te aanvaar nie. Soos wat 1 Petrus 2:1 dit stel moet diegene wat Christus wil navolg, elke vorm van bedrog (misleiding of oneerlikheid) aflê (Van Houwelingen, 1991:103; Calvyn, 1979:57). Sy sondelose woorde het voortgespruit uit sy sondelose (rein) hart. Hy was absoluut eerlik en opreg. Hy het nie alleen geen sonde gedoen nie, selfs nie eers in sy gedagtes of taalgebruik nie, maar Hy het in sy allerverskriklikste lyding, veral aan die kruis in sy sondelose optrede volhard toe Hy onverdiend, onskuldig en onregverdig vir ander se sondes gely het.

Εὐρέθη kom in die aoristus passief van die werkwoord εὐρίσκω voor en dui op die bevinding van 'n ander persoon. Die vraag ontstaan na watter persoon hier verwys word. Wie het tot hierdie bevinding gekom? Was dit die aardse regter Pontius Pilatus, die hoofman by die kruis, die omstanders om die kruis of God die hemelse Regter (wat regverdig oordeel)? Alhoewel enigeen van die drie genoemde persone bedoel kan word, word gekies vir die laaste moontlikheid, naamlik God, aangesien die Aoristus passief, die sogenaamde Goddelike passief hier gebruik word. Pontius Pilatus het drie keer verklaar dat Jesus onskuldig is. Slegs God, die regverdige (hemelse) Regter en ware kenner van die hart, is in staat om te oordeel oor die opregtheid van 'n persoon se hart. God het geen bedrog, misleiding (valsheid of leuen) in sy mond gevind nie. Die Aoristus vorm van die werkwoord kan verklaar word as 'n gnomiese Aoristus. Omdat dit deur die hoogste Regter so bevind is, geld hierdie bevinding ook as 'n algemeen geldende waarheid.

Die negatiewe stelwyse in beide frases dien daartoe om die teenoorgestelde (die positiewe) nog sterker te stel en te beklemtoon. Hy het gedoen wat reg, goed en deur God beveel is en Hom welbehaaglik was, tot redding van die mense. Hy het slegs die waarheid gepraat (Greijdanus, 1929:117). In die allernegatiefste situasie van onverdiende (onregverdige) lyding, bly Hy konsekwent aan God getrou.

## **Gevolgtrekking**

Nie net die aardse regter, maar veral die hemelse (hoogste) Regter het geen bedrog of valsheid in sy mond gevind nie. Hy het op geen stadium 'n leuen vertel of iemand mislei nie. Hy is opreg en onskuldig bevind. Sy onskuld en opregtheid het nie net na vore getree in sy woorde, sy swye en sy gebed nie, maar ook in sy hartsgesindheid.

## **Voetspoor 2 vir huisbediendes**

Huisbediendes behoort hulle geensins skuldig te maak aan bedrog, misleiding of leuens nie. Deurentyd moet hulle optrede gekenmerk word deur onskuld, en 'n onberispelike hartsgesindheid van opregtheid wat na vore tree in elke woord wat uit hulle mond kom, spesifiek in 'n situasie van onregverdige lyding. Mense se (opinie of) oordeel is nie die belangrikste nie, maar wel wat God se opinie is. Dit is immers die heel belangrikste hoe hulle voor God as hemelse Regter bevind word. Dit is 'n gewetensaak tussen hulle en God.

## **iii) Voetspoor 3 : Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie**

Petrus sluit aan by die lydingsgebeure soos dit in die beskrywing van die Evangelies in aansluiting by Jesaja 53:7 na vore kom (Brox, 1979:137). Hierdie vers sou ook moontlik verband kon hou met Jesaja 53:9. Die uitsonderlike, unieke, onberispelike, sondelose reaksie van Jesus onder die uiterste uitlokking, uittarting en versoeking word beskryf (Hiebert, 1982:36,37). In dié verband kan verwys word na Matteus 26:51-56; Markus 14:60 e.v., 15:16-20,29-32. Die verwysing na die lydingsgebeure (die Christologie) word verbind aan die lydingsituasie van die huisbediendes en hul roeping in dié verband (Brox, 1979:137). Brox (1979:137) het gelyk as hy wys op die noue verband tussen Christologie en etiek. Geloof en praktyk kan nooit van mekaar geskei word nie. Die versoenende lyding en sterwe van Christus het juis betekenis, ingrypende implikasies vir die lewe en roeping van die huisbediendes, trouens vir elke Christen in die wêreld en dan spesifiek in 'n situasie van veronregting.

Eers word gesê wat Hom aangedoen is, met ander woorde watter kwaad Hy moes trotseer (hoe erg sy lyding was !) en daarna hoe Hy as (die) Christus daarop gereageer het.

## **Hy is beledig**

Die praesens partisipium vorm *λοιδορούμενος* is afgelei van die werkwoord *λοιδορέω*. Dit dui op 'n handeling wat by herhaling plaasgevind het. Hiebert (1982:36) verwys na baie beledigings wat Jesus tydens sy aardse bediening toegevoeg is. Die praesens partisipium vorm sou al die verskillende beledigings kon insluit, maar Hiebert (1982:36) het gelyk as hy hierdie frase veral betrek op die verhoor en kruisiging van Jesus. Hierdie frase en die daaropvolgende frase verwys na die beledigings tydens sy verhoor voor die Sanhedrin (Mark. 14:65), die beledigings deur die soldate (Mark. 15:17-20),

die uitsprake van die rowers aan sy sy (Mark. 15:29-32) (Goppelt, 1993:211), asook dié van die omstanders om die kruis.

Hierdie gebeure sou enige mens noop om terug te beledig. Louw & Nida (1989,1:433) definieer λοιδορέω: "om op 'n uiters beledigende wyse te praat" en gee die volgende vertaalmoontlikhede: "om te laster, om ernstig te beledig, beledig". Hy het die allergrootste onreg ooit gely toe Hy ten spyte van sy onskuld en sondeloosheid valslik beskuldig, beledig en belaster is. Hierdie gebeure teken Hom in aansluiting by Jesaja 53:3 as die lydende Dienaar, die man van Smarte. "Hy was verag en deur die mense verstoot, 'n man van lyding wat pyn geken het, iemand vir wie die mense die gesig wegdraai. Hy was verag, ons het Hom nie gereken nie". Alhoewel Hy die Seun van God is wat mens geword het, is Hy verag en verwerp. Hierdie veragting en uittarting en hemelskreiende lastertaal was bo-menslik en het bo-menslike selfbeheersing van Hom geverg. Dit is 'n geheimenis wat die menslike verstand te bowe gaan. Dis om die minste te sê, 'n onbegryplike wonder. Die aanskoue van Christus as ons Verlosser op pad na en aan die kruis, bring 'n nietige sondaarmens tot aanbidding van God en Christus, inderdaad, vir elke Christenhuysbediende, trouens elke Christen tot onderwerping aan God en die baas met eerbied en ontsag.

### **Hy het nie terug beledig nie**

Hoe het Christus as dié lydende Dienaar en Verlosser hierop gereageer? Het Hy sy vyande se sondige voorbeeld gevolg? Het Hy toegegee aan hulle onregverdige, sondige (liefdelose) en uittartende optrede? Het Hy geswig voor versoeking? Het Hy kop verloor? Nee, Hy het kop gehou. Sy optrede getuig van buitengewone geduld en selfbeheersing. Die vrug van die Gees was volkome in sy optrede aanwesig (Gal. 5:22). As die Christus, wat die salwing van die Gees ontvang het, het Hy Hom te midde van lyding en pyn laat lei deur die Heilige Gees. Hy doen wat geen mens in eie krag kan doen nie. Hy het nie terug beledig nie, maar geswyg. Goppelt (1993:212) beklemtoon tereg dat sy motief agter sy swye sy liefde en vergewensgesindheid was. Die woord ἀντελοιδόρει is die imperfektum vorm van die werkwoord ἀντιλοιδόρω. Saam met die ontkenningsspartikel οὐκ dui ἀντελοιδόρει op optrede wat by herhaling in die verlede *nie* plaasgevind het nie. Hy het deurgaans volgehou om nie terug te beledig nie (Rienecker, 1980:409; Greijdanus, 1929:117). Petrus het gesien en gehoor hoe Hy (telkens) deurentyd op die beledigings van sy kwaadsprekers gereageer het (Greijdanus, 1929:117). Toe ander met sondige en liefdelose gesindheid, houding en taalgebruik en dade teen Hom en God gesondig het, het Hy nie terug gesondig nie. Met sy hele houding, gesindheid, woorde en dade, trouens met sy hele wese en sy hele reaksie het Hy God se wil volbring. Sy reaksie was nooit 'n uiting van persoonlike sondige haatgevoelens nie of van 'n sondige geaardheid, wat Hy nie gehad het nie.

### **Gevolgtrekking**

Ten spyte van die sonde wat mense Hom aangedoen het, toe hulle Hom verag, verwerp, gehaat en daarom bespot, beledig en belaster het, het Hy

geswyg en Hom met bomenslike geduld, selfbeheersing en liefde weerhou van sonde. In sy optrede het Hy Homself onderskei as die sondelose Verlosser van sondaars. Hy het die menslik onmoontlike reggekry en dit so moontlik gemaak vir almal wat in Hom glo om in soortgelyke situasies nie toe te gee aan hulle sondige geaardheid en / om terug te beledig nie. Uit eerbied vir God en Christus en uit verwondering vir wat Hy gedoen het, moet elke Christen in hierdie voetspoor volg.

### **Voetspoor 3 vir huisbediendes**

In geval van (onregverdige) beledigings, moet huisbediendes hulle weerhou van soortgelyke beledigende optrede. Terugbeledigings behoort vermy te word. Selfbeheersde reaksie, soms swye en stil gebed is eerder gepas vir 'n volgeling van Jesus Christus. Versoekings moet op hierdie terrein weerstaan word. Só moet met Christus se optrede geïdentifiseer word. Hierdie Godverheerlikende reaksie is alleen moontlik vir diegene wat in Hom glo en wat gelei word deur die Heilige Gees.

### **iv) Voetspoor 4 : Toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie**

#### **Toe Hy gely het**

Louw & Nida (1989,1:285) definieer πάσχω, πάθημα soos volg : "om pyn te ly (verduur)" en gee die volgende vertaalmoontlikhede : "pyn, lyding, om te ly, om in pyn te wees". Die praesens partisipium vorm van πάσχω dui op sy verskriklike lyding en pyn (pynvolle lyding) en dit kan vertaal word met "toe Hy pyn gely het." Met die praesens partisipium word na die lydingsproses verwys toe Hy fisies aangerand is en koelbloedig doodgemaak is. Hier kan veral gedink word aan die gebeure toe Hy in die gesig geslaan is, met dorings gekroon is, met 'n stok geslaan is, gedwing is om sy eie kruis te dra, asook die mees pynvolle metode van teregstelling aan die kruis (Hiebert, 1982:36).

#### **Hy het nie gedreig nie**

Ten spyte van hierdie bomenslike en onverdiende lydingsituasie, het Hy daarin geslaag om steeds onbesproke op te tree. Wat het Hy nie gedoen nie? Hy het nie gedreig met verwensings en aankondigings van God se oordeel nie (Greijdanus, 1929:117). Pershbacher (1989:933) tipeer die imperfektum vorm van ἀπείλω as 'n beskrywende imperfektum wat sy reaksie uitbeeld. Louw & Nida (1989,1:422) definieer ἀπείλω soos volg : "Om te verklaar dat jy iemand skade sal berokken, spesifiek indien sekere voorwaardes nie nagekom word nie". Saam met die ontkenningspartikel οὐκ dui die frase op 'n sondige reaksie wat herhaaldelik in Jesus se geval nie plaasgevind het nie. Hy het nie gedreig nie. Hy het nie wraak- en vergeldingsgedagtes gekoester of uitgespreek nie. Hy het nie die reg in eie hande geneem nie. Sy optrede is in ooreenstemming met sy nie-gewelddadige benadering as Verlosser. Jesus se optrede verskil van die normale menslike reaksie. In vergelyking met enige ander mens se optrede onder die mees intense pyn en haat, was sy optrede uniek (Hiebert, 1982:37). Hy het Homself aan God onderwerp en was aan God gehoorsaam tot die dood toe. Soos reeds voorheen vermeld, het Hy, in

die allernegatiefste en allerpynvolste onregverdige omstandighede, veral aan die kruis, die allerpositiefste en allerbeste nederige, selfbeheerste, onderdanige gesindheid en optrede aan die dag gelê. Met verstommende liefde bid Hy tot sy Vader vir die vergewing van sy aggressors<sup>18</sup>. Ondanks en ten spyte van soveel lyding, het Hy nogtans daarin geslaag (soos niemand voor Hom en niemand na Hom nie) om nie te sondig nie, maar God te gehoorsaam.

### **Gevolgtrekking**

Ten spyte van alles wat Hom aangedoen is, het Hy nie gehaat nie, maar geswyg en Hom van dreigemente, en wraakspraak weerhou en hulle wat Hom kwaad aangedoen het, nie in eie munt terugbetaal nie. Hy het Homself doelbewus van sondige reaksie weerhou. Ook in hierdie geval reageer Jesus liefdevol teenoor sy haters (geweldenaars) en het Hy eerder vir hulle gebid. Hy openbaar vergewensgesindheid.

### **Voetspoor 4 vir huisbediendes**

Onregverdige lyding behoort verduur te word sonder om die aggressiewe baas met dreigemente of te manipuleer of intimideer en so op sondige wyse in eie munt te probeer terugbetaal. In plaas van dreig, skree en woede-uitbarstings, moet eerder met Geesvervulde selfbeheersing gereageer word. Die gebedsgesindheid van liefde en vergifnis behoort daarmee saam te gaan.

### **v) Voetspoor 5 : Hy het alles oorgegee aan Hom wat regverdig oordeel**

Die teenstellende relasiepartikel δέ dui die kontras met die voorafgaande frases aan (Osborne, 1983:396). Die voorafgaande ontkenende frases word opgevolg met 'n positiewe stelling (Hiebert, 1982:37) wat die positiewe reaksie van Christus op beledigings en lyding verwoord.

Louw & Nida (1989, 1:567) definieer παραδίδωμι as : "om oor te gee aan of om iets oor te dra aan iemand, spesifiek 'n reg of gesag". As vertaalekwivalente word gegee : "om te oorhandig". Hy het alles (sy totale situasie en onregverdige lyding en die uiteindelijke regverdige uitspraak oor sy aggressors) oorgegee aan Hom wat regverdig oordeel en dit is God. 1 Petrus 1:17 werp lig op die verwysing na Hom wat regverdig oordeel. In 1:17 word God die Vader aangedui as die Een wat onpartydig volgens elkeen se dade oordeel. God oordeel nie volgens 'n persoon se sosiale posisie in die lewe nie, maar volgens 'n persoon se optrede (Osborne, 1983:397; Hiebert, 1982:38).

Dié Een wat regverdig oordeel, wreek, vergeld of straf nie net nie, maar Hy spreek diegene wat hulle bekeer, vry en verlos hulle op grond van die soenverdienste van Christus. God sal nie net eendag oordeel nie. Die praesens partisipiumvorm dui op 'n handeling wat God deurlopend uitvoer (Greijdanus, 1929:117).

---

<sup>18</sup> "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!" (Luk. 23:34).

Christus se optrede verskil van byvoorbeeld die Joodse martelaars (Goppelt, 1993:212; Marshall, 1993). Hulle het hul aggressors gedreig dat die oordeel van God hulle sou tref. Die apostel Paulus tree heeltemal anders voor die Sanhedrin op. Hy het die Hoëpriester Annas gedreig nadat laasgenoemde vir Paulus onregverdig deur die gesig laat slaan het (vgl. Hand. 23:4; Osborne, 1983:395).

Christus se optrede is totaal anders. Soos die lydende Dienaar waarvan Jesaja 53:7 geprofeteer het, was Hy soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders. Sy hele optrede word positief ingeklee en gestempel deur sy onvoorwaardelike oorgawe aan God en vertroue op Hom as regverdige Regter. Christus het vrywillig, sonder om te kla Homself aan onregverdige lyding onderwerp. Bokant sy eie situasie en sy verdrukters, het Hy die soewereiniteit en die regverdige oordeel van God erken (Stibbs & Walls, 1973:119).

Hy het ten spyte van al die onreg en lyding Hom aangedoen, volhardend aangehou goedgevoel, nie vir sy eie onthulwede nie, maar ter wille van die verlossing van ander. Hierin word die onmisbare en onsigbare werking van die Heilige Gees met wie Hy gesalf is, verwoord. Jesus se optrede was in ooreenstemming met sy eie uitspraak soos verwoord in Matteus 5:43-44,<sup>19</sup>.

Net soos Christus positief gereageer het op onreg en beledigings, net so word die huisbediendes opgeroep tot positiewe Christelike optrede. Hulle moet ook nie terug beledig en dreig nie, maar alles oorlaat aan God wat regverdig oordeel (Osborne, 1983:396). In hulle onregverdige lydingsituasie word huisbediendes opgeroep om soos Christus en in sy krag aan te hou goed doen, liefhê en vir hulle aggressors te bid. Omdat die gelowiges swak mense is, kan hulle nie ten volle hulle voete in sy voetspore plaas nie (Hiebert, 1982:38). Sy voetspore vergestalt sy sondelose optrede. Deur sy genade kan hulle hulleself egter daartoe verbind om sy voorbeeld na te volg en hulleself onvoorwaardelik onder alle omstandighede aan God toe te vertrou. Christus het vrede gehad met sy Vader, sy opdrag, sy lyding, met sy geweldenaars. Wie homself aan God toevertrou, het volgens Van Houwelingen (1991:105) geen behoefte meer om wraak te neem nie (Rom. 12:17-21).

Die wyse waarop die huisbediendes reageer, kan 'n reuse verskil maak aan hul geweldenaars (bv. werkgewers) wat hulle onregverdig en onverdiend leed en pyn aandoen. Die huisbediendes moes ook vrede maak met hulle omstandighede in die werkplek, meer spesifiek onreg wat hulle aangedoen word, vrede met hulle base. Hulle moes dit doen, juis omdat Christus vrede tussen hulle en God bewerkstellig het aan die kruis.

## **Gevolgtrekking**

In plaas van terug beledig, dreigemente en wraakspraak, het Hy alles oorgelaat aan God wat die wraak toekom. Ook in hierdie geval staan sy

<sup>19</sup> "Julle het gehoor dat daar gesê is : ' Jou naaste moet jy liefhê en jou vyand moet jy haat.' Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat julle vervolg, sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel... As julle net dié liefhet wat julle liefhet, watter loon kan julle dan verwag ?  
...."

sondelose en selfbeheerste optrede voorop. Die dryfveer agter sy sondelose optrede, is sy liefde vir sondaars en sy vyande.

### Voetspoor 5 vir huisbediendes

Huisbediendes behoort in die negatiewe situasie van onreg hulle te weerhou van sondige optrede. Hulle behoort op God te vertrou en hulleself, hulle situasie, hulle optrede en saak oor te gee aan God wat alles weet en regverdig oordeel. Sover dit van hulle afhang moet hulle vrede met selfs hulle onregverdige baas najaag. Tot dan, (indien dit ooit realiseer), sal oorgawe aan God vrede in die hart bewerk. Huisbediendes mag nie die reg in eie hande neem nie. Die wraak kom hulle nie toe nie. God wat regverdig is, en regverdig oordeel, sal op sy tyd alle onreg straf. Huisbediendes moet hulle aggressors liefhê. 'n Huisbediende wat sy onverdiende lyding aan God oorgegee het, het geen rede om wraak te oorweeg nie.

Eie vertaling 2:21-23
21. " Want hiertoe is julle geroep, omdat ook Christus vir julle gely het, en so vir julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle in sy voetspore kan volg.
22. wat nie sonde gedoen het nie, en geen bedrog is in sy mond gevind nie."
23. wat, toe Hy beledig is, nie terug beledig het nie; (wat), toe Hy gely het, nie gedreig het nie, maar dit oorgelaat aan die Een wat regverdig oordeel.

#### 5.6.4 Christus het self ons sondes gedra en ons genees (2:24)

UBS Teks	1983 Vertaling
ὅς τὰς ἀμαρτίας ἡμῶν αὐτὸς ἀνήνεγκεν ἐν τῷ σώματι αὐτοῦ ἐπὶ τὸ ξύλον, ἵνα ταῖς ἀμαρτίαις ἀπογενόμενοι τῇ δικαιοσύνῃ ζήσωμεν, οὗ τῷ μῶλωπι ἰάθητε.	Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra. Daardeer is ons vir die sonde dood en kan ons lewe in gehoorsaamheid aan die wil van God. Deur sy wond is julle genees

Met hierdie vers word direk aangesluit by 2:21 waar verwys word na Christus wat ook vir julle gely het. Die frase :

ὅς τὰς ἀμαρτίας ἡμῶν αὐτὸς ἀνήνεγκεν ἐν τῷ σώματι αὐτοῦ ἐπὶ τὸ ξύλον, belig die eerste faset van Christus se lyding terwyl die frase οὗ τῷ μῶλωπι ἰάθητε die tweede faset van sy lyding belig (De Klerk & Van Rensburg, 1999:25). 1 Petrus 2:24 sluit aan by Jesaja 53:4,12 (Selwyn, 1947:180). By nadere ondersoek blyk dit egter dat hierdie vers ook nou aansluit by die woorde van Jesaja 53:5-6b.

##### 5.6.4.1 Die enigste soenoffer van sy liggaam

Sover in hierdie perikoop het die outeur die tweede persoon meervoud persoonlike voornaamwoord gebruik. Nou skielik slaan hy oor na die eerste persoon meervoud. Dit is moontlik dat die skrywer hiermee aansluit by die gebruik van die eerste persoon meervoud in Jesaja 53:5-6. Só identifiseer die skrywer met sy lesers. Best (1971:121) het gelyk as hy hierdie verandering in persoon in 'n algemene en veel wyer verband interpreteer. In die voorafgaande verse word die spesifieke situasie van huisbediendes

aangespreek. In hierdie vers word Christus as Verlosser in algemene sin, maar dan nie van alle mense soos Best (1971:121) beweer nie, maar van alle gelowiges, voorgestel. Vers 24 word egter weer afgesluit met die gebruik van die tweede persoon meervoud en die verwysing na die wond, wat 'n sinspeling op die situasie van die huisbediendes wat onregverdig lyding verduur, kan wees.

In hierdie vers word 'n chiasiese konstruksie gebruik.

1. *Wat ons sondes self in sy liggaam gedra het aan die kruis,*
2. *en gevolglik is ons vir die sondes dood,*
3. *en kan ons in gehoorsaamheid aan die wil van God lewe;*
4. *deur wie se wond julle genees is.*

Die eerste en laaste stellings, wat ingelei word deur die relatiewe voornaamwoorde onderskeidelik, dui op Christus se versoeningswerk vir die gelowiges, terwyl die twee gevolgsinfrases op die uitwerking of gevolg van daardie versoeningswerk in hulle lewe dui.

#### 5.6.4.2 Hy het self ons sondes gedra

(ὅς τὰς ἀμαρτίας ἡμῶν αὐτὸς ἀνήνεγκεν)

Met die woorde τὰς ἀμαρτίας ἡμῶν beklemtoon die skrywer wie die skuldige is, wie die oorsaak van Christus se onregverdig lyding en uiteindelijke dood is. Dit is nie net diegene wat Hom gekruisig het of nie in Hom geglo het wat die skuld daarvoor moet kry nie, maar ook Petrus en die geadresseerdes, trouens alle gelowiges. Almal het sy wil en wet oortree. Hy het hiervoor die prys betaal met sy lewe. Die skrywer noem homself en die geadresseerdes medepligtiges en medeskuldiges as gevolg van hulle sondes. Die adjektief αὐτὸς word in apposisie saam met die betreklike voornaamwoord ὅς gebruik en benadruk die persoonlike betrokkenheid van Christus as enigste Versoener van sondes. Hy het dit in eie persoon in sy eie liggaam bewerkstellig. Christus het nie net aan die kruishout gehang nie, maar Hy het hoogspersoonlik ons sondes op die kruis gehang (Van Houwelingen, 1991:104).

Met die Aoristusvorm ἀνήνεγκεν, wat afgelei is van die werkwoord, ἀναφέρω, word die aktiewe optrede van Christus tydens sy lyding, veral sy soendood, aangedui. Hy het eenmalig (vir eens en vir altyd) in die verlede nie alleen besluit om te sterwe nie, Hom nie alleen oorgegee om te sterwe nie, maar met die aktiewe daad self vrywillig gesterf. Soos wat Hy sy kruis op sy skouers na Golgota gedra het, so het Hy die sondes van bogenoemdes (die skrywer en geadresseerdes) na die plek van teregstelling gedra. Toe Hy aan die kruis gely en gesterf het, het Hy die genoemdes se sondes gedra.

Louw en Nida (1989, 1:534) definieer ἀναφέρω (se derde vermelde betekenismoontlikheid) soos volg: "om iemand of iets as 'n offerande op te offer ('n tegniese term in die sakramentele sisteem)" en gee as vertaalmoontlikhede 'om te offer, om op te offer, om 'n offer te bring". (vgl. ook Bauer, 1974:62). Hierdie derde betekenisdefinisie is in hierdie konteks ter sake. Christus offer Homself volledig (met mond, hart, liggaam en lewe) vir

die sondes van ander. Hierdie woord in samehang met die ander woorde in die konteks, beklemtoon die verlossende betekenis van Jesus se dood deur van Ou-Testamentiese offertaal gebruik te maak (Best, 1971:121; Selwyn, 1947:180).

Bauer (1974:62,551) gee die woord weer met: "om te dra" met die betekenis van: om die sondes te vernietig aan die kruis. Rienecker (1980:409) verwys in dié verband tereg na Hebreërs 9:28 en Johannes 1:29. In Hebreërs 9:28 word verwys na Christus wat net een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem. In Johannes 1:29 word Jesus deur Johannes aangedui as die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem.

#### 5.6.4.3 In sy liggaam op die kruis (ἐν τῷ σώματι αὐτοῦ ἐπὶ τὸ ξύλον)

ἐν τῷ σώματι αὐτοῦ: (in, met sy liggaam) dui op die fisies, feitelike liggaamlike werklikheid van die versoeningsdaad van Christus met die koopsom van sy liggaam, sy bloed, sy lewe as persoonlike daad van goeddoen vir ander. Dit dui ook op sy menslike bestaan. Hy was werklik mens wat gely en werklik gesterf het. Hierdie frase kan beskryf word as skouspelagtig en dramaties (Stibbs & Walls, 1973:120). Christus en niemand anders nie, het sondaars verlos. Hy het dit hier op aarde, in vleis en bloed, in sy eie liggaam as mens gedoen (Osborne, 1983:400).

Louw & Nida, 1989,1:57) noem dat ξύλον 'n figuurlike uitbreiding van die betekenis van ξύλον<sup>a</sup> 'hout' is, vgl. domein 3.60. Louw en Nida gee dan die volgende definisie: " 'n instrument van teregstelling" en gee as vertaalmoontlikheid "kruis". In die Nuwe-Testamentiese konteks waar die doodstraf ter sprake is, is die verwysing na die kruis soos dié waaraan Jesus gekruisig is. In klassieke Grieks word ξύλον ook gebruik as aanduiding vir die kruis asook in Deuteronomium 21:22 e.v. waar dit geassosieer is met die straf vir misdadigers<sup>20</sup>. (Selwyn, 1947:181; Kelly 1969:122). Hierdie teregstellingswyse was 'n verskriklik pynvolle wyse om te sterwe (Osborne, 1983:400).

Die verwysing na die kruis beklemtoon die vervloekingsaspek van sy plaasvervangende en versoenende lyding (Greijdanus, 1929:118). Die frase "Hy het ons sondes gedra" dui op die skuld en vloek (straf by Calvyn, 1979:59) wat Hy gedra het (Selwyn, 1947:180; Stibbs & Walls, 1973:120).

Enersyds is die skande van sy vloekdood 'n verwoording van die grootste onreg wat Hom as Christus onskuldig aangedoen is en wat Hy bereid was om te dra, te verdra en te voleindig. Dit het Hy nie vir Homself nie, maar vir ander, dit is vir die geadresseerdes, trouens vir almal wat in Hom glo, gedoen.

Onderliggend aan hierdie gedeelte is dat Christus Voorbeeld en Verlosser is en dat slegs die verlostes sy voorbeeld kan volg (Best, 1971:121). In hierdie

<sup>20</sup> Die apostel Paulus verwys in Galasiërs 3:13 soos volg na die kruis : "Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring, deur in ons plek 'n vervloekte te word. Daar staan naamlik geskrywe : Vervloek is elkeen wat aan 'n hout opgehang is." Hier word na Deuteronomium 21:23 verwys.

vers word nogeens beklemtoon dat Christus se optrede uniek is. Hy het gedoen wat geen mens kon doen nie.

#### 5.6.4.4 Die tweërlei uitwerking van sy kruisdood

Die frase *ἵνα ταῖς ἀμαρτίαις ἀπογενόμενοι τῇ δικαιοσύνῃ ζήσωμεν*, sluit ten nouste inhoudelik aan by die roeping van die geadresseerdes (2:21) wat so onregverdig ly. Hulle kon onmiskenbaar met Christus wat ook onregverdig *juis* vir hulle gely het, identifiseer. Christus se soendood het baie besliste gevolge vir hulle in hulle vuurdoopsituasie (vgl. 1 Petrus 1:6-7; 4:12). In aansluiting by De Klerk en Van Rensburg (1999:27) word dié frase as gevolg sin geïnterpreteer (vgl. ook Selwyn, 1947:181) en soos volg vertaal: "Hy het self julle sondes in sy liggaam aan die kruis gedra en gevolglik is julle vir die sondes dood en kan julle in gehoorsaamheid aan die wil van God lewe"

##### a) Die afsterwe van die sonde (*ἵνα ταῖς ἀμαρτίαις ἀπογενόμενοι*)

Die frase *ταῖς ἀμαρτίαις ἀπογενόμενοι* kan weergegee word met "nadat julle opgehou het met die sonde", "nadat julle die sonde gestaak het" (Selwyn, 1947:181). Kelly (1969:123) het gelyk as hy op die voetspoor van verskeie vertalings die moontlikheid van die afsterwe van die sonde suggereer (vgl. Rom. 6:10 e.v.). Dit wat Petrus by Jesaja gelees het en met sy eie oë aan die kruis gesien het, het enorme implikasies vir ons as Christene. Noudat Christus met ons sondes aan die kruis gespyker is, is ons nie langer vasgenaem aan ons sondige verlede nie. Hy het afstand, skeiding, 'n breuk bewerkstellig met die sonde (Van Houwelingen, 1991:105). Daar is 'n parallel tussen hierdie frase in 2:24 en Romeine 6:5-11. Ons ou mens is saam met Christus gekruisig, waardeur aan ons bestaan in die sonde 'n einde gekom het. Ons is nou dood vir die sonde en lewend vir God (Van Houwelingen, 1991:105; Calvyn, 1979:59; vgl. ook Gal. 2:19-20). In hierdie gedeelte tree die fundamentele teenstelling tussen sterwe en lewe saam met Christus na vore (Osborne, 1983:401).

##### b) 'n Nuwe lewe volgens die wil van God (*τῇ δικαιοσύνῃ ζήσωμεν*)

Christus se verlossingswerk is 'n aansporing tot morele vernuwing (Kelly, 1969:123). Die doel en motivering van die nuwe lewe kan beskrywe word as geregtigheid (Selwyn, 1947:181). Net soos in 3:14 dui geregtigheid" op die hoë standaard van morele gedrag wat van Christene verwag word (Kelly, 1969:123). Christus se versoenende lyding het praktiese implikasies vir gelowiges (Hiebert, 1982:39). Elke Christen moet doen wat reg is volgens God se Wet ten spyte van 'n situasie van onreg. Op grond van Christus se verlossing, moet die Christen (huisbediende) 'n nuwe bestaan voer (Best, 1971:123; Stibbs & Walls, 1973:120). Hierdie nuwe lewe korrespondeer met *ἀγαθοποιέω* (goed doen) in 2:20 (Osborne, 1983:401).

Die geadresseerdes word nie alleen in die werkplek geroep om as verlostes, selfs (juis) te midde van uitlokking en lyding en onreg, volgens die wil van God op te tree nie, maar in hulle hele leefstyl. Hulle kan volgens die wil van God lewe omdat hulle nuwe situasie as bekeerdes/verlostes dit vir hulle moontlik

maak en die Gees van Christus ryklik in hulle woon en hulle aanvuur om onder alle omstandighede soos Jesus op te tree deur in sy voetspore te loop (volg).

#### 5.6.4.5 Deur sy wond is julle genees (οὐ τῷ μώλωπι ἰάθητε)

Die betreklike bysin οὐ τῷ μώλωπι ἰάθητε belig die tweede faset van Christus se lyding en betrek dit konkreet met die terugkeer na die gebruik van die tweede persoon meervoud (julle) op die situasie van huisbediendes (Hiebert, 1982:42). Die idiomatiese enkelvoud τῷ μώλωπι word met 'n meervoudige betekenis gebruik (Hanna, 1985:425). Greijdanus (1929:118) beklemtoon tereg dat die enkelvoud met die lidwoord die hele lyding van Christus saamvat. Dit is 'n groot geheel. Hier word egter spesifiek gedui op sy kruisdood. Die beeld van genesing spreek van 'n volkome verlossing van die sonde met al haar hartseer gevolge. Μώλωψ word deur Louw & Nida (1989,1:231) gedefinieer as " 'n toestand wat voortspruit uit ernstige besering of verwonding", en gee as vertaalmoontlikheid "wond".

Die Aoristus passief (Goddelike passief) ἰάθητε dui op dit wat Christus deur sy wond tot stand gebring het. Dit dui op 'n afgehandelde gebeurtenis in die verlede. God het deur Christus se plaasvervangende wond (lyding en dood), genesing (verlossing) van sonde vir die geadresseerdes bewerkstellig. Hierdie vers sluit aan by Jesaja 53:4-5, veral vers 5. Die woorde : "deur sy wond is julle genees" kom in Jesaja 53:5 voor. Die enigste verskil met die weergawe van die LXX is dat 1 Petrus na "julle" (die geadresseerdes : Christene uit die Jode en die nie-Christene) verwys, terwyl Jesaja 53:5 na "ons" (die profeet en God se Ou-Testamentiese verbondsvolk in die ballingskap) verwys. Sy versoenende, onregverdigte lyding en gepaardgaande verwonding het 'n positiewe uitwerking. Uit die wond word hulle gesond. Sy veronregting, sy onskuldige lyding is ter genesing (verlossing). Die verwysing na Christus se wond(e) is 'n implisiete inspeeling op die wonde (van onreg) wat huisbediendes en slawe dikwels in die werksituasie opgedoen het (vgl. Van Houwelingen, 1991:105).

#### Eie vertaling van 2:24

**24 : Wat ons sondes self in sy liggaam gedra het aan die kruis,  
en gevolglik is ons vir die sondes dood,  
en kan ons in gehoorsaamheid aan die wil van God lewe;  
deur wie se wond julle genees is.**

#### 5.6.4.6 Gevolgtrekking

In 2:24 word nogeens beklemtoon dat Christus se optrede uniek is en dat Hy alleen deur diegene nagevolg kan word wat eers deur Hom volkome verlos is van al hulle sondes. Hy het gedoen wat geen mens kon doen nie. Navolging in Christus se voetspore is alleen moontlik as daar eers versoening van sondes, afsterwe van sonde en opstaan in 'n nuwe lewe, dit is genesing deur sy wonde plaasgevind het.

### 5.6.5 Die geadresseerdes se bekering (2:25)

UBS Teks	1983 Vertaling
ἦτε γὰρ ὡς πρόβατα πλανώμενοι, ἀλλὰ ἐπεστράφητε νῦν ἐπὶ τὸν ποιμένα καὶ ἐπίσκοπον τῶν ψυχῶν ὑμῶν.	Julle het immers soos skape rondgedwaal, maar nou het julle teruggekom na julle Herder en die Bewaker van julle lewe

#### 5.6.5.1 Soos ronddwalende skape

(ἦτε γὰρ ὡς πρόβατα πλανώμενοι)

1 Petrus 2:25 sluit ten nouste by Jesaja 53:6 aan. Die Praesens partisipium medium πλανώμενοι van die werkwoord πλανάομαι word in 'n perifrastiese konstruksie saam met die imperfektum vorm van εἰμί gebruik om 'n voortgesette handeling in die verlede te beklemtoon (Rienecker, 1980 :409; Greijdanus, 1929:118). Louw & Nida (1989,1:185) definieer πλανάομαι "om rond te beweeg, sonder bepaalde bestemming of spesifieke doel". As vertaalmoontlikheid word gegee : "om rond te dwaal". Hierdie woord word nie in letterlike sin bedoel nie, maar maak deel uit van die skaap, herder, Oppasser-metafoor. Hulle was immers soos verlore (ronddwalende) skape (ὡς πρόβατα πλανώμενοι). Hierdie frase dui op die geadresseerdes se verlore toestand voordat hulle tot bekering gekom het. Hulle was sonder bepaalde bestemming of spesifieke doel. Vroeër was hulle nog vasgevang in hulle oorgeërfde sinlose (sondige) bestaan (1:18). Hulle was nie-Christene (Kelly, 1969:124). Hulle was verlore, soos skape wat doelloos in die wildernis rondgedwaal het. Hulle het vroeër geen Herder gehad nie (Selwyn, 1947:181).

#### 5.6.5.2 Julle is bekeer (ἐπεστράφητε)

Die teenstellende relasiepartikel ἀλλά saam met die tydspartikel νῦν dui die kontras tussen hulle vroeëre toestand en hulle huidige toestand aan (Hiebert, 1982:42). Die geestelik verlorenes is deur die goeie Herder gevind. Die Herderloses is nou in die Herderlike sorg van God en Christus (vgl. 1 Pet 2:9 & 10). Hulle is nou Christene (naamdraers van Christus) wat net soos Hy gesalf is met die Gees van heerlijkheid (4:14).

Louw & Nida (1989,2:101) dui die volgende 4 betekenismoontlikhede vir ἐπιστρέφω aan : (a) terugkeer<sup>21</sup> (b) om jou geloofsoortuigings te verander<sup>22</sup> (c) verandering van geloofsoortuigings veroorsaak<sup>23</sup> (d) om jou lewenswyse te verander<sup>24</sup>. Die eerste betekenismoontlikheid word buite rekening gelaat aangesien die geadresseerdes nie teruggekeer het nie, maar hul tot God bekeer het. Selwyn (1946:181) kies "omdraai" eerder as "terugkeer". Tussen die betekenismoontlikhede b,c en d is daar weining verskil, maar daar word

<sup>21</sup> "om terug te keer na 'n punt of gebied waar iemand vantevore was, met die waarskynlike klem op terugkeer – ' om terug te keer, om terug te gaan na' " (Louw & Nida, 1989,1:194)

<sup>22</sup> "om jou geloof te verander, met fokus op dit waartoe 'n persoon draai – ' om te draai, om tot geloof te kom, om tot aanvaarding te kom' " (Louw & Nida, 1989,1:373).

<sup>23</sup> "om te veroorsaak dat 'n persoon van geloof verander, met fokus op dit waartoe 'n persoon draai – ' om verandering van geloof te veroorsaak, om te veroorsaak, om te draai na toe ' " (Louw & Nida, 1989,1:374).

<sup>24</sup> "om jou lewenswyse in 'n spesifieke rigting te verander, met die implikasie van terugkeer na God – ' om jou lewe te verander, om tot God te draai, bekering' " (Louw & Nida, 1989,1:510).

voorkeur gegee aan betekenismoontlikheid d wat dui op "beking". Bauer (1952:301) tipeer hierdie woord in dieselfde figuurlike sin.

Osborne (1983:404) verklaar ἐπεστράφητε as 'n Aoristus medium en gee dit weer met "julle het self teruggekeer". Dit kan ook weergegee word met "julle het julle bekeer tot ...". Hierteenoor word ἐπεστράφητε in aansluiting by byvoorbeeld Han (1971:419; vgl. ook Calvyn, 1979:60; Goppelt, 1993:216) geïnterpreteer as passief van die werkwoord en word vertaal met "julle is bekeer". Goppelt (1993:216) wys tereg daarop dat ἐπεστράφητε korrespondeer met ander uitdrukkings in 1 Petrus wat ook in die Aoristus passief voorkom en die nuwe situasie van die geadresseerdes aandui, byvoorbeeld "julle is losgekoop" (1:18), "weergebore" (1:23, 3), "geroep" (2:9, 5:10).

Die Aoristus passief ἐπεστράφητε van die werkwoord ἐπιστρέφω is die Goddelike passief en dui op die werk van God. Die geadresseerdes is deur God self tot Hom bekeer en wel deur die verkondiging van die evangelie wat die saad van die weergeboorte is (1:23). Met hulle beking het God en dan spesifiek Jesus Christus hulle Herder geword. 'n Persoonlike verhouding het tussen hulle en God tot stand gekom (Hiebert, 1982:43). Die aoristus word met perfektumbetekenis gebruik (Selwyn, 1947:181). Die perfektiese betekenis van die Aoristus kan geïnterpreteer word as 'n ingrypende gebeurtenis wat in die verlede plaasgevind het en waarvan die gevolge in die hede en toekoms voortduur.

### **5.6.5.3 Die Herder en Bewaker van julle lewe**

(ἐπὶ τὸν ποιμένα καὶ ἐπίσκοπον τῶν ψυχῶν ὑμῶν)

#### **5.6.5.3.1 Die Herder (τὸν ποιμένα)**

Osborne (1983:404) is van mening dat die benamings "die Herder en Bewaker" eerder op God as op Christus dui. Die vraag is op wie dui dit wel? Dui dit op God of Christus, of op albei. Alhoewel hierdie benamings verseker op God kan dui, word geoordeel dat Christus in hierdie Skrifdeel as Herder (τὸν ποιμένα) en Bewaker (ἐπίσκοπον) van sy kudde aangedui word. Die herdermetafoor sluit aan by die Ou-Testamentiese herder – kuddemetafoor van byvoorbeeld Psalm 23, Esegïel 34, Jesaja 40:11. God word aangedui as die Herder van sy kudde, sy gelowiges. In byvoorbeeld Jeremia 23:1-8 en Esegïel 34 word die herdermetafoor verbind aan die koms van die Messias. God beloof om sy volk deur middel van die Messias te red (Jer. 30:17,22; 31:10,18,19,31-34).

In die Nuwe Testament word byvoorbeeld in Lukas 15:1-7 dieselfde metafoor van die soekende herder en die verlore skaap deur Christus gebruik. Christus noem Homself die goeie Herder, wat sy lewe aflê vir sy skape (Joh. 10:11). Met twee benamings word een persoon naamlik Christus aangedui (Greijdanus, 1929:119; Hiebert, 1982:43).

Hy het nie alleen sy lewe vir sy skape afgelê en vir hulle 'n voorbeeld gestel sodat hulle, wanneer hulle onreg ly in sy voetspore kan trap nie, nee, Hy is

ook die lewende Christus, die oorwinnaar wat steeds in 'n herderlike hoedanigheid omsien na en sorg vir sy skape en voor hulle uitstap, sodat hulle in sy voetspore kan trap (volg). Om agter Jesus hul Herder aan te loop, is gerusstellend, want hulle is altyd in die veilige "sfeer" van sy beskerming. Indien die geadresseerdes egter nie hul Herder se opdragte uitvoer nie, kies hulle hulle eie pad, waar hulle weerloos staan en self hulle lewe moet probeer beskerm. Christus is 'n koninklike heerlikheidsfiguur. In 1 Petrus 5:4 word Christus met die figuurlike uitdrukking Opperherder (Hoofherder, dit is dié (eintlike) Herder) van sy kudde aangedui (Louw & Nida, 1989, 1:518). Dit is nie uitgesluit dat die herdermetafoor 'n sterk koninklike toespitsing het nie. In byvoorbeeld Jeremia 23 word die Messias voorgestel as die Koning wat regverdig sal regeer en wat die redding van God se volk sal bewerk.

### 5.6.5.3.2 Bewaker / Oppasser (ἐπίσκοπον)

Die woord ἐπίσκοπον kom sonder lidwoord voor en word met die woord καί aan "die Herdermetafoor" verbind en word geïnterpreteer as 'n uitbreiding by die Herderbeeld (Goppelt, 1993:215). Kelly (1969:125) beweer tereg dat Christus se taak as Herder, wat sy heerskappy oor God se volk insluit (vgl. Miga 5:3 soos aangehaal in Matt. 2:6), nog meer verband hou met die geadresseerdes se situasie wanneer die kwalifiserende benaming: "Beskermer van julle lewe" ter sprake kom.

Louw & Nida (1989,1:463) definieer ἐπίσκοπος in semantiese veld 35.43 soos volg: "Iemand wat die verantwoordelikheid dra om na geestelike sake om te sien". As vertaalmoontlikhede word gegee: "iemand verantwoordelik vir, iemand wat sorg vir (omsien na), bewaker en beskermer." Louw & Nida (1989,1:463) wys tereg daarop dat ἐπίσκοπος in 1 Petrus 2:25 na Christus verwys en dat dit ongetwyfeld in hierdie konteks verband hou met die betekenismoontlikheid wat in semantiese veld 53.71 gedefinieer word. Louw & Nida (1989,1:542) definieer ἐπίσκοπος in laasgenoemde semantiese veld as "iemand wat as leier in die kerk dien" en as vertaalmoontlikheid word aangegee: "kerkleier". In ἐπίσκοπος tree volgens Louw & Nida (1989,1:542) die twee belangrike fasette van diens en leierskap na vore, met ander woorde die verantwoordelikheid om om te sien na die behoeftes van die gemeente asook om die aktiwiteite van die lede te lei. Die fokus is volgens Louw & Nida (1989,1:463) in 1 Petrus 2:25 nie op leierskap nie, maar op die versorgende rol teenoor die gelowiges. Dit kom egter voor asof leierskap beslis nie uitgesluit is nie. Dit is immers die Herder wat sy kudde vooruitgaan en lei in die spore van geregtigheid en hulle aanmoedig om in sy voetspore te volg.

Goppelt (1993:215) en Van Houwelingen (1991:106) tipeer Christus tereg as die Opperheer van sy kudde. Christus het nie net vir sy kudde gely en hulle van hulle sondes verlos nie, Hy is ook die almagtige God en Koning wat sy eiendom versorg, beskerm en die een wat uiteindelik regverdig oordeel. Met hierdie twee figuurlike benamings van God en Christus word Christus in leidinggewende, versorgende, wakende, oppassende, beskermende hoedanigheid aangedui (Bigg, 1969:149; Hiebert, 1982:42).

### 5.6.5.3.3 Julle lewe (τῶν ψυχῶν ὑμῶν)

Die geadresseerdes se verhouding met Christus, maar veral Christus se verhouding met hulle as Herder en Bewaker word met hierdie frase verder gekwalifiseer. "Hulle 'siele'" (τῶν ψυχῶν ὑμῶν) is voorwerpe van sy Goddelike optrede en kan verklaar word as 'n objektiewe genitief. Die geadresseerdes behoort aan Hom elke dag van hulle lewe in hierdie wêreld in alles wat met hulle gebeur, ook in die werkplek en in werkverhoudings, spesifiek in hulle verhouding met hulle base. Al het sommige onder harde base slegte ervarings beleef, is dit bemoedigend om te weet dat hulle onder die toesig en beskerming van dié Opsigter wat ook Herder van sy kudde is, staan (Van Houwelingen, 1991:106).

Louw & Nida (1989,2:266) klassifiseer ψυχή soos volg (as): (binneste [26.4], lewe [23.88], persoon [9.20]. In semantiese veld 26.4 word die volgende definisie gegee: "Die wese van lewe in terme van dink, wil en voel" met as vertaalmoontlikhede : "binneste, verstand, gedagtes, gevoelens, hart, wese". In semantiese veld 23.88 word ψυχή saam met ζάω en ζωή gegroep. Die volgende definisie word gegee: "om lewendig te wees, om te lewe, lewe" (Louw & Nida, 1989, 1:261). In semantiese veld 9.20 word ψυχή aangedui as 'n figuurlike uitbreiding van die betekenis van ψυχή in semantiese veld 26.4 naamlik 'binneste', en gedefinieer as ", 'n persoon, as 'n lewende wese", met as vertaalmoontlikhede : persoon, mens (Louw & Nida, 1989, 1:106).

Bauer (1974:902) omskryf ψυχή as setel en sentrum van lewe wat die aardse transendeer. In Matteus 16:26 en Markus 8:37 verwys Jesus na die lewe as 'n mens se kosbaarste besitting : "Wat sal dit 'n mens help as hy die hele wêreld as wins verkry, maar sy lewe verloor, of wat sal 'n mens gee in ruil vir sy lewe?" (Matt. 16:26). In 1 Petrus 4:19 word dieselfde woord gebruik. 1 Petrus 4:12-19 handel net soos 2:18-25 oor lyding wat 'n Christen moet verduur. Hierdie perikoop word dan afgesluit met die volgende woorde: "Daarom moet dié wat ly omdat God dit wil, hulle lewe toevertrou (παρατιθέσθωσαν τὰς ψυχὰς αὐτῶν) aan die getroue Skepper en aanhou goed doen."

Al drie betekenisonderskeidings wat Louw & Nida aandui, word in hierdie konteks toepaslik beskou. Vir die huisbediendes en huisslawe wat dikwels met minagting as iets, as 'n ding beskou en behandel is, word gesê :

- God is die Herder en Bewaker van jou **persoon**. Die huisbediendes is in God en Christus se oë kosbaar, 'n mens, 'n persoon. Sowel Greijdanus (1929:119) as Goppelt (1989,1:215) interpreteer die woord in hierdie verband as aanduiding vir die hele mens.
- Meer nog, ook hulle (**aardse**) lewe en alles wat in die werkplek (trouens op elke plek) gebeur, sien God en dit gaan Hom aan. Hy is daarby betrokke.
- Meer nog, hulle **harte** waar al die onreg, lyding, wroeging en pyn saamtrek en hulle met hulle gewete voor God worstel, behoort aan

God / Christus as hulle Herder en Bewaker. Hy is die Here, die Eienaar van sy bediendes.

Die skrywer roep hulle dus op tot onderdanigheid en gehoorsaamheid omdat hulle die groot Dienaar volg wat hulle verlos het, maar hulle persoon en lewe en hart nou, en ook vir ewig veilig in sy sterk hande het. Lewe sou ook op hulle ewige lewe nou en in die toekoms kan dui. Die woord word dus weergegee met lewe, persoon, hart maar daar word volstaan met die omvattende term "lewe" wat die geadresseerdes se hele bestaan as mens insluit.

#### 5.6.5.4 Gevolgtrekking

Die skrywer stel die geadresseerdes se vroeëre situasie teenoor hulle huidige (en toekomstige) situasie. Vroeër was hulle nie-Christene, soos verlore skape, sonder Herder en Bewaker, of Oppasser (Beskermheer). Hulle het doelloos rondgedwaal. Hulle was weerloos, uitgelewer. Nou het God hulle tot Hom bekeer. Hulle is nou elke oomblik van hulle lewe sy eiendom en onlosmaaklik aan Hom verbonde. Hulle is in 'n situasie van lyding en onreg voorwerpe van die sorg van die Goeie Herder en Bewaker van hulle lewe. Hy sorg vir hulle persoon (menswees), hulle lewe en Hy regeer oor hulle hart. Hy bepaal hulle lewe, hulle behoort vir Hom te lewe en dit in die praktyk in hulle verhouding met hul base toe te pas, veral teenoor die wat hulle sleg behandel en veronreg.

<b>Eie vertaling van 2:25</b>
<b>25 : Julle was immers soos skape wat rondedwaal, maar nou is julle bekeer tot die Herder en Bewaker van julle lewe.</b>

### 5.7 Samevattende gevolgtrekkings

#### 5.7.1. 1 Petrus 2:18-25 binne die eerste Petrusbrief

1 Petrus 2:18-25 wat handel oor die verhouding van die huisbediendes tot hulle base / eienaars, kom in die groter eenheidsgedeelte naamlik 1 Petrus 2:11-4:19 voor. 1 Petrus 2:11-4:19 is die derde van vier opdragte wat op 1 Petrus 1:3-12 gegrond is. Hoofstuk 2:11-12 vorm die inleidende verse en dien as basiese opdrag vir goeie gedrag in alle verhoudings. Hierdie basiese opdrag (2:11-12) word dan op vyf wyses toegepas, naamlik teenoor die owerheid, werkgewers, huweliksmaats, die naaste in die algemeen en weereens in 'n situasie van veronregting.

#### 5.7.2 Van bemoediging en sekerheid tot volharding en roepingsvervulling in en ten spyte van lyding

Die doel en boodskap van die eerste Petrusbrief is om die geadresseerdes in hulle beproewende omstandighede te bemoedig en te verseker. Te midde van die allerswaarste, dit is onregverdige lyding wat hulle as vreemdelinge (gevestigde uitlanders) en bywoners (besoekende uitlanders) moet verduur, word hulle verseker van hulle ware identiteit as uitverkorenes, verlostes,

weergeborenes en dus kinders van God, hulle ewige eindbestemming, asook hulle roeping op aarde. As weergeborenes word hulle geroep om hulle lyding in alle verhoudings hier op aarde te verdra en aan te hou goeddoen teenoor alle mense, ook teenoor diegene wat hulle kwaad aandoen.

### **5.7.3 Die huistafels**

#### **5.7.3.1 God eis vrywillige onderwerping aan gesag**

As onderdeel van die eerste Petrusbrief kom 1 Petrus 2:18-25 in die groter huistafelgedeelte van 2:11 – 3:7 voor. Al drie huistafelgedeeltes roep persone in ondergeskikte posisies in die samelewing op tot onderdanigheid (gewillige onderwerping aan gesag). 1 Petrus 2:18-25 bevat die oproep tot huisbediendes. Die ander huistafels in die Nuwe Testament gebruik die woord δοῦλος (slaaf), terwyl οἰκέτης (huisbediende) in 1 Petrus saam met δεσπότης in plaas van die gebruikelike κύριος gebruik word.

#### **5.7.3.2 Huisbediendes : navolgers van Christus, 'n voorbeeld van vrywillige onderwerping vir alle Christene**

Die huisbediendedeel is baie sentraal in die hele huistafeldeel van die Brief geplaas. Dit bevat 'n Christologiese fundering wat nie net as aansporing vir huisbediendes dien nie, maar ook vir alle Christene in alle verhoudings. Die lydende Christus en die lydende huisbediendes word in verband gebring met mekaar. Die vernederde Christus se hantering van veronregting deur gesagsdraers word as voorbeeld vir die nederigste groep in die destydse samelewing voorgelê.

#### **5.7.4 Bokant elke baas is God die hemelse Opdraggewer**

Uit die mikro- en makrovlak-ontleding blyk dat 'n chiasiese patroon in hierdie Skrifdeel aanwesig is, naamlik huisbediendes, base, Dienaar-Herder ("Baas") en huisbediendes (alle Christene). Hieruit word afgelei dat die huisbediendes deurentyd moet onthou dat hulle in die werksituasie nie net in diens van 'n menslike opdraggewer staan nie, maar nog belangriker : hulle staan in diens van hulle goddelike Opdraggewer. Die groot(st) Dienaar - Herder (Dienaar-Here) en Beskermheer het hulle in hulle unieke omstandighede geroep om Hom onvoorwaardelik te dien, soos Hy God onvoorwaardelik gedien het.

#### **5.7.5 Onderwerping uit eerbied vir die baas is deel van die Christen se eerbied vir God**

Die huisbediendes moes (as ondergeskiktes, dit is as persone van 'n laer status, as eiendom van hul base) uit eerbied vir God aan hul goeie en / of slegte base onderworpe wees. Hul eerbied vir hul base was deel van hul eerbied vir God. Hierdie onderdanigheid word egter vir die Christen gekwalifiseer deur die verhouding tot God. Alle base, goeie en /of slegtes, moes dus deur die huisbediendes gerespekteer en gehoorsaam word.

#### **5.7.6 Verdra van onreg is onverdiende genade én prysenswaardig**

“Dit is genade as iemand die pyn van onverdiende lyding verduur omdat hy aan God getrou wil wees” (2:19). Sonder God se onverdiende en oorvloedige guns, kan geen mens die versoeking van onregverdige behandeling gelowig deurstaan nie. Dit kan ‘n begenadigde weergeborene van God alleen met die onmisbare goddelike krag van sy Gees regkry. Wanneer hierdie pynvolle en lydingsvolle situasie egter deurstaan word, is dit om die minste te sê, prysenswaardig en lofwaardig.

### **5.7.7 Die verhouding tot God is deurslaggewend**

#### **5.7.7.1 Die belangrike rol van die gewete**

Die belangrikste dryfveer vir die optrede van die huisbediende teenoor die werkgewer (ook teenoor ander mense in die werkplek en uiteindelik in die hele samelewing, trouens vir elke Christen) behoort die persoon se verhouding tot God te wees. So ‘n persoon weet dat God teenwoordig is, alles weet en sien (Getuie is), versterkend naby is, getrou is, en ‘n plan het met die bepaalde situasie (vgl. 1 Pet 3:15). In beginsel is die gewete rigtinggewend vir die Christenhuisbediende se optrede. Die gewete of te wel die verhouding tot God en sy wil, lei die genoemdes in die toepassing van God se wil. Indien God se wil nie duidelik is nie, moet God se wil biddend gesoek word. Huisbediendes se optrede behoort gewete-, geloofs-, Christus-, en Geesbepaald te wees.

Verkeerde optrede moet ten alle koste vermy word. Dit sal nie God se goedkeuring of waardering ontlok nie. Persone wat egter ten spyte van lyding volhard in goed doen, se optrede is prysenswaardig: dit dra wel God se goedkeuring en waardering weg. Sodanige volharding is steeds onverdiende genade van God en teken van die salwing met die Heilige Gees, aangesien geen mens hierdie versoeking van onregverdige lyding in eie krag kan weer- en deurstaan nie.

#### **5.7.7.2 Die optrede van die werkgewer is sekondêr**

Die optrede van die Christenhuisbediende behoort nie deur die werkgewer se optrede, hetsy reg of verkeerd, billik of onbillik, regverdig of onregverdig bepaal te word nie. God se verhouding tot die Christenhuisbediende en die Christenhuisbediende se verhouding tot God, behoort te lei tot roepingsbewustheid en roepingsvervulling.

### **5.7.8 Christus is Verlosser en Voorbeeld vir sy gelowiges**

#### **5.7.8.1 As Christus-Verlosser is Hy die dienswillige Dienaar**

Christus is in die eerste plek Verlosser en dan Voorbeeld. Dit is onmoontlik vir ‘n ongeredde sondaarmens om Christus as Voorbeeld na te volg. Om Hom te kan volg, moet ‘n mens eers verlos word. Navolging in Christus se voetspore is alleen moontlik as daar eers versoening van sondes, afsterwe van sonde en ontstaan in ‘n nuwe lewe, dit is genesing deur sy wonde plaasgevind het.

Die woorde “omdat Christus self vir julle gely het” onderskei Hom as Verlosser teenoor Hom as Voorbeeld. Hy het gedoen wat geen mens kon doen nie. Hy is in daardie opsig uniek. Hy is Enig van sy soort. As Christus is Hy enersyds ‘n vernederde, vervloekte, plaasvervangende Verlosser wat vir ander gesterf het, sodat hulle Hom in die krag van sy Gees kan navolg.

### **5.7.8.2 As Christuskoning is Hy Herder en Bewaker**

Alhoewel Hy tydens sy lyding en sterwe koninklik gely en oorwin het, en Homself die goeie Herder noem wat sy lewe aflê vir sy skape, word Hy ook op ‘n koninklike wyse getipeer as verheerlikte Christusfiguur. Hy word vereer met die erebenaming Herder en Bewaker van sy kudde, inderdaad ‘n Heerlikheidsfiguur.

### **5.7.8.3 Christus was ten spyte van onreg gehoorsaam tot in die dood**

As Voorbeeld moet Hy in ‘n baie spesifieke sin deur huisbediendes en alle Christene nagevolg word. Die navolging van Christus hou verband met sy optrede (sy onskuld en sondelose reaksie) toe Hy onregverdig gely het. Die punt van ooreenkoms tussen sy lyding en die lyding van die huisbediendes is geleë in die wyse waarop Hy gely het. In hierdie spesifieke opsig moet hulle soos Hy optree. Hy was in alles gehoorsaam aan God. Hy het Hom aan God onderwerp ten spyte van onregverdige lyding.

## **5.7.9 Voetspore en gedragsriglyne 1-5**

### **5.7.9.1 Voetspoor 1**

#### **a) Christus het geen sonde gedoen nie**

Ten spyte van onregverdige lyding het Christus glad nie gesondig nie. Hy het hoegenaamd nie toegegee aan versoekings nie. Sy optrede was onberispelik: dit is volledig in ooreenstemming met die wil en wet van God. Ongeag sy omstandighede (sy lyding), het Hy met bo-menslike geduld en selfbeheersing Hom aan God onderwerp en aangehou met goeddoen.

#### **b) Huisbediendes behoort nie te oortree / sondig nie**

Ten spyte van onregverdige lyding moet huisbediendes net soos Christus nie sondig nie. Hulle mag nie toegee aan versoekings nie. Ongeag wat hulle base (reg of verkeerd) doen, (of iemand anders), hulle optrede moet deurentyd (konsekwent) onberispelik wees, dit is in ooreenstemming met hulle gewete wat geskoei is op die wil en wet van God. Deur dit te doen, sal hulle God in alles verheerlik.

### **5.7.9.2 Voetspoor 2**

#### **a) In Christus se mond is geen bedrog gevind nie**

Nie net die aardse regter nie, maar veral die hemelse (hoogste) Regter het geen bedrog of valsheid in sy mond gevind nie. Hy het op geen stadium 'n leuen vertel of iemand mislei nie. Hy is opreg en onskuldig bevind. Sy onskuld en opregtheid het nie net na vore getree in sy woorde, sy swye en sy gebed nie, maar ook in sy hartsgesindheid.

**b) Huisbediendes behoort ten opsigte van hulle taalgebruik en hartsgesindheid sonder enige bedrog te wees en so deur God bevind te word**

Die opinie (bevinding, oordeel, uitspraak) van die huisbediende se baas, selfs van 'n aardse regter, is nie die deurslaggewende nie. Huisbediendes moet hulle geensins skuldig maak aan bedrog, misleiding of leuens nie. Soos Christus moet nie net hulle taalgebruik nie, maar ook hulle hartsgesindheid opreg en onberispelik wees. Hierdie gesindheid moet na vore tree in hulle woorde, swye, gebede. Dit is 'n gewetensaak tussen hulle en God.

### 5.7.9.3 Voetspoor 3

**a) Toe Christus beledig is, het Hy nie terugbeledig nie**

Ten spyte van die sonde wat mense Hom aangedoen het, toe hulle Hom verag, verwerp, gehaat en daarom bespot, beledig en belaster het, het Hy geswyg en Hom met bomenslike geduld, selfbeheersing en liefde weerhou van sonde. In sy optrede het Hy Homself onderskei as die sondelose Verlosser van sondaars. Hy het die menslik onmoontlike reggekry en dit so moontlik gemaak vir almal wat in Hom glo om in soortgelyke situasies nie toe te gee aan hulle sondige geaardheid en nie terug te beledig nie. Uit eerbied vir God en Christus en uit verwondering vir wat Hy gedoen het, moet elke Christen in hierdie voetspoor volg.

**b) Huisbediendes behoort terugbeledigings en beledigings te vermy**

Ingeval van (onregverdige) beledigings, moet huisbediendes hulle weerhou van soortgelyke beledigende optrede. Terugbeledigings behoort vermy te word. Selfbeheerste reaksie, soms swye en gebed is eerder gepas vir 'n volgeling van Jesus Christus. Versoekings moet op hierdie terrein weerstaan word en met Christus se optrede geïdentifiseer word. Hierdie Godverheerlikende reaksie is alleen moontlik vir diegene wat in Hom glo en wat gelei word deur die Heilige Gees.

### 5.7.9.4 Voetspoor 4

**a) Toe Christus gely het, het Hy nie gedreig nie**

Ten spyte van alles wat Hom aangedoen is, het Hy Hom van dreigemente, en wraakspraak (met ander woorde van haatspraak) weerhou en hulle wat Hom kwaad aangedoen het nie in eie munt terugbetaal nie. Hy het Homself doelbewus van sondige reaksie weerhou. Ook in hierdie geval reageer Jesus

liefdevol teenoor sy haters en het Hy eerder vir hulle gebed. Hy openbaar 'n gesindheid van vergewensgesindheid.

**b) Huisbediendes behoort liefdelose dreigemente te vermy en liefdevol te praat**

Huisbediendes behoort onregverdige lyding te verduur, sonder om die aggressor (byvoorbeeld die baas ) met dreigemente te intimideer of te manipuleer en so op dieselfde sondige wyse in eie munt terug te betaal. In plaas van dreig, skree of woede-uitbarstings, moet eerder met Geesvervulde selfbeheersing gereageer word. Die gebedsgesindheid van liefde en vergifnis behoort vurige kole op die ander persoon se kop op te hoop.

**5.7.9.5 Voetspoor 5**

**a) Christus het alles oorgegee aan Hom wat regverdig oordeel**

In plaas van wraakgedagtes, wraakspraak en wraaksugtige optrede, het Hy alles oorgelaat aan God wat die wraak toekom. Ook in hierdie geval staan sy sondelose, geduldige en selfbeheerste optrede voorop. Die dryfveer agter sy sondelose optrede, is sy liefde vir sondaars en sy vyande.

**b) Huisbediendes behoort op God te vertrou en hulleself aan God toe te vertrou**

Huisbediendes behoort in die negatiewe situasie van onreg hulle te weerhou van gewelddadige optrede. Hulle behoort op God te vertrou en hulleself, hulle situasie, hulle optrede en saak oor te gee aan God wat alles weet en regverdig oordeel. Sovêr dit van hulle afhang, moet hulle vrede met selfs hulle onregverdige baas najaag. Tot dan, (indien dit ooit realiseer), sal oorgawe aan God vrede in die hart bewerk. Huisbediendes mag nie reg in eie hande neem nie. Die wraak kom hulle nie toe nie. God wat regverdig is, en regverdig oordeel, sal op sy tyd alle onreg straf. Huisbediendes moet hulle aggressors liefhê. 'n Huisbediende wat sy onverdiende lyding aan God oorgegee het, het geen rede om wraak te oorweeg nie.

**5.7.10 Christene is in die sorg en veilige beskerming van die Herder-Bewaker**

Die skrywer stel die geadresseerdes se vroeëre situasie teenoor hulle huidige (en toekomstige) situasie. Vroeër was hulle nie-Christene, soos verlore skape, sonder Herder en Bewaker, sonder Oppasser (Beskermheer). Hulle het doelloos rondgedwaal. Hulle was weerloos, uitgelewer. Nou het God hulle tot Hom bekeer. Hulle is nou elke oomblik van hulle lewe sy eiendom en onlosmaaklik aan Hom verbonde en in sy diens. Hulle is in 'n situasie van lyding en onreg voorwerpe van die sorg, toesig en beskerming van die Goeie Herder en Bewaker van hulle lewe. Hy sorg vir hulle persoon (menswees), hulle lewe, en Hy regeer oor hulle hart. Hy bepaal hulle lewe, hulle behoort vir Hom te lewe, hulle behoort dit in die praktyk in hulle verhouding met hul base toe te pas, veral teenoor dié wat hulle sleg behandel en veronreg.

### **5.7.11 In sy voetspore : roepingsbewuste navolging**

Huisbediendes is deur Christus verlos. Dit het ingrypende implikasies vir hulle optrede by die werk, trouens vir hulle hele lewe. As verlostes behoort hulle uit roepingsbewuste dankbaarheid, die voetspore van dié veronregte en vernederde Bediende wat in hulle plek gekruisig is, maar ook die Herder en Bewaker van hulle hele bestaan is, elke dag te volg. Hulle deel nie net in sy vernedering nie, maar ook in sy heerlikheid en hulle Christelike optrede sal deur God goedgekeur en uit genade beloon word.

---



# HOOFSTUK 6

## Hermeneutiese implikasies van 1 Petrus 2:18-25 vir (veronregte) Christenwerknemers in Suid-Afrika

### OORSIG

#### 6.1 Inleiding

- 6.1.1 Die Bybel het implikasies vir die hele lewe en alle verhoudings
- 6.1.2 Die verskil tussen die situasie van die geadresseerdes van 1 Petrus 2:18-25 en werknemers in die RSA
- 6.1.3 Die aktualisering van 1 Petrus 2:18-25 in die RSA
- 6.1.4 Gevolgtrekking

#### 6.2. Arbeidsbetrekkings

- 6.2.1 Deelnemende partye in 'n arbeidsbetrekkingestelsel
  - 6.2.1.1 Owerheid
  - 6.2.1.2 Bestuur
  - 6.2.1.3 Werknemers
- 6.2.2 Arbeidsbetrekkingebeleid

#### 6.3 Die wetlike posisie van werknemers in die RSA

- 6.3.1 Die wetlike posisie van werknemers in die Apartheidsbedeling
- 6.3.2 Die wetlike posisie van werknemers in die Post-Apartheidsbedeling
  - 6.3.2.1 Regstellende aksie
  - 6.3.2.2 Billikheid van arbeidspraktyke

#### 6.4. Privaatreg en Publiekreg

- 6.4.1 Privaatreg en Deliktereg
- 6.4.2 Onregmatige handelinge, 'n delik teenoor kontrakbreuk
- 6.4.3 'n Delik of onregmatige daad en misdaad
- 6.4.4 Onbillike arbeidspraktyke
- 6.4.5 Onreg

#### 6.5 Voorbeelde van veronregting teenoor werknemers in die S.A konteks.

- 6.5.1 Verskyningsvorme van *iniuria*
- 6.5.2 Diskriminasie en uitbuiting van kinders
- 6.5.3 Onbillike vergoeding
- 6.5.4 Afdanking
- 6.5.5 Bonusse

#### 6.6 Grieweprosedure

- 6.6.1 Regulerende maatreëls om 'n grief of geskil op te los
- 6.6.2 Onbillike arbeidspraktyk : Interne en eksterne hanteringsmeganismes
  - 6.6.2.1 Interne hanteringsmeganismes
  - 6.6.2.2 Eksterne hanteringsmeganismes

#### 6.7 Arbeidswetgewing en die liefdesgebod

#### 6.8 Die noodsaak van 'n Christelike arbeidsetiek

#### 6.9 Gedragsriglyne vir veronregte Christenwerknemers uit 1 Petrus 2:18-25 en Suid-Afrikaanse Arbeidswetgewing

- 6.9.1 Riglyn 1 : Skep moed, want God gee aan jou as weergeborene vaste sekerheid
  - 6.9.2 Riglyn 2 : God roep jou. Dien Hom
  - 6.9.3 Riglyn 3 : Onderwerp jou in opdrag van God vrywillig aan jou werkgewer
  - 6.9.4 Riglyn 4 : Verdra onreg in Christus se krag
  - 6.9.5 Riglyn 5 : Konsentreer op jou verhouding met God. Eerbied vir God lei tot respek vir die werkgewer. Dit is 'n gewetensaak voor God.
  - 6.9.6 Riglyn 6 : Volg Christus se voorbeeld na en verheerlik God deur nie te sondig nie, maar aan te hou goed doen
  - 6.9.7 Riglyn 7 : Praat deurentyd reg soos Christus en lê die regte hartsgesindheid aan die dag. Streef daarna om sonder enige bedrog, m.a.w opreg voor God te wees
  - 6.9.8 Riglyn 8 : Vermy soos Christus alle beledigings
  - 6.9.9 Riglyn 9 : Vermy soos Christus liefdelose dreigemente en praat liefdevol
  - 6.9.10 Riglyn 10 : Vertrou soos Christus op God en vertrou jou aan God toe
  - 6.9.11 Riglyn 11: Gebruik jou grondwetlike regte en tree volgens die landswette op. Onwettige optrede is allesbehalwe prysenswaardig, terwyl 'n *ekskuus dat ek lewe*-houding nie pas by 'n Christenwerknemer nie.
  - 6.9.12 Samevatting van gedragsriglyne
- 6.10 Voorbeelde van veronderstelde onregsituasies**
- 6.11 Samevattende gevolgtrekking**

## 6.1 Inleiding

### 6.1.1 Die Bybel het implikasies vir die hele lewe en alle verhoudings

Een van die belangrikste vrae wat in die huidige tydsgewrig gevra word, is die vraag of die Evangelie ook betekenis het vir die lewe van elke dag (Floor 1986: Voorwoord). Die verwyte word die kerk toegevoeg dat die Bybel eeue lank (deur die kerk) verkeerd gelees is. In teologie en prediking sou dan eensydig klem gelê gewees het op die mens in sy persoonlike verhouding met God en die toekomstige heil van die mens. Floor (1986: Voorwoord) waarsku tereg teen die ander uiterste, naamlik dat die persoonlike heil en die eskatologiese verwagting op die agtergrond raak, terwyl besonder sterk klem gelê word op die maatskaplike relevansie van die Evangelie. In hierdie hoofstuk word aangetoon dat heil en maatskaplike relevansie, beginsel en praktyk, leer (dogma) en lewe (etiek), persoonlike geloof en redding, maar ook die uitlewing hiervan in die praktyk van fundamentele belang is vir die lewe van die Christen elke dag. Alle menslike verhoudings word geraak en beïnvloed deur die Christen se verhouding tot God.

Floor (1986) is van mening dat dit in die Bybel primêr gaan oor die mens se verhouding met God. Dit is egter belangrik om daarop te wys dat die mens se verhouding met God onlosmaaklik verband hou met die lewe van die mens op aarde. Christus het dan ook in sy samevatting van die Wet daarop gewys dat God bo alles liefgehe moet word. Dit is die grootste en die eerste gebod, maar die tweede wat volgens Hom hiermee gelyk staan, is: jy moet jou naaste liefhê soos jouself (Matt. 22:37-39). In die Ou Testament word die mens se verhoudings in die samelewing en dan spesifiek sosiale geregtigheid en naasteliefde as 'n onmisbare deel van die gelowige se roeping voor God aan die orde gestel (Eks. 20:12-17; Deut. 5:16-21; Lev. 19<sup>1</sup> (veral :18); Ps. 50; Jes. 1:12-17,21-23; Jer. 5:27,28; 8:3-8; 22:3-9; 23; Amos 5; Miga 3; 6:8).

Alhoewel Floor (1986: Voorwoord) daarop wys dat daar ten opsigte van maatskaplike, sosiale en politieke probleme 'n mate van terughoudendheid in die Bybel is, gee die Bybel ook duidelik leiding ten opsigte van die vrae en probleme van elke dag. In die sogenaamde huistafels word hierdie sake aan die orde gestel. Die huistafels beklee 'n besondere plek in die Nuwe Testament. Dit is egter duidelik in sowel die Ou as die Nuwe Testament dat God sondes op hierdie terrein openlik aanspreek en duidelike riglyne vir die hele lewe, trouens vir alle verhoudings bied. Die mens se verhouding met

<sup>1</sup> Vergelyk Venter (1999:143 e.v.) se insiggewende verklaring van Levitikus 19 oor geloof en gedrag, oor 'n heilige lewe op 'n verskeidenheid lewensterreine. Die uitdrukking *Ek is die Here julle God* kom 15 keer in Levitikus 19 voor. Hierdie woorde vorm telkens die motivering vir die wet van die Here. Die inhoud van Levitikus 19 dek die Tien Geboie en kan in vier temas saamgevat word: God se mense moet Hom onvermoeid dien; daar moet liefde en respek vir mekaar wees; reg en geregtigheid moet in alles geskied; valsheid en alle afgodsdienste moet verwyder word (Venter, 1999:143). In 1 Petrus 1:14-16 word die geadresseerdes deur God self opgeroep om as gehoorsame kinders nie hulle lewe in te rig volgens die begeertes van hulle sondige geaardheid nie, wat dan later in 2:11 & 12 herhaal word. In 1:15 word die geadresseerdes in aansluiting by Levitikus 11:44,45; 19:2 opgeroep om soos Hy wat hulle geroep het, heilig is, so moet hulle in hulle hele lewenswandel heilig wees.

God is verweef met alle ander verhoudings op aarde. Hierdie belangrike saak word tereg deur Floor (1986: Voorwoord) beklemtoon.

Die gelowige lewe as nuwe mens nog steeds op aarde. Die mens is 'n verhoudingswese. Die mens staan nie net in 'n verhouding tot God nie, maar ook in allerlei verhoudings soos byvoorbeeld tot die skepping, die medemens, die samelewing en in die arbeidsituasie. Die mens moet tydens die aardse lewe in die huwelik, huisgesin en in arbeidsverhoudings en in ander verhoudings allerlei beslissings neem (Floor, 1986: Voorwoord; Brox, 1979:137).

### **6.1.2 Die verskil tussen die situasie van die geadresseerdes van 1 Petrus 2:18-25 en werknemers in die RSA**

In hierdie hoofstuk word vanuit 1 Petrus 2:18-25 aangetoon dat die Evangelie definitief betekenis het vir die lewe van die Christen elke dag. Nie net die mens se persoonlike verhouding met God en toekomstige heil is baie belangrik nie, maar ook en veral die effek wat hierdie twee faktore op die gelowige se daaglikse lewe in alle verhoudings, meer spesifiek op die gebied van arbeidsverhoudings (menseverhoudings) het (vgl. hoofstuk 5). In die lewe van 'n gelowige, of dit nou 'n Christenwerknemer of Christenwerkgewer is, kan die verhouding tot God en die verhouding tot die medemens wel onderskei word, maar nooit van mekaar geskei word nie. Dit gaan in die eerste plek dus in die Bybel om die mens se verhouding tot God wat deurwerk en konkrete vergestaltung vind in alle verhoudings met besondere klem op die verhouding tot die naaste.

Die navorsingsresultate van die voorafgaande hoofstukke, veral hoofstuk 5 word as uitgangspunt geneem vir die aflei van gedragsriglyne vir Christenwerknemers teenoor hulle werkgewers. Die Bybel is allesbehalwe 'n handleiding wat stapsgewys detailvoorskrifte voorsien wat slaafs nagevolg kan word. Nee, die Bybel bied vir die gewete van die Christen duidelike Skriftuurlike riglyne wat elke persoon in bepaalde omstandighede in spesifieke verhoudings, veral waar daar onreg gely word, behoort toe te pas, sonder om die regsreëls en wetgewing wat in die samelewing geld, te ignoreer. Die Christen in Suid Afrika mag, en het dikwels geen ander keuse nie, en moet gebruik maak van die wette van die land en die beskerming wat die Grondwet van die land vir elke landsburger bied.

Die vraag kan gevra word: Moet 'n mens wanneer jy by die werk veronreg word, gedwee op jou laat trap, asof jy geen regte het nie? Ten einde hierdie vraag te kan beantwoord, is dit belangrik om te let op die verskil tussen die situasie van die eerste lesers van 1 Petrus en die huidige lesers in die Suid-Afrikaanse konteks. In hoofstuk 2 van hierdie verhandeling is aangetoon dat die oorspronklike lesers van 1 Petrus *uitlanders en bywoners* was. Baie van hulle het uit die onderste laag van die samelewing gekom en was uitlanders, slawe, huisbediendes wat geen politieke regte gehad het nie. Hulle kon nie polisie of hof toe gaan as 'n werkgewer hulle veronreg het nie. Deur die genade van God is die situasie in die Republiek van Suid-Afrika heeltemal anders. Werknemers is nie slawe wat besit word deur hulle werkgewers nie. Hulle is nie uitgelewer aan die willekeur van slegte werkgewers nie. Hulle is vry mense met bepaalde regte. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika beskerm elke individu se reg. As daar by die werk teen enige persoon gediskrimineer word, of 'n persoon ondergaan 'n onbillike arbeidspraktyk, kan

daardie veronregte persoon die saak hof toe neem of die griewe-prosedure by die werk gebruik (Van Rensburg, 1999:1723).

### 6.1.3 Die aktualisering van 1 Petrus 2:18-25 in die RSA

Ten einde die gedragsriglyne te aktualiseer en te konkretiseer, word aanvanklik stilgestaan by die posisie van werknemers in die RSA tydens die Apartheidsbedeling en daarna by hulle posisie in die huidige politieke bedeling. In aansluiting by die wetlike posisie van werknemers in die huidige politieke bestel in Suid Afrika, word moontlike onregsituasies in die werkplek veronderstel. Daarna word voorbeelde van moontlike onreg wat in die werkplek kan voorkom, vermeld en skriftuurlike gedragsriglyne uit 1 Petrus 2:18-25 uitgelig.

Die veronderstelling is nie dat die Christenwerknemer wetlik veronreg is of wetlik veronreg word nie, maar wel dat onreg in 'n sondige en onvolmaakte bedeling tussen mense ontstaan en dat dit die Christen (werknemer) se taak is om daardie onreg uit te wys, op 'n Bybelse wyse aan te spreek, te probeer oplos of om dit te probeer voorkom. God het sy Woord (spesifiek ook 1 Petrus 2:18-25 aan al sy gelowiges gegee, sodat dit die samelewing in die praktyk van menseverhoudings, meer spesifiek in die werkplek positief tot verheerliking van sy Naam kan beïnvloed.

Alhoewel daar na arbeidswetgewing in die RSA verwys word, is die bedoeling nie om 'n teologies-etiese beoordeling daarvan te doen nie. In hierdie eksegetiese studie word die juridiese gegewens<sup>2</sup> slegs gebruik as toeligting om die studie in die Suid-Afrikaanse konteks te konkretiseer.

In hierdie hoofstuk word verwys na die omvattender konsep "werknemers" en nie na "huisbediendes" nie. Huisbediendes in die Suid-Afrikaanse opset dui op huishulpe, vroulike huiswerknemers, selfs tuinwerkers sou moontlik hierby gereken kan word. Huisbediendes (οἰκέται) in die eerste eeuse Grieks-Romeinse samelewing het 'n groot deel van die slawe en werknemersklas in die huishouding, maar ook daarbuite uitgemaak. Gevolglik word in hierdie hoofstuk die woord "werknemers" gebruik, wat 'n groter aantal mense raak. Daar word dus (in hierdie hoofstuk) gedragsriglyne vir Christenwerknemers in die algemeen in die Suid-Afrikaanse situasie aangedui.

Die bedoeling van hierdie studie is nie om die onus (verantwoordelikheid) eensydig op Christenwerknemers te plaas, asof dit slegs laasgenoemdes se verantwoordelikheid is om versoening en goeie verhoudings in die werksituasie en werkplek te bevorder nie. Die Christenwerkgever dra 'n ewe groot verantwoordelikheid. Die Christenwerkgever is dikwels in 'n gunstiger posisie as die werknemer om goeie arbeids- / werksverhoudings te

<sup>2</sup> Wanneer daar in hierdie hoofstuk na sekere wette verwys word, word nie die bladsye nie, maar die spesifieke artikels volgens aanvaarbare regspraktyk aangehaal. Die verskillende wette verskyn in verskillende uitgawes. Die bladsynommers in die verskillende uitgawes van 'n bepaalde wet kom nie noodwendig ooreen nie, terwyl die artikels noodwendig ooreenstem.

bewerkstellig. Aangesien hierdie studie op die werknemer konsentreer, word in hierdie hoofstuk primêr gefokus op die roeping van die Christenwerknemer.

Van Rensburg (1998b:2,4) wys tereg daarop dat baie Christen-Afrikaners wat in die vorige politieke bedeling bevoordeel was bo ander persone, tans ontnugterende ervarings in die nuwe arbeidsbedeling beleef. Daar is persone wat as gevolg van regstellende aksie hul werk verloor, of nie in aanmerking kom vir bevordering op grond van meriete nie. Van Rensburg (1998b:2) pas die vreemdelingskapmotief in 1 Petrus op die situasie van genoemde Christen-Afrikaners toe en toon aan hoe laasgenoemdes in die nuwe politieke bedeling verantwoordelik behoort te reageer. Van Rensburg lewer 'n besondere bydrae in hierdie artikel en in sy navorsing oor onder andere vreemdelingskap in 1 Petrus (vgl. Van Rensburg *et al*, 1989, Van Rensburg, 1990, 1991, 1992, 1994; 1996, Van Wyk & Van Rensburg, 1997, De Klerk & Van Rensburg, 1999; Van Rensburg, 1999) oor die rigtinggewende aktualiteit van die Bybelse boodskap vir die lewe van die Christen, nie alleen in 'n situasie van veronregting nie, maar onder alle omstandighede. Dit bly deurentyd belangrik vir elke Christen om nie volgens die sondige of natuurlike geaardheid op te tree nie, maar volgens die wil van God. Die volgende stelling van Van Rensburg verdien vermelding: "Ek loop óf in Christus se voetspore, óf ek kies my eie koers. Ek is óf in die sfeer van Christus se beskerming, óf ek verwoes my lewe." (Van Rensburg, 1998b:19).

#### **6.1.4 Gevolgtrekking**

6.1.4.1 Die Bybel en spesifiek die Christen se verhouding tot God, het definitiewe implikasies vir die lewe van elke Christen in elke verhouding waarin laasgenoemde deur God geplaas word.

6.1.4.2 Bybelse gedragsriglyne hef nie wetgewing en regsreëls wat in die Suid-Afrikaanse samelewing geld, op nie. Elke Christen behoort met 'n Christelike gewete alle wetgewing en regsreëls te beoordeel en met Christelike verantwoordelikheid daarvan gebruik te maak.

6.1.4.3 In hierdie hoofstuk word nie slegs na *huisbediendes* verwys nie, maar eerder na die algemener en omvattender konsep *werknemers*. Huisbediendes in die eerste eeuse samelewing was 'n omvattender term vir 'n groter deel van die destydse samelewing.

6.1.4.4 Die Christenwerknemer, net soos al die ander Christenrolspelers op die arbeidsterrein behoort die Bybelse gedragsriglyne in elke situasie en in elke verhouding toe te pas.

### **6.2 Arbeidsbetrokkings**

#### **6.2.1 Die deelnemende partye in 'n arbeidsbetrokkingestelsel**


Die arbeidsbetrokkingestelsel bestaan uit 'n driehoeksverhouding tussen die *owerheid, bestuur (o.a. die werkgewer) en arbeid (o.a. die werknemer)* (Nel & Swanepoel, 1989:4; Nel & Van Rooyen, 1989:19). Hierdie verhouding kan of harmonies of vol konflik wees (Nel & Swanepoel, 1989:5). Vir gesonde arbeidsverhoudinge is dit noodsaaklik dat werkgewer en werknemer beseft dat hulle oorvleuelende belange het. Terseldertyd moet beseft word dat dat daar

botsende belange tussen hierdie twee partye bestaan. Dit is van die uiterste belang dat beide partye hul omstandighede en doelstellings aan die ander party bekend maak. In die aangehegde diagram illustreer Nel & Van Rooyen, (1989: 243) die verhouding tussen werkgewer en werknemer.

WERKNEMER TEENOOOR WERKGEWER

**Werknemer**

**Werkgever**



### 6.2.1.1 Owerheid

Die owerheid is sowel meester as dienaar vir die ander twee partye bogenoem. Dit is *meester* omdat dit die verpersoonliking is van die wetlike gesag, maar dit is ook *dienaar* ten opsigte van die bystand wat dit aan sowel bestuur as aan werknemers verleen (Nel & Van Rooyen, 1989:19).

### 6.2.1.2 Bestuur

#### a) Oogmerke van bestuur

Die vernaamste oogmerk van bestuur is om die onderneming suksesvol te maak, dit wil sê om toe te sien dat die regte dinge gedoen word en dat hierdie dinge reg gedoen word. Bestuur se tweede belangrikste rol is dié van benutter van hulpbronne of besluitnemer of aktiveerder van mense of voorsteller van idees. Al hierdie rolle weerspieël die vernaamste bestuursfunksie naamlik *beheer*. Verder hou bestuur die kritieke verhoudings tussen koste en verkope, tussen lone en produktiwiteit en tussen beleggings en wins in stand.

In die toepassing van hierdie funksies moet bestuur na aanleiding van die behoeftes van die onderneming, die aanwending van hulpbronne teen mekaar opweeg. Bowenal moet bestuur op die belangrikste hulpbron naamlik mensekrag ingestel wees. Die vermoë om mensekrag as hulpbron te benut, sal die sukses van die onderneming bepaal (Nel & Swanepoel, 1989 : 8 e.v). Bestuur word gewoonlik beskou as die werkgewer, aangesien dit die persone met kapitaal verteenwoordig (Nel & Van Rooyen, 1989:19).

Die regte en pligte van bestuur en werknemers is 'n belangrike element van arbeidsbetrekkinge. Indien dit nie duidelik omskryf is nie, kan dit tot heelwat ongelukkigheid en konflik in die werksituasie lei (Nel & Swanepoel, 1989:11).

#### b) Die regte en pligte van bestuur

Die regte en pligte van bestuur (werkgewers) word kortliks behandel.

##### i) Die regte van bestuur

Bestuurders (dit sluit werkgewers in) moet genoeg vryheid hê om 'n onderneming so te bestuur dat hulle 'n aanvaarbare opbrengs op kapitaal kan betaal aan diegene wat in die onderneming belê het. Om hierdie taak suksesvol uit te voer, het bestuur 'n sekere aantal regte wat onderskei kan word in *eksklusiewe* en *tradisionele regte* (Nel & Swanepoel, 1989:11).

#### ***Eksklusiewe regte van bestuur***

In die Westerse demokratiese stelsel is die volgende regte eie aan bestuur :

- bepaal doelwitte van die onderneming;

- bepaal produkbeleid;
- beplan en implementeer beleid;
- voorsien finansiële hulpbronne;
- bepaal en verander fisieke fasiliteite;
- bepaal kwaliteit van vervaardigde produkte;
- bepaal werkstandaarde;
- bepaal arbeidsmag;
- organiseer en wys arbeidsmag toe (Nel & Swanepoel, 1989:11).

### ***Tradisionele regte van bestuur***

Die volgende regte het tradisioneel aan bestuur behoort. Namate die proses van werkerverteenwoordiging ontwikkel het, is dit mettertyd met die werkers gedeel :

- werwing en indiensneming van werkers;
- toewysing van take aan werknemers;
- bevordering en afgradering van werkers;
- verplasing van werkers;
- salaris- en loonaanpassings;
- ontslag van werkers;
- personeelvermindering;
- toewysing van werksure, dit wil sê inklok en uitklok;
- toestaan of weiering van verlof;
- bepaling van oortyd (Nel & Swanepoel, 1989:12).

### **ii) Pligte en verantwoordelikhede van bestuur**

#### **Pligte van bestuur**

Dit is belangrik dat regte altyd met verpligtings gepaardgaan. In hierdie onderafdeling word gebruik gemaak van die uiteensetting van Nel & Swanepoel (1989:12 e.v) wat onderskei tussen pligte en verantwoordelikhede. In die Suid-Afrikaanse sake-omgewing kan die volgende bestuurspligte ten opsigte van werkers aangedui word :

- om die werknemer in diens te hou. Lukrake indiensneming en afdanking behoort vermy te word;
- om die werknemer te vergoed vir dienste gelewer;
- om voordele te voorsien.

Hierdie plig kan in twee kategorieë onderskei word naamlik *wettige pligte* en *welwillendheidspligte*.

*Wettige pligte* is byvoorbeeld

- veiligheid in die werksituasie;
- vakansieverlof;
- werkloosheidsversekering;

- billike werksure;
- ongevalleversekering.

*Welwillendheidspligte* is byvoorbeeld

- bonusse;
- nadoodse nasorg aan naasbestaandes;
- behuising;
- klerasie.

### **Verantwoordelikhede van bestuur**

Bestuur behoort die volgende verantwoordelikhede te vervul om 'n effektiewe interaksie tussen werkers en hulle onderskeie verteenwoordigende liggame te vervul :

- reël gereelde vergaderings (verkieslik maandeliks); (Op hierdie wyse kan goeie verhoudings met werknemers bewerkstellig word asook algemene sake bespreek word, wat vir alle betrokke partye belangrik is.)
- toon begrip vir werknemers se ware en wettige behoeftes;
- deel belangrike inligting mee;
- help werkverteenwoordigers om hulle verantwoordelikhede te verstaan;
- vertrou wees met topbestuur se siening;
- ken hulle verantwoordelikheid met betrekking tot die werkers en die onderneming;
- weet watter sake gemeenskaplik met werkers bespreek kan word;
- stel 'n program op vir die bepaling van die wettige behoeftes van werkers;
- verskaf fasiliteite vir werkverteenwoordigers (Nel & Swanepoel, 1989:13-14).

#### **6.2.1.3 Werknemers**

##### **a) Oogmerk van werknemers**

Werknemers word normaalweg in verband gebring met die woorde *arbeid* of *arbeidsmag*. 'n Werknemer kan gedefinieer word as 'n persoon wat menslike arbeid aanbied met die doel om 'n inkomste te bekom (Nel & Swanepoel, 1989:6). Nel & Van Rooyen (1989:19) beskryf die werker of werknemers se rol soos volg : Werkers verkoop hulle arbeid aan die produseerders van goedere en dienste.

Die regte en pligte van werknemers word vervolgens kortliks behandel.

##### **b) Regte en pligte van werknemers**

###### **i) Regte van werknemers**

Die regte van werknemers word internasionaal in 6 basiese kategorieë verdeel, naamlik die reg

- om te werk;
  - op vryheid van assosiasie;
  - op kollektiewe bedinging;
  - om te staak;
  - op beskerming;
  - op opleiding
- (Nel & Swanepoel, 1989:14; Wiehahn, 1982:443 e.v.; 471,597)

Vir die doeleindes van hierdie studie word kortliks toeligting gegee oor vier regte : die reg op vryheid van assosiasie, die reg op kollektiewe bedinging, die reg om te staak en die reg op beskerming wat veral van toepassing is op onreg in die werkplek.

### ***Die reg op vryheid van assosiasie***

Die reg op vryheid van assosiasie vind byvoorbeeld uitdrukking in die Wet op Arbeidsverhoudinge, no. 66 van 1995 hoofstuk 2(art. 4-10). Hiervolgens kan enige werknemer deelneem aan die tot stand bring van 'n vakbond of by 'n vakbond aansluit.

Sodanige vakbond kan die werknemer verteenwoordig en namens hom met die werkgewers onderhandel oor alle aspekte van die indiensnemingskontrak (Nel & Swanepoel, 1989:15).

### ***Die reg op kollektiewe bedinging***

Die reg op kollektiewe bedinging word beskerm deur die wet op Arbeidsverhoudinge no.66 van 1995, art. 11-63. Hierdie reg stel vakbonde in staat om namens die werknemers te onderhandel oor alle aspekte van die indiensnemingskontrak (Nel & Swanepoel, 1989:15).

### ***Die reg om te staak***

Die reg om te staak word ook beskerm deur die Wet op Arbeidsverhoudinge no. 66 van 1995, artikels 64-77. 'n Staking is slegs effektief indien dit kollektief onderneem word. Gewoonlik is dit die werknemers wat aan 'n vakbond behoort wat die mees effektiewe stakings hou. Dit is egter belangrik dat stakings aan sekere wetlike vereistes moet voldoen (Nel & Swanepoel, 1989:15).

### ***Die reg op beskerming***

Die volgende basiese aspekte word onder die reg op beskerming ingesluit :

- bevredigende vergoeding en diensvoorwaardes;

- beskerming van veiligheid en gesondheid;
- sekuriteit en
- beskerming teen onbillike arbeidspraktyke (Nel & Swanepoel, 1989:16).

Die volgende arbeidswette gee uitdrukking aan die reg op beskerming :

Ongevallewet, no. 30 van 1941;

Die Werkloosheidsversekeringswet, no. 30 van 1966;

Die Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid, no. 6 van 1983;

Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, no 3 van 1983

(Nel & Swanepoel, 1989:16)

## ii) Pligte en verantwoordelikhede van werknemers

Net soos ingeval van bestuur (werkgewers) het werknemers nie net regte nie, maar ook pligte en verantwoordelikhede.

### Pligte van werknemers

Die pligte van werknemers is soos volg :

- die plig om te werk wat vermyding van die volgende inhoud :  
afwesigheid;  
laat kom;  
die werk verlaat sonder toestemming;  
besopenheid;  
slaap aan diens;  
ruwe spel;  
onwettige stakings.
- die plig om opdragte uit te voer. Dit wil sê hulle ignoreer nie instruksies nie;  
weerhou hulle daarvan om medewerknemers op te sweep.
- die plig om hulleself goed te gedra; Hulle beledig nie medewerknemers;  
baklei nie op die werksperseel nie;  
is nie oneerlik nie;  
pleeg nie bedog nie.
- die plig om lojaal teenoor die werkgever te wees en dus nie geheime van die onderneming te verklap nie (Nel & Swanepoel, 1989:17).

### Die verantwoordelikhede van werknemers

Terwyl bestuur (werkgever) verantwoordelik is vir die beplanning, leiding en beheer van die onderneming se mensekraghulpbronne, is dit die werknemers se verantwoordelikheid om planne te implementeer en uit te voer. Om hierdie verantwoordelikhede teenoor bestuur / werkgever te kan uitvoer, moet die werkervteenwoordiger-organisasie (bv. die vakbond) die volgende verantwoordelikhede aanvaar :

- Kennis neem van die werknemers se gevoelens en houding teenoor die onderneming, en die gebruike en kultuur van werkers met bestuur bespreek;
- Griewe ondersoek en sover moontlik oplos en aanbevelings aan bestuur maak oor griewe;
- Gereelde kontak met werknemers behou met betrekking tot :  
Bestuursbesluite en redes daarvoor;  
Bestuursinligting wat aan werkers oorgedra moet word;  
Die verantwoordelikhede en gesag van beide partye (werkgewer en werknemer)
- Die omvang van die werksaamhede van werkerrade en vakbonde probeer verstaan deur  
Verteenwoordigingsprosedures en –metodes goed te verduidelik;  
Verantwoordelikhede en beperkings ten opsigte van gesag duidelik te maak;  
Werkers in te lig oor die tipe onderneming waarin hulle hulle bevind.
- Nuwe werknemers kontak en informele induksie laat ondergaan.
- Kennis van ekonomiese omstandighede opdoen oor die volgende sake:  
Besigheidsresultate en kompetisie;  
Die effek van werknemers se versoeke teen die agtergrond van die ekonomiese situasie (Nel & Swanepoel, 1989:18).

### **6.2.2 Arbeidsbetrekkingebeleid**

Aangesien bestuur / werkgewer en werknemers uiteenlopende belangstellings, behoeftes en doelwitte het is dit belangrik dat daar 'n skriftelike beleid moet bestaan wat die kommunikasie en interaksie tussen hulle reguleer (Nel & Swanepoel, 1989 :19).

'n Onderneming behoort 'n algemene beleid, 'n personeelbeleid maar ook 'n arbeidsbetrekkingebeleid te hê. 'n Personeelbeleid is gerig op die individu binne die onderneming. Die doel van 'n arbeidsbetrekkingebeleid is om die verhouding tussen bestuur en werkers, tussen bestuur en georganiseerde arbeid en tussen bestuur en die verskeie eksterne belangegroepes wat 'n rol in arbeidsbetrekkinge speel, te reguleer. Sonder 'n arbeidsbetrekkingebeleid kan 'n grieweprosedure beswaarlik geformuleer word (Nel & Swanepoel, 1989:21).

### **6.3 Die wetlike posisie van werknemers in die RSA**

Die posisie van werknemers in die huidige bedeling verskil aansienlik van dié in die vorige bedeling. Konstitusioneel het die Republiek van Suid-Afrika van 'n parlementêre demokrasie na 'n konstitusionele demokrasie beweeg (Cachalia, 1994: 5). Suid-Afrika staan tans bekend as 'n regstaat waarin die Konstitusionele gesag, dit wil sê die oppergesag van die Grondwet, arbeidswetgewing vasstel en handhaaf (Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996, hierna Grondwet RSA, 1996:art 2).

### 6.3.1 Die posisie van werknemers in die Apartheidsbedeling

Tydens die Apartheidsbedeling is aanvanklik 'n duidelike onderskeid tussen werknemers van verskillende bevolkingsgroepe getref. In die sestigerjare is 'n aparte wet, naamlik die Wet op Bantoe-Arbeid 67 van 1964 uitgevaardig om die posisie van Nie-Blanke werknemers op die gebied van arbeidsverhoudings te reël. Die verskillende wette wat tot en met 1981 op die gebied van arbeidsverhoudings die lig gesien het, het die werknemer, ten gunste van die werkgewer benadeel (Grogan 1998: 5). Behalwe dat (baie van) hierdie wetgewing 'n ondertoon van rasseskeiding gehad het (Wiehahn, 1982:123-127), is die blanke werker bo die nie-blankewerker bevoordeel (Wiehahn, 1982:172 e.v., 465 e.v.).

Werkreservering, wat reeds teen die twintigerjare van die eeu ten gunste van blanke werknemers in wetgewing (bv. Die Wet op Nywerheidsversoening, 11 van 1924) vasgestel is, het tot in die vroeë tagtigerjare veroorsaak dat sommige werknemers verbied is om sekere werk te doen (Wiehahnverslag, 1982:3.6[vi]; 475).<sup>3</sup> Arbeidswetgewing is tydens die Apartheidsbedeling verander, maar teen die einde van dié bedeling het dié wetgewing ingrypend verander. Werknemers se wetlike posisie en bedingingsmag het grootliks verbeter. Hierin het byvoorbeeld die Wiehahnkommissie 'n belangrike rol gespeel (Grogan, 1998: 5). Die kommissie se omvattende voorstelle het veral die weg gebaan dat alle werknemers onder dieselfde wetgewing sou val. Die kommissie het verder ook voorgestel dat nie-blanke werknemers die reg moet hê om wettig te staak en aan vakbonde te behoort. Vroeër is hierdie regte slegs aan blanke werknemers toegeken. Na aanleiding van die Wiehahnkommissie se verslag is die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 3 van 1983 uitgevaardig. Hierdie wet sou voortaan die basiese diensvoorwaardes van alle werknemers (behalwe huisbediendes en plaasarbeiders) neerlê (Grogan, 1998:5).

### 6.3.2 Die posisie van werknemers in die Post-Apartheidbedeling

Werknemers se posisie het drasties verbeter sedert die inwerkingtreding van die nuwe Wet op Arbeidsverhoudinge<sup>4</sup> 66 van 1995 en die Wet op Basiese Diensvoorwaardes<sup>5</sup> 75 van 1997 (Grogan, 1998:6,10). Wat die posisie van histories-benadeelde werknemers, soos swart werknemers, vroue en gestremdes betref, het hul posisie selfs meer verbeter en hulle is in 'n sekere mate begunstig ten koste van ander werknemers toe die bepalings van die

<sup>3</sup> Vir 'n breë historiese en ontwikkelingsagtergrond ten opsigte van arbeidsreg en nywerheidsverhoudings, in internasionale verband en, in die besonder, in die Republiek van Suid-Afrika vergelyk die "Aantekeninge" by die Wiehahnverslag (1982: pte.1-3.9.9).

<sup>4</sup> Die Wet op Arbeidsverhoudinge 96 van 1995 word afgekort as WAV.

<sup>5</sup> Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes 75 van 1997 word afgekort as WBD.

Wet op Billike Indiensneming<sup>6</sup> 55 van 1999 in werking getree het. Die wet het ten doel om diskriminasie in die werkplek uit te skakel en regstellende aksie te bevorder (Grogan, 1998:10). Die wet handel oor diensverhoudings en arbeidsbillikheid of -gelykheid, maar artikels 12-27 handel oor regstellende maatreëls wat ingestel moet word.

### **6.3.2.1 Regstellende aksie**

Die Wet op Billike Indiensneming reël regstellende aksie en verplig werkgewers om op 'n geordende wyse hul werkerskorps met histories-benadeelde werknemers uit te brei (WBI, 1999:art. 15). Veral persone uit agtergeblewe gemeenskappe word by wyse van wetgewing en regstellende aksie bevoordeel om die ongelyke situasie van die verlede reg te stel (WBI, 1999 art. 2; Grogan 1998:10).

Die huidige arbeidswette (bv. WAV, WBD, WBI) is daarop ingestel om werknemers teen uitbuiting te beskerm, terwyl veral die WBD (1997) bykomende beskerming bied vir werknemers wat minder as R 89455,00 per jaar verdien. (Suid-Afrika, 1998a:121) Die WBD en die WBI is gepromulgeer na aanleiding van die Grondwet, 1996, wat, in art 23 (1) bepaal dat elke persoon geregtig is op billike arbeidspraktyke.

### **6.3.2.2 Billikheid van arbeidspraktyke**

Die billikheid van arbeidspraktyke word op die volgende wyses gereël:

#### **i) Minimum diensvoorwaardes**

Die WBD (75 van 1997) reël werksure, verlof, salarisbetalings, siekte en ander basiese, dit wil sê minimum diensvoorwaardes. Die doel van hierdie wet is:

"Om uitvoering te gee aan die reg op billike arbeidspraktyke bedoel in artikel 23(1) van die Grondwet deur voorsiening te maak vir die reëling van basiese diensvoorwaardes en dit te vestig; en daardeur te voldoen aan die verpligtinge van die Republiek as lidland van die Internasionale Arbeidsorganisasie; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan" (WBD, no. 75 van 1997).

#### **ii) Dissiplinerings en ontslag**

Die wyse waarop persone gedissiplineer en ontslaan word en die prosesse wat gevolg moet word om toe te sien dat ontslag/dissiplinerings billik (beide wat prosedure en meriete betref) is, word deur die Wet op Arbeidsverhoudings bepaal, en in besonderhede in hoofstuk 8 en Bylae 8 van die Wet gereël<sup>7</sup>. Dit is duidelik dat die doel van die kodes is om toe te sien

---

<sup>6</sup> Die Wet op Billike Indiensneming 55 van 1999 word afgekort as WBI.

<sup>7</sup> Die hoofbeginsel in die "Goeie praktykkode: ontslag" (WAV, 1995:Bylaag 8, 1{3}) is dat werkgewers en werknemers mekaar met wedersydse respek moet behandel. 'n Premie word

---

daar harmonie in die werkplek heers sodat die doel van die Wet op Arbeidsverhoudings, wat in artikel 1 van die wet uiteengesit word en onder meer die bevordering van ekonomiese ontwikkeling, maatskaplike geregtigheid, arbeidsvrede en demokratisering van die werkplek insluit, bereik kan word (WAV, 1995:art. 1).

Die Arbeidsappèlhof, wat ingestel is as finale hof ten opsigte van enige arbeidsaangeleentheid, is 'n hof van reg en billikheid. Die hof is geregtig om bevele te maak wat billik is, al word die billikheid nie noodwendig in wetgewing vervat nie (WAV, 1995:art 167 (1)).

---

werknemers teen arbitrêre optrede beskerm moet word, is werkgewers daarop geregtig om bevredigende gedrag en werkprestasie van hulle werknemers te verwag.

---

## 6.4 Privaatreg en Publiekreg

### 6.4.1 Privaatreg en Deliktereg

Waar die Publiekreg verhoudings tussen die owerheid en individu en owerheidsorgane onderling orden, is die doel van die reg volgens Neethling *et al.* (1992:3) in die besonder die Privaatreg om die betrekkinge tussen individue onderling in 'n samelewing te reël. Indien mense in volkome harmonie geleef het, sou 'n regsorde onnodig gewees het. Dit is volgens Neethling *et al.* (1992:3) 'n realiteit dat daar voortdurend dreigende of werklike botsings van individuele belange voorkom. Die funksie van die Privaatreg is om individuele belange te erken, teenoor mekaar af te baken en botsende belange met mekaar te versoen.

### 6.4.2 Onregmatige handeling, 'n delik teenoor kontrakbreuk

Du Plessis & Du Plessis (1995:192) definieer onregmatige handeling soos volg :

“Onregmatige handeling is, oor die algemeen gesproke, handeling in stryd met regsvoorskrifte, wat veelal die skending van regte en / of die nie-nakoming van verpligtinge behels. ... 'n Onregmatige handeling is dus 'n handeling wat as gevolg van die afkeurenswaardigheid daarvan in stryd is met 'n gebod of verbod van die positiewe reg.”

Neethling *et al.* (1992:3) verduidelik wat 'n *onregmatige daad* of *delik* in die Deliktereg is : “'n *Delik* is 'n handeling van 'n persoon wat op onregmatige en skuldige wyse nadeel aan 'n ander veroorsaak (Neethling *et al.*, 1992:4; Du Plessis & Du Plessis, 1995:193). Net soos 'n *delik* is *kontrakbreuk* 'n handeling van 'n persoon (kontraksparty) wat op onregmatige en skuldige wyse skade aan 'n ander (kontraksparty) veroorsaak (vgl. Neethling *et al.* 1992:6). Oënskynlik is daar geen wesenlike verskil tussen hierdie twee regsfigure nie. Kontrakbreuk en 'n delik is volgens Neethling *et al.* (1992:6) prinsipiëel verskillend van aard. Kontrakbreuk het altyd net te make met die nie-nakoming van 'n kontraktuele vorderingsreg of prestasie-verpligting deur 'n kontraksparty. Daarteenoor gaan dit by 'n *delik* om 'n aantasting van enige regserkende belang van 'n ander persoon, uitgesonderd die nie-nakoming van 'n prestasieplig deur 'n kontraksparty.

### 6.4.3 Delik of onregmatige daad en misdad

Terwyl die Deliktereg 'n onregmatige daad as 'n *delik* verwoord, word in die publiekreg (strafreg) na 'n onregmatige en skuldige handeling verwys as *misdad*. Tussen 'n *delik* en 'n *misdad* is daar ook fundamentele verskille, wat saamhang met die onderskeid tussen die privaatrek en die publiekreg. Waar die privaatrek gerig is op die beskerming van die *private belang*, is die publiekreg gerig op die handhawing van die *openbare belang* (Neethling *et al.*, 1992:7 e.v.; Du Plessis & Du Plessis, 1995:194,221-5). Volgens Du Plessis & Du Plessis (1995:193) is 'n misdad 'n onregmatige handeling wat die belange en veiligheid van die staatsgemeenskap skend. Neethling *et al.*

(1992:8) wys daarop dat in ooreenstemming met hierdie onderskeid, verskil *deliktuele remedies* wesenlik van *strafregtelike sanksies*.<sup>8</sup> Neethling *et al.* (1992:8) vestig die aandag daarop dat die verskil tussen 'n *delik* en 'n *misdaad* ook daaruit blyk dat een en dieselfde handeling sowel deliktuele as strafregtelike aanspreeklikheid kan fundeer. Neethling *et al.* (1992:8) noem *diefstal, bedrog en aanranding* in die konteks as voorbeelde. Dit is voorbeelde waar die misdaad vermoënskade of persoonlikheidsnadeel veroorsaak. Neethling *et al.* (1992:8) toon aan dat die dief byvoorbeeld nie slegs skuldig is aan 'n misdaad nie, maar ook verplig is om die skade goed te maak wat hy aan die eenaar van die gesteelde saak veroorsaak het. Die twee regsfigure (delik en misdaad) val egter nie altyd saam nie. Nie elke delik is noodwendig 'n misdaad nie (vgl. owerspel, troubreuk, nalatige saakbeskadiging) en omgekeerd is nie elke misdaad 'n onregmatige daad nie, byvoorbeeld godslaster, hoogverraad en parkeeroortredings (Neethling *et al.*, 1992:8).

#### 6.4.4. Onbillike arbeidspraktyke

Die Arbeidsreg resorteer onder die Publieke reg en oortredings op arbeidsterrein resorteer in die eerste plek hieronder, sonder noodwendige uitsluiting van privaatregtelike aanspreeklikheid (Neethling *et al.*, 1992:3). Die Wet op Arbeidsverhoudinge van 1956 het die konsep van *onbillike arbeidspraktyke* vermeld. Die definisie van onbillike arbeidspraktyke soos gewysig in 1991 het in breë ten doel gehad om onbillike arbeidspraktyke tot die volgende drie gevalle te beperk, naamlik :

- "enige handeling (of versuim) wat 'n werknemer op 'n onbillike (onregverdige) wyse benadeel;
- enige handeling (of versuim) wat 'n werkgewer of sy besigheid op 'n onbillike wyse benadeel;
- enige handeling (of versuim) wat die verhouding tussen die werkgewer en sy werknemer (s) op 'n billike wyse raak (of versteur)" (Van Jaarsveld & Van Eck, 1992:269).

Die Wet op Arbeidsverhoudinge (66 van 1995, Bylae 7 Deel B, art. 2(1 e.v.); Grogan, 1998:174) omskryf 'n residuele onbillike arbeidspraktyk soos volg :

"1) Vir die doeleindes van hierdie item beteken 'n onbillike arbeidspraktyk enige onbillike handeling of versuim wat tussen 'n werkgewer en 'n werknemer ontstaan en wat behels :

b) die onbillike optrede van die werkgewer met betrekking tot die bevordering of verlaging in rang of graderings of opleiding van 'n werknemer of met betrekking tot die verskaffing van voordele aan 'n werknemer;

c) die onbillike skorsing van 'n werknemer of enige ander dissiplinêre optrede buiten ontslag ten opsigte van 'n werknemer;

d) die versuim of weiering van 'n werkgewer om 'n voormalige werknemer ingevolge enige ooreenkoms in diens te herstel of weer aan te stel".

Par. (a) is herroep by artikel 64 van Wet 55 van 1998.

<sup>8</sup> "Die deliktuele remedies het 'n *kompenserende* aard ten einde die benadeelde individu te vergoed of skadeloos te stel vir die nadeel wat die delikspeler veroorsaak het. Daarenteen is strafregtelike sanksies *bestraffend* van aard ten einde die misdadiger van owerheidsweë te straf vir sy oortreding teen die openbare belang." (Neethling *et al.*, 1992:8)

### 6.4.5 Onreg

Met die begrip “onreg” word enersyds verwys na wetlike onreg, met ander woorde optrede wat onwettig is, wat strafbaar is deur die owerheid. Andersyds word ook na onreg verwys wat nie noodwendig wetlik strafbaar is nie, maar wat strydig is met die wil van God en wat as onregverdig en onbillik aangemerkt kan word.

Enkele voorbeelde van onregsituasies of onregpraktyke wat tussen werknemers onderling of tussen werknemer en werkgever kan ontstaan, word vermeld.

## 6.5 Wetgewing en vorms van onreg teenoor werknemers in die RSA

### 6.5.1 Verskyningsvorms van *iniuria*

Neethling *et al.* (1992:321-351) bespreek besondere verskyningsvorme van *iniuria*. In die Suid-Afrikaanse reg word verskyningsvorme van *iniuria* geklassifiseer volgens die verskillende persoonlikheidsregte wat reeds erkenning en beskerming geniet naamlik :

- dié met betrekking tot liggaamlike integriteit (die regte op die liggaam (*corpus*) en liggaamlike vryheid (*libertas*);
- die reg op die goeie naam (*fama*);
- en dié met betrekking tot die *dignitas* as versamelnaam vir die regte op die eer, privaatheid, die gevoelslewe en die identiteit (Neethling *et al.*, 1992:321,326)

### 6.5.2 Diskriminasie en uitbuiting van kinders

Diskriminasie en uitbuiting van kinders word uitdruklik in al die wetgewing wat op werknemers van toepassing is, verbied. Die WBD (1997:79(2)) bepaal dat daar nie teen werknemers gediskrimineer mag word nie. Die WAV (1995) maak dit ook, in artikel 194(3) duidelik dat 'n werkgever wat hom skuldig maak aan onbillike optrede waar diskriminasie betrokke is, 'n toekenning van tot 2 jaar se salaris van die werknemer teen hom te wagte kan wees. Dit is dus duidelik dat hierdie praktyke nie geduld sal word nie en werkgevers wat hulle hieraan skuldig maak, kan min genade van die reg verwag.

Die WBD (1997, art. 43(1a)) verbied dat kinders onder die ouderdom van 15 jaar in diens geneem mag word of dwangarbeid mag verrig (WBD, 1997, art. 43-48). Die voorkoming van verwaarlosing, mishandeling en uitbuiting van kinders word in die Kinderwet 33 van 1960 (art. 18-25) gereël.

### 6.5.3 Onbillike vergoeding

Omdat daar in baie sektore van die algemene ekonomie reeds minimum lone bestaan, is onbillike vergoeding ook al hoe meer onder die soeklig. In verskeie sektore van die arbeidsmark bestaan daar reeds verskeie

kollektiewe ooreenkomste wat die lone en vergoeding van werknemers in sekere beroepe vasstel.

Werkgewers wat binne 'n bepaalde bedryf werksaam is, is gebonde aan kollektiewe ooreenkomste wat in die bedryf gesluit is (art 23 van die WAV, 1995) selfs al is hulle in sommige gevalle nie lede tot die kollektiewe ooreenkoms nie. Die Minister van Arbeid is gemagtig om vasstellings te maak wat minimum lone kan insluit (WBD, 1997:art 50) en werkgewers wat die bepaling oortree kan verwag dat hulle hul nie net die gramskap<sup>9</sup> van hul werknemers en arbeidsinspekteurs wat ingevolge die WBD aangestel is, op die hals sal haal nie, maar uiteindelik ook 'n nakomingsbevel uitgereik deur die Arbeidshof, in die gesig staar (WBD, 1997:art. 73).

Onbillike vergoeding, waar daar 'n onderskeid gemaak word tussen persone wat aan verskillende rasse of geslagte behoort, word uiteraard verbied en word oor dieselfde kam geskeer as diskriminasie waarna hierbo verwys is (WBI, 1999:art 2a, 6; Grogan, 1998:182).

#### 6.5.4 Afdanking

Afdanking word in besonderhede deur die WAV gereël en moet, soos reeds gemeld, beide prosedureel en op meriete billik wees. (WAV, 1995: Bylaag 8, art. 2). 'n Werkgewer se redes vir ontslag moet sowel geldig as billik wees (Rycroft & Jordaan, 1994:204). Die WAV het 'n spesiale tribunaal, die Kommissie vir Versoening, Bemiddelling en Arbitrasie (hierna afgekort met KVBA) geskep wat ten doel het om werknemers behulpsaam te wees teen die onbillike optrede van werkgewers. Hierdie tribunaal kan ook bevele maak wat die krag van hofbevele het (WAV, 1995:art.157).

Die funksie van die KVBA is om, onder andere, te poog om enige geskil wat na die KVBA verwys word, te besleg (WAV, 1995:art.115(1), en dit word op 'n relatief informele wyse gehanteer (Grogan, 1998: 240). Regsverteenwoordigers word nie by versoeningsonderhandelinge toegelaat nie (WAV, 1995:art.135(4)), terwyl hulle net in sekere gevalle by arbitrasieverrigtinge toegelaat word (WAV, 1995: art 140(1). Die kommissaris van die KVBA word deur die staat betaal en het die reg om tot 'n groot mate hul eie, informele prosedure te bepaal, met die voorbehoud dat die reëls van natuurlike geregtigheid byvoorbeeld *audi et alteram partem* (hoor ook die ander party) en *nemo iudex in re sua* (nie regter in jou eie saak nie) moet geld (Grogan, 1998:240). Hoewel die versoeningsprosedure nie foutloos verloop nie, en kommissaris van die kommissie al dikwels in uitsprake van die Arbeidshof tereggewys is (Grogan, 1998: 241), wil dit tog voorkom of die informele wyse waarop geskille besleg word, die afhandeling daarvan bespoedig.

Omdat die Arbeidsreg op billikheid gebaseer is, kan die Arbeidshof en die KVBA wanneer bevele gemaak word, ook na ander verliese wat die

<sup>9</sup> Geen uitspraak oor die etiese regverdigbaarheid al dan nie van die reaksie word gegee nie.

benadeelde party gelyk het, kyk (WAV, 1995:art.158(1)). Die WAV (1995:art.158(1)) maak ook daarvoor voorsiening dat, indien 'n werknemer weens onbillike diskriminasie benadeel is, die hof selfs 'n bevel vir strafvergoeding (*punitive damages*) kan gee.

### **6.5.5 Ten opsigte van bonusse**

Die huidige arbeidswetgewing beperk ook die werkgever se diskresie om bonusse toe te staan of te besluit hoe en watter personele bevorder word. Indien 'n werkgever jaarliks 'n bonus aan 'n werknemer op grond van sekere vereistes toegestaan het en dan eensydig die vereistes verander, of bloot weier om verder 'n bonus toe te staan, kan die optrede 'n onbillike arbeidspraktyk daarstel omdat die werknemer 'n geregverdigde verwagting het om altyd op dieselfde wyse behandel te word. Net so bepaal die WAV (1995) dat dit 'n onbillike arbeidspraktyk is om personele nie te bevorder indien hulle daarop geregtig is of werknemers by bevordering ten gunste van ander personeel oor die hoof te sien (Grogan, 1998:184 -186). Net so is 'n werkgever se inkonsekwente optrede teenoor werknemers, veral waar dit gaan oor opleiding of verskaffing van voordele, 'n onbillike arbeidspraktyk wat op dieselfde wyse as diskriminasie hanteer word (WAV, 1995, Deel B, Bylae 7[2:1b-d]).

Viktimisasie en afpersing van werknemers deur werkgevers word eweneens deur die Arbeidswetgewing verbied. Ontslag van werknemers omdat hulle hul lot teenoor iemand anders bekla het, is 'n onbillike arbeidspraktyk (WAV, 1995, Bylae 7, 194(1-3); Grogan, 1998:119 e.v; Rycroft & Jordaan, 1994:316,330).

## **6.6 Griewe-prosedure**

### **6.6.1 Regulerende maatreëls om 'n grief of geskil op te los**

Uit die voorafgaande uiteensetting is dit duidelik dat die Suid-Afrikaanse reg en meer spesifiek Arbeidswetgewing verhoudings op arbeidsterrein sorgvuldig reël. Indien daar 'n grief in die werkplek ontstaan kan 'n werknemer die volgende middels of regulerende maatreëls gebruik om die grief op te los :

1. die dienskontrak en diensvoorwaardes.
2. maatskappy reëls, regulasies en beleid (griewe – en dissiplinêre prosedure)
3. ooreenkomste beding tussen werkgever en werknemerverteenwoordigers / Vakbond.
4. Wet Op Arbeidsverhoudings.
5. Wet Op Basiese Diensvoorwaardes.
6. Wet Op Billike Indiensneming.
7. Die Grondwet van Suid-Afrika.
8. Die Siviele Reg.

## **6.6.2 Onbillike arbeidspraktyk : Interne en eksterne hanteringsmeganismes**


### **6.6.2.1 Interne hanteringsmeganismes**

Ingeval 'n grief ontstaan as gevolg van 'n onbillike arbeidspraktyk, kan onderskei word tussen 'n interne en 'n eksterne hanteringsmeganisme. Delport (2000) dui in die voorafgaande vloeiagram 'n interne proses aan soos dit in die bedryf toegepas word by Anglo Platinum in Rustenburg.

Hierdie interne proses word soos volg omskryf :

- (1) Indien 'n grief ontstaan,
- (2) word die grief gelug en hopelik opgelos;
- (3) Indien dit nie onopgelos word nie, volg 'n dissiplinêre ondersoek ;
- (4) Die unie onderhandel met die bestuur en die saak word opgelos;
- (5) Indien die saak nie opgelos word nie, word dit tot 'n geskil verklaar.

## ONBILLIKE ARBEIDSPRAKTYK (INTERNE HANTERINGSMEGANISMES)



**Bron:** Delpont, B.P.J (2000) saamgestel uit praktyk soos van toepassing by Anglo Platinum, Rustenburg


### 6.6.2.2. Eksterne hanteringsmeganismes

Delport (2000) dui in die tweede vloeiagram aan watter eksterne hanteringsmeganismes aangewend word, indien 'n grief tot 'n geskil verklaar word. Die vloeiagram van Delport is gebaseer op die vloeiagram no. 14 wat as bylaag verskyn by die Wet op Arbeidsverhoudings no 66 van 1995 en dui soos ingeval van die eerste vloeiagram die proses aan soos dit toegepas word by Anglo Platinum, Rustenburg.

Nadat die interne proses onsuksesvol was en 'n geskil of dispuut verklaar is, kan die dispuut deur die Nywerheidsraad hanteer word of deur die kommissie vir Versoening, Mediasie en Arbitrasie hanteer word (WAV, 1995:art. 112-150). Indien die saak steeds onopgelos is, word in geval van 'n diskriminasiegeskil die saak verwys na die Arbeidshof (stappe 7-9) (WAV, 1995: art. 151-166). Indien teen 'n beslissing van die Arbeidshof geappelleer word, word daar na die Arbeidsappelhof geappelleer (WAV, 1995: art. 167-183). Die uitspraak van die Arbeidsappelhof is finaal (WAV, 1995:art. 183), terwyl dit in geval van ander geskille vir arbitrasie verwys (stappe 10-12) kan word (vgl. WAV, 1995:art.112-150).

Diagram 2 : Onbillike arbeidspraktyk : eksterne hanteringsmeganismes

## ONBILLIKE ARBEIDSPRAKTYK (EKSTERNE HANTERINGSMEGANISMES)



**Bron:** Die wet op arbeidverhoudinge, wet 66 van 1995, vloeiagram 14, p.249, soos aangepas.

## **Gevolgtrekking**

Christenwerknemers behoort middele te benut soos die Grondwet, Arbeidswetgewing, die Siviele wetgewing, die dienskontrak en diensvoorwaardes, maatskappyreëls, regulasies en beleid (griewe – en dissiplinêre prosedure) asook ooreenkomste beding tussen werkgewer en werknemerverteenwoordigers / vakbond. Die genoemde prosedures om 'n geskil op te los, behoort gevolg te word.

### **6.7 Arbeidswetgewing en die liefdesgebod**

In ooreenstemming met internasionale arbeidsregte en internasionale menseregte, word die optrede van alle persone in die arbeidsmark sorgvuldig gereël. Die posisie, verpligtinge en regte van werkgewer en werknemer en versoeningsmeganismes is deeglik in wetgewing vasgelê. Alhoewel die Christen met die liefdesgebod as uitgangspunt in die arbeidsituasie behoort op te tree, moet die liefdesgebod nie *per se* met arbeidswetgewing of die Grondwet geïdentifiseer word nie.

Die huidige arbeidswetgewing mag die indruk skep dat die liefdesgebod daaraan ten grondslag lê, of minstens eienskappe daarvan vertoon. Hierdie indruk is egter nie noodwendig korrek nie, en wel om die volgende redes:

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat daar in Suid-Afrika nie 'n Christelike staatsbestel bestaan nie. Dit sou foutief wees om aan te neem dat die persone wat die wette opgestel het of dit aanvaar het, noodwendig Christene was of dat die wette met die liefdesgebod as uitgangspunt opgestel is. Persone van verskillende agtergronde en geloofsoortuigings het hieraan meegewerk. In die RSA as regstaat is nie die liefdesgebod nie, maar wel die Handves van Fundamentele Regte die grondslag van die samelewingsorde. Vir die Christen is die liefdesgebod egter ten grondslag van die hele lewe en dit speel 'n bepalende rol in menseverhoudings, of wetgewing gebruik word of nie.

Die Handves van Fundamentele Regte soos vervat in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, asook arbeidswetgewing is van toepassing op alle rolspelers in die arbeidsmark, ongeag hul geloof. Om die wetgewing as Christelik te beskou, mag nie net in stryd met die Grondwet, wat in artikel 15 geloofsvryheid waarborg, wees nie, maar ook vir lede van ander gelowe as godsdienstige chauvinisme gesien word.

Indien aanvaar word dat die liefdesgebod die wraakgedagte of om die "reg in eie hande te neem" uitsluit, gaan arbeidswetgewing definitief wat hierdie aspek betref, mank. Dit is ook te betwyfel of die arbeidswetgewing ongekwalifiseerd aan die eis van 1 Petrus 2:21 voldoen omdat werknemers, wanneer hulle kollektief van mening is dat hulle onbillik behandel word, ingevolge die WAV (1995:art 64 - 69) die reg het om wettig te staak. Die reg om te staak skep vir die werknemer 'n alternatiewe kollektiewe bedingingsmeganisme. Dit maak 'n belangrike deel van die onderhandelingsmeganisme in die arbeidsektor uit, wat tot 'n mate deur die

werkgewer se reg om mense uit te sluit, gebalanseer word (Grogan 1998:249). Uiteraard het 'n staking allesbehalwe die gevolg dat die werknemers onverdiende lyding verduur, tensy die redenasie gebruik word dat werkers, weens die optrede van die werkgewer, tot die staking gedwing word en hierdie staking, wat oor die algemeen op 'n geen-werk-geen-betaling wyse hanteer word, dan inderdaad lyding vir die werknemers veroorsaak. Stakings is egter, kragtens die bepalings van die wet, 'n laaste uitweg (WAV, 1995:art. 65) en is ook nie beskikbaar vir enkelwerknemers, soos die geval dikwels met huisbediendes is nie (Grogan, 1998:250).

## 6.8 Die noodsaak van 'n Christelike arbeidsetiek

Dit is van die uiterste belang dat arbeidswetgewing, en dan wetgewing wat onreg aanspreek, ten minste wat die Christen betref, steeds toegepas word binne die raamwerk van 'n Christelike arbeidsetiek<sup>10</sup>. Van Wyk (1996:157 e.v.) onderskei tussen Hellenistiese arbeidsetiek, Marxistiese arbeidsetiek en Christelike arbeidsetiek. In die Hellenistiese<sup>11</sup> arbeidsetiek is arbeid as slawewerk beskou en gevolglik *onderwaardeer*. In die Marxistiese<sup>12</sup> arbeidsetiek en werkolisme word arbeid totaal *oorskaf*. In 'n Christelike<sup>13</sup> arbeidsetiek word gepoog om die onderwaardering asook die oorwaardering van arbeid uit te skakel. Enkele belangrike aspekte word uitgelig :

- Alle (voor God geoorloofde) arbeid is gelykwaardig (Van Wyk, 1996:169); In elke beroep word die Christen geroep om God te dien. Eensydige bevoordeling van werknemer of werkgewer deur wetgewing of andersins behoort so ver moontlik uitgeskakel te word.
- Binne 'n Christelike perspektief behoort beide die diensmotief as die winsmotief te geld. Die welsyn van die naaste en die samelewing moet in berekening gebring word.

<sup>10</sup> Van Wyk (1996:155 e.v.) lewer 'n sinvolle bydrae tot die formulering van 'n Bybelse arbeidsetiek. Drie belangrike opmerkings word vooraf gemaak : 1. Onder arbeid word daardie menslike aktiwiteit verstaan wat op lewensonderhoud ingestel is, maar dan so dat dit diens aan God en die naaste asook selfontplooiing en natuurbeheersing insluit. 2. In 'n teologies-etiese benadering word die Heilige Skrif as uitgangspunt, fundering en norm van besinning en praktyk geneem. Die Bybel behoort op 'n verantwoorde wyse en nie fundamentalisties hanteer te word nie. Voortdurend moet verreken word dat Jesus Christus die middel - en hoogtepunt van God se openbaring aan die mens is.... 'n Skriftuurlike besinning oor arbeid veronderstel dus onder meer 'n besinning vanuit die lewe en werk van Jesus Christus. 3. 'n Verantwoorde situasie- en kontekstuele etiek is nodig en wel so dat die Skrif in die konteks *ingaan* maar nie daarin *opgaan* nie. Van Wyk (1996:156) wys daarop dat 'n deeglike kennis van die *arbeidsetos* (wat *is*) vir die *arbeidsetiek* (wat *behoort te wees*) van bepalende betekenis is

<sup>11</sup> Volgens Heyns (1986:416) het die Grieke in die samelewing onderskei tussen 'n bo-klas, wat hulle met kultuur besig gehou het, en 'n onderklas, meestal slawe (en vrouens) wat die (hande) arbeid verrig het.

<sup>12</sup> "Volgens die Marxistiese arbeidsetiek kan alles wat in die menslike lewe waardevol, is aan arbeid toegeskryf word. Deur arbeid word die mens méns en steeds meer mens." Van Wyk (1996:159) waarsku tereg teen hierdie soort van verabsoluttering van arbeid, teen arbeidsfanatisme en arbeid as selfverlossing. Nolan (1991:160,164,168) bepleit dat 'n egte teologie van werk 'n werkersteologie moet wees, vanuit die standpunt van die werker. Dit is 'n teologie wat deur die werkers saamgestel word en vir werkers 'n teologiese refleksie van werkers gebaseer op hulle ervaring van werk en hulle ervaring van die "struggle" moet wees. Hierdie siening van arbeid asook werkolisme as verabsoluttering van arbeid wat dikwels ook by Christene voorkom, word ook afgewys.

<sup>13</sup> In 'n Christelike arbeidsetiek is die Christelike Godsbeskouing en mensbeskouing deurslaggewend. Hier word arbeid tereg beskou as diens van die mens aan God en sy koninkryk (Van Wyk, 1996:159). Van Wyk (1996:161-168) dui die volgende sentrale perspektiewe van 'n Christelike arbeidsetiek aan : Arbeid as diens aan God; 1. as lewensvoorsiening en selfontplooiing; 2. as naastediens; 3. as natuurbeheersing en kultuurskepping; 4. in die greep van die sonde; 5. deel in die verlossing van Christus en die vernuwung van die Heilige Gees; 6. deel in die hoop op die komende koninkryk.

- Die arbeider is geregtig op sy loon (Matt.10:10; Luk.10:7; 1 Tim.5:18) asook dat iemand wat 'n ander se loon terughou, 'n groot oortreding begaan (Lev. 19:13; Jak. 5:4). Die beloner is op effektiewe *arbeid* geregtig. 'n Werknemer wat halfhartig en tydverkwistend werk, pleeg diefstal teen die werkgever (Van Wyk, 1996:170).
- Gelyke betaling vir gelyke werk vir gelyke werkprestasie. Ten opsigte van diskriminasie word die apartheidsmoedel met sy werkreservering en bevoordeling van blanke persone bo persone van kleur, moreel afgewys, terwyl regstellende aksie in wese op dieselfde diskriminasie neerkom. Hierdie omgekeerde en geïstitutionaliseerde onreg word deur Van Wyk (1996:177) geregtig as regstellende geregtigheid. Van Wyk (1996:177) oordeel dat dit so toegepas behoort te word dat die samelewing gereinig en gestimuleer word en nie vernietig word nie. Regstellende aksie is egter vanuit 'n etiese oogpunt problematies en 'n blote voortsetting van diskriminasie op grond van kleur in 'n omgekeerde vorm.
- Stakings word deur Van Wyk (1996:172) gedefinieer as “die tydelike opskorting van arbeid ten einde regverdigde arbeidsvoorwaardes en lone te beding. Stakings is 'n sosiale bedingingsmeganisme om magsmisbruik en onreg te voorkom. In die geval van 'n arbeids- en loonkonflik is die eerste keuse egter altyd die weg van oorlegpleging, onderhandeling, mediasie, en arbitrasie en nie stakings en geweld nie”. Vir die doel van hierdie studie word nie verder op hierdie problematiese wyse van bedinging ingegaan nie.

## **6.9 Gedragsriglyne vir veronregte Christenwerknemers uit 1' Petrus 2:18-25 en Suid-Afrikaanse Arbeidswetgewing**

Op grond van die voorafgaande hoofstukke, veral hoofstuk 5, maar ook die uiteensetting oor arbeidswetgewing en die beslegting van geskille / griewe, word in hierdie hoofstuk gedragsriglyne vir Christenwerknemers aangedui. Die *gedragsriglyne* word met die verkorte woord *riglyn* aangedui. Die Christenwerknemers is net soos die huisbediendes in 1 Petrus 2:18-25 rolmodelle (voorbeelde) vir alle Christene in alle verhoudings. Elke Christen is immers op elke lewensterrein 'n geroepene van God. Dit impliseer dus dat Christenwerkgewers ook in God se diens staan en Hom op 'n soortgelyke wyse met toewyding moet dien.

### **6.9.1 Riglyn 1 : Skep moed, want God gee aan jou as weergeborene vaste sekerheid**

Werknemers kan te midde van beproewende werksomstandighede soos onreg en onregverdigde lyding, en baie onseker faktore in die werkplek, moed skep. God verseker hulle dat hulle sy uitverkore, verlose, weergebore kinders is en dat hulle 'n ewige eindbestemming het. Ongeag die posisie, die tipe werk, die regverdigde of onregverdigde behandeling, kan die werknemer vashou aan dit wat hy of sy deur die geloof in Jesus Christus is, naamlik 'n Christen en dat die Christenwerknemer in alle omstandighede aan God behoort.

Werknemers is, ook in 'n situasie van lyding en onreg, voorwerpe van die sorg, toesig en beskerming van die Goeie Herder en Bewaker van hulle lewe. Hy sorg vir hulle persoon, hulle lewe en Hy regeer oor hulle hart.

### **6.9.2 Riglyn 2 : God roep jou. Dien Hom.**

Hierdie vaste sekerheid wat God gee (vgl. gedragsriglyn 1), dien as aansporing vir elkeen wat God in die werkplek roep om Hom met toewyding te dien. Die Christenwerknemer is 'n *geroepene* van God. Dit het ingrypende implikasies vir hulle optrede by die werk, trouens vir hulle hele lewe. As verlostes (geroepenes) behoort hulle, uit roepingsbewuste dankbaarheid, die voetspore van dié veronregte en vernederde Dienaar, naamlik Christus, wat in hulle plek gekruisig is, maar wat ook die Herder en Bewaker van hulle hele lewe is, elke dag te volg.

### **6.9.3 Riglyn 3 : Onderwerp jou in opdrag van God vrywillig aan jou werkgewer**

Christus het Homself as sondelose mens en Seun van God vrywillig (sonder enige dwang) aan God se gesag onderwerp. Hy was deurentyd, ten spyte van die allerverskriklikste lyding, gehoorsaam aan God tot die dood toe. Hy het glad nie gekla of enigiemand verwyt oor sy omstandighede, lyding en swaarkry nie. 'n Christenwerknemers behoort hom- haarself as sondige mens, wat verlos is, aan sy / haar werkgewer te onderwerp.

### **6.9.4 Riglyn 4 : Verdra onreg in Christus se krag**

Christus is in die eerste plek Verlosser en dan Voorbeeld. Hy het gedoen wat geen mens kon doen nie. Hy is in daardie opsig uniek. Hy is Enig in sy soort. Hy het as onskuldige vir ander gesterf, sodat hulle Hom in die krag van sy Gees kan navolg.

Die opdrag tot onderdanigheid, terwyl onreg gely word, is 'n bomenslike opdrag. Die sondige geaardheid van die mens reageer net op een manier en dit is op 'n sondige wyse : die sondige geaardheid van die werknemer wil terugbetaal en vergeld. Vir 'n ongeredde mens is dit nie moontlik om Christus as Voorbeeld na te volg nie. Om Hom te kan volg, moet 'n mens eers verlos word. Versoening van sondes, afsterwe van sonde en opstaan in 'n nuwe lewe moet eers plaasvind. As verlostes mens is die Christen egter nie gevrywaar van die sondige geaardheid nie; versoekings is oorvloedig. Teen die sondige geaardheid moet sorgvuldig gewaak word. Die versoeking van onregverdige en krenkende behandeling kan slegs met die onmisbare hulp en krag van die Heilige Gees weerstaan word.

### **6.9.5 Riglyn 5 : Konsentreer op jou verhouding met God. Eerbied vir God lei tot respek vir jou werkgewer. Dit is 'n gewetensaak voor God**

#### **6.9.5.1 Eerbied vir God lei tot respek vir jou werkgewer**

Onderdanigheid aan die werkgewer word vir die Christenwerknemer deur sy of haar verhouding tot God gekwalifiseer. Werknemers behoort uit eerbied vir God aan hul goeie en / of slegte werkgewers onderworpe te wees. Hulle eerbied vir hul werkgewers behoort deel uit te maak van hulle eerbied vir God.

#### **6.9.5.2 Die gewete van die werknemer speel 'n kardinale rol**

Die werknemer behoort deurentyd met God rekening te hou en te luister na eersgenoemde se gewete. God is (ook) in die werkplek teenwoordig. Hy sien en weet alles, is getrou en het 'n plan met die bepaalde situasie (vgl. 1 Petrus 3:15). Hy lei die gelowiges in die toepassing van sy wil. Christenwerknemers behoort onder alle omstandighede te vra na die wil van die Here en dit dan doodeenvoudig toe te pas, ongeag hoe ander persone soos die werkgewer optree. Christenwerknemers se optrede behoort gewete-, geloofs-, Christus-, en Geesbepaald te wees.

#### **6.9.5.3 Die optrede van die werkgewer is sekondêr**

Die optrede van die Christenwerknemer behoort nie deur die werkgewer se optrede, hetsy reg of verkeerd, billik of onbillik, regverdig of onregverdig bepaal te word nie. Dit het 'n invloed op die werknemer, maar dit mag nie die reaksie of optrede van die werknemer bepaal nie. Die optrede van die werkgewer is sekondêr. God se verhouding tot die werknemer (as verlore en weergebore kind van God) en die werknemer se verhouding tot God, behoort te lei tot roepingsbewustheid en roepingsvervulling.

### **6.9.6 Riglyn 6 : Volg Christus se voorbeeld na : verheerlik God deur nie te sondig nie, maar aan te hou goed doen**

#### **6.9.6.1 Christus die Verlosser-Voorbeeld het glad nie gesondig nie**

Ten spyte van sy onregverdige lyding, het Christus glad nie gesondig nie. Hy het hoegenaamd nie toegegee aan versoekings om te vergeld nie. Sy optrede was onberispelik, dit is volledig in ooreenstemming met die wil en wet van God. Ongeag sy omstandighede (sy lyding), het Hy met bo-menslike geduld, liefde en selfbeheersing Hom aan God onderwerp en aangehou met goed doen.

#### **6.9.6.2 Christenwerknemers moet ook nie sondig nie**

Ten spyte van onregverdige lyding behoort Christenwerknemers net soos Christus nie te oortree nie. Hulle behoort nie aan versoekings om te vergeld toe te gee nie. Dit sal nie God se goedkeuring of waardering ontlok nie.

Ongeag wat hulle werkgewers of medewerknemers (reg of verkeerd) doen, behoort hulle optrede deurentyd (konsekwent) onberispelik, dit is in ooreenstemming met hulle gewete, wat geskoei is op die wil en wet van God, te wees. Deur dit te doen, sal hulle God in alles verheerlik.

### **6.9.6.3 Hou aan goed doen en verheerlik God**

Dit beteken allermens dat 'n verlose Christen niks behoort te doen en passief agteroor hoef te sit nie. Christene behoort enersyds lyding te vedra, nie te sondig nie, maar hulle moet hulle ten doel stel om ook daadwerklik goed te doen. As weergeborenes word hulle geroep om hulle lyding in alle verhoudings hier op aarde te vedra en aan te hou goed doen teenoor alle mense, ook teenoor diegene wat hulle kwaad aandoen. Deur aan te hou goed doen, word God gehoorsaam en verheerlik. God gee nie net die krag en leiding om so op te tree nie, maar Hy verheug Hom ook daaroor. Dit is nie alleen vir Hom welbehaaglik nie, maar Hy keur dit ook goed en vind dit prysenswaardig.

### **6.9.7 Riglyn 7 : Praat deurentyd reg soos Christus en lê die regte hartsgesindheid aan die dag. Streef daarna om sonder enige bedrog, m.a.w opreg voor God te wees**

#### **6.9.7.1 Christus het reg gepraat en opgetree, omdat sy hart reg was**

Hy is deur die hemelse Regter opreg en onskuldig bevind. Daar is geen bedrog of valsheid in sy mond gevind nie. Hy het op geen stadium 'n leuen vertel of iemand mislei nie. Sy opregtheid en onskuld het na vore getree in sy woorde, sy stilswye, sy gebed, asook in sy hartsgesindheid.

#### **6.9.7.2 Christenwerknemers behoort reg te praat, omdat hulle harte reg is**

Die opinie van die werkgewer, selfs van 'n aardse regter is nie so belangrik soos God se beoordeling van die werknemer se optrede nie. Christenwerknemers behoort hulle nie skuldig te maak aan bedrog, misleiding of leuens nie. Soos Christus, moet nie net hulle taalgebruik nie, maar ook hulle hartsgesindheid opreg en onberispelik wees. Hierdie gesindheid moet na vore tree in hulle woorde, stilswye en gebede. Dit is 'n gewetensaak tussen hulle en God.

#### **6.9.7.3 God is die regverdige Regter**

God is die regverdige Regter. Hy weet nie net van alles wat in die werkplek gebeur nie, Hy beoordeel nie net elkeen se optrede nie, maar Hy sal in die oordeelsdag oor die onreg wat elkeen, hetsy die werkgewer of die werknemer gedoen het, regverdig oordeel en van elkeen rekenskap eis.

## **6.9.8 Riglyn 8 : Vermy soos Christus alle beledigings**

### **6.9.8.1 Christus het nie terug beledig nie**

Ten spyte van die sonde wat mense Hom aangedoen het, toe hulle Hom verag, verwerp, gehaat en daarom bespot, beledig (sleggesê) en belaster het, het Hy geswyg en Hom met bomenslike geduld, selfbeheersing en liefde weerhou van sonde. In sy optrede het Hy Homself onderskei as die sondelose Verlosser van sondaars. Hy het die menslik onmoontlike reggekry en dit so moontlik gemaak vir almal wat in Hom glo om in soortgelyke situasies nie toe te gee aan hulle sondige geaardheid en nie terug te beledig nie.

### **6.9.8.2 Christenwerknemers behoort terug beledigings en beledigings te vermy**

Uit eerbied vir God en Christus en uit verwondering vir wat Hy gedoen het, moet elke Christen ook in hierdie voetspoor van Christus volg. In geval van beledigings behoort werknemers hulle te weerhou van soortgelyke beledigende optrede. Vloek, skel, skinder, sarkasme of enige vorm van krenkende of benadelende optrede teenoor die werkgewer, behoort vermy te word. Selfbeheerste reaksie, stilswye, stil gebed, gekontroleerde en positiewe taalgebruik is eerder gepas vir 'n volgeling van Jesus Christus. Versoekings op hierdie terrein moet weerstaan word en met Christus se optrede geïdentifiseer word. Hierdie Godverheerlikende reaksie is alleen moontlik vir diegene wat in Hom glo en gelei word deur die Heilige Gees.

## **6.9.9 Riglyn 9 : Vermy soos Christus liefdelose dreigemente en praat liefdevol**

### **6.9.9.1 Christus het toe Hy gely het, nie gedreig nie**

Ten spyte van alles wat Hom aangedoen is, het Hy Hom van dreigemente, en wraak- en haatspraak weerhou en hulle wat Hom kwaad aangedoen het, nie in eie munt terugbetaal nie. Hy het Homself doelbewus van sondige reaksie weerhou. Ook in hierdie geval reageer Jesus liefdevol teenoor sy haters (geweldenaars) en het Hy eerder vir hulle gebid. Hy openbaar vergewensgesindheid.

### **6.9.9.2 Christenwerknemers behoort liefdelose dreigemente te vermy en liefdevol te praat**

Christenwerknemers behoort onregverdigte lyding te verduur, sonder om die aggressor, byvoorbeeld die werkgewer, met dreigemente te intimideer of te probeer manipuleer en so die werkgewer op dieselfde sondige wyse in eie munt terug te betaal. In plaas van dreig, skree of woedeuitbarstings moet eerder met Geesvervulde selfbeheersing gereageer word. Die

gebedsgesindheid van liefde en vergifnis behoort die ander persoon vuurrooi van skaamte te maak.

### **6.9.10 Riglyn 10 : Vertrou soos Christus op God en vertrou jou aan God toe**

#### **6.9.10.1 Christus het alles oorgegee aan God wat regverdig oordeel**

In plaas van wraakgedagtes, wraakspraak en wraaksugtige optrede, het Hy alles oorgelaat aan God wat die wraak toekom. Ook in hierdie geval staan sy liefdevolle, selfbeheersde, sondelose en geduldige optrede voorop. Die dryfveer agter sy sondelose optrede is sy liefde vir sondaars en sy vyande.

#### **6.9.10.2 Christenwerknemers behoort op God te vertrou en hulleself aan God toe te vertrou**

Christenwerknemers behoort in die negatiewe situasie van onreg, hulle te weerhou van gewelddadige optrede. Hulle behoort op God te vertrou en hulleself, hulle situasie, hulle optrede en saak oor te gee aan God wat alles weet en regverdig oordeel. Sover dit van hulle afhang, moet hulle hulleself beywer vir vrede selfs met hul onregverdiges werkgewer (s). Tot dan, (indien dit ooit realiseer), sal oorgawe aan God vrede in die hart bewerk. Werknemers mag nie reg in eie hande neem nie. Die wraak kom hulle nie toe nie. God wat regverdig is, en regverdig oordeel, sal op sy tyd alle onreg straf (vgl. Rom 12:17-21). Werknemers moet hulleself aggressors (vyande) liefhê. 'n Werknemer wat sy onverdiende lyding (onreg) aan God oorgegee het, het geen rede om wraak te oorweeg nie.

### **6.9.11 Riglyn 11: Gebruik jou Grondwetlike regte en tree volgens die landswette op. Onwettige optrede is allesbehalwe prysenswaardig, terwyl 'n ekskuus dat ek lewe houding nie pas by 'n Christenwerknemer nie**

Christenwerknemers behoort middele soos byvoorbeeld die Grondwet, Arbeidswetgewing, Siviele wetgewing, die dienskontrak en diensvoorwaardes, maatskappyreëls, regulasies en beleid (griewe – en dissiplinêre prosedure) asook ooreenkomste beding tussen werkgewer en werknemerverteenwoordigers / vakbond te benut. Die prosedures om 'n geskil op te los, behoort gevolg te word. 'n *Ekskuus dat ek lewe-houding* pas nie by 'n Christenwerknemer nie.

### **6.9.12 Samevatting van gedragsriglyne**

Riglyn 1 : Skep moed want God gee aan jou as weergeborene vaste sekerheid.

Riglyn 2 : God roep jou. Dien Hom.

Riglyn 3 : Onderwerp jou in opdrag van God vrywillig aan jou werkgewer.

Riglyn 4 : Verdra onreg in Christus se krag.

Riglyn 5 : Konsentreer op jou verhouding met God. Eerbied vir God lei tot respek vir die werkgewer. Dit is 'n gewetensaak voor God.

Riglyn 6 : Volg Christus se voorbeeld na en verheerlik God deur nie te sondig nie, maar aan te hou goed doen.

Riglyn 7 : Praat deurentyd reg soos Christus en lê die regte hartsgesindheid aan die dag. Streef daarna om sonder enige bedrog te wees, opreg voor God.

Riglyn 8 : Vermoed soos Christus alle beledigings.

Riglyn 9 : Vermoed soos Christus liefdelose dreigemente en praat liefdevol.

Riglyn 10 : Vertrou soos Christus op God en vertrou jou aan God toe.

Riglyn 11: Gebruik jou grondwetlike regte en tree volgens die landswette op. Onwettige optrede is allesbehalwe prysenswaardig, terwyl 'n *ekskuus dat ek lewe-houding* nie pas by 'n Christenwerknemer nie.

## 6.10 Voorbeelde van onreg in die werkplek

In hierdie onderafdeling van hoofstuk 6 word volstaan met enkele voorbeelde. Hierdie voorbeelde is illustrasies van situasies wat kan ontstaan. Die bedoeling is om die genoemde gedragsriglyne te konkretiseer sodat die hermeneutiese implikasies daarvan duidelik kan blyk in die konkrete praktyk van die werkplek, maar met implikasies vir die samelewing as geheel. Voortaan word na gedragsriglyne verwys bloot met "riglyn".

Ten opsigte van menseverhoudings is in hierdie studie gefokus op verhoudings in die werkplek en dan spesifiek die Christenwerknemer se Christelik-verantwoorde optrede volgens die wil van God. Die Christenwerknemer se hele leefstyl behoort voort te spruit uit die grondliggende verhouding tussen God en die werknemer asook omgekeerd. Die Christenwerknemer se verhouding met God kan nie anders as om neerslag te vind in die verhouding met die werkgewer nie, maar ook met almal in die werkplek.

In die gefabriseerde onregsituasies word die volgende werkwyse gevolg: eers word die situasie of probleem geskets, daarna word die verkeerde reaksie van die sondige geaardheid gesuggereer, waarna die gedragsriglyne uit 1 Petrus 2:18-25, as moontlike Bybelse reaksie, aan die hand gedoen word. Ter wille van duidelikheid word **die regulerende maatreëls 1-8** wat onder punt 6.6.1 genoem is, weer hier herhaal :

1. Die dienskontrak en diensvoorwaardes.
2. Maatskappy reëls, regulasies en beleid (griewe – en dissiplinêre prosedure)
3. Ooreenkomste beding tussen werkgewer en werknemerverteenwoordigers / Vakbond.
4. Wet Op Arbeidsverhoudings.
5. Wet Op Basiese Diensvoorwaardes.
6. Wet Op Billike Indiensneming.
7. Die Grondwet van Suid – Afrika.

## 8. Die Siviele Reg.

### 6.10.1 Voorbeeld 1

#### 6.10.1.1 Probleemsituasie : Jou werkgever behandel jou nie reg nie

*Jy vind baie bevrediging in jou werk, word deur medewerknemers aanvaar en daar heers 'n goeie gees tussen jou en die ander werknemers. Tog sien jy daarteen op om te gaan werk. Die werkgever behandel jou nie reg nie. Uit sy opmerkings en houding kom jy agter dat die werkgever nie van jou hou nie. Daar word op jou gepik. Die werkgever kritiseer jou werk aanhoudend en kraak jou persoon voor die ander werknemers af. Dit voel of jy niks reg kan doen nie. Dit maak jou baie gespanne, jy voel onseker en jy moet jousef dwing om elke dag te gaan werk. Omdat jy bekwaam en pligsgetrou is en jou beste lewer, weet jy dat die fout nie by jousef lê nie, maar by die werkgever. Die werkgever is onredelik en onbillik.*

#### 6.10.1.2 Reaksie van jou sondige geaardheid

Dit kan in hierdie situasie maklik gebeur dat jy aan jousef en jou optrede begin twyfel. Jy kan jousef bejammer, jou vermoëns selfs begin bevraagteken. Is dit geregverdig om 'n minderwaardigheidskompleks te ontwikkel en te dink jy is eintlik hopeloos en nikswerd? Dit kan jou produktiwiteit en werkprestasie negatief beïnvloed. Dit kan daartoe lei dat jy traag, ongemotiveerd en negatief word en maar net doen wat van jou verwag word, in plaas daarvan dat jy jou werk geniet en dit van harte soos vir die Here en nie vir mense doen nie (Kol. 3:23).

#### 6.10.1.3 Reaksie as Christen

- Die aangewese oplossing is om met die werkgever te gaan praat en deur middel van 'n openhartige gesprek die probleem te probeer oplos en verhoudings te verbeter (riglyn 7); Volgens riglyn 11 is die interne hanteringsopsie die vertrekpunt. Vergelyk stappe 1-4 op vloediagram 1 (p. 144). Indien die werkgever negatief reageer kan die saak tot 'n geskil verklaar word (stap 5) en na die Kommissie vir Versoening Mediasie en Arbitrasie verwys. Stappe 7 tot 9 op die vloediagram vir eksterne hantering (p. 146) kan gevolg word.
- Indien die situasie na afloop van die gesprek nie verander nie, is die vraag : wat staan my nou te doen? Dit is belangrik om riglyn 1 in gedagte te hou. Skep moed, want God ken jou situasie. Sien jousef en jou optrede soos God dit sien. Moenie perspektief verloor nie. Jy kan in jou senutergende en onseker werksomstandighede nadink oor wie jy is. Herinner jousef dat jy 'n uitverkore, verlore, weergebore kind van God is en dat jy deur swaar werksomstandighede heen op pad is na jou ewige eindbestemming. Jy behoort elke dag en elke oomblik by die werk aan die Here. Jy is in sy goeie sorg en Hy is jou Herder en Bewaker wat jou in jou besondere omstandighede lei en beskerm. Vertrou op Hom (riglyn 10).

- Moet onder geen omstandighede toelaat dat die werkgewer jou lamlê en intimideer sodat jy nie meer doen of wil doen of in staat is om te doen wat die Here van jou verwag nie. Jy mag nie vergeet wie jou hemelse Opdraggewer is nie. Jy is nie net kind van God nie, jy is ook 'n geroepene van God. Riglyn 2 (vgl. ook riglyne 3, 5 & 6) dui aan dat jy as Christenwerknemer nie net in jou onredelike werkgewer se diens is nie, maar dat jy eintlik in God se diens is. God roep jou om Hom met toewyding in jou moeilike omstandighede te dien en te verheerlik.
- Sê jy dalk : ek kan nie, ek sien nie kans nie, dit is vir my 'n saak van onmoontlikheid. Dis eenvoudig nie waar nie. God gee vir jou krag. Hy maak alles vir jou moontlik. Kyk op, sien vir Christus, wat goed verstaan, wat self daardeur is, nee, wat dit nog erger, swaarder en baie moeiliker as jy gehad het. Hy het vir jou en met die oog op jou situasie 'n pad getrap, voetspore nagelaat tot by die kruis. Hy het vir jou gesterf sodat jy onder die moeilikste omstandighede aan Hom getrou kan bly (riglyn 4). As verlore kind van God behoort jy uit roepingsbewuste dankbaarheid die voetspore van dié veronregte en vernederde Dienaar, naamlik Christus wat in jou plek gekruisig is, maar wat ook die Herder en Bewaker van jou hele lewe is, elke dag te volg.
- Bid oor die hele saak (riglyn 7). Gee alles oor in sy hande (riglyn 10; 1 Pet. 5:7). Hy gee jou krag. Hy maak jou rustig. Hy bewaar jou nie net nie, Hy het 'n plan met die situasie. Hy wys vir jou hoe jy moet optree. Jy moet aanhou, jy moet deurdruk (riglyn 4). Jy moet die pad loop, jou voete in sy voetspore sit en die pad stap. Hy het nie handdoek ingegooi, nie teruggedeins vir mense nie. Hy het Hom aan God onderwerp, let wel vrywillig (riglyne 3-10). Hy was onvoorwaardelik gehoorsaam. Hy eis dit van ook van jou!

### 6.10.2 Voorbeeld 2

#### a) Probleemsituasie : Jy word beledig en gevloek

*Jou werkgewer maak onwelvoeglike aanmerkings oor jou kleredrag, of snou jou beledigings toe of gebruik onwelvoeglike taal. Jy word gevloek en selfs gesinslede word daarby ingesleep.*

#### b) Reaksie van jou sondige geaardheid

Jou sondige geaardheid sal jou waarskynlik dring om jou voete te stamp, jou humeur te verloor, jou werkgewer te vloek en kwetsende taal toe te voeg, of hom fisies te lyf te wil gaan.

#### c) Reaksie as Christen

- Enige sondige optrede (vgl. gedragsriglyn 6) soos bo genoem, moet ten alle koste vermy word. Beledigings en terugbeledigings soos vermeld in gedragsriglyn 8, pas nie by 'n Christenwerknemer nie. Hou altyd in gedagte wat Christus onder soortgelyke uitlokking en versoeking gedoen

het. Ten spyte van alles wat Hom aangedoen is, toe hulle Hom bespot, beledig en belaster het, het Hy stilgebly en Hom met bomenslike geduld, selfbeheersing en liefde weerhou van sonde (riglyne 6-10). Hy het die menslik onmoontlike reggekry en dit so moontlik gemaak vir almal wat in Hom glo om in soortgelyke situasies getrou te bly en nie toe te gee aan hulle sondige geaardheid en nie terug te beledig nie (riglyn 4 & 6).

- Om stil te bly of om nie terug te beledig of toe te gee aan die sondige geaardheid wat veglustig wag op 'n geleentheid om wraak te neem en 'n oog vir 'n oog op te eis nie, is een van die moeilikste opdragte in die Bybel. As iemand in woorde nie struikel nie, is daardie persoon volmaak (vgl. Jak. 3). Indien die gewete en eerbied vir God, met ander woorde die verhouding met God voorop staan (riglyn 2-5), indien op God vertrou word en daar deurlopend teen die eie bedrieglike sondige geaardheid gewaak word, kan die sonde in die krag van God se Gees deur Geesvervulde gelowiges in die werkplek oorwin word (riglyn 6-9).
- In geval van beledigings, behoort werknemers hulle te weerhou van soortgelyke beledigende optrede wat hulle kindskap onder verdenking kan bring (riglyn 1). Vloek, skel, skinder, sarkasme of enige vorm van krenkende of benadelende optrede teenoor die werkgewer behoort vermy te word (riglyne 5-10). In plaas van só te sondig behoort die Christenwerknemer aan te hou goed doen;
- Elke Christenwerknemer behoort te waak teen die begeertes wat uit die sondige geaardheid vorendag kan kom en sondige oorreaksie vermy. Besef die gevaar van versoeking. Bid om leiding van God. Bid vir die persoon wat jou te na kom (riglyn 7). Deur nie te sondig nie, maar selfbeheers te reageer, kan 'n mens die ander persoon tot nadenke en besinning stem. Alleen in God se krag kan die versoeking weerstaan en oorwin word;
- In sommige gevalle help dit om ernstig beswaar te maak by die werkgewer. Indien dit nie die gewenste reaksie het nie, kan oorweeg word om 'n klag te lê of regstappe te oorweeg of die betrokke organisasie se griewe-prosedure te volg (gedragsriglyn 11). Bogenoemde probleem 2 is van 'n meer persoonlike aard en word meestal op interne basis (stappe 1-4) hanteer, alhoewel stappe 5 en 10-12 ook gebruik kan word. Dit kan gebeur dat die bestuur hulle van die optrede distansieer en dat die aangeklaagde buite werksverband tot regstelling gebring word.

### **6.10.3 Voorbeeld 3**

#### **a) Probleemsituasie : Daar word teen jou gediskrimineer.**

*Jy is ingeloopt. Jy word nie volgens die wetlike vereistes in die werkplek behandel nie. Ander werknemers ontvang bonusse, maar jy nie. Hulle word só bo jou bevoordeel. Jy word op grond van velkleur of geloof anders behandel as die ander werknemers. Jou werkgewer laat jou werk doen wat*

*nie in die kontrak aangedui word nie, of daar bestaan nie 'n welomskrewe kontrak nie. Daar word teen jou gediskrimineer.*

### **b) Reaksie van jou sondige geaardheid**

Jy oorweeg dit om jou werkgewer op een of ander onwettige selfs onchristelike wyse terug te kry en te benadeel. Jy oorweeg om bv. een van sy gesinslede te ontvoer en hom dan af te pers vir 'n som geld; sy kantoor te beset of te organiseer sodat nie een van die ander werkers opdaag vir werk nie. Jy beoog om agteraf dinge te doen, moontlik direkte of indirekte dreigemente (dreigbriewe) of afpersing of nie die deure aan die einde van die dag te sluit, 'n kraan oop te draai en die fabriek te oorstrom. Sodanige optrede is nie alleen onwettig, en in sommige gevalle selfs gevaarlik nie, maar ook in Bybelse sin onaanvaarbaar.

### **c) Reaksie as Christen**

- Dit is duidelik dat die werkgewer die landswet oortree. Hy behandel jou onbillik. Deur teen jou te diskrimineer en nie te hou by die wetlike vereistes nie, stel hy homself bloot aan vervolging (Vergelyk regulerende maatreëls 1–7). Jy kan jou werkgewer gaan verkla of indien jy aan 'n vakbond behoort, die saak met die vakbondvertegenwoordiger opneem. Jy kan direk die wetlike pad volg sonder om eers met die werkgewer te gaan praat. Hierdie tipe dispuut kan volgens die interne hanteringsproses stappe 1-4 hanteer en opgelos word. Die vraag is : wat verwag die Here van jou? Wat is die beste, die Bybelse oplossing in hierdie spesifieke geval? Wat kan die verhoudings en gesindhede tussen jou en jou werkgewer in die werkplek die beste dien?
- Ook in hierdie geval behoort die werknemer die optrede van Christus in gedagte te hou. Hy het konsekwent dreigemente wat liefdeloos is, met uiterste selfbeheersing vermy (riglyn 9). Toe hulle Hom soveel lyding aangedoen het en Hom met soveel haat en veragting begroet het, het Hy geswyg. Hy het wraak- en haattaal vermy (riglyn 8). Enige sondige reaksie het Hy met liefde oorkom (riglyn 6). Hy het vir sy haters en aggressors gebid en hulle selfs vergewe (riglyn 7);
- As jy niks goeds vir of van die werkgewer kan sê nie, bly liewer stil. As jy iets wil sê, sê dit vir die een wat jou veronreg het (riglyn 7). Doen dit nog voordat jy regstappe oorweeg of jou werkgewer gaan verkla. Loop die spreekwoordelike tweede kilometer en gee die werkgewer 'n geleentheid om sy fout of veronregting reg te stel (riglyn 6 & 9). Bid vir verdraagsaamheid, geduld, selfbeheersing en selfverloënde liefde vir jouself en dat jy die regte gesindheid aan die dag sal lê en selfs geen struikelblok in die proses van konflikhantering en versoening sal wees nie. Bid egter ook vir die werkgewer en wees bereid om hom of haar onvoorwaardelik te vergewe (riglyn 6-9). So sal jy jou werkgewer skaam maak en moontlik tot ander insigte bring. Indien daar geen noemenswaardige reaksie van sy kant is nie en die werkgewer 'n gelowige is, kan die Bybelse pad van Matteus 18 gevolg word, terwyl die wetlike

pad steeds 'n alternatief bly wat in oorleg met die eie gewete gevolg kan word.

#### **6.10.4 Voorbeeld 4**

##### **a) Probleemsituasie : Jy word nie genoegsaam vergoed nie**

*Jy word nie vir oortyd betaal of voldoende vergoed nie, terwyl daar gereeld van jou verwag word om oortyd te werk. Die werkgewer maak misbruik van jou gewilligheid.*

##### **b) Reaksie van jou sondige geaardheid**

Jy oorweeg dit om reg in eie hande te neem. Jy dink selfs aan diefstal, verduistering van die boeke, geld vaslê uit die kleinkas. Wie sal daarvan weet? Wie sal weet as jy die werkgewer se voertuig saboteur. Jy kan so nou en dan 'n pak papier sonder toestemming vat of die werkvoertuig wat jy slegs vir werkdoeleindes mag gebruik, vir persoonlike doeleindes gebruik. Jy het geld geleen by die werkgewer en oorweeg om dit nie terug te betaal nie, want jy glo jy kry nie wat jou toekom nie. Miskien voel dit vir jou of jy maar net terugneem wat jou eintlik toekom. Jou gewete pla jou, of dalk het jy dit al soveel keer gedoen dat jou gewete stil geword het.

##### **c) Reaksie as Christen**

- Weereens bly die wetlike pad vir jou oop (Gedragsriglyn 11). Dit is jou grondwetlike reg om enige onbillike arbeidspraktyk waardeur jy veronreg word, op 'n wetsgehoorsame wyse aan te spreek. Sowel die interne as die eksterne hanteringsmeganismes kan deur jou as werknemer benut word.
- Diefstal, oneerlikheid, korrupte optrede, leuens, bedrog en wraak met ander woorde om reg in eie hande neem, is nie in die lig van 1 Petrus 2:18-25, die grondwet van die RSA of Arbeidswetgewing regverdigbaar nie.
- Ongeag die onregverdigte optrede van die werkgewer, is jy as Christen (riglyn 1) deur God persoonlik geroep om Hom te dien (riglyn 2) deur jou vrywillig en met 'n positiewe gesindheid aan jou werkgewer te onderwerp (riglyn 3).
- Jy moet besef dat jy swak is, dat jou sondige geaardheid sy eie pad wil loop. Jy moet nie houtgerus raak oor die groot versoeking wat vir jou lê en loer nie. Daarom is dit belangrik om op God te vertrou (riglyn 10) en uit sy krag te leef (riglyn 4). Bid vir jou werkgewer en vra God die krag om in hierdie moeilike omstandighede onreg te verdra, totdat 'n bevredigende oplossing vir die probleem en gespanne verhouding gevind is (riglyn 4).
- Jy behoort fyn te luister na jou gewete. Die eerbied wat jy vir God aan die dag lê, behoort jou te inspireer om jou werkgewer te eerbiedig (riglyn 5).

- Sondige optrede sal nie God se goedkeuring wegdra nie (riglyn 6). Deur nie te sondig of onwettig op te tree nie, kan jy juis wys dat jy 'n volgeling van Christus is en dat jy konsekwent in sy voetspore loop.
- Hou Christus in gedagte en moet in geen opsig sondig nie, maar hou aan om konsekwent goed te doen (riglyn 6); Dit kan beteken dat jy vorige sondes of sondes wat jy as gevolg van die gestelde probleem begaan het, voor God moet bely sodat jy nou met die regte hartsgesindheid deur God bevind mag word (riglyn 7).
- Dit is ook belangrik om jou woorde reg te kies en deurentyd sonder enige bedrog of leuens of misleiding op te tree. Vra jouself af: wat dink God van my gesindheid? Hoe beoordeel Hy as regverdige regter my voornemens? Kan my gedagtes, begeertes, woorde en optrede, veral my reaksie op onreg die toets van die gewete en God se wil deurstaan? Hoe gaan God in die lig van sy Woord eendag as Hy terugkom om te oordeel, oor my optrede oordeel? Maak seker dat jou gewete skoon is, dat jou optrede onberispelik en opreg voor God bevind sal word! (Riglyn 7).
- Minagtende beledigings, terugbeledigings (riglyn 8) behoort ten alle koste vermy te word. Anders is jy net so skuldig, omdat jy deur jou optrede oorreegeer en in reaksie teen die Here en jou werkgewer sondig. Watter roem, watter heldedaad is dit as jy dieselfde sondige gesindheid net op 'n ander manier aan die dag lê?
- Weerhou jouself van dreigemente wat verhoudings verder vertroebel en indruis teen die liefdesgebod (riglyn 9). Opregtheid, die praat van waarheid, liefdevolle optrede (riglyn 7 & 8) en die oorlaat van onreg in God se hande sou 'n weg wees wat bewandel kan word (riglyn 10).

### 6.10.5 Voorbeeld 5

#### a) Probleemsituasie : Regstellende aksie

*Jy word nie bevorder nie. 'n Persoon onder jou by die werk word bo jou aangestel. As gevolg van regstellende aksie kom 'n ander persoon en nie jy nie, in aanmerking vir bevordering. Ongeag die feit dat jy die beste kandidaat vir die pos is, beter gekwalifiseerd is, langer in diens van die maatskappy is en oor meer ervaring beskik, word 'n ander persoon bo jou aangestel. Vir jou het dit groot finansiële implikasies. Jy is skaars vyftig en moet die situasie goed oorweeg of noodgedwonge 'n aftreepakket oorweeg. As gevolg van die politieke situasie in die land, oorweeg jy dit om die land te verlaat en 'n heenkome elders te gaan soek.*

Hoe gaan jy in hierdie situasie van benadeling reageer? Nadat jy die wetlike pad van verhoë en gesprek met die werkgewer geloop het, maar dit niks opgelewer het nie, en die situasie onomkeerbaar blyk te wees, wat gaan jy doen?

#### b) Reaksie van jou sondige geaardheid

Jy kan jou onttrek of die persoon wat bevorder is, of jou veronregter se naam swart smeer. Jy kan toegee aan die versoeking om eie eer en eie belang bokant dié van die maatskappy en jou nuut-aangestelde meerdere te stel. Jy kan deur jou woorde, houding en gesindheid jouself onttrek en 'n negatiewe gesindheid openbaar. Jy kan net aan jouself dink, die ander persoon ignoreer, opdragte nie uitvoer of die ander persoon se gesag ondermyn. Deur dit te doen, kan jy die lewe vir jouself, jou werkgewer en medewerkers onhoudbaar maak.

## **b) Reaksie as Christen**

- Die moontlikheid is nie uitgesluit dat jy niks gaan uitrig deur beswaar te maak nie. Die Wet op Billike Indiensneming wettig regstellende optrede teen voorheen bevoorregte persone. Die interne hanteringsopsies 1-4 kan gevolg word. Indien dit uitloop op 'n dispuut, kom die eksterne hanteringsopsies 7-9 ter sprake.
- Vra die Here God vir wysheid en dat Hy jou sal lei om die regte besluit te neem en op 'n Christelike wyse op te tree (riglyn 3 & 4; Jak. 1:5-7).
- In plaas van negatief te wees en jou skuldig te maak aan sondige optrede wat verhoudings beduiwel, kan jy soos Christus doelgerig en positief optree. Alhoewel bevordering en vergoeding 'n belangrike saak vir enige werknemer is, behoort jy verby die bevordering oftewel benadeling te kyk en te vra : Watter geleentheid bied God aan my om die beste van 'n slegte (onaangename) situasie te maak ? Sien jou situasie as 'n geleentheid, 'n uitdaging om God te dien. Wys die Christelike "staal" wat in jou aanwesig is. Jy is immers 'n Christen. Tree konsekwent volgens die liefdesgebod en jou gewete op. Uit eerbied vir die Here behoort jy jou meerdere te respekteer (riglyn 5) en alles moontlik te doen om die ander persoon te help (riglyn 5-7).
- Deur nie sonde te doen nie, en jou kant skoon te hou, kan jy moontlik die ander persoon se vertrouwe wen (sy vriend en vertroueling word), selfs vir Christus wen (sy broer of suster word). Jy kan 'n reuse verskil in die werkplek maak en die situasie en verhoudings normaliseer. Deur goed te doen vir die bevoordeelde kollega kan jy verhoudings bou. Is dit nie juis die wil van God dat jy hierdie persoon sal help soveel as wat jy kan nie ? Hierdeur sal blyk dat jy in die voetspore van Christus loop wat Homself ter wille van sy vyande verloën het. Soos Hy, moet jy bereid wees om alles te gee of op te offer (riglyn 6). Hierdeur word enersyds en in die eerste plek jou hemelse Opdraggewer, maar andersyds ook die maatskappy se belange gedien.
- Die opwindende in hierdie onregverdige situasie is : Jy weet nie wat God in die toekoms vir jou by die werk of elders beskik het nie. God hou die toekoms, ook alle toekomstige poste en aanstellings in sy hande. Waag dit gerus met God. Toets Hom. Soek eers sy koninkryk en sy wil en kyk hoedat al hierdie dinge vir jou bygevoeg word (Matt. 6:33). Deur

onvoorwaardelik op God te vertrou en rustig op Hom te wag sal jy aangenaam verras wees. Christus het sy eie saak en die van sy gelowiges en ook die saak en optrede van sy vyande oorgegee in die hande van sy Vader (riglyn 10). Sy Vader en ons Vader het Hom nie teleurgestel nie. Op die derde dag is Hy opgewek uit die dood. Hy het die spreekwoordelike laaste en lekkerste gelag. Hy het as oorwinnaar opgestaan en God het Hom beloon met 'n Naam wat bo elke naam is in die hele skepping (Fil. 2:9) en Hy het gaan sit aan die regterhand van God. God het sy opofferende liefde in 'n situasie van onreg ryklik geseën. God voeg steeds mense by die somtotaal van sy verlose kinders en Hy en ons sal hulle eendag met ons eie oë sien. Net so sal die Here jou nie teleurstel nie. Vertrou en wag en sien wat God nog vir jou gaan doen.

### 6.10.6 Voorbeeld 6

#### a) Probleemsituasie : Moedswillige beswadding

*'n Medewerknemer beskinder jou by jou werkgewer, lê jou woorde in die mond of dig jou dinge toe wat van alle waarheid ontbloom is. Wat die persoon vertel het, was kwaadwillig en met voorbedagte rade. Dit stel jou in 'n uiters swak lig. Die saadjie van vertwyfeling is gesaai. Jy kom agter hoedat ander werknemers en die werkgewer jou met agterdog bejeën, vermy of selfs nie groet nie. Jy staan magteloos. Die leuenberig en onwaar aantyging of skinderstorie is uit. Die skade is gedoen. Die spreekwoordelike koeël is deur die kerk. Wat nou gemaak ?*

#### b) Reaksie van jou sondige geaardheid

Jy koester wraakgedagtes en voel lus om jou aggressor se nek om te draai. Haatgevoelens en vergeldingsgedagtes kom by jou op. Jy oorweeg dit om jou kwaaddoener (die medewerknemer (s) of die werkgewer) dubbel en dwars in eie munt terug betaal. Jy weet 'n paar dinge van daardie persoon. Dit is nie moeilik om die ander persoon se naam sleg te maak nie. Jy word gedring om toe te gee aan jou sondige geaardheid en 'n geveg met die wapens van jou sondige geaardheid op tou te sit.

#### c) Reaksie as Christen

- Jy kan die grieweprosedure by die werk volg. Hierdie probleem kan volgens die interne hanteringsprosedure stappe 1-4 hanteer word. 'n Siviele eis van *crimen iniuria* kan teen die ander persoon vir laster ingestel word (Gedragriglyn 11).
- Veronderstel jy is nie van plan om 'n lastereis aanhangig te maak nie, wat staan jou dan te doen ? Besef dat jy 'n kind van God is (riglyn 1) en dat Hy jou roep om Hom te dien (riglyn 2). Jy moet jouself in hierdie situasie vrywillig aan gesag onderwerp (riglyn 3) en hierdie bomenslike versoeking wat jou magteloos en verslae laat, aandurf in die krag van Christus en sy Gees (riglyn 4). Jou reaksie en verdere optrede mag slegs gewete-, geloof-, verhouding tot God bepaald wees (riglyn 5). Deur koelkop te bly,

nie te oorreeger of te ontplof nie, sal jy nie dwaashede begaan waarvoor jy later spyt sal wees nie. God eis van jou dat jy die volle vrug van die Gees sal vertoon naamlik : liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goehartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing (Gal. 5:22; riglyn 6).

- Christus was onskuldig, al het hulle kwaadwillig allerlei leuens en vals getuienis teen Hom ingebring. Alles waarvan Hy beskuldig is, was van alle waarheid ontbloot. Hy het nie probeer om al die spreekwoordelike vure te blus nie. Hy het in sy hart geweet dat God Hom opreg en onskuldig bevind het en gevolglik was menslike opinie in die spesifieke geval irrelevant. God se opinie en regverdige oordeel is al wat werklik vir die Christenwerknemer deurslaggewend belangrik is.
- Christus het reg gepraat en reg opgetree omdat sy hart reg was. Christenwerknemers behoort reg te praat omdat hulle harte reg is. Christenwerknemers behoort hulle nie skuldig te maak aan bedrog, misleiding of leuens nie. Soos Christus moet nie net hulle taalgebruik nie, maar ook hulle hartsgesindheid opreg en onberispelik wees. Hierdie gesindheid moet na vore tree in woorde, swye, gebede. Dit is 'n gewetensaak tussen hulle en God.
- Terugbeledigings (gedragsriglyn 8), liefdelose optrede in die vorm van dreigemente (gedragsriglyn 9) pas glad nie by 'n persoon wat in God se diens staan nie. Soos Christus sy hele saak en Homself oorgegee het in die hande van sy Vader en op God se onpartydige oordeel staat gemaak het, net so behoort die Christenwerknemer in hierdie spesifieke situasie alles aan God oor te laat en heelhartig op God te vertrou (Gedragsriglyn 10). God is die regverdige Regter. Hy weet nie net van alles wat in die werkplek gebeur nie, Hy beoordeel nie net elkeen se optrede nie, maar Hy sal in die oordeelsdag oor die onreg wat elkeen, hetsy die werkgewer of die werknemer gedoen het, regverdig oordeel en van elkeen rekenskap eis.

### **6.11 Samevattende gevolgtrekking**

Uit die voorafgaande gegewens is dit duidelik dat bepaalde gedragsriglyne vir Christenwerknemers, maar ook vir alle Christene in alle situasies en alle verhoudings uit 1 Petrus 2:18-25 afgelei kan word. Hierdie gedragsriglyne moet egter in noue samehang met die res van die Bybel in die hedendaagse samelewing toegepas word.

Die Christenwerknemer behoort met vrymoedigheid gebruik te maak van die beskerming wat die grondwet en arbeidswetgewing bied. Dit moet egter altyd vanuit die regte gesindheid gebeur, naamlik die gesindheid van Christus, soos dit uitdrukking vind in die liefdesgebod. Elke Christen behoort deurentyd volgens die gewete, met ander woorde uit eerbied vir God, teenoor die werkgewer en die medemens op te tree.

Onreg deur 'n ander persoon gedoen, is geen verskoning vir die ontvanger daarvan om op dieselfde wyse te handel nie. Christene behoort konsekwent

---

te leef volgens die wil van God en in die voetspore van Christus te loop. Dit vra van elke volgeling van die Gekruisigde Dienaar, wat ook Herder-Bewaker van sy kudde is, onvoorwaardelike gehoorsaamheid en onderwerping, sodat God in alles verheerlik kan word. Christene is nie alleen sy kinders nie, maar ook sy geroepenes. God se verhouding tot hulle, maar ook hulle verhouding tot God, is deurslaggewend belangrik vir hulle optrede in die samelewing. Onreg kan slegs tot eer van God verdra word, indien 'n mens verlos is en God die krag daarvoor gee.

God eis selfverloëning wat inhou dat 'n Christen nie moet toegee aan begeertes van die sondige geaardheid nie. God eis van sy weergebore kinders 'n positiewe gesindheid en goeie dade. Dit kom na vore in die hartsgesindheid, die taalgebruik, die gebedslewe, die oorwinning van versoekings soos wraak of reg in eie hande neem of *'n ekskuus dat ek lewe verloormentaliteit*. In alles word van die Christenwerknemer, trouens van alle Christene verwag om hulle hele lewe aan God oor te gee en onvoorwaardelik op Hom te vertrou en Hom te gehoorsaam.

---



# HOOFSTUK 7

## Samevatting

In hierdie studie is besin oor die optrede van οἰκέται (huisbediendes) in die eerste eeuse Grieks-Romeinse samelewing in die lig van 1 Petrus 2:18-25. Op grond van hierdie besinning word gedragsriglyne vir veronregte Christenwerknemers in Suid-Afrika afgelei.

1 Petrus word tipeer as 'n brief. Dit is geskryf deur die apostel Petrus, waarskynlik tussen die jare 62 en 64 na Christus. Hierdie skrywe is gerig aan gevestigde en besoekende uitlanders wat hulle, sonder burgerregte, noord en wes van die Taurusgebergte in Klein-Asië bevind het, maar wat ook as vreemdelinge tussen nie-Christene geleef en gewerk het. Die geadresseerdes is sporadies, maar nie amptelik deur die staat nie, vervolg. Hulle is as Christene persone met 'n unieke identiteit, naamlik uitverkore, geliefde, verlose, weergebore kinders en erfgename van God.

Ten opsigte van die sosio-historiese konteks van οἰκέται in die eerste eeuse Grieks Romeinse samelewing, word beredeneer dat οἰκέται uit die onderste gedeelte van die Grieks-Romeinse samelewing gekom het. Οἰκέται (huisbediendes) en δοῦλοι (slawe) was in die eerste eeuse Grieks-Romeinse samelewing nie noodwendig en in alle gevalle uitruilbare sinonieme vir dieselfde sosiale kategorie nie. Die woord οἰκέται kan meer as een sosiale kategorie aandui, naamlik slawe, huisslawe, vrygestelde slawe en moontlik ook arm uitlanders en arm burgers.

Die betekenis van οἰκέτης word gedefinieer as : “ 'n persoon wat nie eiendom besit het nie, wat van 'n lae sosiale posisie (status) is, wat as ondergeskikte, sy baas met respek en volstreekte gehoorsaamheid dien, soms van 'n persoonlike aard, dikwels in die huishouding”. Afhangende van die konteks kan οἰκέτης vertaal word met “*huisbediende, bediende (dienaar), huisslaaf, slaaf, persoonlike bediende / -slaf*”. Vir die doeleindes van hierdie studie uit 1 Petrus 2:18, word οἰκέτης weergegee met “*huisbediende of bediende*” en nie met “*slaf*” nie.”.

Uit die interpretasie van 1 Petrus 2:18-25 blyk dat οἰκέται (huisbediendes) onder alle omstandighede, selfs wanneer onbillike base hulle veronreg, volgens hulle gewete behoort op te tree. Hulle mag nie reg in eie hande neem en onverantwoordelik optree nie. Omdat hulle verlos is en vir God / Christus eerbied het, behoort hulle hulle base ook te eerbiedig. God eis van hulle vrywillige onderwerping of gehoorsaamheid. Uit roepingsbewuste dankbaarheid behoort hulle die voetspore van dié veronregte en vernederde Bediende wat in hulle plek gekruisig is, maar ook die Herder en Bewaker van hulle hele bestaan, elke dag te volg. Hulle deel nie net in sy vernedering nie, maar ook in sy heerlikheid en hulle Christelike optrede sal deur God goedgekeur en uit genade beloon word.

Vir veronregte Christenwerknemers in Suid-Afrika is die roeping soortgelyk as vir huisbediendes in die eerste eeuse Grieks-Romeinse samelewing. Die situasie en posisie van werknemers in Suid-Afrika verskil radikaal van laasgenoemde, aangesien hulle burgerskap het en hulle regte in die Grondwet verskans is en deur Arbeidswetgewing beskerm word. In die Suid-Afrikaanse konteks behoort werknemers steeds uit eerbied vir God / Christus hulle werkgewers te respekteer en volgens hulle gewete op te tree. Hulle behoort hulleself as verlostes vrywillig aan hulle werkgewers te onderwerp en volgens die gedragsriglyne, wat in hierdie studie uit 1 Petrus 2:18-25 afgelei is, op te tree. Indien hulle regte aangetas word en hulle veronreg word, mag hulle nie reg in eie hande neem nie. Daar rus ook op hulle 'n verpligting om Jesus Christus se voetspore te volg en op 'n liefdevolle wyse gebruik te maak van hulle Grondwetlike regte en ooreenkomstig arbeidswetgewing op te tree.

---

# ABSTRACT

## Guidelines for conduct for οἰκέται (household servants) according to 1 Peter 2:18-25

In this research a study has been made of the conduct of οἰκέται (household servants) in the first century Roman and Greek society from the perspective of 1 Peter 2:18-25. This study serves as point of departure for the formulation of guidelines for Christian employees in the South-African context.

1 Peter is being characterized as a letter. It was written by the apostle Peter probably between 62 and 64 A.D. This letter addresses permanent and visiting foreigners, who had no citizenship. They were situated north and west of the Taurus Mountains in Asia Minor. They made a living and stayed because of their faith as foreigners amongst non-Christians, and suffered sporadic persecution from others, but not from the state. As Christians they were people with a unique identity. They were God's chosen, beloved, saved, reborn children and inheritors.

In the first century Roman and Greek society οἰκέται (household servants) came from the lower social scale. Οἰκέται (household servants) and δοῦλοι could not always be categorized in the same social terms. The word οἰκέται may denote slaves, household slaves, liberated slaves and possibly poor foreigners and poor citizens.

The meaning of οἰκέτης is defined as a person who doesn't own anything and who comes from a low social status, who is subordinate, and serves his master with respect and total obedience, sometimes personally within the work confines. Depending on the context οἰκέτης can be translated into *household servant, servant, household slave, slave, personal servant/ -slave*. In this study from 1 Peter 2:18-25 the word is being translated as "*household servant or servant*" and not as "*slave*".

The textual context and interpretation of 1 Peter 2:18-25 denotes that οἰκέται were obliged to act according to their conscience, even when their masters treated them unjustly. Never should they take matters into their own hands and act in an irresponsible way. As saved persons who respect God and Christ, they should also respect their masters. God expects voluntary subordination and obedience. Out of gratitude towards God they should follow in the footsteps of the most unrighteous treated and humiliated Servant Christ, who had been crucified for them. He committed no sin whatsoever, instead He kept doing good even when others did Him wrong. Οἰκέται should follow in his perfect loving footsteps, remembering that He is also the Shepherd and Protector of their lives. They share as Christians not only in his humiliation, but also in his glorification. Such Christian conduct is acceptable in the eyes of God and will be rewarded out of His grace.

Christian employees in South Africa who are treated unjustly should act in the same way as οἰκέται in the first century Greek and Roman society. The situation and position of employees in South Africa differ radically from employees like οἰκέται in the first century. Most employees could obtain South African citizenship. They are protected by Labour legislation (in the workplace and in society). In the South African context Christian employees should act out of respect for God / Christ and respect their employers as part of their respect for God. As saved persons they should submit themselves voluntarily to their employers. Their conduct should be according to the guideline drawn from 1 Peter 2:18-25. When their rights are violated, they should be very careful not to act in an unbiblical manner and take the law into their own hands. They should always follow the example (footsteps) of Jesus Christ, especially when they are treated unjustly. They may and have to use their constitutional rights and act according to labour legislation, but always in a loving way, according to their Christian conscience.

---

## **SLEUTELWOORDE**

NUWE TESTAMENT

1 PETRUS 2:18-25

1 PETRUS 2:18

HUISBEDIENDES

OIKETAI

EKSEGESE

ONREG

ARBEIDSVERHOUDINGS

WERKNEMERS

SUID-AFRIKA

GEDRAGSRIGLYNE

## **KEYWORDS**

NEW TESTAMENT

1 PETER 2:18-25

1 PETER 2:18

HOUSEHOLD SERVANTS

EXEGESIS

INJUSTICE

LABOUR RELATIONS

EMPLOYEES

SOUTH AFRICA

GUIDELINES



## BIBLIOGRAFIE

- ABBOTT-SMITH, G. 1921. *Manual Greek Lexicon of the New Testament*. Edinburgh : Clark.
- APPIANUS. 1955. **Bellum civile**. Roman History. With an English translation by H. White. Vol. IV. London: Heinemann. (The Loeb classical Library, vol. 2-5.)
- APPIANUS. 1958. **Bellum civile**. Roman History. With an English translation by White, H. Vol. III. London : Heinemann. (The Loeb classical Library, vol 3-4.)
- ARISTOTLE. 1950. **Πολιτικῶν**. With an English Translation by H. Racham. London : Heinemann.
- AUNE, D.E. 1987. *The New Testament in its literary environment*. Philadelphia : The Westminster Press. (Library of early Christianity; vol. 8.)
- BAILEY, J.L. & VANDER BROEK, L.D. 1992. *Literary forms in the New Testament : A Handbook*. Louisville : Westminster / John Knox Press.
- BALCH, D.L. 1981. *Let wives be submissive: the domestic code in 1 Peter*. Chicago : Scholars Press. (Society of Biblical Literature monograph series, 26.)
- BALCH, D.L. 1992. *Household codes*. (In: Freedman, D.N., ed. *Anchor Bible Dictionary*. vol.3. New York : Doubleday. p.318-320.)
- BARR, J. 1961. *The semantics of Biblical language*. Oxford : University Press.
- BARTCHY, S.S. 1985. *First century slavery and 1 Corinthians 7:21*. Atlanta : Scholars Press. (SBL dissertation series, 11.)
- BARTCHY, S.S. 1992. *Slavery (New Testament)*. (In Freedman, D.N. ed. *The Anchor Bible Dictionary*. Vol VI. New York : Doubleday. p.65-73.)
- BAUER, W., ARNDT, W.F., GINGRICH, F.W. 1974. *A Greek English Lexicon of the New Testament and other early Christian literature*. London : University of Chicago.
- BEARE, F.W. 1970. *The First Epistle of Peter*. (3 rd. rev. ed.). Oxford : Blackwell.
- BERGER, A. 1953a. **Civitas Romana**. (In *Encyclopedic dictionary of Roman Law*. Vol. 64, part. 2. Philadelphia : The American Philosophical Society. p.389.)
- BERGER, A. 1953b. **Clientes**. (In *Encyclopedic dictionary of Roman Law*. Vol. 64, part. 2. Philadelphia : The American Philosophical Society. p.391.)
- BERGER, A. 1953c. **Patronus**. (In *Encyclopedic dictionary of Roman Law*. Vol. 64, part. 2. Philadelphia : The American Philosophical Society. p.622-623.)
- BERGER, A. 1953d. **Peregrinus**. (In *Encyclopedic dictionary of Roman Law*. Vol. 64, part. 2. Philadelphia : The American Philosophical Society. p. 626-627.)

- BERGER, A. 1953e. **Servus**. (*In* Encyclopedic dictionary of Roman Law. Vol. 64, part. 2. Philadelphia : The American Philosophical Society. p.704.)
- BERKOWITZ, L. & SQUITIER, K.A. 1986. Thesaurus Linguae Graecae : canon of Greek authors and works. 2nd. ed. New York : Oxford University Press. [CD-ROM.]
- BEST, E. 1971. 1 Peter : New Century Bible. London : Oliphants.
- BIETENHARD, H. 1976. Δεσπότης. (*In* Brown, C., ed.. The New international dictionary of New Testament theology, Vol. 2. Exeter : The Paternoster Press. p.508-510.)
- BIETENHARD, H. 1979a. Ξένος. (*In* Brown, C., ed. The New international dictionary of New Testament theology. Vol. 1. Exeter : Paternoster Press. p. 686-690.)
- BIETENHARD, H. 1979b. Παρεπίδημος. (*In* Brown, C., ed.. The New international dictionary of New Testament theology. Vol.1. Exeter : Paternoster Press. p.690.)
- BIETENHARD, H. 1979c. Πάροικος. (*In* Brown, C., ed.. The New international dictionary of New Testament theology. Vol.1. Exeter : Paternoster Press. p.690-691.)
- BIGG, C. 1969. Epistle of St. Peter and St. Jude. 2nd ed. Edinburgh : T&T Clark.
- BOTHA, J. 1989a. Semeion : Inleiding tot die interpretasie van die Griekse Nuwe Testament. Potchefstroom : PU vir CHO.
- BOTHA, J. 1989b. Praktiese riglyne vir die gebruik van die Louw & Nida-woordeboek. *In die Skriflig*, 23(29):24-39, Des.
- BOTHA, J. 1991. Reading Romans 13 : aspects of the ethics of interpretation in a controversial text. Stellenbosch : University of Stellenbosch. (Dissertation – DTh.)
- BROX, N. 1979. Der erste Petrusbrief. Zurich : Benziger.
- BYBEL. 1899. Die Bibel oder die ganze Heilige Schrift des Alten und Neuen Testaments in Dr. Luthers Uebersetzung. Konstanz : Christlicher Buch und Kunstverlag.
- BYBEL. 1950. Het Nieuwe Testament in zes Nederlandse Vertalingen : Statenvertaling [1637]; Lutherse Vertaling [1648]; Leidse Vertaling [1912]; Vertaling Prof. A.M. Brouwer [1925]; Vertaling Petrus Canisius [1948]; De Nieuwe Vertaling [1948]). Amsterdam : J. Brandt en Zoon.
- BYBEL. 1951. De Bijbel: Nieuwe vertaling. Amsterdam : Het Nederlandsch Bijbelgenootschap.
- BYBEL. 1957. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat. Kaapstad : Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- BYBEL. 1962. The Holy Bible: Revised Standard Version. New York : Oxford University Press.

- BYBEL. 1974. *Biblia sacra Latina: Vulgatae editiones sixty et Clementis VIII.* London : Samuel Bagster & Sons Ltd.
- BYBEL. 1977. *The Christian councilor's New Testament: a new translation in everyday English with notations, marginal references and supplemental helps* by Jay E Adams. Pennsylvania : Presbyterian and Reformed Publishing Company.
- BYBEL. 1980. *Good news Bible.* 1980. Cape Town : Bible Society of South Africa.
- BYBEL. 1984a. *Die Bybel: Nuwe vertaling.* Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- BYBEL. 1984b. *The Holy Bible: New International Version.* London : Hodder & Stoughton.
- BYBEL. 1990. *The Septuagint with Apochrypha: Greek & English.* Translated by Sir Lancelot C.L. Brenton. Peabody : Hendrickson.
- BYBEL. 1991a. *King James Version.* (*In The Layman's Parallel Bible.* Grand Rapids : Zondervan.)
- BYBEL. 1991b. *New International Version.* (*In The Layman's Parallel Bible.* Grand Rapids : Zondervan.)
- BYBEL. 1991c. *Living Bible.* (*In The Layman's Parallel Bible.* Grand Rapids : Zondervan.)
- BYBEL. 1991d. *New Revised Standard Version.* *In The Layman's Parallel Bible.* Grand Rapids : Zondervan.)
- BYBEL. 1993. *Greek New Testament.* 4th rev. ed. Edited by Barbara Aland. Stuttgart : United Bible Societies.
- BYBEL. 1994. *Die Bybel: Nuwe vertaling (met herformulerings) 6 de dr.* Goodwood : Bybelgenootskap.
- CACHALIA, A . 1994. *Fundamental rights in the New Constitution.* Cape Town : Juta & Co.
- CALVYN, J. 1979. *Uitlegging op de Algemene Zendbrieven.* 3 de dr. Goudriaan : De Groot.
- COETZEE, J. C., FLOOR, L. & DE KLERK, B.J. 1980. *Hermeneuse van die Skrif met die oog op hedendaagse kerklik-etiese vraagstukke.* *In die Skriflig*, 54:12-26, Jun.
- COTTERELL, P & TURNER, M. 1989. *Linguistics and Biblical interpretation.* London : SPCK.
- DEIST, F.E. & BURDEN, J.J. 1983. *'n ABC van Bybeluitleg.* Pretoria : J.L. van Schaik.
- DE KLERK, B.J. & VAN RENSBURG, F, J. 1999. *Preekgeboorte: 'n Handleiding vir Gereformeerde eksegeese en prediking, toegepas op 1 Petrus 2:11-12, 18-25.* Potchefstroom : Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, PU vir CHO. (Ongepubliseerde diktaat).

- DELPORT, B.P.J. 2000. Vloeidiagram 1. Onbillike arbeidspraktyk: interne hanteringsmeganisme. Rustenburg : Ongepubliseer.
- DELPORT, B.P.J. 2000. Vloeidiagram 2. Onbillike Arbeidspraktyk : eksterne hanteringsmeganisme. Rustenburg : Ongepubliseer.
- DE SAUSSURE, F. 1966. Kursus in die algemene taalkunde. Cours de Linguistique Generale. Bewerk deur C.C. Bally, A. Sechehaye, & A. Riedlinger, uit Frans vertaal deur A. Lee. Pretoria : Van Schaik.
- DE VILLIERS, D. 1988. Die eerste Petrusbrief: inleiding en teologie. (*In Du Toit, A.B., red. Handleiding by die Nuwe Testament. Band VI, Die Johannesevangelie; Hebreërs tot Openbaring : inleiding en teologie. Pretoria : NG Kerkboekhandel. p.138-165.*)
- DILL, S. 1904. Roman Society from Nero to Marcus Aurelius. London : Macmillan.
- DIODORUS. 1946. **Bibliotheca historica**. With an English translation by C.H. Oldfather. Vol. IV, Books IX –XII, 40. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- DIODORUS. 1947. **Bibliotheca historica**. With an English translation by R.M. Geer. Vol. IX, Books XVIII and XIX, 1 - 65. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- DIODORUS. 1950 **Bibliotheca historica**. With an English translation by C.H. Oldfather. Vol. V., Books XII 41 - XIII. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- DIODORUS. 1952. **Bibliotheca historica**. With an English translation by C.L. Sherman. Vol VII., Books XV. 20 - XVI., 65. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- DIODORUS. 1953 **Bibliotheca historica**. With an English translation by C.H. Oldfather. Vol. II., Books II (continued) 35 - IV,58. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- DIODORUS. 1954. **Bibliotheca historica**. With an English translation by C.H. Oldfather. Vol. VI., Books XIV – XV., 19. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- DIODORUS. 1954. **Bibliotheca historica**. With an English translation by R.M. Geer. Vol. X., Books XIX., 66-110 & XX. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- DIODORUS. 1957. **Bibliotheca historica**. With an English translation by F.R. Walton. Vol. XI., Fragments of books XXI-XXXII. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- DIODORUS. 1963. **Bibliotheca historica**. With an English translation by C.B. Welles. Vol. VIII., Books XVI. 66-95 & XVII. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- DION CHRUSOSTOMOS. 1949 **Oratione**. With an English translation by J.W. Cohoon. Vol. I., The tenth discourse. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)

- DION CHRUSOSTOMOS. 1950. **Oratione**. With an English translation by J.W. Cohoon. Vol. II., Fifteenth discourse. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- DION CHRUSOSTOMOS. 1951 **Oratione**. With an English translation by J.W. Cohoon. Vol. III., The thirty first discourse. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- DION CHRUSOSTOMOS. 1951. **Oratione**. With an English translation by H.L. Crosby. Vol. V., The sixty sixth discourse. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- DIONISIUS VAN HALLICARNASSUS. 1950. **Antiquitates Romanae**. With an English translation by E. Cary. Vol. VII., Book IV. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- DIONISIUS VAN HALLICARNASSUS. 1974. **De Demosthenis dictione**. With an English translation by S.Usher. Vol. I. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- DUFF, A.M. 1958. *Freedmen in the Early Roman Empire*. 2nd ed. New York : Barnes & Noble.
- DU PLESSIS, L.M. & DU PLESSIS, A.G. 1995. *Inleiding tot die reg*. 2de uitg. Kenwyn : Juta & Kie.
- DU TOIT, A.B. 1988. *Teologie van 1 Petrus*. (In Du Toit, A.B. red. *Handleiding by die Nuwe Testament*. Band VI., *Die Johannesevangelie; Hebreërs tot Openbaring : inleiding en teologie*. Pretoria : NG Kerkboekhandel. p.152-165.)
- ELLIOTT, J.H. 1976. The rehabilitation of an exegetical step-child: 1 Peter in recent research. *Journal of biblical literature* 95(2):243-254.
- ELLIOTT, J. H. 1985. Backward and forward 'In His steps': following Jesus from Rome to Raymond and beyond. The tradition, redaction, and reception of 1 Peter 2:18-25. (In Segovia, Fernando F., ed. *Discipleship in the New Testament*. Philadelphia : Fortress. p.184-208.)
- ELLIOTT, J.H. 1990. *A home for the homeless: A social-scientific criticism of 1 Peter, its situation and strategy*. Philadelphia : Fortress Press.
- FEDER, L. 1964. *The Handbook of classical literature*. London : Arthur Barker.
- FERGUSON, E. 1990. *Backgrounds of early Christianity*. Grand Rapids : William B Eerdmans.
- FINLEY, M.J. 1973. *The ancient economy*. Berkeley : University of California Press.
- FLOOR, L. 1980. Die hermeneutiek van Calvyn. *In die Skriflig*, 14 (55):13-20.
- FLOOR, L. 1986. 'n Lamp vir almal in die huis: Christelike leefreëls vir huwelik, gesin en samelewing. Pretoria : NG Kerkboekhandel.
- FLOOR, L. 1988. De eerste brief van Petrus. (In: Noordegraaf, A. & Versteeg, J.P. reds. *Tekst voor tekst: De Heilige Schrift kort verklaard en toegelicht*. 'sGravenhage : Boekencentrum. p.1017-1026.)

- FLOOR, L. 1995. Efeziërs: Een in Christus. Kampen : J.H. Kok. (Commentaar op het Nieuwe Testament. Derde Serie. Afdeling Brieven van Paulus, Deel 1.)
- GARNSEY, P. 1970. Social status and legal privilege in the Roman Empire. Oxford : Clarendon Press.
- GARRETT, S.R. 1992. Sociology of early Christianity. (In Freedman, D.N., ed. The Anchor Bible dictionary. Vol. 6. New York : Doubleday. p.89-99.)
- GOPPELT, L. 1993. A Commentary on 1 Peter. Edited by Ferdinand Hahn; Translated and augmented by John E. Alsup. Eerdmans : Grand Rapids.
- GRANT, M. 1980. Greek and Latin Authors 800 B.C. – A.D. 1000. New York : The H.W. Wilson Company. (Wilson author series.)
- GREIJNDANUS, S. 1929. De Brieven van de Apostelen Petrus en Johannes en De Brief van Judas. Bottenburg : Amsterdam. (Commentaar op het Nieuwe Testament.)
- GROGAN, J. 1998. Workplace law. 3rd ed. Ndabeni : Juta.
- GUTHRIE, D. 1974. New Testament introduction. London : Intervarsity Press.
- HAN, N.E. 1971. A Parsing guide to the Greek New Testament. Scottdale : Herald Press.
- HANNA, R. 1985. A Grammatical aid to the Greek New Testament . Grand Rapids : Baker Book House.
- HATCH, E. & REDPATH, H.A. 1954. A Concordance to the Septuagint and the other Greek versions of the Old Testament, including the apocryphal books. Graz : Akademische Druck.
- HEYNS, J.H. 1986. Teologiese etiek 2/1. Pretoria : Van Schaik.
- HIEBERT, D.E. 1982. Selected studies from 1 Peter. Part 1: Following Christ's example: an exposition of 1 Peter 2:21-25. *Bibliotheca sacra*, 139:32-45.
- HOPKINS, K. 1978. Conquerers and slaves: sociological studies in Roman history Vol. 1. Cambridge : Cambridge University Press.
- JANSE VAN RENBURG. vgl. VAN RENSBURG, F. J. (J.J.J).
- JORDAAN, G.J.C. 1991. Skrifbeskouing: deurslaggewende faktor by Skrifverklaring. Potchefstroom : Departement Sentrale Publikasies, PU vir CHO. (Reeks H: Inougurele rede nr.125.)
- JOSEFUS. 1958 **Antiquitates Judaico**. With an English translation by H.S.T, Thackeray & R. Marcus. Vol. V., Books V-VIII. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- JOSEFUS. 1958. **Antiquitates Judaico**. With an English translation by R. Marcus. Vol. VI., Books IX-XI. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)

- JOSEFUS. 1956. **De bello Judaico**. With an English translation by H.S.T. Thackeray. Vol. II., Books I-III. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- KELLY, J.N.D. 1969. A Commentary on The Epistles of Peter and of Jude. London : Adam & Charles Black.
- KOESTER, H. 1982. Introduction to the New Testament. Vol.1., History, culture and religion of the Hellenistic age. Philadelphia : Fortress Press.
- KRUGER, G van W. 1981. Die Skrywers van die Nuwe Testament. Stellenbosch : Universiteits-Uitgewers en –Boekhandelaars.
- LIDDELL, H.G. & SCOTT, R. 1968. A Greek-English lexicon. Oxford : Clarendon Press.
- LOUW, J.P. 1985. A Semantic domain approach to lexicography. (*In Louw, J.P. ed. Lexicography and translation with special reference to Bible translation. Goodwood : Bible Society of South Africa. p.157-197.*)
- LOUW, J.P. & NIDA, E.A. (Eds) 1989. Greek-English Lexicon of the New Testament based on semantic domains. Vol.1 & 2. New York : United Bible Societies.
- LYALL, F. 1984. Slaves, Citizens, Sons: legal metaphors in the epistles. Grand Rapids : Academic Books, Zondervan Publishing House.
- MACMULLEN, R. 1974. Roman social relations 50 B.C. to 284 D.A. New Haven : Yale University Press.
- MAGI, D. 1950. Roman rule in Asia Minor to the end of the third century after Christ; 2 volumes. Princeton : Princeton University Press.
- MALHERBE, A.J. 1983. Social aspects of early Christianity. 2 nd. enlarged ed. Philadelphia : Fortress Press.
- MALHERBE, A.J. 1986. Moral exhortation: a Greco-Roman sourcebook. Philadelphia : Westminster Press.
- MARSHALL, I.H. 1991. 1 Peter . Downers Grove : InterVarsity Press. (The IVP New Testament commentary series.)
- MARSHALL, I.H. 1993. 1 Peter. (*In Logos Library System. Downers Grove : Intervarsity Press. The IVP New Testament commentary series.*) [CD-ROM.]
- MARTIN, T.W. 1992. Metaphor and composition in 1 Peter. Atlanta : Scholars Press. (SBL dissertation series, 131.)
- MEEKS, W.A. 1983. The moral world of the first Christians. Philadelphia : Westminster.
- MEEKS, W.A. 1986. The first urban Christians: the social world of the apostle Paul. New Haven : Yale University Press.
- MICHEL, O. 1978. Πάρις Θεοῦ. (*In Brown, C. ed. The New international dictionary of New Testament theology. Vol. 3. Exeter : Paternoster Press. p. 607-613.*)
- MOULE, C.F.D. 1956-1957. The Nature and purpose of First Peter. (*In NTS 3:1-11.*)

- NGB (NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS). 1999. Die drie Formuliere van Eenheid. Nederlandse Geloofsbelydenis. (*In Die berymde Psalms en Skrifberymings. Potchefstroom : Calvyn-Jubileumboeke-fonds. p.517-519.*)
- NEETHLING, J , POTGIETER, J.M. & VISSER, P.J. 1992. Deliktereg. 2de uitg . Durban : Butterworths.
- NEL, P.S. & SWANEPOEL, B.J. 1989. Bedryfseksonomie: enigste studiegids vir BEC 308-5/1 arbeidsbetrekkinge. Pretoria : UNISA.
- NEL, P.S. & VAN ROOYEN, P.H. 1989. South African industrial relations. Kaapstad : Academica.
- NIDA, E.A. 1975 Componential analysis of Meaning: an Introduction to Semantic Structures. New York : Mouton Publishers.
- NIDA, E, A. & TABER, C.R. 1982. The Theory and practice of translation. Leiden : The United Bible Societies.
- NOLAN, A. 1991. A worker's theology. (*In Cochrane, J.R. & West,G.O., ed. The threefold cord: theology,work and labour. Hilton : Cluster. p.160-168.*)
- OSBORNE, T.P. 1983. Guidelines for Christian suffering: a source-critical and theological study of 1 Peter 2:21-25. *Biblica*, 64:3:381-408.
- PERSCHBACHER, W. J. 1989. Refresh your Greek: practical helps for reading the New Testament. Chicago : Moody Press.
- PHILO. 1950 **De Abrahamo**. With an English translation by F.H. Colson, Vol. VI. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- PHILO. 1950 **De Cherubim**. With an English translation by F.H. Colson & G.H. Whitaker. Vol. II. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- PHILO. 1954. **De Ebrietate**. With an English translation by F.H. Colson, & G.H. Whitaker. Vol. III. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- PHILO. 1950. **De Iosepho** With an English translation by F.H. Colson. Vol. VI. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- PHILO. 1954. **De Sobrietate**. With an English translation by F.H. Colson & G.H. Whitaker. Vol. III. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- PHILO.1962. **De Legatione ad Gaium**. With an English translation by F.H. Colson. Vol. X. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- PHILO. 1958. **De Somniis**. With an English translation by F.H. Colson & G.H. Whitaker. Vol. V. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- PHILO. 1954. **In Flaccum**. With an English translation by F.H. Colson. Vol. IX. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- PHILO. 1962. **De Legatione ad Gaium**. With an English translation by F.H. Colson. Vol. X. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- PHILO. 1949. **Quis Rerum Divinarum Heres..** With an English translation by F.H. Colson. Vol. IV. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- PHILO. 1954. **Quod Omnis Probus Liber sit**. With an English translation by F.H. Colson. Vol. IX. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)

- PLUTARGUS. 1950. **Antonius**. With an English translation by B. Perrin. Vol. IX. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- PLUTARGUS. 1949. **Caesar**. With an English translation by B. Perrin. Vol. VII. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- PLUTARGUS. 1949. **Cicero**. With an English translation by B. Perrin. Vol. VII. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- PLUTARGUS. 1948. **Cato Maior**. With an English translation by B. Perrin. Vol. II. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- PLUTARGUS. 1951. **Pericles**. With an English translation by B. Perrin. Vol. III. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- PLUTARGUS. 1955. **Pompeius**. With an English translation by B. Perrin. Vol. V. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- PLUTARGUS. 1959. **Publicola**. With an English translation by B. Perrin. Vol. I. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- PLUTARGUS. 1949. **Tiberias et Gaius Gracchus**. With an English translation by B. Perrin. Vol. X. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- PLUTARGUS. 1949. **De liberis educandis**. With an English translation by F.C. Babbitt. Vol. I. 1A-86A. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- PLUTARGUS. 1949. **Quomodo adulator ab amico internoscatur**. With an English translation by F.C. Babbitt. Vol. I. 1A-86A. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- PLUTARGUS. 1949. **Amatoriae narrationes**. With an English translation by H.N. Fowler. Vol. X. 771E-854D. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)
- RAIDT, E. H. 1967. Oor die skeiding van sinkroniese en diakroniese taalstudie. *Taalfasette*, 3(18):20-33.
- RENGSTORF, K.G. 1978. Δεσπότης. (In Kittel, G. ed. Theological dictionary of the New Testament. Vol. II. Grand Rapids : WM.B. Eerdmans Publishing Company. p.44-49.)
- RICHARD, E. 1986. The functional Christology of First Peter. (In: Talbert, Charles, H., ed. Perspectives of First Peter. Macon : Mercer University Press. p.121-139. (NABPR special studies series, 9)).
- RICHARDSON, R. L. 1987. From "subjection to authority" to "mutual submission": the ethic of subordination in 1 Peter. *Faith and Mission*, 4:70-80.
- RIENECKER, F. 1980. A Linguistic key to the Greek New Testament. Vol. 2., Romans to Revelation. Translated and revised by Cleon L. Rogers, Jr. Grand Rapids : Zondervan Publishing House.
- RYCROFT, A & JORDAAN, B. 1994 Handleiding tot die Suid-Afrikaanse arbeidsreg. Kenwyn : Juta & Kie.
- ROBERTS, J.H. 1977. Terreinverkenning ten opsigte van die vakgebied Nuwe Testament. (In Roberts, J.H. & Du Toit, A.B. Handleiding by die Nuwe

Testament. Band 1., Inleiding tot die studie van die Nuwe Testament. Pretoria : NG Kerkboekhandel. p.51-80.)

ROBINSON, John A.T. 1976. Redating the New Testament. London : SCM Press.

SCHAEFER, H. 1949. *Paroikoi*. (In: Paulys Real-Encyclopaedie der classischen Altertumswissenschaft. Neue Bearbeitung. Sechsunddreissigster Halbband, letztes Drittel. Stuttgart: Metzlersche Verlagbuchhandlung. p.1695-1707.)

SCHMIDT, K.L. 1976. *Κολαφιζω*. (In Bromiley, G.W., ed. Theological dictionary of the New Testament. Vol. III. Grand Rapids : WM.B. Eerdmans Publishing Company. p.818-821.)

SCHMIDT, K.L. & SCHMIDT, M.A. 1977. *Πάροικος*. (In Friedrich, G. ed. Theological dictionary of the New Testament. Vol.V. Grand Rapids : WM. B. Eerdmans Publishing Company. p.841-850.)

SCHMOLLER, A. 1973. Handkonkordanz zum Griechischen Neuen Testament. Korrigierter Nachdruck der 7. Stuttgart : Württembergische Bibelanstalt.

SELWYN, E.G. 1947. The first epistle of Peter. London : Macmillan.

SENIOR, D. 1982. The conduct of Christians in the world . *Review and expositor*, 79(3):427-438.

SHELTON, J. 1988. As the Romans did: a Sourcebook in Roman social history. New York : Oxford University Press.

SILVA, M. 1983. Biblical words and their meaning: An Introduction to lexical semantics. Michigan : Zondervan.

SOUTH AFRICA. 1994. Reconstruction and development program (RDP). White Paper : Discussion document. Cape : CTP Book Printer.

STÄHLIN, G. 1977. *Ξένος*. (In Friedrich, G. ed. Theological dictionary of the New Testament. Vol. 5. Grand Rapids : WM.B. Eerdmans Publishing Company. p.1-36.)

STAMBAUGH, J.E. & BALCH, D.L. 1986. The New Testament in its social environment. Philadelphia : Westminster. (Library of early Christianity,2.)

STIBBS, A.M & WALLS, A.F. 1973. 1 Peter. London : Intervarsity Press. (Tyndale New Testament Commentaries.)

STRABO. 1950. **Geographica**. With an English translation by H.L. Jones. Vol. VI., Book XIII. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)

STRABO. 1954. **Geographica**. With an English translation by H.L. Jones. Vol. III. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)

STRABO. 1954. **Geographica**. With an English translation by H.L. Jones. Vol. VII. London : Heinemann. (The Loeb classical library.)

SUID-AFRIKA. 1960. Die Kinderwet no. 33 van 1960. Pretoria : Staatsdrukker.

- SUID-AFRIKA. 1964. Wet op Bantoe Arbeidsverhoudinge, no. 67 van 1964. Pretoria : Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. 1983. Wet op Basiese Diensvoorwaardes, no. 3 van 1983. Pretoria : Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. 1995. Wet op Arbeidsverhoudinge, no 66 van 1995. Pretoria : Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. 1996. Constitution of the Republic of South Africa as adopted by the Constitutional Assembly on 8 May 1996 and as amended on October 1996. (B34B-96) (ISBN: 0-260-20716-7.)
- SUID-AFRIKA. 1997. Wet op Basiese Diensvoorwaardes, no. 75 van 1997. Pretoria : Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. 1998. Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, no. 127 van 1998. Pretoria : Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. 1999. Wet op Billike Indiensneming, no. 55 van 1999. Pretoria : Staatsdrukker.
- TALBERT, C. H. 1986. Once again: the plan of 1 Peter. (*In* : Talbert, C. H., ed. Perspectives on first Peter. Macon : Mercer University Press. p.141-151) (NABPR special studies series, 9.)
- THURÉN, L. 1989. "Imperative Particles" and the retorical strategy of 1 Peter. Uppsala. (Ongepubliseerde proefskrif onder leiding van prof. L. Hartmann.)
- THURÉN, L. 1995. Argument and theology in 1 Peter : The origins of Christian paraenesis. Sheffield : Sheffield Academic Press. (Journal for the study of the New Testament. Supplement series, 114.)
- TREGGIARI, S. 1969. Roman freedman during the Late Republic. Oxford : Claredon Press.
- TRENCH, R.C. 1976. Synonyms of The New Testament. Grand Rapids : WM. B. Eerdmans Publishing Company.
- VAN HOUWELINGEN, P.H.R. 1991. 1 Petrus: rondzendbrief uit Babylon. Kampen : Kok, J.H. (Commentaar op het Nieuwe Testament. Derde Serie. Afdeling Katholieke brieven en Openbaring.)
- VAN JAARVELD, S.R. & VAN ECK, B.P.S 1992. Kompendium van Suid-Afrikaanse arbeidsreg. Johannesburg : Lex Patria.
- VAN RENSBURG, F. 1979. Inleiding tot die semantiek van Nuwe - Testamentiese Grieks. Potchefstroom : Wesvalia Boekhandel.
- VAN RENSBURG, F. J., SCHALEKAMP, E., NEL, C., LABUSCAGNE, G. & DE KLERK, B. 1989. Die interpretasie van 1 Petrus met die oog op die prediking en implementering daarvan. Potchefstroom : PU vir CHO. Departement Grieks.
- VAN RENSBURG, F. 1990. Indikatief en paraklese in 1 Petrus en die implikasie daarvan vir kerklike prediking vandag. *In die Skriflig*, 24(1):71-101.

- VAN RENSBURG, J.J.J. 1991. 'n Reg van opstand ? (*In* : Helberg, J.L., *red.* Kerkwees as getuie in Suid-Afrika vandag. Potchefstroom : Potchefstroom Teologiese Publikasies. p.66-79.)
- VAN RENSBURG, F. J. 1992. The outline of 1 Peter: a reconsideration. *Ekklesiastikos pharos*, 74/1 (NS3):26-41.
- VAN RENSBURG, F.J. 1994. Uitlanders en tydelike inwoners: 'n sosio-historiese studie van "vreemdelingskap" in 1 Petrus. Potchefstroom : PU vir CHO.
- VAN RENSBURG, F.J. 1996. 'n Metodologiese verkenning na die verdiskontering van sosio-historiese gegewens in die bestudering van vreemdelingskap in 1 Petrus. *In die Skriflig*, 30 (1):37-55.
- VAN RENSBURG, F.J. 1998 a. Dekor of konteks: die verdiskontering van sosio-historiese gegewens in interpretasie vir die prediking en pastoraat van 'n Nuwe Testamentiese-tek, geïllustreer aan die hand van die 1 Petrus-brief. Potchefstroom : PU vir CHO. (Ongepubliseerde voordrag vir seminaar vir nagraadse studente.)
- VAN RENSBURG, F. J. 1998b. Vreemdeling in jou eie land ! Riglyne vir Afrikaner-Christene se reaksie te midde van ontnugtering in die nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika. Potchefstroom : PU vir CHO. (Ongepubliseerde voordrag vir Seminaar vir nagraadse studente.)
- VAN RENSBURG, F, J. 1999. 1 Petrus. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F. J. *reds.* Die Bybellenium eenvolumekommentaar: die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. p.1722-1723.)
- VAN UNNIK, W.C. 1980. The teaching of good works in 1 Peter. (*In*: Barrett, C.K., *ed.* *Sparsa collecta* : the collected essays of W.C. van Unnik part.2. Leiden : Brill. Supplements to Novum Testamentum. Vol. XXX. p.83-105.)
- VAN UNNIK, W.C. 1980. Comtemporany Problems in New Testament Scholarship. (*In* Barrett, C.K. *ed.* *Sparsa Collecta*: The collective essays of W.C. van Unnik part 2. Leiden : Brill. Supplements to Novum Testamentum, vol. XXX. p.217-240.)
- VAN WYK, G. J. & VAN RENSBURG, F. J. 1997. Οἰκέται (Huisbediendes) in die eerste eeuse Grieks-Romeinse samelewing: 'n sosio-historiese konstruksie vir die interpretasie van 1 Petrus 2:18. *In die Skriflig*, 31(1) :229-249.
- VAN WYK, J.H. 1996. Arbeidsetiek: 'n teologies-etiese benadering. *In die Skriflig*, 30(20): 155-183.
- VENTER, P. M. 1999. Levitikus. (*In* Vosloo, Wil & Van Rensburg, Fika J. *reds.* Die Bybellenium eenvolumekommentaar: die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. p.142-144.)
- VERNER, D.C. 1983. The household of God: the social world of the Pastoral Epistles. Chico : Scholars Press. (SBL dissertation series 71.)

VILJOEN, F.P. 1986. Die betekenis van THRONOI, KURIOTETES, ARCHAI, EKSOUSIAI in Kolossense 1:16. Potchefstroom : PU vir CHO. (MA-Verhandeling.)

WAND, J.W.C. 1959. The Lessons of First Peter: a survey of recent interpretation. *Interpretation*, 9:387-99.

WAV - kyk Suid-Afrika, Wet op Arbeidsverhoudinge.

WBD -kyk Suid-Afrika, Wet op Basiese Diensvoorwaardes.

WBI -kyk Suid-Afrika, Wet op Billike Indiensneming.

WIEHAHN, N.E., *voorsit*. 1982. Die volledige Wiehahnverslag. Dele 1-6 en die Witskrif op elke deel met aantekeninge deur Prof. N.E. Wiehahn. Johannesburg : Lex Patria Uitgewers.